

HUWELIKSVERRYKING IN DIE MIDDELJARE DEUR

MIDDEL VAN GROEIGEORIËNTEERDE MAATSKAPLIKE GROEPWERK

deur

Christina Elizabeth Prinsloo

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

Doctor Philosophiae in Maatskaplike Werk

in die


Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

PRETORIA

PROMOTOR: PROF M.S.E. DU PREEZ

Oktober 2001



VOORWOORD

***Aan God al die eer – wat mense na Sy
beeld gemaak het, mense met potensiaal,
mense wat kan groei en ontwikkel***

My dank aan die volgende persone:

- Prof. Rita du Preez vir studieleiding en aanmoediging
- Prof. A de Vos vir die deel van haar kundigheid ten opsigte van intervensienavorsing
- Dr. Rina Delport vir die deel van haar navorsingkennis
- Me. Rina Owen van Rekenaarondersteuning vir die ure se verwerking en interpretasie van die kwantitatiewe data
- Kobus Theron vir sy kreatiewe perfeksionisme in die tegniese versorging van die navorsingsverslag
- My man, Gert, mede-aanbieder, steunpilaar, beskermer en suurstof
- My kinders, Paul en Conrad, vir aanmoediging
- My ouers vir ondersteuning
- My respondente vir hulle samewerking
- The financial assistance of the National Research Foundation towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed in this thesis and conclusions arrived at, are those of the author and are not necessarily to be attributed to the National Research Foundation.

OPSOMMING



William Dyce: Francesca de Rimini

*Opedra aan alle egpare wat in die huwelik glo
en bereid is om alles te gee.*

*Wat in toewyding aan mekaar en aan hulle
belofte voor God, werk om hulle volle potensiaal
as individuele huweliksmaats en as egpaar te
bereik.*

*Mag hulle pogings veelvoudige wins verkry en
hulle God se seën geniet!*

OPSOMMING

HUWELIKSVERRYKING IN DIE MIDDELJARE DEUR MIDDEL VAN GROEIGEORIËNTEERDE MAATSKAPLIKE GROEPWERK

deur

Christina Elizabeth Prinsloo

Promotor: Prof. MSE du Preez
Departement Maatskaplike Werk
Universiteit van Pretoria

Graad: Doctor Philosophiae

Die moderne huwelik word aan verskeie stressors blootgestel wat huweliksaanpassing bemoeilik en huweliksbevrediging verlaag. Die hoë egskeidingsyfer getuig daarvan. Huweliksverrykingsdienste is nie so algemeen beskikbaar soos huweliksterapie en egskeidingsbegeleiding nie.

Met die insameling van literatuur en 'n ondersoek na bestaande behoeftes van egpare in die Suid-Afrikaanse samelewing, is die gebrek aan programme waargeneem. Programme wat wel bestaan, word dikwels op 'n lukraak wyse aangebied en doen die huweliksverhouding skade.

Die fase van die middeljare is 'n fase van aanpassing. Ongeveer een kwart van die egskeidings in Suid-Afrika val in die fase van die middeljare. Die fase waar daar adolessente in die huis is, naamlik waar egpare 15 tot 24 jaar getroud is, is die fase waar huweliksbevrediging die laagste is. Die egskeidingsyfer vir egpare in die kategorie 15 tot 24 jaar getroud, is ongeveer 18%. Aangesien die eise en verantwoordelikhede vir elke lewensfase van die vorige fase verskil, is dit onmoontlik om op al die fases tegelyk te fokus. Vir die doel van hierdie navorsing is daar besluit om die fase van die vroeë middeljare (15 tot 24 jaar getroud) in diepte te ondersoek en 'n huweliksverrykingsprogram vir hierdie fase te ontwikkel.

'n Ondersoek is eerstens gedoen na die aard van die moderne huwelik met klem op die faktore wat 'n invloed op die huwelik uitoefen, die komponente van die huwelik, die fases in die lewensiklus van die gesin en die dubbelloopbaanhuwelik. Tweedens is die aard van huweliksverryking nagevors. Die ontstaan daarvan, die doelstellings, leierskap in huweliksverryking, bestaande programme (veral vanuit die VSA), die aard van verryking in die

fase van die middeljare en die effektiwiteit en evaluering van huweliksverrykingsprogramme is in diepte ondersoek.

SUMMARY

Groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk is een van die wyses waarop intervensie in groepsverband kan plaasvind. Die afgelope dertig jaar was die fokus op behandeling en nie op groei nie. Die beweging na groei en bemagtiging van individue, egpare en gesinne kry tans weer gestalte. Die derde deel van die ondersoek was na bestaande literatuur ten opsigte van groeigroepe en die aanwending van bestaande aspekte van groepsdinamika in die aanbieding van 'n groeigroep.

Die doelstelling vir die navorsing was die ontwikkeling, aanbieding en evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare, aangebied deur middel van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die proses van intervensienavorsing is vir die ondersoek gevolg. Die program is ontwikkel en vyf keer as deel van die voortoets aangebied. Die sesde aanbieding was vir die finale aanbieding en evaluering. Kwalitatiewe asook kwantitatiewe data is tegelykertyd volgens die gemengde metodologie ingesamel. Die hipotese wat vir die navorsing gestel was, was dat indien egpare in die vroeë middeljare 'n huweliksverrykingsprogram deurloop, die huweliksbevrediging sou verbeter.

Alle kwalitatiewe asook kwantitatiewe data het die hipotese ondersteun. Die huweliksbevrediging van die egpare het met ongeveer 11% verbeter. Hierdie evaluasie is verskeie kere na afloop van die aanbieding van die huweliksverrykingsprogram gedoen en die positiewe invloed is telkens bevestig. In 'n vergelyking tussen vier van die huweliksverrykingskampe is dieselfde temas herhaal, wat die positiewe invloed verder bevestig het.

Verdere navorsing ten opsigte van huweliksverryking in die ander lewensfasies, in alternatiewe huweliksvorme en ten opsigte van ander kulturele groepe word aanbeveel.

SUMMARY

MARITAL ENRICHMENT IN MIDLIFE BY MEANS OF GROWTH ORIENTED SOCIAL GROUP WORK

by

Christina Elizabeth Prinsloo

Promoter: Prof. MSE du Preez
Department of Social Work
University of Pretoria

Degree: Doctor Philisophae

Modern marriage is exposed to different stressors having an influence on marital adaptation and marital satisfaction. The high divorce rate confirms this observation. Services for marital enrichment are not as freely available as marital therapy and divorce guidance.

A lack of programs has been found in investigating literature and looking into the needs of couples in the South African society. Existing programs are often presented in a haphazard way with a negative impact on the marital relationship.

The phase of middle age is one of adjustment. Approximately one quarter of South African divorces fall in the phase of middle age. Marital satisfaction is the lowest in the phase with adolescents in the family, namely couples married 15 to 24 years. The divorce rate for couples in the category 15 to 24 years of marriage is approximately 18%. Due to the fact that the demands and responsibilities differ from phase to phase, it is not possible to focus on all phases at once. For the purpose of this research it has been decided to do an in depth investigation into the phase of early middle age and to develop a marital enrichment program for the specific phase.

An investigation was firstly done into the nature of the modern marriage emphasising factors having an influence on marriage, the components of marriage, the phases in the family life cycle and the dual career marriage. The nature of marital enrichment was investigated secondly. The origin thereof, the aims, leadership in marital enrichment, existing programs (especially in the USA), the nature of enrichment in midlife and the efficiency and evaluation of marital enrichment programs were investigated in depth.

Growth oriented social group work is one way of intervening in groups. For the past thirty years, the focus has been on therapy and not on growth. The movement to growth and empowerment is currently on its way. The third part of the investigation focused on existing literature on growth groups and the utilisation of existing aspects on group dynamics in presenting a growth group.

The aim of the research was the development, presentation and evaluation of a marital enrichment program to couples in early middle age, presented by means of growth oriented social group work. The process of intervention research has been followed. The program was developed and presented five times as part of the pilot test. The sixth presentation was done for final evaluation. Qualitative as well as quantitative data were collected simultaneously by means of mixed methodology. The hypothesis for the research was that the marital satisfaction of couples in early middle age would improve when they participate in a marital enrichment program.

All qualitative as well as quantitative data confirmed the hypothesis. The marital satisfaction of the couples improved by approximately 11%. This evaluation was done several times after the program and the positive influence of the program was confirmed. In a comparison of four of the presentations the same themes were repeated, again confirming the positive influence.

Further research on marital enrichment in other phases in the life cycle, in alternative life styles and in other cultural groups is recommended.

SLEUTELTERME

Huwelik

Huweliksverryking

Huweliksverrykingsprogram

Huweliksbevrediging

Huweliksaanpassing

Vroeë middeljare

Groeigroepe

Groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk

Lewenskwaliteit

Lewensiklus

Ontwikkeling

Groepsdinamika

INHOUDSOPGAWE

KEY WORDS

Marriage	1
Marital enrichment	1
Marital enrichment program	1
Marital satisfaction	1
Marital adjustment	1
Early middle age	1
Growth groups	10
Growth oriented social group work	11
Quality of life	12
Life cycle	12
Development	12
Group dynamics	12
1.1	12
1.2	12
1.3	12
1.4	12
1.5	12
1.6	12
1.7	12
1.7.1	12
1.7.1.1	12
1.7.1.2	12
1.7.1.3	12
1.7.1.4	12
1.7.2	12
1.7.2.1	12
1.7.2.2	12
1.7.3	12
1.7.3.1	12
1.7.3.2	12
1.7.4	12
1.7.4.1	12
1.7.4.2	12
1.7.4.3	12
1.7.5	12
1.7.5.1	12
1.7.5.2	12
1.7.5.3	12
1.7.5.4	12
1.8	12
1.8.1	12
1.8.2	12

INHOUDSOPGAWE

1.2.3	Metodiek van respons	25
1.2.4	Standpunt van privaatheid	25
1.2.5	Handelinge en bevoegdheid van navorsers	26
HOOFSTUK 1		1
	ALGEMENE INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK	1
1.1	INLEIDING	1
1.2	MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP	2
1.3	PROBLEEMFORMULERING	3
1.4	DOEL VAN DIE ONDERSOEK	4
1.4.1	Doelstelling vir die ondersoek	4
1.4.2	Doelwitte vir die ondersoek	4
1.5	NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESE	4
1.6	NAVORSINGSBENADERING	6
1.7	SOORT NAVORSING	9
1.7.1	Analiserings van die probleem en beplanning van die projek	9
1.7.1.1	Identifisering en insluiting van kliënte	10
1.7.1.2	Verkry toegang tot en samewerking van die omgewing	11
1.7.1.3	Identifiseer die besorgdheid van die populasie	11
1.7.1.4	Analiserings van geïdentifiseerde probleme	12
1.7.1.5	Bepaling van doelstellings en doelwitte	12
1.7.2	Insameling van data en sintese	14
1.7.2.1	Gebruik van bestaande bronne van inligting	14
1.7.2.2	Studie van natuurlike voorbeelde	15
1.7.2.3	Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle	15
1.7.3	Ontwerp	16
1.7.3.1	Ontwerp van 'n waarnemingsstelsel	16
1.7.3.2	Spesifisering van die prosedure vir die intervensie	17
1.7.4	Vroeë ontwikkeling en voortoets	17
1.7.4.1	Ontwikkeling van 'n prototipe of voorlopige intervensie	18
1.7.4.2	Uitvoer van 'n voortoets	18
1.7.4.3	Aanwending van ontwerp kriteria ten opsigte van die voorlopige intervensie	18
1.7.5	Evaluasie en gevorderde ontwikkeling	19
1.7.5.1	Keuse van eksperimentele ontwerp	19
1.7.5.2	Insameling en analiserings van data	21
1.7.5.3	Herhaling van die intervensie onder veldomstandighede	22
1.7.5.4	Verfyning van die intervensie	24
1.8	ETIESE ASPEKTE	24
1.8.1	Skade aan eksperimentele respondente	25
1.8.2	Ingeligte toestemming	25

1.8.3	Misleiding van respondente	25
1.8.4	Skending van privaatheid.....	25
1.8.5	Handelinge en bevoegdheid van navorsers	26
1.8.6	Samewerking met medewerkers	26
1.8.7	Vrystelling en publikasie van bevindinge	26
1.8.8	Herstel van respondente.....	27
1.9	DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE.....	27
1.9.1	Huweliksverryking.....	27
1.9.2	Kognitiewe herstrukturering	28
1.9.3	Die middeljare	28
1.9.4	Groeigeoriënteerde groepe.....	29
1.10	BEPERKINGS EN LEEMTES IN DIE ONDERSOEK.....	29
1.11	INHOUD VAN NAVORSINGSVERSLAG	30
1.12	SAMEVATTING	31
HOOFSTUK 2	33
DIE MODERNE HUWELIK	33
2.1	INLEIDING	33
2.2	DIE MODERNE HUWELIK.....	33
2.2.1	Die aard van die moderne huwelik	33
2.2.2	Aspekte wat die huwelik ondermyn	35
2.3	DIE KOMPONENTE VAN DIE HUWELIK	37
2.3.1	Die komponente van die huweliksverhouding	37
2.3.2	Die gesin van herkoms	38
2.3.3	Kommunikasie	40
2.3.3.1	Empatie in die huwelik	41
2.3.3.2	Selfontsluiting/selfopenbaring	41
2.3.4	Konflikhantering	42
2.3.5	Seksualiteit.....	44
2.3.6	Potensiële groeiruumte	45
2.4	HUWELIKSBEVREDIGING.....	46
2.5	FAKTORE NODIG OM 'N HUWELIK TE LAAT SLAAG.....	48
2.6	DIE FASES IN DIE LEWENSIKLUS VAN DIE GESIN	50
2.6.1	Die aard van die fases in die lewensiklus van die gesin	50
2.6.2	Die aard van die middeljare	53
2.6.3	Aanpassing in die middeljare.....	54
2.6.4	Die veranderde funksie van die huwelik	57
2.6.5	Bejaarde ouers	58
2.6.6	Die middeljarige vrou en beroepsbeoefening	59
2.6.7	Huweliksbevrediging in die middeljare.....	60

2.6.8	Tegniese vir verryking van die huwelik in die middeljare	60
2.6.8.1	Huweliksondersoek.....	60
2.6.8.2	Hersien van kontrak.....	61
2.6.9	Strategieë om die beste van die middeljare te maak.....	61
2.6.10	Vorbereiding op die fase van die middeljare.....	63
2.7	DIE DUBBELINKOMSTEHUWELIK EN DIE DUBBELLOOPBAANHUWELIK	63
2.7.1	Definiëring.....	63
2.7.2	Die aard van die dubbelloopbaanhuwelik	64
2.7.3	Beroep en die huwelik	65
2.7.4	Die beroep en die gesinsisteem.....	66
2.7.5	Dubbelloopbaanhuwelike en die gesinslewe	67
2.7.6	Dubbelloopbaanhuwelik en die fases in die gesin	68
2.7.6.1	Voor die geboorte van kinders	68
2.7.6.2	Vroeë kinderopvoeding	69
2.7.6.3	Adolesente kinderopvoeding.....	69
2.7.6.4	Die leë nes	69
2.7.7	Hulpverlening aan die dubbelloopbaanegpaar	70
2.8	SAMEVATTING	71
HOOFSTUK 3	73
HUWELIKSVERRYKING	73
3.1	INLEIDING	73
3.2	DIE AARD VAN HUWELIKSVERRYKING	73
3.3	DIE ONTWIKKELING VAN HUWELIKSVERRYKING	74
3.4	DIE DOELSTELLINGS VAN HUWELIKSVERRYKING	76
3.4.1	Algemene doelstellings	76
3.4.2	Aspekte wat die doelstellings van huweliksverryking beïnvloed	78
3.4.3	Die doel van huweliksverryking in die middeljare	80
3.5	WYSES WAAROP HUWELIKSVERRYKING GEDOEN KAN WORD.....	81
3.5.1	Groepe vir egpare	81
3.5.1.1	Ondersteuningsgroepe	82
3.5.1.2	Huweliksverrykingsgroepe	83
3.5.1.3	Opvoedkundige werkgroepe vir egpare	83
3.5.1.4	Groepe vir ervaringsleer	84
3.5.2	'Retraites'	84
3.5.3	Huweliksverrykingsgroep gefokus op kommunikasievaardighede	85
3.6	LEIERSKAP IN HUWELIKSVERRYKING.....	86
3.6.1	Vereistes vir die leier in huweliksverryking	86
3.6.2	Leierskapsopleiding vir huweliks- en gesinsverryking	87
3.7	TEORETIESE GRONDSLAE VAN HUWELIKSVERRYKING	88

3.7.1	Algemene sisteemteorie	88
3.7.1.1	Agtergrond	88
3.7.1.2	Sisteemteorie en die huwelik	88
3.7.2	Humanistiese psigologie	89
3.7.2.1	Die selfaktualiseringsteorie van Maslow	89
3.7.2.2	Die teorie van Rogers	90
3.7.2.3	Humanistiese denke en die huwelik	90
3.7.3	Behavioristiese teorie	91
3.7.4	Psigo-analitiese teorie	91
3.7.5	Kognitiewe herstrukturering	92
3.7.5.1	Inleiding	92
3.7.5.2	Ontwikkeling van persepsies	93
3.7.5.3	Werkwyse ten opsigte van kognitiewe herstrukturering	94
3.7.5.4	Verbale intervensies deur die terapeut	94
3.7.5.5	Die benutting van literatuur	95
3.7.5.6	Voorbeelde vanuit ander verhoudings	95
3.7.6	Die groei-model in huweliksverryking	95
3.7.6.1	Mensbeskouing	95
3.7.6.2	Metodiek	96
3.7.6.3	Van 'n goeie na 'n beter huwelik	96
3.7.6.4	Groeigerigte huweliksverryking	97
3.7.7	Huweliksverryking in die kerk	97
3.7.8	Ander teoretiese benaderings	99
3.8	HUWELIKSVERRYKING IN DIE FASES VAN DIE HUWELIK	99
3.8.1	Verryking van pasgetroudes	99
3.8.2	Egpare met jong kinders	100
3.8.3	Verryking van die huwelik in die middeljare	101
3.8.3.1	Die doel van huweliksverryking in die middeljare	101
3.8.3.2	Huweliksverryking ten opsigte van die seksuele verhouding	102
3.9	BESTAANDE PROGRAMME VIR HUWELIKSVERRYKING	104
3.9.1	TIME-program	104
3.9.2	WORKING TOGETHER – 'n verrykingsprogram vir dubbelloop-baanhuwelike ...	106
3.9.3	PREP-program	108
3.9.3.1	Instandhouding en beskerming van vriendskap	108
3.9.3.2	Vermeerder die pret saam	109
3.9.3.3	Verbetering van die seksuele verhouding	110
3.9.3.4	Positiewe stappe om die huwelik te versterk	111
3.9.4	Die metode van die doelgerigte huwelik (MDH)	111
3.9.4.1	Stappe in MDH	111

3.9.4.2	MDH in groepsverband	112
3.9.5	Marital Enrichment Program (MEP)	113
3.9.6	Worldwide Marriage Encounter Program (WME)	115
3.9.7	'n Naweek-'retraite'	115
3.9.7.1	Vrydag	115
3.9.7.2	Saterdag	116
3.9.7.3	Sondag	117
3.9.8	'n Dag-'retraite'	117
3.9.9	CARING DAYS – SELF-HELP TECHNIQUE	118
3.10	ALGEMENE PROBLEME IN HUWELIKSVERRYKINGSGROEPE	119
3.11	EVALUERING VAN HUWELIKSVERRYKINGSDIENSTE	120
3.12	EFFEKTIWITEIT VAN VERRYKINGSPROGRAMME	122
3.13	SAMEVATTING	123
HOOFSTUK 4	125
GROEIGEORIËNTEERDE MAATSKAPLIKE GROEPWERK	125
4.1	INLEIDING	125
4.2	ONTSTAAN EN AARD VAN GROEIGROEPE	125
4.2.1	Die ontstaan van groeigroepe	125
4.2.2	Die aard van groeigroepe	126
4.3	DIE DOELSTELLINGS VAN DIE GROEIGROEP	129
4.3.1	Die noodsaaklikheid van doelstellings	129
4.3.2	Doelstellings van groepleier en groeplede.....	130
4.3.3	Algemene doelstellings vir groeigroepe	131
4.3.3.1	Lewenskwaliteit.....	132
4.3.3.2	Selfverbetering.....	132
4.3.3.3	Psigiese gesondheid.....	133
4.3.3.4	Medemenslike verhoudings	133
4.3.3.5	Interpersoonlike effektiwiteit.....	133
4.3.3.6	Selfaktualisering.....	134
4.4	DIE UNIEKHEID VAN GROEPSDINAMIKA	134
4.4.1	Kommunikasie en interaksiepatrone.....	134
4.4.2	Groepkohesie.....	134
4.4.3	Sosiale kontrole	135
4.4.4	Groepkultuur	135
4.4.4.1	Sosiale opset	135
4.4.4.2	Ondersteunende klimaat.....	135
4.4.4.3	Invloed van groeplede	136
4.4.4.4	Gevoelens van groeplede.....	136
4.4.4.5	Interpersoonlike vaardighede.....	136

4.4.4.6	Portuurgroep	137
4.4.4.7	Verskeidenheid perspektiewe	137
4.4.4.8	Vergelyking	137
4.4.4.9	Terugvoer	137
4.4.4.10	Herstellende omgewing	138
4.4.4.11	Verhoudings.....	138
4.5	AANLEIDENDE FAKTORE TOT VERANDERING.....	139
4.6	LEIERSKAP IN GROEIGROEPE	140
4.6.1	Effektiwiteit van leiers	140
4.6.2	Leierskap in 'n groeigroep.....	141
4.6.3	Leierskap in huweliksverrykingsgroepe	146
4.6.4	Waardes van die leier in huweliksverryking	148
4.7	SAMESTELLING VAN GROEIGROEPE.....	148
4.7.1	Heterogeniteit versus homogeniteit	148
4.7.2	Duur en frekwensie van groepe	151
4.7.3	Oop- of geslote groepe	151
4.7.4	Grootte van die groep	152
4.7.5	Plek / omgewing van groep	154
4.8	FASES IN 'N GROEIGROEP	155
4.8.1	Aanvanklike angstigheid, toetsing en pogings tot binding	156
4.8.2	Die wittebrood	156
4.8.3	Frustrasie en bevraagtekening	156
4.8.4	Waag en vertrouwe	157
4.8.5	Effektiewe groei	157
4.8.6	Afsluiting	158
4.9	DIE WAARDE VAN DIE GROEIGROEP VIR DIE HUWELIK.....	158
4.10	GROEIGROEPE DEUR DIE LEWENSIKLUS	161
4.11	SAMEVATTING	165
HOOFSTUK 5	167
EMPIRIESE ONDERSOEK.....	167
5.1	INLEIDING	167
5.2	DIE PROSES VAN INTERVENSIENAVORSING	167
5.2.1	Analisering van die probleem en beplanning van die projek.....	167
5.2.2	Insameling van data en sintese	169
5.2.3	Ontwerp	169
5.2.4	Vroeë ontwikkeling en voortoets	170
5.2.4.1	KAMP 1: 14 – 16 JUNIE 1996	171
5.2.4.2	KAMP 2: 14 -16 FEBRUARIE 1997.....	178
5.2.4.3	KAMP 3: 12 -14 SEPTEMBER 1998	185

5.2.4.4	KAMP 4: HUWELIKSVERRYKINGS DAG 17 OKTOBER 1998.....	190
5.2.4.5	KAMP 5: 23 TOT 25 APRIL 1999	192
5.2.5	Evaluasie en gevorderde ontwikkeling.....	199
5.2.5.1	Inleidende gedagtes	199
5.2.5.2	Biografiese gegewens	201
5.2.5.3	Die aard van die huweliksbevrediging van die respondente.....	214
5.2.5.4	Kwalitatiewe data: eksperimentele groep	229
5.3	KWALITATIEWE DATA: VERGELYKING TUSSEN KAMPE 1, 2, 3, EN 6.....	251
5.4	SAMEVATTING	258
HOOFSTUK 6		261
ALGEMENE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS		261
6.1	INLEIDING	261
6.2	HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK.....	262
6.2.1	SAMEVATTING.....	262
6.2.2	GEVOLGTREKKINGS.....	263
6.2.3	AANBEVELINGS.....	264
6.3	HOOFSTUK 2: DIE MODERNE HUWELIK.....	264
6.3.1	SAMEVATTING.....	264
6.3.2	GEVOLGTREKKINGS.....	266
6.3.3	AANBEVELINGS.....	267
6.4	HOOFSTUK 3: HUWELIKSVERRYKING	267
6.4.1	SAMEVATTING.....	267
6.4.2	GEVOLGTREKKINGS.....	268
6.4.3	AANBEVELINGS.....	270
6.5	HOOFSTUK 4: GROEIGEORIËNTEERDE MAATSKAPLIKE GROEPWERK	270
6.5.1	SAMEVATTING.....	270
6.5.2	GEVOLGTREKKINGS.....	271
6.5.3	AANBEVELINGS.....	272
6.6	HOOFSTUK 5: EMPIRIESE ONDERSOEK	274
6.6.1	SAMEVATTING.....	274
6.6.2	GEVOLGTREKKINGS.....	275
6.6.3	AANBEVELINGS.....	279
6.7	TOETSING VAN DOELSTELLING EN DOELWITTE	281
6.7.1	DOELSTELLING.....	281
6.7.2	DOELWITTE.....	282
6.7.2.1	Doelwit 1	282
6.7.2.2	Doelwit 2	282
6.7.2.3	Doelwit 3	282
6.7.2.4	Doelwit 4	282

6.7.2.5	Doelwit 5	283
6.8	TOETSING VAN NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESE.....	283
6.8.1	NAVORSINGSVRAAG	283
6.8.2	HIPOTESE.....	284
6.9	SLOTOPMERKINGS.....	284
	LITERATUURLYS	261
FIGUUR 3:	EGPAAR 3: VOORTOETS- EN NAOETSRESULTATE HUWONGSKAAL INDEKS VIR HUWELIKESEVREDIGING	184
FIGUUR 4:	EGPAAR 4: VOORTOETS- EN NAOETSRESULTATE HUWONGSKAAL INDEKS VIR HUWELIKESEVREDIGING	184
FIGUUR 5:	EGPAAR 5: VOORTOETS- EN NAOETSRESULTATE HUWONGSKAAL INDEKS VIR HUWELIKESEVREDIGING	184
FIGUUR 6:	EGPAAR 6: VOORTOETS- EN NAOETSRESULTATE HUWONGSKAAL INDEKS VIR HUWELIKESEVREDIGING	184
FIGUUR 7:	HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE – EKSPERIMENTEEL 1 (N=11)	204
FIGUUR 8:	HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE – EKSPERIMENTEEL 2 (N=11)	204
FIGUUR 9:	HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE – VERGELYKENDE 1 (N=11)	204
FIGUUR 10:	HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE – VERGELYKENDE 2 (N=11)	204
FIGUUR 11:	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE VAN MANLIKE RESPONDENTE (N=22)	204
FIGUUR 12:	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE VAN VROULIKE RESPONDENTE (N=22)	204
FIGUUR 13:	HUIDIGE BEROEP – EKSPERIMENTEEL 1 (N=12)	204
FIGUUR 14:	HUIDIGE BEROEP – EKSPERIMENTEEL 2 (N=10)	204
FIGUUR 15:	HUIDIGE BEROEP – VERGELYKENDE 1 (N=12)	204
FIGUUR 16:	HUIDIGE BEROEP – VERGELYKENDE 2 (N=10)	204
FIGUUR 17:	HUIDIGE BEROEP – TOTALE EKSPERIMENTELE GROEP (N=22)	204
FIGUUR 18:	HUIDIGE BEROEP – TOTALE VERGELYKENDE GROEP (N=22)	204
FIGUUR 19:	HUIDIGE BEROEP – TOTALE AANTAL MANLIKE RESPONDENTE (N=22)	204
FIGUUR 20:	HUIDIGE BEROEP – TOTALE AANTAL VROULIKE RESPONDENTE (N=22)	204
FIGUUR 21:	DUUR VAN HUWELIK – EKSPERIMENTELE GROEP (N=11 EGPARE)	204
FIGUUR 22:	DUUR VAN HUWELIK – VERGELYKENDE GROEP (N=11 EGPARE)	204

LYS VAN FIGURE

FIGUUR 1:	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN HOOFSTUKINDELING	31
FIGUUR 2:	EGPAAR 1: VOORTOETS- EN NATOETSRESULTATE – HUDSONSKAAL: INDEKS VIR HUWELIKSBEVREDIGING.....	194
FIGUUR 3:	EGPAAR 2: VOORTOETS- EN NATOETSRESULTATE – HUDSONSKAAL: INDEKS VIR HUWELIKSBEVREDIGING.....	194
FIGUUR 4:	EGPAAR 3: VOORTOETS- EN NATOETSRESULTATE – HUDSONSKAAL: INDEKS VIR HUWELIKSBEVREDIGING.....	195
FIGUUR 5:	EGPAAR 4: VOORTOETS- EN NATOETSRESULTATE – HUDSONSKAAL: INDEKS VIR HUWELIKSBEVREDIGING.....	195
FIGUUR 6:	EGPAAR 5: VOORTOETS- EN NATOETSRESULTATE – HUDSONSKAAL: INDEKS VIR HUWELIKSBEVREDIGING.....	196
FIGUUR 7:	HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE – EKSPERIMENTEEL 1 (N=12).....	204
FIGUUR 8:	HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE – EKSPERIMENTEEL 2 (N=10).....	204
FIGUUR 9:	HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE – VERGELYKEND 1 (N=12).....	205
FIGUUR 10:	HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE – VERGELYKEND 2 (N=10).....	205
FIGUUR 11:	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES VAN MANLIKE RESPONDENTE (N=22).....	206
FIGUUR 12:	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES VAN VROULIKE RESPONDENTE (N=22).....	206
FIGUUR 13:	HUIDIGE BEROEP – EKSPERIMENTEEL 1 (N=12).....	207
FIGUUR 14:	HUIDIGE BEROEP – EKSPERIMENTEEL 2 (N=10).....	207
FIGUUR 15:	HUIDIGE BEROEP – VERGELYKEND 1 (N=12).....	208
FIGUUR 16:	HUIDIGE BEROEP – VERGELYKEND 2 (N=10).....	208
FIGUUR 17:	HUIDIGE BEROEP – TOTALE EKSPERIMENTELE GROEP (N=22).....	209
FIGUUR 18:	HUIDIGE BEROEP – TOTALE VERGELYKENDE GROEP (N=22).....	209
FIGUUR 19:	HUIDIGE BEROEP – TOTALE AANTAL MANLIKE RESPONDENTE (N=22).....	210
FIGUUR 20:	HUIDIGE BEROEP – TOTALE AANTAL VROULIKE RESPONDENTE (N=22).....	210
FIGUUR 21:	DUUR VAN HUWELIK – EKSPERIMENTELE GROEP (N=11 EGPARE).....	211
FIGUUR 22:	DUUR VAN HUWELIK – VERGELYKENDE GROEP (N=11 EGPARE).....	211

FIGUUR 23:	OUDERDOM BY HUWELIKSLUITING – TOTALE EKSPERIMENTELE GROEP (N=22).....	212
FIGUUR 24:	OUDERDOM BY HUWELIKSLUITING – TOTALE VERGELYKENDE GROEP (N=22).....	213
FIGUUR 25:	VERGELYKING TUSSEN HUDSONSKAALTELLINGS EKSPERIMENTEEL 1 EN VERGELYKEND 1 – MANS.....	226
FIGUUR 26:	VERGELYKING TUSSEN HUDSONSKAALTELLINGS EKSPERIMENTEEL 1 EN VERGELYKEND 1 – VROUENS.....	227
FIGUUR 27:	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN HOOFSTUK 6.....	262
TABEL 7:	BEHOEFTEBEPALING TEN OPSIGTE VAN TEMAS – KAMP 2.....	16
TABEL 8:	BEHOEFTEBEPALING TEN OPSIGTE VAN TEMAS – KAMP 1.....	17
TABEL 9:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – MANLIKE RESPONDENT, VIR VOORTOETS (M-1).....	103
TABEL 10:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VROUELIKE RESPONDENT, VIR VOORTOETS (M-5).....	104
TABEL 11:	VERDELING VAN EGFARE – TOTALE STEKPROEF.....	200
TABEL 12:	OUDERDOMSVERSPREIDING – EKSPERIMENTEEL 1.....	201
TABEL 13:	OUDERDOMSVERSPREIDING – EKSPERIMENTEEL 2.....	202
TABEL 14:	OUDERDOMSVERSPREIDING – VERGELYKEND 1.....	203
TABEL 15:	OUDERDOMSVERSPREIDING – VERGELYKEND 2.....	204
TABEL 16:	OUDERDOMSVERSPREIDING – TOTALE GROEP.....	205
TABEL 17:	HUWELIKSDUUR.....	213
TABEL 18:	AANTAL KINDERS VAN TOTALE AANTAL EGFARE IN (20).....	214
TABEL 19:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – EKSPERIMENTEEL 1 (MANS).....	215
TABEL 20:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – EKSPERIMENTEEL 1 (VROU).....	216
TABEL 21:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – EKSPERIMENTEEL 2 (MANS).....	217
TABEL 22:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – EKSPERIMENTEEL 2 (VROU).....	218
TABEL 23:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VERGELYKEND 1 (MANS).....	219
TABEL 24:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VERGELYKEND 1 (VROU).....	219
TABEL 25:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VERGELYKEND 2 (MANS).....	220
TABEL 26:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VERGELYKEND 2 (VROU).....	220


LYS VAN TABELLE

TABEL 1:	BEHOEFTEBEPALING TEN OPSIGTE VAN HUWELIKSKOMPONENTE	16
TABEL 2:	SOLOMON VIERGROEPONTWERP	20
TABEL 3:	AANPASSING VAN SOLOMON VIERGROEPONTWERP	21
TABEL 4:	AANTAL EGPARE PER GROEP	23
TABEL 5:	GROEIGROEPE IN LEWENSFASES	161
TABEL 6:	BEHOEFTEBEPALING TEN OPSIGTE VAN TEMAS – KAMP 1	173
TABEL 7:	BEHOEFTEBEPALING TEN OPSIGTE VAN TEMAS – KAMP 2	180
TABEL 8:	BEHOEFTEBEPALING TEN OPSIGTE VAN TEMAS – KAMP 3	186
TABEL 9:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – MANLIKE RESPONDENTE VIR VOORTOETS (N=5)	197
TABEL 10:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VROULIKE RESPONDENTE VIR VOORTOETS (N=5)	198
TABEL 11:	VERDELING VAN EGPARE – TOTALE STEEKPROEF	200
TABEL 12:	OUERDOMSVERSPREIDING – EKSPERIMENTEEL 1	201
TABEL 13:	OUERDOMSVERSPREIDING – EKSPERIMENTEEL 2	201
TABEL 14:	OUERDOMSVERSPREIDING – VERGELYKEND 1	202
TABEL 15:	OUERDOMSVERSPREIDING – VERGELYKEND 2	202
TABEL 16:	OUERDOMSVERSPREIDING – TOTALE GROEP	203
TABEL 17:	HUWELIKSDUUR	212
TABEL 18:	AANTAL KINDERS VAN TOTALE AANTAL EGPARE (N=22)	213
TABEL 19:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – EKSPERIMENTEEL 1 (MANS)	214
TABEL 20:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – EKSPERIMENTEEL 1 (VROUE)	215
TABEL 21:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – EKSPERIMENTEEL 2 (MANS)	215
TABEL 22:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – EKSPERIMENTEEL 2 (VROUE)	216
TABEL 23:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VERGELYKEND 1 (MANS)	217
TABEL 24:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VERGELYKEND 1 (VROUE)	218
TABEL 25:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VERGELYKEND 2 (MANS)	218
TABEL 26:	KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VERGELYKEND 2 (VROUE)	218

TABEL 27:	TELLINGS VAN INDIVIDUELE RESPONDENTE AS EGPARE SAAM GEGROEPEER (N=42)	219
TABEL 28:	VERGELYKING TUSSEN DIE GEMIDDELDE TELLINGS VIR TOETS 1 TUSSEN EKSPERIMENTEEL 1 EN VERGELYKEND 1.....	221
TABEL 29:	VERGELYKING TUSSEN DIE GEMIDDELDE TELLINGS VIR TOETS 2 TUSSEN EKSPERIMENTEEL 1 EN VERGELYKEND 1.....	222
TABEL 30:	VERGELYKING TUSSEN DIE GEMIDDELDE TELLINGS VIR TOETS 3 TUSSEN EKSPERIMENTEEL 1 EN VERGELYKEND 1.....	222
TABEL 31:	VARIANSIE-ONTLEDING VIR EFFEK VAN GROEP EN VRAELYS	227
TABEL 32:	VARIANSIE-ONTLEDING VIR EFFEK VAN GROEP EN VRAELYS	228
TABEL 33:	HUDSONSKAAL – AFSONDERLIKE EGPAAR UIT EKSPERIMENTEEL 1 .	229
TABEL 34:	GETABULEERDE TERUGVOER - KOMPONENT: KOMMUNIKASIE	238
TABEL 35:	GETABULEERDE TERUGVOER - KOMPONENT: KONFLIKHANTERING..	238
TABEL 36:	GETABULEERDE TERUGVOER - KOMPONENT: AFSONDERLIKE EN GESAMENTLIKE GROEI	239
TABEL 37:	GETABULEERDE TERUGVOER - KOMPONENT: SEKSUALITEIT	240
TABEL 38:	MOTIVERING OM HUWELIKSVERRYKINGSKAMP BY TE WOON.....	253
TABEL 39:	VERWAGTINGINGE VAN HUWELIKSVERRYKINGSKAMP	254
TABEL 40:	EVALUERING VAN FOKUS OP POSITIEWE ASPEKTE VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING.....	255
TABEL 41:	RESPONSE OP 'HERONTDEKKING' VAN HUWELIKSMAATS	256
TABEL 42:	RESPONSE OP VRAAG OF HUWELIKSVERRYKING NOG SIN HET.....	257

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

HOOFSTUK 1



ALGEMENE INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK

1.1 INLEIDING

Huweliksverryking in die moderne tyd blyk noodsaaklik te wees vir die gesonde voortbestaan van die mensdom. Die moderne huwelik gaan gebuk onder andersoortige eise. Die hoë egskeidingsyfer wêreldwyd getuig daarvan dat verbintenisse nie noodwendig lewenslank is nie. Navorsing ten opsigte van huweliksmaats en kinders betrokke by egskeidings dui aan dat die invloed van egskeidings vernietigend kan wees. (Vgl. Benokraitis, 1996:468.) Egskeidingsbegeleiding, egskeidingsbemiddeling en terapie aan die betrokke partye is vrylik beskikbaar. (Vgl. Young & Long, 1998:215-219.) Die vraag word egter gevra of dit alles die moeite werd is en of daar nie met behulp van voorkoming en vroeëre toetrede 'n verskil gemaak sou kon word om die algemene stand van die huwelik te verbeter nie?

Die huwelik word in elke fase in die lewensiklus aan eiesoortige veranderinge onderwerp en noodsaak aanpassing. Die waarde van huweliksvoorbereiding is reeds deur navorsing bevestig. Die egskeidingsyfer vir jonkgetroude egpare is die hoogste en dui daarop dat toetrede in daardie lewensfase noodsaaklik is. (Vgl. *Statistics South Africa*, 2000:12.) Die huwelik waar die ouers adolessente in die huis het (vroeë middeljare), gaan met die spanning wat die fase van adolessensie teweegbring, asook die spanning van beroeps- en samelewingseise, gepaard. Hierdie spanning en konflikte reflekteer ook in 'n hoë egskeidingsyfer. Die laat middeljare en die fase van bejaardheid vra weer eiesoortige aanpassings. Intervensie kan dus met sukses in alle fases in die lewensiklus gedoen word. Navorsing ten opsigte van die hele spektrum is egter nie moontlik vir een navorser nie. Afbakening ten opsigte van die lewensfases met die oog op navorsing is noodsaaklik. In hierdie navorsingstudie gaan die fase van die vroeë middeljare ondersoek word met die oog op die ontwikkeling en evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram.

Huweliksverryking het ten doel om egpare te help om bevrediging, vervulling en vreugde in hulle verhouding te vind. Dit kom uiteindelik tot uiting in hulle ouerskap, werk en gemeenskappe. Huweliksverryking impliseer verandering, groei, versterking en ontwikkeling van reeds bestaande onderdele van 'n verhouding. Die rigting waarin die verandering veronderstel is om plaas te vind, is van die nie-intieme na die intieme (Hickmon, Protinsky & Singh, 1997:581-582). Die mening word gehuldig dat egpare wat die filosofie van verryking aanneem, beter daartoe in staat sal wees om nie alleen hulle eie potensiaal nie, maar ook die potensiaal van die huweliksverhouding tot die maksimum te benut.

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

In hierdie hoofstuk gaan die proses van navorsing bespreek word met die klem op die benutting van intervensienavorsing. Die wyse waarop die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenadering deur die verloop van die totale proses gekombineer word, word breedvoerig uiteengesit.

1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Tydens die navorser se MA (MW)-studie is die invloed van die middeljarige as lewensfase op die huwelik van die middeljarige egpaar ondersoek. Die egskeidingsyfer vir huwelike in hierdie fase is hoog (Prinsloo, 1994:4-8). Die verkennende studie het aangetoon dat die middeljarige 'n fase van aanpassing is en dat die middeljarige huwelik deur die veranderinge beïnvloed word. Kommunikasie verminder en huwelike stagneer. Die mening word gehuldig dat alle huwelike potensiaal tot groei het en dat stagnasie deur middel van huweliksverryking uit die weg geruim kan word. Denton (1986a:3) en Mace & Mace (1986b:8) is van mening dat huweliksverryking egpare help om hulle sterkpunte te ontdek en te benut voordat dit nodig is om hulp te gaan vra. Hunt, Hof & DeMaria (1998:5) beklemtoon huweliksverryking as 'n voorkomende benadering wat poog om egpare te bereik voordat hulle in disfunksionele patrone verval en terwyl hulle nog gemotiveerd is vir verbetering. Die kwaliteit van die huweliksverhouding word wêreldwyd nagevors (Lavee & Olson, 1993:326). Die huwelik bly steeds een van die belangrikste boustene van die samelewing.

Programme om die huweliks- en gesinslewe in Suid-Afrika te verbeter, word deur die *White Paper for Social Welfare* (1997:62) soos volg aanbeveel: "*Preparation for marriage and remarriage, family life enrichment, strengthening the relationship between partners, family life skills, and parenting programmes are critical to promoting the well-being of families*". Die noodsaaklikheid van verryking en die aanleer van vaardighede met die doel om uiteindelik verhoudings te versterk en te verryk, is krities noodsaaklik. Op grond van die navorser se belangstelling in die huweliksverhouding en geloof in die ontsaglike potensiaal van die mens binne verhoudingsverband, is besluit om die terrein van huweliksverryking te ondersoek.

Positiewe denke kan aangeleer en deur oefening gehandhaaf word. Gedagtes of sieninge word deur die jare gevorm aan die hand van verskillende ervarings. Irrasionele denke lei tot irrasionele emosies en irrasionele gedrag. Hierdie negatiewe patroon kan verreikende gevolge vir die huweliksverhouding inhou. Baucom & Epstein (1990:79) en Hurvitz & Straus (1991:177) is van mening dat die terapeut die individu deur middel van RET (*Rational Emotive Therapy*) kan lei om insig te ontwikkel in die oorsprong van irrasionele gedagtes en hoe om die gedagtes te vervang. Hierdie beginsels kan in huweliksverryking aan egpare geleer word om nie alleen negatiewe gedagtes oor hulleself nie, maar ook hulle huweliksmaat en hulle huweliksverhouding, in positiewe gedagtes te omskep.

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

Waar huweliksberaad die beste gedoen word deur middel van individuele en gesamentlike onderhoude met 'n egpaar, dui die literatuur aan dat huweliksverryking binne groepsverband sterk aanbeveel word. (Vgl. Mace, 1977:178; Dinkmeyer & Carlson, 1986c:20 en Hunt, *et al.*, 1998:38.) Aangesien die dinamika van groepe reeds doeltreffend in groepwerk as metode in maatskaplike werk bewys is, is die moontlikheid vir die aanbieding van 'n huweliksverrykingsprogram deur middel van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk ondersoek.

1.3 PROBLEEMFORMULERING

Die egskedingsyfer is wêreldwyd baie hoog en veral ook in Suid-Afrika. Die huidige gemiddelde syfer vir huwelike wat in egskedding eindig, is ongeveer vyftig persent (Hunt, *et al.*, 1998:7 en Young & Long, 1998:201). Die egskeddingsyfer in 1998 vir wit egpare 15 tot 24 jaar getroud was 2 675 uit 'n totaal van 14 443. Dit is dus 18,5% van die totale aantal wit egskeddings vir die tydperk (*Statistics South Africa, 2000*). Die verdere moontlikheid bestaan dat die helfte van die huwelike wat nie in egskedding eindig nie, ongelukkig is. Wanneer huwelike stagneer en kommunikasie verminder, is egskeddings en buite-egtelike verhoudings aan die orde van die dag. Die kwaliteit van die huwelik is die fundamentele sleutel tot die kwaliteit van die gesin. (Vgl. Sanders; Nicholson & Floyd, 1997:234 en Hunt, *et al.*, 1998:10.) Die egpaar is die leiers van die gesin met die mag om hulle kinders te beïnvloed. Op hierdie wyse word die hele volgende generasie en uiteindelik die hele samelewing beïnvloed.

Baie van die samelewingsprobleme kan teruggevoer word na disfunksionele patrone in gesinne, wat weer teruggevoer kan word na die basiese verhouding tussen die man en die vrou. Die verwagtinge en eise van die hedendaagse samelewing en die impak daarvan op die huwelik kan nie verminder of uit die weg geruim word nie, maar die wyse waarop individue daarvoor dink en dit uiteindelik hanteer, kan verander word. Egskedding het 'n negatiewe invloed op kinders van alle ouderdomme (Vgl. Benokraitis, 1996:468.) Uitbranding in die huwelik in die hedendaagse tyd is aan die orde van die dag (Benokraitis, 1996:272). Die huwelik staan in 'n krisis en dit is dringend noodsaaklik dat meer effektiewe en betroubare wyses gevind word om egpare vroeër, voordat hulle so in disfunksionele patrone verval dat daar geen ommekeer moontlik is nie, te bereik.

Die aanleer van vaardighede en die fokus op die bestaande positiewe punte in 'n huweliksverhouding deur middel van 'n groeigeoriënteerde groepwerkproses, kan die stand van huwelike aansienlik verbeter en die egskeddingsyfer uiteindelik laat daal. Alle huwelike het die potensiaal tot groei en hierdie potensiaal kan deur middel van huweliksverryking ontdek word. Die ontwikkeling van huweliksverrykingsprogramme word as 'n voorkomende maatreeël beskou. Huweliksverryking word veral in die VSA gedoen. Huweliksverrykers daag egpare uit

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

om hulle huweliksverhouding voortdurend, wederkerig en gesamentlik te ontwikkel en wel op 'n gedissiplineerde, toegewyde en verantwoordelike wyse. Dieselfde probleme ten opsigte van die huwelik word ook in Suid-Afrika gevind, met die verskil dat daar nie soveel geleenthede vir huweliksverryking bestaan nie. Die probleem van die huwelik wat as instelling besig is om status te verloor, kan beslis deur middel van huweliksverryking aangespreek word.

1.4 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Spesifieke doelstellings en doelwitte is noodsaaklik om 'n proses, hetsy van beplanning, navorsing of hulpverlening, sinvol te laat verloop. De Vos, Schurink & Strydom (1998:7) definieer die doelstelling (doel) as "...the end toward which effort or ambition is directed", terwyl die doelwit die meer konkrete, meetbare en vinniger bereikbare konsep van die doelstelling is.

1.4.1 Doelstelling vir die ondersoek

Die doel van die ondersoek is die ontwikkeling, toepassing en evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare, aangebied deur middel van 'n groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses.

1.4.2 Doelwitte vir die ondersoek

Die doelwitte is die volgende:

- Om deur middel van literatuurstudie ondersoek in te stel na die veranderde aard van die huwelik; na huweliksverryking as metode om die stand van huwelike te verbeter en na die groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses.
- Om 'n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare te ontwikkel.
- Om die huweliksverrykingsprogram aan te bied.
- Om die invloed van die huweliksverrykingsprogram op die huweliksbevrediging van die egpare te evalueer.
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings aan die hand van die resultate van die evaluering te maak.

1.5 NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESE

Vir kwalitatiewe navorsing word 'n navorsingsvraag gestel, terwyl 'n hipotese vir kwantitatiewe navorsing geformuleer word (De Vos, 1998b:115-116). Die navorsingsprobleem word as 'n

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

algemene vraag gestel ten opsigte van die verhouding tussen twee veranderlikes. (Vgl. Bless & Higson-Smith, 1995:29.) Die twee veranderlikes word gesien as die huweliksbevrediging en die huweliksverrykingsprogram. Die navorsingsvraag wat vir die kwalitatiewe deel van die studie gestel is, is soos volg:

Is dit moontlik om die huweliksbevrediging van egpare in die vroeë middeljare deur middel van 'n huweliksverrykingsprogram te verbeter?

'n Hipotese is 'n tentatiewe, konkrete en toetsbare (meetbare) antwoord op 'n vraag (vrae) ten opsigte van die verhouding tussen veranderlikes. Die kenmerke van 'n bruikbare hipotese is die volgende:

- Moet duidelik wees – alle veranderlikes moet duidelik beskryf word met gebruikmaking van werkbare definisies.
- Moet empiriese verwysings hê.
- Moet spesifiek wees.
- Moet met beskikbare tegnieke getoets kan word (Bless & Higson-Smith, 1995:37-38).

De Vos (1998b:116) beklemtoon dat 'n hipotese 'n verklaring ten opsigte van die verhouding tussen veranderlikes is en dat 'n hipotese duidelike implikasies vir die toetsing van die verhoudings dra. Die navorser moet bepaal of die hipotese ondersteun of verwerp moet word.

Die hipotese wat vir die doel van hierdie navorsing geformuleer is, is die volgende:

Indien egpare in die vroeë middeljare 'n huweliksverrykingsprogram, aangebied met behulp van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk, deurloop, sal die huweliksbevrediging verbeter.

Vir die doeleindes van hierdie studie word huweliksbevrediging gedefinieer as 'n houding van meer of mindere goedgesindheid teenoor die eie huweliksverhouding. Dandenau & Johnson (1994:27) meld dat feitlik alle studies ten opsigte van die verbetering van die huweliksverhouding algemene huweliksbevrediging en verskillende verhoudingsvaardighede as uitkomste het. As gevolg hiervan is daar besluit om ook in hierdie studie op bogenoemde te fokus en is die veranderlikes in die hipotese vervat.

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

1.6 NAVORSINGSBENADERING

Beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenadering is vir die doel van hierdie studie gekombineer. Schurink (1998:240) haal die definisie van 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering van Denzin & Lincoln (1994) soos volg aan: "...a multiperspective approach (utilising different qualitative techniques and data collection methods) to social interaction, aimed at describing, making sense of, interpreting or reconstructing this interaction in terms of the meanings that the subjects attach to it". Die hoofdoel van 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering is om sosiale lewe asook die betekenis wat individue aan die alledaagse lewe heg, te verstaan. Die kwalitatiewe navorsingsparadigma verwys na navorsing wat respondente se weergawe van betekenis, ervarings en persepsies aan die lig bring. Beskrywende data in die deelnemers se eie geskrewe en/of gesproke woorde word weergegee (Schurink, 1998:243). Tutty, Rothery & Grinnell (1996:5) meld dat die kwalitatiewe navorser begrip en empatie vir die respondente ontwikkel en nie net 'koue' feite weergee nie. Babbie (2001:276 en 300) beklemtoon dat kwalitatiewe navorsing veral toepaslik is vir onderwerpe en prosesse wat nie maklik kwantifiseerbaar is nie, soos byvoorbeeld verhoudings.

Die enigste realiteit vir die kwalitatiewe navorser is dit wat deur die respondente, betrokke by die navorsingsituasie, gekonstrueer word. Veelvoudige realiteite bestaan in enige situasie en hierdie realiteite moet getrou weergegee word (De Vos, 1998d:45). Die kwalitatiewe navorser tree in interaksie met die respondente en poog om die afstand tussen navorser en respondent soveel as moontlik te oorbrug. Met hierdie aspek in gedagte, is dit noodsaaklik om te noem dat waardes van nie alleen die navorser nie, maar ook van die respondente in die weergawe van data geïnkorporeer word. 'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering is interpreterend van aard waar waardes en beoordelings van die navorser eksplisiet in die navorsingsverslag genoem word.

'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering word soos volg deur Fouché & De Vos (1998a:71-72) aan die hand van die werk van Mouton & Marais (1990) en Reid & Smith (1981) uiteengesit:

- Die prosedures is nie so streng geformaliseer soos in 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering nie.
- Die omvang is moontlik ongedefinieer.
- 'n Meer filosofiese metode van uitvoering word aangeneem.
- Die navorser poog om 'n eerstehandse, holistiese begrip van verskynsels van belang te bekom deur middel van 'n buigsame strategie van probleemformulering en data-insameling.
- Bogenoemde word gevorm soos wat die ondersoek vorder.

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

- Metodes soos deelnemende waarneming en ongestruktureerde onderhoude word gebruik om 'n in-diepte kennis te bekom vir leiding vir die verdere studie.
- Kwalitatiewe metodologie berus op die aanname dat geldige begrip verkry kan word deur die akkumulatiewe kennis wat eerstehands deur 'n enkele navorser ingesamel is.

'n Kwantitatiewe navorsingsbenadering het ten doel om die sosiale wêreld objektief te meet, om hipoteses te toets en om menslike gedrag te voorspel en te kontroleer (Schurink, 1998:241). Kwantitatiewe navorsers gebruik 'n deduktiewe vorm van redenering en neem universele proposisies en veralgemenings as vertrekpunt. De Vos, Schurink & Strydom (1998:15) verwys na die werk van Mouton & Marais (1990) waar gestel word dat die kwantitatiewe benadering tot navorsing in die sosiale wetenskappe meer geformaliseer is asook meer eksplisiet gekontroleer is. Fouché & De Vos (1998a:71-72) onderskei die volgende eienskappe van die kwantitatiewe benadering soos deur Mouton & Marais (1990) en Reid & Smith (1981) uiteengesit:

- Meer geformaliseer asook eksplisiet gekontroleer.
- Die grense is meer spesifiek gedefinieer.
- Is relatief naby aan die fisiese wetenskappe.
- Die rol van die navorser is dié van objektiewe waarnemer.
- Studies is gefokus op spesifieke vrae en hipoteses.
- Bogenoemde bly konstant deur die verloop van die navorsingsproses.
- Data-insamelingsprosedures en tipes meting word reeds voor die aanvang van die studie saamgestel en op 'n gestandaardiseerde wyse toegepas.
- Eie idees en interpretasies van diegene wat die data insamel, word vermy.
- Meting word gefokus op spesifieke veranderlikes wat gekwantifiseer word deur onder andere waardebepalingskale en frekwensietellings.
- Analise vind plaas deur die statistiese afbreking van die verspreiding van veranderlikes.
- Statistiese metodes word gebruik om assosiasies (of verskille) tussen veranderlikes te bepaal.

Die gemengde metodologie ontwerp-model ('*mixed methodology design model*') van Creswell (1994) soos deur De Vos (1998a:361) beskryf, is in die uitvoer van hierdie studie gebruik. Aspekte van die kwalitatiewe en die kwantitatiewe paradigmas is in die metodologiese stappe van die ontwerp vermeng. Die voordele van beide die benaderings is op hierdie wyse benut.

Tutty, *et al.* (1996:7) meld dat beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenaderings tot die sosiale kennisbasis bydra, op verskillende, maar aanvullende wyses. Deur die verloop van die navorsingsproses is dit duidelik dat ingesamelde data vanuit beide benaderings wel aanvullend was.

Tydens die navorser se MA (MW)-studie is die fase van die middeljarige kwantitatief ondersoek ten einde die behoeftes en kenmerke van hierdie fase in die lewensiklus te bepaal. Vanuit die response van die 94 respondente is bepaal dat die fase een van verandering is en dat die huwelik dikwels onder die aandag wat aan kinders bestee is, ly. Die hoë egskeidingsyfer in die middeljarige, wat 'n duidelike numeriese aanduiding was, het as verdere motivering gedien vir die opvolgstudie ten opsigte van huweliksverryking. Persoonlike kontak met die ouers van adolessente, dit wil sê egpare in die vroeë middeljarige, het aan die lig gebring dat die fase nie altyd gladweg verloop nie en dat die eise van tieners 'n invloed op die huweliksbevrediging van die ouers het. Hierdie inligting is dus weer op kwalitatiewe wyse verkry.

Die huweliksverrykingsprogram is aan die hand van geïdentifiseerde behoeftes, bestaande huweliksverrykingsprogramme en 'n deeglike literatuurstudie ontwikkel. Die kombinasie van die gebruik van beide benaderings is ook hierin duidelik. Terwyl die program as deel van die voortoets aangebied is, is data ook ingesamel deur middel van persoonlike kontak met die egpare wat daaraan deelgeneem het (kwalitatief). (Vgl. De Vos & Fouché, 1998:90.) Met die laaste aanbieding van die program as deel van die voortoets is die huweliksbevrediging van die egpare met die twee gestandaardiseerde meetinstrumente, naamlik die *Kansas Marital Satisfaction Scale* (Vgl. Bylaag 3 en 4) en die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging (Vgl. Bylaag 2), gemeet. Die gebruik van gestandaardiseerde meetinstrumente val binne die kwantitatiewe werkwyse. (Vgl. De Vos & Fouché, 1998:89.)

Tydens die aanbieding van die program onder veldomstandighede vir finale evaluering is die respondente se huweliksbevrediging weer met behulp van die twee gestandaardiseerde meetinstrumente getoets (kwantitatief). Die navorser was as groepleier deurentyd deel van die groep en het persoonlike kontak met elke respondent gehad (kwalitatief). Nie alleen is die interaksie en groei van deelnemers waargeneem nie, maar die waarde van die program is ook na die tyd deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude getoets (kwalitatief). Die kinders (tieners) van die egpare is ook persoonlik ondervra oor die invloed van die huweliksverryking op hulle ouers se daaglikse funksionering (kwalitatief). Die analise van die kwalitatiewe data is begin met die kodering van data waar individuele data geklassifiseer en gekategoriseer is. Eenhede vir kodering is geskep aan die hand van elemente van verandering wat na afloop van die aanbieding van programme uitgelig is. Kodes is op grond van die hipotese geskep met die veranderlikes daarvan in gedagte. Klem is op die aard van die huweliksbevrediging van die egpare geplaas. (Vgl. Babbie, 2001:364-368.) Temas is na afloop van voorgenoemde proses

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

uitgelig en voorgehou. (Vg. Tutty, *et al.*, 1996:111.) Die kwalitatiewe data van vier van die aanbiedings is uiteindelik met mekaar vergelyk om die betroubaarheid, toepasbaarheid, ooreenstemming en neutraliteit daarvan te bevestig. (Vgl. Poggenpoel, 1998:348-351.) Sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe metodes is dus deur die verloop van al die fases in die navorsingsproses gebruik.

1.7 SOORT NAVORSING

Die soort navorsing wat in hierdie studie gebruik is, is toegepaste navorsing. Toegepaste navorsing spreek die onmiddellike probleme aan wat die professionele persoon in die praktyk ervaar. (Vgl. Arkava & Lane, 1983:12.) Die doel van toegepaste navorsing is om die probleme waarmee daar in aanraking gekom word, op te los. Hornick & Burrows (1988:400) meld dat navorsing toegepaste navorsing is wanneer die resultate direk sal help om die probleem of situasie wat nagevors is, te verbeter. Fouché & De Vos (1998a:69) gebruik die term 'intervensienavorsing' as 'n vorm van toegepaste navorsing. Intervensienavorsing behels die ontwikkeling van 'n program, die aanbieding van die program (intervensie) en die evaluering van die effektiwiteit van die intervensie. Binne die konteks van toegepaste navorsing, is intervensienavorsing die mees toepaslike vir hierdie navorsing. Ontwikkelings- en evaluerende navorsing word hiervoor gekombineer (De Vos, 1998c:388). Babbie (2001:333) beskryf sosiale intervensie soos volg: "...an action taken within a social context for the purpose of producing some intended result". Evaluerende navorsing is die proses waardeur bepaal word of die intervensie die beoogde resultate gelewer het.

Die huweliksverrykingsprogram is aan die hand van spesifieke behoeftes vanuit die samelewing ontwikkel, aangebied en geëvalueer. Die resultate van die navorsing kan dus direk in die samelewing toegepas word. Die algemene huweliksbevrediging van egpare in die vroeë middeljare kan verbeter deur middel van huweliksverrykingsprogramme wat suksesvol bewys is en op hierdie wyse kan die kwaliteit van die huweliksverhouding verbeter en die egskedingsyfer vir die spesifieke lewensfase verminder word.

Aangesien daar in hierdie navorsing van intervensienavorsing gebruik gemaak is, gaan die proses vervolgens uiteengesit word. Die onderafdelings van die navorsingsproses, naamlik die prosedures en werkwyses, die voorondersoek, die omskrywing van die universum en die steekproef sal deur die verloop van die proses van intervensienavorsing bespreek word:

1.7.1 Analisering van die probleem en beplanning van die projek

Volgens Thomas (1984) in De Vos (1998c:386) is daar twee faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n spesifieke kondisie as 'n probleem geïdentifiseer word, naamlik:

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

- Erkenning dat professionele en/of gemeenskapstandaarde, gebaseer op sosiale waardes, bestaan wat vlakke van gedrag en welstand as aanvaarbaar definieer.
- Teenstrydighede herken word tussen hierdie standaarde en norme en die bestaande gedrag of welstand by individue of groepe.

Die probleem word geanaliseer in terme van die volgende:

- Die omvang van die probleem;
- die verskillende komponente van die probleem;
- die moontlike veroorsakende faktore;
- die invloed van die probleem; en
- tekortkominge in die wyse waarop die probleem deur middel van intervensie aangespreek word.

Die volgende stap in hierdie fase is om te bepaal wat die bestaande wyses van intervensie is waardeur hierdie spesifieke probleem aangespreek word. 'n Deeglike analise van die waarde van verdere ontwikkeling van intervensies moet gedoen word om te voorkom dat duplisering van hulpbronne en onnodige tyd in die navorsing ingaan. (Vgl. De Vos, 1998c:386-389.)

1.7.1.1 Identifisering en insluiting van kliënte

Die intervensienavorser identifiseer 'n populasie waarmee daar saamgewerk gaan word. Die spesifieke probleem moet op die populasie van toepassing wees. Die nodige teikens en doelstellings vir die intervensie word geïdentifiseer. Wanneer hierdie teikengroep of populasie so gekies word dat ware probleme aangespreek word, kry die navorser meer ondersteuning vir die beoogde projek.

Die navorser identifiseer die populasie waarmee daar saamgewerk gaan word as egpare met 'n huweliksduur van vyftien tot vier en twintig jaar. Clinebell (1977b:2) deel die fase van die middeljare in twee dele in, naamlik Middeljare I en Middeljare II. In die eerste deel is daar nog adolessente in die huis en in die tweede deel is die egpaar reeds in die leë-nes fase. Storkey (1996:183-191) onderskei die volgende fases in die huwelik:

- Die nuut getroude egpaar.
- Vroeë gesinslewe.
- Vroeë middeljare.
- Laat middeljare.

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

- Bejaarde fase.

Vir die doeleindes van hierdie studie is daar op die Middeljare 1 of vroeë middeljare gefokus.

Die probleem van 'n hoë egskedingsyfer, veral ook in die fase van die vroeë middeljare en aanpassings wat gemaak moet word ten opsigte van die fase van die middeljare, is reeds deur die navorser se MA (MW)-studie aan die lig gebring. In kontak met egpare in die spesifieke lewensfase en met professionele persone betrokke by intervensie met egpare in dié fase, is die probleem bevestig.

Die voorlopige studie het reeds aangedui dat egpare in hierdie fase gebuk gaan onder die eise van onder andere beroepe, finansies en die opvoeding van kinders. Die egskedingsyfer vir huwelike in hierdie fase is hoog. (Vgl. Prinsloo, 1994:4-5.) Die ervaring van die navorser is dat egpare wat die behoefte aan groei uitspreek, maklik toestem tot deelname aan die proses van verryking. Die keuse van egpare vir huweliksverryking vergemaklik die samewerking aangesien daar gewerk word met egpare wat relatief goed funksioneer. Die klem val op ongebruikte potensiaal, hier-en-nou effektiwiteit van lewe en toekomstige doelstellings. Minder klem word op vorige mislukkings, probleme en patologie geplaas.

1.7.1.2 Verkry toegang tot en samewerking van die omgewing

De Vos (1998c:388) is van mening dat suksesvolle intervensienavorsers 'n verhouding van samewerking vorm met die verteenwoordigers van die opset deur hulle te betrek by die identifisering van die probleem, die beplanning van die projek en die implementering van die geselekteerde intervensies. Deur die samewerking te verkry van hierdie betrokkenes, word die uitvoer van die projek vergemaklik. Die moontlikheid van huweliksverryking asook die behoefte daaraan is met die predikante en bestuur van die Nederduits Gereformeerde Gemeente The Reeds, Centurion, bespreek. Die aanbod van die program is aan die gemeentelede geopper en die reaksie was uiters positief. Die egpare wat adolessente in die huis gehad het, het saamgestem dat die fase nie maklik is nie, deels as gevolg van die eise wat deur die fase van die kinders, naamlik adolessensie, gestel word, maar ook as gevolg van die eise van die samelewing in terme van beroepe en finansies.

1.7.1.3 Identifiseer die besorgdheid van die populasie

Intervensienavorsers moet dit ten alle koste vermy om eksterne sieninge van die probleem en die oplossing daarvan op die populasie af te dwing. Navorsers moet poog om te verstaan wat die belangrikste kwessies vir die populasie self is. Die stand van die huwelik in die hedendaagse tyd is kommerwekkend, nie alleen vir die professionele persone wat daarmee te doen kry in intervensies nie, maar ook vir die gewone lede van die samelewing. Bekommernis



Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

ten opsigte van vriende, familie, kennisse en buitestaanders wat skei, word uitgespreek. Hierdie aspek is relevant – ook vir die populasie van individue in die vroeë middeljare en is dan ook deur die egpare in die spesifieke lewensfase uitgespreek.

1.7.1.4 Analisering van geïdentifiseerde probleme

Die aard van die verskil tussen die ideale en die ware stand van die probleem moet geanaliseer word. Vrae word gestel om te bepaal vir wie die probleem belangrik is en waarom vorige intervensies die probleem nie suksesvol kon aanspreek nie. Wanneer hierdie vrae beantwoord word, verskaf dit waardevolle riglyne.

Die probleem van huwelike wat as gevolg van verskillende omstandighede stagneer, word geanaliseer. Wanneer daar gekyk word na die hoë egskedingsyfer is dit duidelik dat egpare met probleme nie almal soek na hulp nie. Die beskikbaarheid van huweliksverrykingsprogramme is beperk en dikwels ook duur sodat die bywoning daarvan nie deur die deursnee egpaar bekostig kan word nie. Huweliksverrykingsgeleenthede bestaan en word wel geadverteer, maar is nog nie so beskikbaar dat daar algemeen daarvan gebruik gemaak word nie. Die redes daarvoor kan die volgende wees:

- Huweliksmaats is steeds van mening dat daar nie uit die verhouding gepraat mag word nie. Wat in die verhouding gebeur, is privaat.
- Huweliksmaats is skaam om vir hulp te vra en laat dikwels die probleme so groot word dat hulle later terapie benodig.
- Wanneer dit regtig sleg gaan met 'n individu, is dit maklik om uit desperaatheid hulp te gaan soek teen betaling. Die moontlikheid van huweliksberaad waarvoor hulle moet betaal, word dan as uitweg gesien, terwyl daar reeds vroeër met behulp van huweliksverryking toegetree kon gewees het. (Vgl. Mace & Mace, 1986b:16.)

Hierdie aspekte het 'n nadelige invloed op die groei van die huweliksverrykingsbeweging en die houdings van egpare moet en kan dus deur middel van die regte bemerking van en inligting ten opsigte van huweliksverrykingsprogramme verander word.

1.7.1.5 Bepaling van doelstellings en doelwitte

Nadat die probleem duidelik gestel is, kan daar volgens De Vos (1998b:389) oorgegaan word na die formulering van breë doelstellings en meer spesifieke doelwitte waarvolgens die navorsing gerig gaan word. Hierdie doelstellings help om die volgende stap van insameling van inligting duidelik te struktureer.

Tydens die navorsing vir die MA (MW)-studie, is die invloed van die middeljare op die huwelik

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

deur middel van 'n gedetailleerde vraelys ondersoek. Dit het duidelik uit die resultate geblyk dat die huwelik in die middeljare kan stagneer en uiteindelik in egskeiding kan eindig indien daar geen groei ten opsigte van die verhouding plaasgevind het nie. Die geïdentifiseerde doelstelling vir die program is daaruit geformuleer asook aan die hand van jare se ervaring om met egpare te werk. Die doelstellings word ter wille van die verloop van die proses van intervensienavorsing weer hier herhaal:

Die doel van die ondersoek is die ontwikkeling, toepassing en evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare, aangebied deur middel van 'n groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses.

Die doelwitte is die volgende:

- Om deur middel van literatuurstudie ondersoek in te stel na die veranderde aard van die huwelik; na huweliksverryking as metode om die stand van huwelike te verbeter en na die groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses.
- Om 'n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare te ontwikkel.
- Om die huweliksverrykingsprogram aan te bied.
- Om die invloed van die huweliksverrykingsprogram op die huweliksbevrediging van die egpare te evalueer.
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings aan die hand van die resultate van die evaluering te maak.

Tydens die vyf kere wat die program as voortoets aangebied is, is die doelstellings deur die egpare self bevestig. Die redes waarom die huwelike van egpare in hierdie fase dikwels stagneer, is tydens die vorige studie ondersoek en ook tydens die voorondersoek bevestig. Tyd saam is beperk as gevolg van buitenshuise beroepsarbeid van beide huweliksmaats, swak ekonomiese toestande van die land en individue, die opvoeding van kinders en algemene lewenseise. Die eerste verhouding wat gewoonlik skade ly, is die huweliksverhouding.

Nadat die probleem duidelik gestel is, kan daar volgens De Vos (1998b:389) oorgegaan word na die formulering van breë doelstellings en meer spesifieke doelwitte waarvolgens die navorsing gerig gaan word. Kommunikasie en konflikthantering is twee van die komponente van die huweliksverhouding waarvoor huweliksmaats die meeste kommer het. Volgens O'Donohue & Crouch (1996:88) het rolverwagtinge en geslagsrolle 'n invloed op kommunikasie. Die algemene siening is ook volgens Hosea (1981:14) en Burlison & Denton (1997:887) dat kommunikasievaardighede 'n belangrike determinant van huweliksbevrediging is. Inligtingsessies en geleenthede vir inoefening ten opsigte hiervan is in die program

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

ingewerk.

Die uitbou van die eie en die selfbeeld van die huweliksmaat is 'n verdere doelstelling. (Vgl. Alpaslan, 1994:36.) Op hierdie wyse word die egpaar reeds gedwing om positief na hulleself en hulle huweliksmaat te kyk. Die seksuele verhouding verloor dikwels sprankel hoe langer 'n egpaar getroud is. Die egpaar word deur die program gelei om die avontuur en die sprankel terug te sit en mekaar fisies weer te ontdek en te geniet. Dit is belangrik dat die egpaar nie van seks as 'n pretaktiwiteit sal vergeet nie. In enige huwelik is dit een van die prettigste aktiwiteite vir die verhoging van intimiteit. Markman, Stanley & Blumberg (1994:262) beklemtoon dat egpare moet wegbeweeg van die idee dat seksuele aktiwiteit afneem namate hulle ouer word. 'n Groot persentasie egpare hou steeds hulle seksuele verhouding in stand en verbeter selfs die kwaliteit daarvan.

Huweliksmaats is in die program herinner aan hulle heel eerste gevoelens vir mekaar en hulle huweliksbelofte. Deur middel van wedersydse kontraktering is hulle gelei om doelstellings en spesifieke doelwitte vir die bereiking daarvan te formuleer.

1.7.2 Insameling van data en sintese

Wanneer 'n intervensie-navorsingsprojek beplan word, is dit noodsaaklik om te bepaal wat reeds deur ander navorsers gedoen is om die probleem aan te spreek. Relevante kennis word versamel en geïdentifiseer en daarna geïntegreer.

1.7.2.1 Gebruik van bestaande bronne van inligting

Die literatuurstudie behels die ondersoek van geselekteerde empiriese navorsing en praktykverslae. Gerekenariseerde databasisse is waardevol in die opsporing van moontlike bronne van inligting. Dit is belangrik dat intervensienavorsers literatuur buite hulle eie studieveld sal bestudeer. Integrasie van verskillende sienswyses uit die verskillende dissiplines in die menswetenskappe is een van die doelstellings van intervensienavorsing. Literatuursoektogte is deur die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria geloods in die velde van die sosiale wetenskappe asook in die veld van teologie.

Die voorlopige literatuurondersoek wat geloods is, het weinig resente bronne opgelewer. Die gevolgtrekking is gemaak dat daar in Suid-Afrika steeds sterk op remediëring gefokus word en nie soseer op verryking nie. Uit die soektog wat geloods is, het dit verder ook geblyk dat die huweliksverrykingsbeweging selfs in die VSA nog in kinderskoene staan en dat die hooffokus ook daar op behandeling van probleme val. Die navorser het met die *Smartmarriages*-beweging in die VSA kontak gemaak in 'n poging om meer resente bronne op te spoor. Selfs hiermee is daar nie veel resente bronne opgespoor nie. In die volgende soektog na inligting

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

ten opsigte van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk is daar weer geen resente bronne opgespoor nie. Ramey (1999:78) noem die volgende in hierdie verband: *“It is interesting that we shifted from an emphasis on healthy development to solving problems and that now society is shifting back to emphasis on creating well-being”*. Komende van die sekretaris van die *Association for the Advancement of Social Work with Groups (AASWG)*, ‘n internasionale organisasie vir die bevordering van maatskaplike werk met groepe, is die gebrek aan resente literatuur uitgeklaar.

1.7.2.2 Studie van natuurlike voorbeelde

‘n Waardevolle bron van inligting is die waarneming van lede van die gemeenskap wat die spesifieke probleem ervaar. Onderhoude met individue wat die probleem ervaar en ook met kenners op die terrein verskaf insig in die intervensies wat suksesvol was al dan nie, asook die veranderlikes wat ‘n moontlike uitwerking op die sukses het. Selfs die studie van onsuksesvolle pogings lei tot waardevolle inligting vir die beplanning van die projek. Hierdie inligting is in die voorondersoek verkry. (Vgl. De Vos, 1998c:391.) Die navorser se MA (MW)-studie het ook getoon dat die huwelike van middeljarige egpare aanpassing by die veranderinge van die nuwe lewensfase benodig (Prinsloo, 1994:268). Die huweliksbevrediging is nie noodwendig laer nie en juis daarom kan huweliksverryking ‘n bydrae lewer.

Die gevallelading van maatskaplike werkers, predikante, sielkundiges en beraders wat met die huwelik werk, getuig van die groot hoeveelheid huweliksprobleme wat op ‘n daaglikse basis hanteer moet word. Suksesvolle en gelukkige huwelike is, na aanleiding van gesprekke met sulke egpare, te danke aan sinvolle, intieme kommunikasie en voortdurende groei. Huweliksverryking het dus duidelik ‘n plek in die daarstelling van beter verhoudings.

1.7.2.3 Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle

Wanneer die nodige inligting ingewin is, word die kritiese kenmerke van programme wat die probleem voorheen aangespreek het, geanaliseer. Was daar ‘n suksesvolle program en watter elemente daarvan het tot die sukses gelei? Waarom was ‘n program onsuksesvol en watter elemente daarvan het tot die mislukking daarvan gelei? Wanneer hierdie elemente geïdentifiseer is, kan die aktiwiteite vir ontwerp en ontwikkeling gerig word.

Programme soos vanuit die literatuur bestudeer, is gebruik in die samestelling van die verrykingsprogram wat as deel van die voorondersoek aangebied is en uiteindelik in die finale program vervat is. Die detail van die bestudeerde programme word in hoofstuk 3 uiteengesit. Verdere moontlike aanbiedingswyses, oefeninge en funksionele hulpmiddels is vanuit die

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

bronne wat oor die huwelik handel, in die program ingewerk.

1.7.3 Ontwerp

Thomas, in De Vos (1998c:392) is van mening dat die ontwerp die beplande en sistematiese aanwending van wetenskaplike, tegniese en praktiese inligting is in die ontwikkeling en samestelling van nuwe elemente. Navorsers moet 'n wyse ontwerp waarop gebeure wat verwant is aan die probleem op 'n natuurlike wyse waargeneem word. Kliënte wat deur die probleem geraak word, moet betrek word om die gedrag en die omgewingsfaktore wat verander moet word, te spesifiseer. Wanneer die fokus van die verandering geïdentifiseer is, moet hierdie aspekte op 'n waarneembare wyse gedefinieer word sodat dit waargeneem kan word. Deur die waarneming van die probleem en die bestudering van veranderinge wat natuurlik voorkom, kan die navorser sekere prosedurale elemente identifiseer wat in die intervensie gebruik kan word. Die elemente moet op so 'n wyse beskryf word dat herhaling deur ander opgeleide veranderingsagente moontlik is.

1.7.3.1 Ontwerp van 'n waarnemingsstelsel

Die navorser het aan die hand van die vorige MA (MW)-studie en 'n spesifieke behoefte in die gemeenskap 'n verrykingsprogram opgestel. Egpere in die gemeenskap is deur middel van 'n vraelys gevra watter komponente van die huweliksverhouding die grootste prioriteit was. Die aard van hierdie komponente word in detail in Hoofstuk 2 bespreek. Die resultate word in Tabel 1 aangetoon.

TABEL 1: BEHOEFTEBEPALING TEN OPSIGTE VAN HUWELIKSKOMPONENTE

KOMPONENT	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Gesin van herkoms	3	3.6
Selfkonsep	3	3.6
Seksualiteit	3	3.6
Huwelikskeuse	0	0
Kommunikasie	18	21.7
Konflikhantering	20	24.1
Afsonderlike en gesamentlike groei	16	19.3

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

KOMPONENT	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Ouerskap	13	15.7
Finansies	4	4.8
Rol van skoonouers	3	3.6
Geloofsverskille	0	0
TOTAAL	83	100%

Bogenoemde response het duidelik aangedui waar die klem in die verhoudings van die teikengroep moet lê. Vanuit die literatuur was dit ook duidelik dat kommunikasie en sinvolle konflikthantering tot huweliksbevrediging bydra (Benokraitis, 1996:272; Hunt, Hof & DeMaria, 1998:42-43 en Young & Long, 1998:138). Feitlik al die literatuur ten opsigte van huweliksbevrediging verwys na die noodsaaklikheid van effektiewe kommunikasie en konflikthantering. Geen spesifieke formele observasiesisteen is gebruik nie. Die navorser het die response soos uit bogenoemde vraelys verkry en die inligting soos vanuit die literatuur verkry, vir hierdie doel gebruik.

1.7.3.2 Spesifisering van die prosedure vir die intervensie

Vanuit bestaande programme en literatuur ten opsigte van die maatskaplike groepwerkproses is die prosedure vir die huweliksverrykingsprogram bepaal. Hunt, *et al.* (1998:83) meld die voordele van 'n wegbreeknaweek in die vorm van 'n *'retraite'*. Verskeie ander skrywers (vergelyk 3.9 in hoofstuk 3) het ook die waarde van 'n naweekprogram beklemtoon. Die huweliksverrykingsprogram is daarvolgens ontwikkel. Die verloop van die program aan die hand van die fases van die groepwerkproses, naamlik die voorbereidingsfase, beginfase, werkfase en afsluitingsfase (Toseland & Rivas, 2000:92) is in die programinhoud verwerk. Die komponente wat die hoogste aantal response ontvang het, naamlik kommunikasie, konflikthantering en afsonderlike en gesamentlike groei, is as deel van die werksessies beplan. Vanuit bestaande programme en literatuur ten opsigte van huweliksfunksionering (vergelyk 3.9) is die belangrikheid van seksualiteit as komponent beklemtoon. Hierdie aspek is ook in die program ingewerk. Dit was belangrik om soveel funksionele hulpmiddels en aktiwiteite as moontlik in te werk om die egpare te laat ontspan en die program te laat geniet.

1.7.4 Vroeë ontwikkeling en voortoets

Hierdie stap behels die proses waardeur intervensie implementeer word en op 'n proefbasis

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

aangebied word. So word daar getoets vir voldoendeheid en herontwerp indien nodig. Hierdie voortoets stem ooreen met die vooronderzoek soos deur Strydom (1998b:182) uiteengesit.

1.7.4.1 Ontwikkeling van 'n prototipe of voorlopige intervensie

Die program is aan die hand van die resultate van die navorser se MA (MW)-studie ontwerp met behulp van bestaande programme soos in die VSA aangebied. Die teorie verbonde aan die groeigeoriënteerde groep is in die ontwikkeling van die program in ag geneem. Die program is in detail uitgewerk voordat die eerste afkondigings gedoen is.

1.7.4.2 Uitvoer van 'n voortoets

Die voorlopige huweliksverrykingsprogram is by vyf geleenthede aan 48 egpare altesaam aangebied. Vier van die aanbiedings van die program was in die vorm van 'n wegbreeknaweek waar daar intensief gewerk is vanaf Vrydagaand tot Sondagmiddag. Die vyfde aanbieding was in die vorm van 'n tydbeperkte korttermynegroep vanaf 9:00 tot 23:00 op 'n Saterdag. Die terugvoer van die egpare was dat hulle 'n nuwe denkpatroon aangeleer het en dat hulle nuwe potensiaal in hulleself en in hulle huweliksmaats ontdek het. Egpare het deur middel van deurlopende evaluering vermeld waaroor hulle nog inligting wou hê. Die program is aan die hand van die egpare se evaluasies aangepas en verder ontwikkel. Sekere tendense kon reeds aan die hand van die egpare se groei asook terugvoer waargeneem word.

1.7.4.3 Aanwending van ontwerp kriteria ten opsigte van die voorlopige intervensie

Die navorser is bewus daarvan dat daar meer in die voortoetsfase ingesit is as wat verwag sou word. Dit was egter belangrik dat die program so na as moontlik aan perfek sou moes wees teen die tyd dat die finale aanbieding moes geskied. Alle aanbevelings van die egpare wat die vyf geleenthede meegemaak het, is benut. Die navorser se kundigheid as maatskaplike groepwerker het haar ook in staat gestel om elke sessie in elke aanbieding en met elke groep aan die hand van die elemente van suksesvolle groepsfunksionering te evalueer. In hierdie ondersoek is daar van die enkelstelselontwerp in die voortoetsfase en wel by die vyfde aanbieding van die program, gebruik gemaak. 'n Voortoets asook 'n natoets is gedoen om die huweliksbevrediging van die egpare te bepaal. Die evaluasie is aan die hand van die twee gestandaardiseerde meetinstrumente, naamlik die *Kansas Marital Satisfaction Scale* en die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging gedoen. Die bruikbaarheid en effektiwiteit van die twee meetinstrumente is ook by hierdie geleentheid getoets. Daarna is die program verder verfyn totdat daar met redelike sekerheid gesê kon word dat soveel as moontlik haakplekke uitgestryk is.



Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

De Vos (1998c:396) vermeld die volgende relevante vrae ten opsigte van standarde vir doeltreffende intervensie:

- Is die intervensie effektief?
- Is die intervensie herhaalbaar?
- Is die gebruik daarvan eenvoudig?
- Kan die intervensie vir verskillende kontekste aangepas word?
- Is die intervensie verenigbaar met plaaslike gebruike en waardes?

Die antwoorde op al bogenoemde vrae was positief, soos uit die evaluasievraelyste asook vanuit persoonlike onderhoude van die egpare verkry. Die feit dat die program by vyf verskillende geleenthede aan verskillende groepe, selfs aan groepe bestaande uit individue uit verskillende ouderdomsgroepe, aangebied is en dieselfde positiewe terugvoer ontvang het, het aan die navorser getoon dat die inhoud daarvan reg was om finaal onder veldomstandighede aangebied en geëvalueer te word. Die detail van die terugvoer word breedvoerig in hoofstuk 5 bespreek.

1.7.5 Evaluasie en gevorderde ontwikkeling

Evaluasie in intervensienavorsing geskied deur middel van die reeds vasgestelde navorsingsmetodologie. Die doel hiervan is om dit wat ontwikkel is, te evalueer met die oog op verfyning en die algemene gebruik daarvan na afloop van die ontwikkeling.

1.7.5.1 Keuse van eksperimentele ontwerp

Die navorsingsontwerp word deur Fouché & De Vos (1998b:123-124) gedefinieer as die plan of die bloudruk waarvolgens data ingesamel gaan word en aan die hand waarvan hipoteses of navorsingsvrae getoets gaan word. In hierdie studie is 'n kwasi-eksperimentele ontwerp gebruik. (Vgl. Fouché & De Vos, 1998b:129.) In die werklike lewe is dit dikwels moeilik om 'n kontrolegroep te kry, hetsy deur ewekansige toewysing of deur passing. Kwasi-eksperimentele ontwerpe help navorsers om vir veroorsakende faktore te toets in situasies waar die ware eksperiment moeilik of ontoepaslik is (Neuman, 1997:186). As gevolg hiervan is dit soms nodig om die vereistes van 'n ware eksperiment te laat skiet. Tog is dit beter om 'n hoër vlak van kontrole te verkry as wat in pre-eksperimentele ontwerpe gebied word (Bless & Higson-Smith, 1995:76). Babbie (2001:339) meen dat die kwasi-eksperimentele ontwerp dikwels in evaluatiewe navorsing gebruik word waar dit nie moontlik is om respondente ewekansig aan 'n eksperimentele groep en 'n kontrolegroep toe te wys nie.

Vir die doel van hierdie studie is daar van die vergelykende groep voortoets-natoets ontwerp

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek



gebruik gemaak. Die egpare is nie ewekansig aan die groepe toegewys nie, alhoewel hulle almal aan die gestelde kriteria vir deelname voldoen het. Aangesien die egpare vrywillig besluit het om vir die huweliksverrykingsgeleentheid te registreer en die naweek vir elf van die egpare geleë was, was dit onmoontlik om 'n ewekansige toewysing te maak. Op aandrang van Prof. H. Groeneveld, statistikus aan die Universiteit van Pretoria, is die Solomon viergroeptoets vir die verdeling van die 22 egpare gebruik. Die doel van enige eksperimentele ontwerp is om die oorsaaklike verband tussen die afhanklike- en die onafhanklike veranderlike vas te stel. Die waarde van die onafhanklike veranderlike kan moontlik aan toeval toegeskryf word eerder as aan die invloed van die onafhanklike veranderlike, maar met die ware eksperimentele prosedure is daar statistiese tegnieke vir die vasstelling van die moontlikheid dat dit kan gebeur (Fouché & De Vos, 1998b:134). Eksterne geldigheidsfaktore word hier oorweeg. Die spesifieke ontwerp maak voorsiening vir feitlik alle moontlike bronne van vooroordeel. Volgens Neuman (1997:187) en Babbie (2001:228-229) is die Solomon viergroeptoets ontwikkel om die invloed van voortoets aan te spreek. Die invloed van die voltooiing van 'n vraelys as voortoets wou ondersoek word om vas te stel of die verandering by egpare, indien enige, wel aan die intervensie (huweliksverrykingsprogram) toegeskryf kon word. Indien die egpare ewekansig toegewys kon word, sou dit 'n ware eksperimentele ontwerp kon wees. Ewekansige toewysing was egter nie moontlik nie en daarom is slegs die beginsels van die Solomon viergroeptoets gebruik.

Vier, in plaas van twee, groepe is gebruik. Daar was twee eksperimentele groepe en twee vergelykende groepe, maar slegs een van die groepe uit elke hoofgroep het die voortoets afgeneem. Die voordeel van die Solomon viergroeptoets is dat kontrole van toetsinvloede toegelaat word. Die nadeel daarvan is dat dubbel die hoeveelheid respondente benodig word en dat die ontwerp meer werk rondom die implementering daarvan vra (Fouché & De Vos, 1998b:135). Een van die redes waarom hierdie ontwerp gekies is, was om te bepaal of die invul van die voortoets, in die vorm van die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging en die *Kansas Marital Satisfaction Scale*, reeds 'n invloed op die huweliksmaats se denke rondom die huweliksverhouding en huweliksbevrediging gehad het. Bradbury (1994:199) meen, aan die hand van navorsing deur hom onderneem, dat 'n klein hoeveelheid individue wel negatief kan reageer wanneer hulle gevra word om op sekere aspekte van die huweliksverhouding te fokus, soos byvoorbeeld deur die invul van 'n vraelys. Denke en gevoel word soms deur bogenoemde beïnvloed.

TABEL 2: SOLOMON VIERGROEPONTWERP

GROEP	VOORTOETS	ONAFHANKLIKE VERANDERLIKE	NATOETS
-------	-----------	------------------------------	---------

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

Eksperimenteel 1			
Vergelykend 1			
Eksperimenteel 2			
Vergelykend 2			

Vir die doeleindes van hierdie studie is die ontwerp verder verfyn om voorsiening te maak vir die toets van die langtermyninvloed van die huweliksverrykingsprogram. Die eerste natoets is die Sondag van die 'retraite'-naweek deur al die respondente in al vier die groepe voltooi. Vir die eksperimentele groep was dit 'n 'wittebrood-hoogtepunt' en daar kon nie met sekerheid aanvaar word dat die resultate blywend sou wees wanneer die egpare terug by die huis met die daaglikse spanning en verantwoordelikhede gekonfronteer word nie.

TABEL 3: AANPASSING VAN SOLOMON VIERGROEPONTWERP

GROEP	VOORTOETS TOETS 1	ONAFHANKLIKE VERANDERLIKE	NATOETS TOETS 2	NATOETS TOETS 3
Eksperimenteel 1				
Vergelykend 1				
Eksperimenteel 2				
Vergelykend 2				

1.7.5.2 Insameling en analisering van data

Gedurende die voortoets en die meer formele evaluasie van intervensies word data voortdurend ingesamel en ontleed (De Vos, 1998c:397). Daar is van alle inligting soos tydens die voortoets-aanbiedings verkry, asook die evaluasievorms van die egpare wat die programme deurloop het, rekord gehou. Die nodige aanpassings is voortdurend gemaak. Daar is ook besluit op die gebruik van twee verskillende gestandaardiseerde meetinstrumente ten opsigte van die bepaling van huweliksbevrediging sodat die data vergelyk kon word en uiteindelik ook meer verifieerbaar kon wees. Die skale is vir die kwantitatiewe deel van die studie gebruik. Huweliksbevrediging word vir die doel van hierdie studie gedefinieer as 'n houding van meer of mindere goedgesindheid teenoor die eie huweliksverhouding. Roach, Frazier & Bowden (1981:538) beklemtoon dat die effektiwiteit van nie alleen terapie nie, maar ook verrykingsprogramme en -werkswinkels die beste gemeet word in terme van die

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

verandering in houding teenoor die eie huwelik.

1.7.5.3 Herhaling van die intervensie onder veldomstandighede

Die finale program is tydens die naweek van 23 tot 25 Maart 2001 aangebied. Agt weke voor die betrokke datum is 'n afkondiging/advertensie in die Nederduits Gereformeerde Gemeente The Reeds te Centurion gedoen. Egpape is uitgenooi om vir die naweek te bespreek. Die volgende punte is tydens die afkondiging beklemtoon:

- Egpape moet tussen 15 en 24 jaar getroud wees.
- Die egpaar moet ten minste al 'n tiener (kind in die hoërskool) hê.
- Die egpaar se verhouding moet redelik goed tot goed wees aangesien daar met bestaande potensiaal gewerk word.
- Individuele huweliksmaats funksioneer relatief goed en ontvang geen psigoterapie of beraad nie.
- Geen psigiese versteurdheid.
- Bereid tot groei en samewerking.
- Verkieslik 'n eerste huwelik.

Die feit dat daar met die sterkpunte in die verhouding gewerk gaan word en die klem op die ontspanne en rustige atmosfeer waarin die aanbieding sal plaasvind, is deurentyd beklemtoon. Egpape het reeds tydens die bemerking van die program kennis geneem dat die program nie op probleme fokus nie en dat daar geen 'ou koeie uit die sloot' gehaal gaan word nie.

Twaalf (12) egpape het vir die kamp bespreek, maar een egpaar het onttrek as gevolg van die feit dat die vrou se moeder siek geword het. Daar is dus vir elf (11) egpape beplan. Dandeanu & Johnson (1994:20) beklemtoon dat 12 egpape die gemiddelde grootte groep is vir navorsing ten opsigte van die uitkomst vir verryking. Die egpape wat aangedui het dat hulle ook in huweliksverryking belangstel, maar vir wie die naweek nie geleë was nie, is as vergelykende groep gebruik. Hierdie egpape het ook aan al die kriteria, soos hierbo genoem, voldoen. Een egpaar wat ernstig belanggestel het, was net tien jaar getroud en is gevra om oor te staan tot 'n volgende keer. Dit was belangrik dat al die egpape positief teenoor huweliksverryking moes staan en graag hulle huweliksverhouding wou verbeter. Aangesien beide die eksperimentele groep en die vergelykende groep uit elf egpape elk bestaan het, is besluit om die twee groepe in vier groepe, soos vir die Solomon viergroeptoets benodig, te verdeel. Hierdie verdeling is genoodsaak deur die onttrekking van die een egpaar aan die eksperimentele groep en die feit dat die egpaar wat slegs tien jaar getroud was, nie geskik was vir die vergelykende groep nie.

Egpape moet tussen 15 en 24 jaar getroud wees.

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

Skematies kan die verdeling soos volg voorgestel word:

TABEL 4: AANTAL EGPARE PER GROEP

GROEP	AANTAL EGPARE
Eksperimenteel 1	6 egpare
Vergelykend 1	6 egpare
Eksperimenteel 2	5 egpare
Vergelykend 2	5 egpare

Vir die doel van hierdie navorsing, naamlik om die effektiwiteit van die huweliksverrykingsprogram wat ontwikkel is, te toets, is die universum (populasie) as alle egpare in die Nederduits Gereformeerde Gemeente The Reeds, Centurion, wat 15 tot 24 jaar getroud is, beskou. Bless & Higson-Smith (1995:85) definieer die populasie of universum as: *“The entire set of objects and events or group of people which is the object of research and about which the researcher wants to determine some characteristics...”*. Die doel van die navorsing was om die huweliksverrykingsprogram aan die egpare in die fase van die vroeë middeljare aan te bied en hulle huweliksbevrediging voor en na die tyd te meet om vas te stel of die program effektief is. Nie-waarskynlikheid-steekproeftrekking is vir die ondersoek gebruik en wel deur middel van toevallige steekproeftrekking (*“accidental sampling”*). (Vgl. Grinnell & Williams, 1990:125.) Babbie (2001:182) meen dat nie-waarskynlikheidsteekproeftrekking veral in kwalitatiewe navorsing bruikbaar is.

Die afkondiging ten opsigte van die huweliksverrykingsnaweek is gemaak en die respondente was toevallig beskikbaar om die naweek mee te maak. Strydom & De Vos (1998:198) meld dat hierdie tipe steekproef uit respondente saamgestel word wat die naaste en die maklikste beskikbaar is. (Vgl. ook Bless & Higson-Smith, 1995:94-95 en Neuman, 1997:204.) Tog dien dit vermeld te word dat alle egpare, beide in die eksperimentele groep en in die vergelykende groep, aan die gestelde kriteria voldoen het, wat 'n element van doelgerigte steekproeftrekking insluit. Neuman (1997:206) meld dat doelgerigte steekproeftrekking gebruik kan word wanneer die navorser spesifieke tipe gevalle wil identifiseer met die oog op in diepte ondersoek. Die doel is nie soseer om veralgemenings ten opsigte van die populasie te maak as om 'n beter begrip van die tipe saak/situasie/omstandighede te verkry nie. Die egpare het aan al die kriteria, soos vir doelgerigte steekproeftrekking, voldoen en was toevallig vir die spesifieke naweek (as eksperimentele groep) en as vergelykende groep beskikbaar. Die kriteria was soos volg:

- Egpare moet tussen 15 en 24 jaar getroud wees.

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

- Die egpaar moet ten minste al 'n tiener (kind in die hoërskool) hê.
- Die egpaar se verhouding moet redelik goed tot goed wees aangesien daar met bestaande potensiaal gewerk word.
- Individuele huweliksmaats funksioneer relatief goed en ontvang geen psigoterapie of beraad nie.
- Geen psigiese versteurdheid.
- Bereid tot groei en samewerking.
- Verkieslik 'n eerste huwelik.
- Afrikaanssprekend.
- Wit.
- Christene.

Hierdie kriteria, buiten vir die laaste drie, is duidelik op die aankondiging aangedui. Aangesien die universum die lidmate van die NG Gemeente The Reeds, Centurion, was, is aangeneem dat hulle Wit, Afrikaanssprekend en Christene sou wees.

Die program is deur middel van 'n groeigeoriënteerde groep aangebied. Mace (1977:176) en Hunt, *et al.* (1998:37) beklemtoon die effektiwiteit van huweliksverryking in groepsverband waar daar 'n kombinasie is van die gee van minilesings en die uitruil van ervaringe met mekaar. Tyd vir individuele werksessies is ingeruim en die beginsels van eksperimentele leer is in ag geneem. Rekordhouding van die verloop van die proses met spesifieke verwysing na die doelstelling en doelwitte vir elke sessie is voortdurend gedoen.

1.7.5.4 Verfyning van die intervensie

Voordat die program versprei kan word, moet daar seker gemaak word dat alle moontlike probleme ten opsigte van die aanbieding en meting uit die weg geruim word. Die program sal vir verspreiding voorberei word. Die potensiele markte vir die intervensie sal geïdentifiseer word, die program sal bemark en die nodige opleiding aan die aanbieders verskaf word. (Vgl. De Vos, 1998c:401-402.) Vir die doeleindes van hierdie studie sal hierdie stap nie ook gedoen word nie.

1.8 ETIESE ASPEKTE

Die etiese uitvoering van die navorsing berus uitsluitlik by die navorser (Strydom, 1998a:23). Sekere etiese riglyne en beginsels waarvolgens navorsing uitgevoer behoort te word, bestaan en die navorser behoort dit as deel van persoonlike funksionering te inkorporeer. Die

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

volgende etiese aspekte word deur Strydom (1998a:25-34) uiteengesit en sal vervolgens bespreek word soos dit op die studie van toepassing is:

1.8.1 Skade aan eksperimentele respondente

Een van die voordele van die aanbied van 'n huweliksverrykingsprogram is dat respondente daarby baat kan vind. Een van die gestelde kriteria was dat respondente 'n relatief goeie tot goeie verhouding moet hê wat reeds 'n moontlike waarborg van minder probleme en konflikte kan wees. Dit is egter geen waarborg dat dit nie so kan wees nie, soos in die bespreking van leemtes in die studie gesien sal word. Hierdie spesifieke huweliksverrykingsprogram fokus op die sterkpunte en die potensiaal van die verhouding en op geen stadium word 'ou koeie uit die sloot gehaal' nie. Die doel van die program is juis die aanleer van vaardighede, gebou op die bestaande potensiaal. Op geen stadium van die voortoetsaanbiedings of die eksperimentele aanbieding het enige van die egpare emosionele of ander skade gely nie. Almal het by die aanbieding gebaat en terselfdertyd heerlijk ontspaan. Egpare was voor die tyd volledig ingelig oor die beplande werkwyse.

1.8.2 Ingeligte toestemming

Alle respondente is deeglik ingelig oor die aard van die navorsing, hoe die meting sou plaasvind en wat hulle kon verwag. Hulle het geweet dat die program vir hulle voordele inhoud – het dit ook van die egpare wat vroeër op die kampe was, verneem. Respondente het ten volle kennis gedra van die implikasies en het steeds hulle samewerking gegee. Dit was ook op die respondente wat deel van die vergelykende groep was, van toepassing, selfs al sou hulle nie die program kon meemaak nie. Die waarborg van anonimiteit het hiertoe bygedra soos later bespreek sal word.

1.8.3 Misleiding van respondente

Respondente is op geen stadium doelbewus mislei nie. Indien daar enige aspekte na vore sou kom wat moontlik aan misleiding toegeskryf sou kon word, sou sodanige aspekte onmiddelik opgevolg word. Respondente het van elke fase van die proses geweet. Twee weke na afloop van die huweliksverrykingsgeleentheid is egpare van beide groepe bymekaargebring waartydens die voorlopige resultate, soos deur die rekenaar verwerk, aan hulle voorgehou is.

1.8.4 Skending van privaatheid

Alle inligting is vertroulik behandel en die waarborg is ook aan respondente gegee.

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

Respondente se gegewens bly privaat en hulle identiteit word nie bekendgemaak nie. Die feit dat die egpare deel van 'n groeigeoriënteerde groep was, beteken dat hulle heg gebind het en in die groep selfopenbaring gedoen het. Hiervoor is daar egter gekontrakteer en dit is in die groep geakkomodeer. Geen identifiserende inligting sal in die navorsingsverslag gegee word nie en respondente het ook geen toegang tot die resultate van ander respondente nie. Die respondente weet dat die navorser ter wille van die administrasie rondom die drie toetse vir huweliksbevrediging moes weet wat die nommer van elke egpaar is sodat vraelyste korrek afgelewer en uiteindelik verwerk kon word. Neuman (1997:453) meen dat vertroulikheid sonder anonimiteit beteken dat inligting nie openbaar gemaak word nie, maar die navorser koppel individuele name aan spesifieke response. (Vgl. ook Bless & Higson-Smith, 1995:103.) Respondente het op geen stadium name op enige meetinstrumente of vraelyste geskryf nie.

1.8.5 Handeling en bevoegdheid van navorsers

Die navorser dra kennis van die proses van navorsing, van huweliksfunksionering asook van groepwerk as metode in maatskaplike werk. Die MA (MW)-studie asook twee doktorsale tentamens is suksesvol voltooi. Die navorser is verantwoordelik vir die dosering van Huwelik- en Gesinsorg asook Groepwerk as metode in maatskaplike werk aan die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria. Geen individu kan sekerlik aanspraak maak op volledige kennis ten opsigte van onderwerpe nie, maar alle moontlike stappe is geneem om die program so volledig en sinvol as moontlik te ontwikkel en aan te bied. Daar is gepoog om te alle tye so objektief as moontlik op te tree en te interpreteer.

1.8.6 Samewerking met medewerkers

Hierdie punt is nie op hierdie navorsing van toepassing nie. 'n Nagraadse beurs is deur die NRF (*National Research Foundation*) aan die navorser toegeken en die nodige erkenning is verleen.

1.8.7 Vrstelling en publikasie van bevindinge

Die navorsingsverslag is so objektief en akkuraat as moontlik geskryf. Eerlikheid ten opsigte van die uitvoer van die navorsingsproses aan die hand van die fases asook ten opsigte van resultate soos deur die ondersoek verkry, is deurgans gehandhaaf. Daar is ook met alle respondente gekontrakteer dat die finale navorsingsresultate aan die einde van die proses by 'n geleentheid aan hulle voorgehou sal word. Op hierdie wyse wil die navorser ook haar dank aan die respondente betuig vir hulle samewerking en motivering.



Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

1.8.8 Herstel van respondente

Die respondente is aan geen negatiewe ervarings onderwerp nie. As gevolg van die natoetse en die opvolg-onderhoude met die egpare, was dit moontlik om persoonlik almal se ervarings aan te hoor. Nie een van die respondente het negatiewe ervarings gehad nie. 'n Groot persentasie van die respondente uit die vergelykende groep het aangedui dat hulle wel 'n volgende huweliksverrykingsgeleentheid sal wil bywoon om dieselfde ervarings as die eksperimentele groep te kan hê.

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat alles moontlik gedoen is om te verseker dat daar aan die etiese verwagtinge en beginsels ten opsigte van navorsing in die geesteswetenskappe voldoen word.

1.9 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

1.9.1 Huweliksverryking

Huweliksverryking word volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1996:27) gedefinieer as 'n program op individuele en groepsvlak, gerig op die verbetering van die rolvervulling in en kwaliteit van 'n huwelik. Denton (1986a:3) definieer huweliksverryking as 'n manier om egpare te help om hulle sterkpunte te ontdek en dit te benut en te bevorder alvorens dit nodig is om vir hulp te gaan vra. Diskin (1986:114) meld dat huweliksverryking ten doel het om verswakte huweliksverhoudings te versterk en te poog om voorkomend toe te tree voordat die probleme onhanteerbaar raak. Volgens Hof & Miller (1980) in Garland (1983:1) is huweliksverryking die instaatstelling van huweliksmaats:

"...to create a climate between them which will enable them to increase self- and other-awareness of the growth potential of the marriage; to explore and express their thoughts and feelings with honesty and empathy; and to develop and use the skills needed to relate together effectively, solve their problems and resolve their conflicts. In such a climate, it is believed that the individual and the couple are best able to maximize their potential for relationship satisfaction and personal and couple growth".

Die benutting van potensiaal word beklemtoon. Die mening word gehuldig dat huweliksverryking 'n werkwyse is waardeur egpare gehelp word om die goeie in hulle huwelike nog beter te maak. Die huweliksmaats word gelei om hulle individuele potensiaal en die potensiaal in hulle verhouding te ontdek of te herontdek, die potensiaal uit te bou en daardeur te groei. Huweliksverryking kan in groepe aangebied word, maar kan ook individueel aan 'n

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

egpaar gebied word na afloop van huweliksberaad waar daar dan op die uitbou en benutting van nuwe vaardighede gefokus word.

1.9.2 Kognitiewe herstrukturering

Emosies ontstaan vanuit oortuigings, evaluasies, interpretasies en reaksies op lewensituasies. Die kognitiewe herstruktureringsteorie van Ellis meen dat kliënte bedrewehede aanleer wat hulle in staat stel om irrasionele oortuigings wat aangeleer is, te identifiseer. Hulle leer om hierdie oneffektiewe denkwyses te vervang met effektiewe en rasonale denke. Die resultaat hiervan is dat emosionele reaksies op situasies daardeur verander. Die teorie staan ook as RET (*Rational Emotive Therapy*) bekend. (Vgl. Corey, 1996:320.) Elke mens het 'n eie manier om na homself en die wêreld te kyk en maak voortdurend veronderstellinge en formuleer dit dan op 'n eie manier. Huweliksmaats vorm ook 'n beeld van probleme wat in die verhouding ervaar word, wat verkeerd gegaan het en hoe die probleem hanteer en verander moet word. In kognitiewe herstrukturering word die individu en/of die egpaar gehelp om nuwe moontlikhede raak te sien en die persepsie ten opsigte van die probleem te verander. Die kliënt word gelei om self die verbande raak te sien. Kognitiewe herstrukturering word gebruik om die huweliksmaats te help om hulle beleving van hulleself, hulle maat en hulle verhouding te verander deur die ingryping van 'n terapeut. Die verband tussen huidige persepsies en vroeëre gebeure moet getrek word en die wyse waarop dit die huidige verhouding beïnvloed, moet uitgewys word (Vansteenwegen, 1992:53).

Kognitiewe herstrukturering bied kognitiewe, emosionele en gedragstegnieke om absolute verwagtinge en perfeksionistiese eise te ontdek, te klarifiseer en oor te gee. Daarna word dit na realistiese en rasonale voorkeure of behoeftes verander (Ellis, 1985: 431). Die mening word gehuldig dat kognitiewe herstrukturering daarop neerkom dat irrasionele gedagtes en gevoelens deur middel van 'n kognitiewe proses verander word na rasonale gedagtes en gevoelens. Verandering in gedrag is die uiteindelijke gevolg van die kognitiewe proses.

1.9.3 Die middeljare

Die gesin begin 'n nuwe fase van ontwikkeling en verandering wanneer die kinders die einde van hulle adolessente fase nader en hulle behoefte aan ouerlike toesig en versorging minder word. Hierdie fase in die gesin se lewe, wat begin wanneer die jongste kind hoërskoolouderdom bereik en duur totdat die jongste kind die huis verlaat om te trou of op sy eie te gaan woon, word die middeljare van die gesinsiklus genoem (Belkin & Goodman, 1980:350 en Blacker, 1999:287). Die middeljare word hier gedefinieer in terme van die normale verloop van die lewensiklus van die gesin. Conway & Conway (1987:26) definieer die middeljare in terme van die volgende: "*Mid-life is dated not so much by age as by life*

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

experiences. Blue collar workers tend to think of mid-life as thirty-five, whereas professional people tend to see it as forty to sixty-five”.

Die middeljare word gesien as die fase vanaf ongeveer veertig tot en met sestig jaar. Daar kan egter geen vaste ouderdomsgrens aan die middeljare gestel word nie. Die fase hang saam met die veranderinge wat plaasvind, soos byvoorbeeld die huisverlating van kinders, fisiese veranderinge, veranderinge in die beroep en nuwe rolle soos die rolle van grootouers en skoonouers. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar met egpare in hulle vroeë middeljare gewerk, wat beteken dat hulle adolessente in die huis het en nog nie heeltemal in die leë-nes fase verkeer nie.

1.9.4 Groeigeoriënteerde groepe

Hierdie groepe bied geleentheid vir groeplede om bewus te word van gevoelens, gedagtes en gedrag rakende die self en ander, met die oog op die uiteindelijke uitbreiding en verandering daarvan. Die groep word benut om die potensiaal van groeplede ten volle te ontwikkel en hulle die potensiaal te laat benut. Groeigroepe fokus op die sosio-emosionele gesondheid van groeplede eerder as op remediëring. (Vgl. Toseland & Rivas, 2000:26.) Volgens Jacobs, Harvill & Masson (1994:18) bestaan groeigroepe uit groeplede wat graag wil ervaar wat dit beteken om in 'n groep te wees en wat die motivering het om meer van hulleself te leer. Groeplede kry die geleentheid om persoonlike doelstellings te ontwikkel. Dit sluit veranderinge in lewenstyl, 'n groter bewustheid van gevoelens oor die self en ander, verbeterde interpersoonlike kommunikasie en 'n assessering van waardes in – alles in 'n atmosfeer waar daar eerlik gedeel en geluister word.

Die mening word gehuldig dat daar in groeigroepe doelbewus daaraan gewerk word om potensiaal te ontdek en daardeur groei aan te moedig. Huweliksmaats word gelei om individueel en gesamentlik te groei in die teenwoordigheid van en met die aanmoediging van ander egpare. Versterking en erkenning van potensiaal lei daartoe dat die groei uiteindelik tot verandering in gedrag lei. Verhoudings verbeter en die kwaliteit van die huwelik baat daarby.

1.10 BEPERKINGS EN LEEMTES IN DIE ONDERSOEK

- Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat resente bronne ten opsigte van huweliksverryking en groeigeoriënteerde groepe skaars is. Die literatuur fokus hoofsaaklik op die problematiek in die huweliksverhouding en hoe daar beraad of terapie aangebied kan word. Behandeling is op die voorgrond en nie voorkoming nie. Ouer bronne is deurentyd gebruik, maar die mening word sterk gehuldig dat hierdie spesifieke bronne uiters waardevol is en dat die inligting daarin vervat selfs in die

hede bruikbaar is. Bronne soos Clinebell (1977); Mace & Mace (1986); Ard & Ard (1976); Denton (1986); Dibbert & Wichern (1985); Dinkmeyer & Carlson (1986); Diskin (1986); Eshleman (1974); Garland (1983); Hosea (1981); Knox (1979); Konopka (1972) en Stahman & Hiebert (1977) is nie resente bronne nie, maar het uiters waardevolle teoretiese inhoude gehad wat in die navorsingsverslag ingewerk is.

- Die steekproef vir die empiriese navorsing was klein. Twee-en-twintig (22) egpare is as steekproef gebruik. Die studie het egter nie net van 'n kwantitatiewe benadering gebruik gemaak nie, maar ook van 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering. De Vos (1998d:46) haal Taylor (1993) aan deur te noem dat die kwalitatiewe navorser gewoonlik met klein steekproewe en spontane gebeure werk. Die resultate kan egter nie veralgemeen word nie. Sekere gevolgtrekkings en aanbevelings is gemaak, maar slegs op grond van die spesifieke steekproef van die navorsingstudie.
- Die aanname dat alle egpare wat van mening is dat hulle wel goed funksioneer en dus aan die vereistes (kriteria) vir die bywoning van 'n huweliksverrykingsprogram voldoen, wel goed funksioneer, kan nie sommer net gemaak word nie. Egpare het soms deur die jare geleer om by mekaar aan te pas, maar het nie noodwendig goeie huweliksbevrediging nie. Een van die egpare wat deel was van die eksperimentele groep het ernstige probleme gehad, maar dit deur die jare leer aanvaar. Hierdie leemte is in detail in hoofstuk 5 bespreek.
- Die empiriese ondersoek is alleen gedoen met wit, Afrikaanssprekende egpare. Die universum het slegs uit wit egpare bestaan. Die resultate van die navorsingstudie kan nie vir alle kulturele groepe veralgemeen word nie. Die moontlikheid bestaan dat ander waardes en norme ten opsigte van huweliksfunksionering in ander kulture geld, alhoewel die komponente van die huwelik, soos in hoofstuk 2 uiteengesit, redelik universeel ten opsigte van alle verhoudings is. Verdere ondersoek na die bruikbaarheid van die program vir egpare uit ander kultuurgroepe is noodsaaklik.


1.11 INHOUD VAN NAVORSINGSVERSLAG

- Hoofstuk 1: Algemene inleiding
- Hoofstuk 2: Die moderne huwelik
- Hoofstuk 3: Huweliksverryking
- Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk
- Hoofstuk 5: Empiriese ondersoek

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

- Hoofstuk 6: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

FIGUUR 1: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN HOOFSTUKINDELING



1.12 SAMEVATTING

- 1.12.1 Die behoefte aan huweliksverryking in die hedendaagse samelewing is bespreek. Egskeidingsyfers is hoog en veral ook in die fase van die vroeë middeljare wanneer ouers die verantwoordelikheid vir die versorging van adolessente ouers asook bejaarde ouers het.
- 1.12.2 Die probleem is geformuleer in terme van die hoë egskeidingsyfer en die feit dat huweliksverrykingsprogramme in Suid-Afrika nie so algemeen beskikbaar is nie. Programme vir huweliksverryking word dikwels deur godsdienstige instellings aangebied, maar is nie noodwendig wetenskaplik verantwoordbaar nie.
- 1.12.3 Die doel van die ondersoek is gestel as die ontwikkeling, toepassing en evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare, aangebied deur middel van 'n groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses.
- 1.12.4 Die hipotese is soos volg gestel: Indien egpare in die vroeë middeljare 'n huweliksverrykingsprogram, aangebied met behulp van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk, deurloop, sal die huweliksbevrediging verbeter.

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding tot die Onderzoek

- 1.12.5 Die gebruik van beide die kwalitatiewe- en die kwantitatiewe navorsingsbenadering (gemengde metodologie) vir die studie is bespreek.
- 1.12.6 Die soort navorsing wat vir die studie gebruik is, naamlik intervensienavorsing, is in detail bespreek. Kortliks kan intervensienavorsing beskryf word as die ontwikkeling, aanbieding en evaluering van 'n intervensieprogram.
- 1.12.7 Die wyse waarop aandag aan die etiese aspekte van die totale navorsingsproses gegee is, is volledig bespreek.
- 1.12.8 Die beperkings en leemtes van die ondersoek, naamlik die gebruik van minder resente bronne, die klein steekproef, die gebruik van 'n wit Afrikaanssprekende steekproef en die feit dat egpare wat vir huweliksverryking gaan, nie noodwendig goeie huweliksbevrediging het nie, maar slegs goeie huweliksaanpassing het, is bespreek.


2.2 DIE MODERNE HUWELIK

2.2.1 Die aard van die moderne huwelik

Die moderne huwelik verskil van die tradisionele huwelik. Die huwelik word verwoord gedefinieer as "...a society approved mating relationship" (Denckhoff, 1968: 2) en as "...a comprehensive system consisting of persons bound together by voluntary mutual commitment as spouses sanctioned by society, and who are continually interacting in order to achieve individual and mutual goals" (Hunt & Frydman, 1979 soos aangehaal deur Hunt, Hof & Ostler, 1998:11). Die instelling van die huwelik het reeds baie verander oor die laaste paar dekades. Die tradisionele huwelik het rolla gehad wat kultureel gedefinieer en voorgeskryf was en die huweliksmats het spesifieke take gehad wat deur elkeen gedoen moes word. Huweliksdele was eens nou gekoppel aan geslagsrolle (Young & Long, 1998:12). Die

HOOFSTUK 2

DIE MODERNE HUWELIK



2.1 INLEIDING

Die huwelik bly die belangrikste emosionele en wetlike verbintenis van die volwasse lewe. Die keuse van 'n huweliksmaat en die sluit van 'n huwelikskontrak is 'n mylpaal vir volwassenheid en 'n persoonlike prestasie. Die keuse van 'n huweliksmaat is een van die belangrikste besluite wat geneem word aangesien die individu se hele toekoms - uitdagings, opwinding, opvoeding van kinders, gesinsbeplanning, inkomste en verantwoordelikhede - daarby ingesluit word. Die egskedingsyfer is egter verrassend hoog wanneer bogenoemde in ag geneem word.

Die moderne huwelik verskil dramaties van die tradisionele huwelik. Snelle veranderinge op alle terreine van die samelewing noodsaak aanpassings in die huwelik. Individue plaas meer klem op eie groei en ontwikkeling met noodwendige gevolge op die huweliksverhouding. Ten einde 'n huweliksverrykingsprogram te kan ontwikkel, is dit noodsaaklik dat daar ondersoek ingestel sal word na die aard van die huweliksverhouding wat aangespreek gaan word. Vir die doel van hierdie ondersoek word die huwelik in die vroeë middeljare waar daar adolessente kinders in die huis is en waar beide ouers 'n beroep beoefen (dubbelloopbaanhuwelik), nader ondersoek. Aspekte van belang vir 'n suksesvolle huwelik word bespreek aangesien dit noodsaaklik is om aan egpare die nodige vaardighede rondom hierdie aspekte, soos byvoorbeeld kommunikasie, konflikthantering en afsonderlike en gesamentlike groei, te leer en te versterk.

2.2 DIE MODERNE HUWELIK

2.2.1 Die aard van die moderne huwelik

Die moderne huwelik verskil van die tradisionele huwelik. Die huwelik word vandag gedefinieer as "...a socially approved mating relationship" (Benokraitis, 1996: 2) en as "...a comprehensive system consisting of persons bound together by voluntary mutual commitment as spouses sanctioned by society, and who are continually interacting in order to achieve individual and mutual goals" (Hunt & Rydman, 1979 soos aangehaal deur Hunt, Hof & DeMaria, 1998:11). Die instelling van die huwelik het reeds baie verander oor die laaste paar dekades. Die tradisionele huwelik het rolle gehad wat kultureel gedefinieer en voorgeskryf was en die huweliksmaats het spesifieke take gehad wat deur elkeen gedoen moes word. Huweliksrolle was eens nou gekoppel aan geslagsrolle (Young & Long, 1998:12). Die

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

funksionering van die huwelik het rondom hierdie rolle gedraai. Thatcher (1999:11) maak die stelling dat die tradisionele huwelik deur patriargale houdings en gebruike gevorm is en dat geweld en mishandeling as gevolg daarvan vandag eers meer aan die lig gebring word. Vandag word daar egter meer klem op intimiteit, kameraadskap en samewerking geplaas – meer as op pligte en verantwoordelikhede. (Vgl. Halford, Kelly & Markman, 1997:4.) McCarthy (1997:275) meen dat die moderne huwelik '*companionate*' is en gebind word deur persoonlike en emosionele oorwegings en nie meer deur tradisionele invloede nie. Gelykheid en keuse ten opsigte van vriendskap, liefde en passie is kenmerke van die moderne huwelik. Thatcher (1999:220) beklemtoon dat huweliksmaats wat mekaar se vriende is 'n deurlopende genot en teerheid aan mekaar bied, ook in die moderne tyd.

Liefde word as die belangrikste faktor in die keuse van die huwelik voorgehou, maar daar heers verwarring oor die begrip liefde. Benokraitis (1996:117) maak melding van die twee soorte liefde soos deur Abraham Maslow (1968) voorgehou, naamlik gebrekliefde ('*deficiency-love*') en bestaanliefde ('*being-love*'). Die eerste liefde is 'n selfsugtige liefde waar alleenlik die behoeftes van een van die huweliksmaats aangespreek word. Die tweede soort liefde is onselfsugtig en gee graag. Die goeie kwaliteite van die ander persoon word gesien en waardeer ten spyte van die swakhede en beperkinge. Die aard van die verskillende soorte liefde is verwarrend en het dikwels tot gevolg dat individue vir die verkeerde rede in die huwelik tree omdat hulle nie die bestaan-liefde beoefen nie, maar die gebrek-liefde. Die verloop van die huwelik word deur hierdie verwarring beïnvloed.

Die huwelik is egter onderworpe aan verskeie stressors met gepaardgaande gevolge. Wêreldwye egskeidingstatistiek is 'n bewys dat die huwelik in 'n krisis verkeer. Volgens Storkey (1996:21) eindig die helfte van die huwelike in die VSA en in Rusland in egskeiding. (Vgl. ook Dinkmeyer & Carlson, 1986b:139; Scanzoni & Scanzoni, 1988:583; Tiesel & Olson, 1992:398; Durana, 1994:65; Markman, *et al.* 1994:1 en Bray & Jouriles, 1995:461.) In Europa het egskeidings oor die laaste drie jaar verdrievoudig. Selfs die Protestantse en die Katolieke Kerk meen dat nie alle huwelike deur God byeengebring is nie (Thatcher, 1999:34). Egskeidings bring pyn, hartseer en verlies vir ten minste een van die huweliksmaats mee. Het die huwelik as instelling dan misluk? Die kompleksiteit van die moderne huwelik veroorsaak dat huwelike misluk. Individualisme, moralisme, romantiese liefde en verskeie ander faktore lei tot verwarring en uiteindelijke egskeiding. (Vgl. Pines, 1996:4-6.) Garland (1983:3) meld dat die verskuiwing van die tradisionele huwelik na die huwelik van kameraderie persepsieveranderinge ten opsigte van effektiewe rolvervulling meegebring het.

Durana (1994:65) meld dat belangrike tegnologiese, kulturele, sosio-ekonomiese en religieuse veranderinge in die samelewing daartoe bygedra het dat die funksie van die huwelik vanaf die daarstelling van stabiliteit en die opvoeding van kinders, na kameraadskap, liefde en intense

intimiteit verskuif het. Die verandering was nie maklik nie en daarom dan ook die hoë egskedingsyfer wêreldwyd.

Die huwelik as instelling beleef 'n krisis as gevolg van veranderende waardes. Egskedings is aan die orde van die dag en die hantering van die huwelik moet hersien word om die hoë egskedingsstatistiek te verminder. Programme vir ontwikkeling en groei moet ontwikkel word en kan aangebied word in studiegroepe, werkgroepe, 'retraites' (naweek-wegbreek), kursusse vir die verbetering van verhoudings en groeigerigte krisisopvang van egpare wat deur 'n periode van spanning gaan.

2

2.2.2 Aspekte wat die huwelik ondermyn

- **Verlore tyd vir die huwelik** - televisie neem baie ure wat voorheen vir intieme verkeer in die huwelik bedoel was, in beslag.
- **Huwelik en ontspanning** – die mening word dikwels gehuldig dat die individu by die werk gee en by die huis ontvang. Dit is egter nie moontlik nie aangesien elke huweliksmat ewe veel moet gee.
- **Voorhuwelikse seksuele verhoudings** – in die hedendaagse lewe het 'n baie groot persentasie individue voorhuwelikse seksuele verhoudings met meer as een persoon. (Vgl. ook Scanzoni & Scanzoni, 1988:116.) Hierdie leefwyse raak 'n gewoonte en wanneer die persoon dan in die huwelik tree, is dit maklik om uit te beweeg en net oor te gaan na 'n volgende verhouding. Buite-egtelike verhoudings word ook makliker as gevolg van voorhuwelikse gedrag.
- **Die betekenis van liefde** – die betekenis van liefde in die huwelik word afgebreek. Die siening dat liefde slegs beteken om verenigbaar te wees, dat liefde iets is wat individue hoop om te bereik, om 'n lewenstyl daarvan saam te stel of vir die gebruik van seksuele mag, is post-romanties. (Vgl. ook Fogarty, 1985: 28 en Pines, 1996:4-6.)
- **Individualisme** – Die 'ek' word al meer beklemtoon ten koste van die 'ons' in die huwelik. (Vgl. ook Bornstein & Bornstein, 1986:8 en Scanzoni & Scanzoni, 1988:581-582.) Die selfaktualisering van die individu is aan die orde van die dag en wanneer daar beleef word dat daar nie die nodige ruimte daarvoor gelaat word nie, word die opsie van die uitbeweeg uit die huwelik oorweeg. Persoonlike bevrediging is 'n sentrale faktor, maar die invloed daarvan is dat die huwelik nie soveel sekuriteit as voorheen bied nie (McCarthy, 1997:275).
- **'n Kontrak vir die hede** – die fokus ten opsigte van getrouheid verskuif. Die moderne individu wil nie vir ewig gebind wees nie. Ander opsies soos saamwoon,

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

oop huwelike, groephuwelike en die sorgvrye seksuele lewe van die enkellopende word ondersoek en as beter moontlikhede as die monogame huwelik oorweeg (Bornstein & Bornstein, 1986:6).

- **Hulpbronne vir die huwelik** – armoede en werkloosheid neem toe met noodwendige gevolge vir die huwelik. Mense woon al meer saam en geweld, alkoholgebruik en misdaad neem toe. Baie mense het nie die hulpbronne of die ervaring om 'n effektiewe huwelik te bou nie.

- **Oorwerk in betaalde arbeid** – mense werk 45+ ure per week as gevolg van die hoë premie wat op produktiwiteit geplaas word. Daar is dus meer geld, maar minder tyd vir die huwelik.

- **Veranderde moraliteit** – Die mens se moraliteit is nie meer so sterk nie en waardes verander gedurig. Toewyding word aan persoonlike, morele en strukturele aspekte gemeet en indien die morele aspek nie sterk is nie, gaan die verhouding daaronder ly (Johnson, Caughlin & Huston, 1999:160-161).

- **Seks as industrie** – die media plaas baie klem op die seksuele en pornografie is vrylik beskikbaar. Die gevolg daarvan is dat vrouens dikwels voel dat hulle gebruik word en dat seks onmenslik word.

- **Geïsoleerde sosiale eenhede** – daar is nie meer soveel steunstelsels soos in die verlede nie. Baie egpare moet alleen aangaan sonder die nodige ondersteuning.

- **Manipulasie en vyandigheid tussen geslagte** – die vrou vra meer gelyke behandeling, meer mans verloor hulle werk as gevolg van die ekonomie en geweld in verhoudings neem toe. Ambivalensie ten opsigte van veral die veranderde rol van die vrou is aan die orde van die dag (Benokraitis, 1996:103).

- **Die ideale tuiste** – baie klem word op materiële besittings geplaas en dit het uiteindelik finansiële implikasies wat weer tot spanning kan lei.

- **Die tweede golwing** – huwelike word gesluit met die egskeding van ouers as voorbeeld. Baie egpare weet nie hoe om 'n goeie huwelik te bou nie. Feng, Giarrusso, Bengston & Frye (1999:461) beklemtoon ook dat egskeding van ouers 'n invloed het op die keuse van die volwasse kind ten opsigte van 'n eie egskeding. 'n Longitudinale studie van kinders van geskeide ouers, wat oor 'n tydperk van 25 jaar gedoen is, het getoon dat die skade van egskeding tot in volwassenheid duur. Kinders van geskeide ouers benader verhoudings, die huwelik, seks, die verwekking van kinders en selfs 'n beroep na aanleiding van die egskedingsgebeure uit die vroeë kinderjare. (Vgl. Vincent, 2001:2.)

- **Die gefragmenteerde ego** – individue probeer hulleself vind op wyses wat probleme

2

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

in die huwelik veroorsaak. (Vgl. Storkey, 1996:25-33.)

Egskeiding as gevolg van 'n onvermoë om aan die huweliksmaat voldoende 'ruimte vir groei' te bied, is een van die redes wat vir egskeiding aangevoer word en hang saam met die groter klem op die eie ontwikkeling (Laurence, 1982:27). Die beweging na meer demokratiese verhoudings waar die huweliksmaats gelyk is, word deur Dinkmeyer & Carlson (1986b:139) as 'n rede vir die verbroekeling van huwelike en die hoë egskeidingsyfer aangegee. Bumpass, Martin & Sweet (1991:39) het in hulle navorsing bevind dat huweliksonmin en -verbroekeling hoër is in huwelike waar die vrou opvoedkundig beter gekwalifiseer is as die man. Bollman, *et al.* (1997:104) meen dat huweliksbevrediging laer is wanneer die man een soort rol van sy vrou verwag terwyl sy die teenoorgestelde rol vervul. Wanneer daar 'n balans is tussen die verwagte rolle en die ware rolle, is die bevrediging beter. Die veranderende rol van die vrou in die moderne tyd het 'n besliste invloed op die huweliksverhouding.

Egskeiding word nie meer as 'n sosiale taboe gesien nie en word selfs deur die kerk aanvaar (Bornstein & Bornstein, 1986:7 en Scanzoni & Scanzoni, 1988:584). Die invloed hiervan op die huwelik is dat huweliksmaats nie noodwendig alles in die stryd sal werp om die huwelik te red as die moontlikheid van 'n egskeiding 'n maklike alternatief is nie. Individue verander met verloop van tyd en dit mag gebeur dat die veranderde huweliksmaat nie meer voldoen aan die verwagtinge soos aan die begin van die huwelik nie en dat die veranderde huweliksmaat selfs 'n bedreiging mag inhou (Bornstein & Bornstein, 1986:8-9). Wanneer daar nie meer gedeelde belangstellings en ideale is nie, word egskeiding oorweeg.

Die hedendaagse huwelik word soos volg deur Sonne (1985:7) beskryf: Die individu wat in die huwelik tree, verwag persoonlike groei en 'n bevestiging van die self, vryheid van dwang en eksploitering, en geluk in terme van plesier en seksuele bevrediging. Hulle verwag gelykheid, wederkerigheid en intimiteit en wil nie besit of besit word nie. Hulle wil 'n paar wees, maar verwag om hulle eie identiteit te behou. 'n Narcistiese, teruggetrokke, obsessief-kompulsiewe, depressiewe, afhanklike, histeriese, tirannieke of liefdelose maat is nie aanvaarbaar nie. Hierdie nuwe idees het gelei tot 'n toename in egskeidings en 'n skeptisisme ten opsigte van die huwelik as instelling.

2.3 DIE KOMPONENTE VAN DIE HUWELIK

2.3.1 Die komponente van die huweliksverhouding

Die huwelik is nie staties nie en ook nie eenvoudig nie. Verskeie faktore speel 'n rol in die sukses of mislukking van die huwelik. Die somtotaal van hierdie faktore bepaal die huweliksverhouding. Die identifisering van die komponente van die huwelik soos deur Alpaslan (1994:19) uiteengesit, word in hierdie navorsing gebruik, naamlik:

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

- Gesin van herkoms.
- Selfbeeld.
- Seksualiteit.
- Huwelikskeuse.
- Huweliksmotief.
- Kommunikasie.
- Konflikhantering.
- Potensiële groeiruumte.
- Rolverdeling.
- Beroepsbeoefening.
- Ouerskap.
- Finansies.
- Godsdienst.
- Skoonouers.

Indien daar met die huwelik gewerk en daaroor navorsing gedoen word, is dit noodsaaklik dat daar aan die interaksie van hierdie komponente vir elke individuele egpaar aandag gegee sal word. Vir die doeleindes van hierdie studie gaan elke komponent egter nie bespreek word nie, maar slegs dié wat vir die doel van die huweliksverrykingsprogram gebruik gaan word. Die invloed van die gesin van herkoms op die huidige persepsies van huweliksmaats, potensiële groeiruumte, kommunikasie en konflikhantering word vir die doel van hierdie studie en verrykingsprogram belangrik geag en word vervolgens bespreek:

2.3.2 Die gesin van herkoms

Gesinstrukture ontwikkel uit die huwelik en afhangende van die siening van die huwelik, word gesinsverhoudinge gevorm. Huweliksmaats se ouers is ook die produk van hulle ouers en die wyse waarop hulle in interaksie met die wêreld om hulle is, is die resultaat van hulle opvoeding. Geslagsrolle word deur middel van sosialisering in die gesin van herkoms toegedig (Benokraitis, 1996:91). Fogarty (1985:26) beklemtoon dat die wyse waarop die kind die vader sien en die wyse waarop die kind se moeder haar eggenoot sien, die wyse waarop die volwasse kind die huweliksmaat sien, beïnvloed. Laurence (1982:21) beklemtoon dat die meeste van 'n individu se huidige gedrag 'n funksie van ervarings in sisteme uit die verlede is en veral dan uit die gesin van herkoms. Dandenau & Johnson (1994:18) en Storkey (1996:64) beveel aan dat alle individue behoort te weet wie en hoe hulle familie was in 'n poging om

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

hulle eie ouers beter te verstaan, meer lief te hê en selfs, deur die dinge wat met hulle gebeur het, aan dieselfde dinge te ontsnap. Die huwelik van die ouers is die voorbeeld wat aan die kind gestel word en waarop hy sy huwelik moet bou. (Vgl. Young & Long, 1998:39 en 103.) Indien die huwelik van die ouers nie goed was nie, kan dit gebeur dat die kind verhoudings vrees en geen selfvertroue het om in die huwelik te tree nie. Bornstein & Bornstein (1986:9) meen oneffektiewe huweliksmodelle het tot gevolg dat die nodige hanteringsmeganismes vir die eise van die huwelik nooit aangeleer is nie. Laurence (1982:23) meen dat geen mens aan die gesin van herkoms kan ontsnap nie en dat pogings om dit wel te doen, dikwels tot probleme aanleiding kan gee.

Verwagtinge en waardes word vanuit die gesin van herkoms oorgedra en kan nie dieselfde bly vir die eie unieke huweliksverhouding nie. Young & Long (1998:7) beklemtoon die noodsaaklikheid van onderhandeling tussen huweliksmaats om hulle eie stel verwagtinge en waardes daar te stel. Indien die binding met die gesin van herkoms sterker is as die binding met die huweliksmaat, gaan daar ook probleme ontstaan.

Die gesin van herkoms dra eienskappe soos interpersoonlike bevoegdhede, die gedragstyl in die huwelik en aggressie in die huwelik aan die kinders oor en hierdie faktore het volgens Feng, *et al.* (1999:453) 'n invloed op die kwaliteit van die huwelik. Die wyse waarop 'n individu in 'n spesifieke geloofsraamwerk opgevoed word, het 'n besliste invloed op waardes en norme en uiteindelik ook op die wyse waarop die huwelik benader word (Heaton & Pratt, 1990:204). Wanneer die kinders ervaar dat hulle ouers se huwelikskwaliteit goed is, sal hulle hulle eie huweliksverhouding ook so evalueer. Die kinders gebruik hulle ouers as rolmodelle en is geneig om die ouers se interpersoonlike- en huwelikstyle na te boots.

Rolverwagtinge het ook 'n invloed op kommunikasie – stereotipes as 'n resultaat van die opvoeding in die gesin van herkoms en die invloed daarvan op die huweliksverhouding, kan nie ontken word nie (O'Donohue & Crouch, 1996:88). Die ervaring van liefde in die ouerhuis en die afhanklikheid van die ouers asook die negatiewe ervaringe in die gesin van herkoms word opgediep in die intieme verhouding van 'n huwelik (Mojas, 1996:85). Indien daar probleme in die ouerhuis ervaar is, word die invloed daarvan dikwels gesien in onvoldoende intimiteit en vertroue in die huweliksverhouding. Crosby (1991:162) beklemtoon dat enige onafgehandelde aspekte (onvoltooidhede) uit die gesin van herkoms op die huweliksverhouding oorgedra kan word en uiteindelik 'n nadelige invloed daarop kan hê.

Wanneer 'n egpaar verstaan dat hulle verwagtinge en waardes vanuit hulle gesinne van herkoms na hulle eie huweliksverhouding oorgedra het, kan hulle insien dat hierdie situasie die verhouding beïnvloed. Daar kan dan deur middel van toetrede met behulp van huweliksverryking gewerk word aan die herstrukturering daarvan tot voordeel en verryking van

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

die huidige verhouding.

2.3.3 Kommunikasie

Kommunikasieprosesse is baie belangrik in huweliksbevrediging (Laurence, 1982:26 en Benokraitis, 1996:272). Sonder kommunikasie, hetsy verbaal of nie-verbaal, is 'n verhouding en die groei daarvan nie moontlik nie (Alpaslan, 1994:71). Die kwaliteit van 'n huwelik hou duidelik met die kommunikasievaardighede van huweliksmaats verband, insluitende selfopenbaring, ooreenstemming ten opsigte van die betekenis daarvan, akkurate rolvertolking, begrip, empatie en die frekwensie van suksesvolle kommunikasie. Goeie kommunikasie is noodsaaklik vir probleemoplossing, die deel van inligting en ondersteuning in die huweliksverhouding (Young & Long, 1998:137). Die goed aangepaste egpaar bespreek alle aspekte, verhoed minder dikwels die vloei van kommunikasie, bespreek meer persoonlike aspekte, gebruik meer woorde met 'n persoonlike en private betekenis, kan makliker die tipe dag wat die huweliksmaat gehad het, voorspel en kommunikeer meer met die nie-verbale. (Vgl. Schaap, Buunk & Kerkstra, 1988:210.) Suksesvolle kommunikasie gaan met die volgende gepaard:

- Die stuur van helder, ondubbelsinnige boodskappe. (Vgl. ook Van Staden, 1983:101.)
- Aktiewe luister, insluitende parafrasering en erkenning dat die boodskap gehoor is.
- Uitdrukking van respek en omgee.
- Akkurate interpretasie van wat die huweliksmaat bedoel. (Vgl. Schaap, *et al.*, 1988:210.)

Kommunikasie is 'n stel bedreweenhede wat deur 'n egpaar aangeleer kan word. Hierdie bedreweenhede kan in werkwinkels en in groepe aangebied word en word daarom in verhoudingsverryking gebruik. (Vgl. Young & Long, 1998:141.) Alpaslan (1994:82) meen dat kommunikasie een van die kragtigste mediums is waardeur die verhouding ontplooi, ontwikkel en verryk kan word. Kommunikasievaardighede kan aangeleer word en in die verhouding gebruik word, veral wanneer huweliksmaats kennis van hulle eie kommunikasiepatrone en die invloed daarvan op die huweliksmaat dra. Young & Long (1998:11) meen dat die openlike en eerlike kommunikasie van gevoelens probleemoplossing, intimiteit en begrip fasiliteer met uiteindelijke positiewe gevolge vir die huweliksverhouding. Hill (1991:86) het bevind dat egpare wat kommunikasievaardighede aangeleer het en dit in hulle verhoudings implementeer het, beter selfbeelde openbaar het. Goeie kommunikasie beïnvloed nie alleen die verhouding tussen huweliksmaats nie, maar ook die verhouding met die self.

2.3.3.1 Empatie in die huwelik

Empatie tussen huweliksmaats word deur Boettcher (1977) in Wastell (1991:27) gedefinieer as: "...a process between marital partners wherein one imaginatively transposes himself/herself into the feeling, thinking and action of the other and communicates this identification to his/her spouse". Een van die belangrikste elemente van empatie is die kommunikasie van empatiese identifikasie. Huweliksbevrediging by vroue verhoog wanneer die huweliksmaat se uitdrukking van empatie verbeter. (Vgl. McCarthy, 1997:281 en McGoldrick, 1999:115.) Stack & Eshleman (1998:529) meen dat emosionele ondersteuning tussen huweliksmaats bydra tot 'n gevoel van waarde en dat depressie en ander geestesiektes daardeur verminder word. Wynne & Wynne (1986:384) definieer intimiteit in die huwelik soos volg: "*Intimacy is a subjective relational experience in which the core components are trusting self-disclosure to which the response is communicated empathy*". Die egpaar wat hulle verwagtinge van die huwelik kan uitdruk, is meer geneig tot selfopenbaring en het uiteindelik ook meer empatie met mekaar. Intimiteit bevorder psigiese en fisiologiese welstand (Dandenu & Johnson, 1994:17). Hoe meer huweliksmaats mekaar se siening van die realiteit deel, hoe meer aspekte wat meer is as net die alledaagse, kan aan mekaar gekommunikeer word.

Vroue verwag meer uitdrukking van besorgdhede en bekommernisse as wat mans verwag en wat mans ook bereid is om te gee. Wanneer huweliksmaats ooreenstemmende verwagtinge het ten opsigte van die deel van hulleself, sal hulle meer van hulleself openbaar en sal die huweliksbevrediging verbeter, aldus Wastell (1991: 29). Wanneer die eggenoot sy waardering teenoor sy vrou uitspreek, verhoog haar huweliksgeluk.

2.3.3.2 Selfontsluiting/selfopenbaring

Selfontsluiting is die blootstelling van gedagtes en gevoelens aan 'n ander persoon (Hunt, Hof & DeMaria, 1998: 46) en is van sentrale belang vir die filosofie en proses van huweliksverryking aangesien sinvolle kommunikasie in die huwelik selfontsluiting vereis. Selfontsluiting is nie alleen noodsaaklik vir die welstand van verhoudings nie, maar is ook noodsaaklik vir geestesgesondheid (Dandenu & Johnson, 1994:17 en Young & Long, 1998:143). Selfopenbaring is volgens Dandenu & Johnson (1994:18) die verbale uitdrukking van gedagtes, oortuigings, houdings en aannames. Selfontsluiting is die effektiwste wanneer dit toepaslik, eerlik, direk, eksplisiet en kongruent is. Kongruente selfopenbaring is volgens Crosby (1991:156) wanneer dit wat gevoel word in lyn is met dit wat gedink word en wat gedink word in lyn is met wat gesê word. Wanneer daar 'n balans tussen gedagtes en gevoelens is, het die selfontsluiting meer betekenis. Volgens Scanzoni & Scanzoni (1988:17) en Greeff & Le Roux (1998:163-164) word seuns vanaf geboorte geleer om afkeurenswaardig

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

na die uitdrukking van emosies te kyk en word emosies as tipies vroulik evalueer. Manlike onekspressiwiteit word tradisioneel as geslagstoepaslike gedrag getipeer. (Vgl. ook Guthrie & Snyder, 1988:124.) Vrouens word van kleins af geleer om aan emosies uitdrukking te gee en word toegelaat om selfs deur middel van trane te wys hoe hulle voel. (Vgl. Benokraitis, 1996:277.) Hedendaags word onekspressiwiteit egter as ongewens en as 'n probleem beskou en word daar van 'n man verwag om sy gevoelens ten opsigte van sy huwelik, kinders, ander mans en sosiale situasies in die algemeen te ontsluit.

Greiff & Le Roux (1998:164) maak daarvan melding dat die kommunikasie van vrese, gevoelens van depressie, selftwyfel, woede en ook die openhartige deel van positiewe gevoelens oor die self en ander 'n groot invloed op huwelikstevredenheid het. Schaap, *et al.* (1988:210) beklemtoon ook dat selfopenbaring 'n sentrale deel van kommunikasie in die huwelik uitmaak en dat positiewe huweliksbevrediging daaraan gekoppel word. 'n Hoë openbaring van negatiewe gevoelens het egter 'n nadelige invloed op huweliksbevrediging (Schaefer & Olson, 1981:49; Wynne & Wynne, 1986:384 en Young & Long, 1998:143). Die ideaal ten opsigte van selfopenbaring is dat elke huweliksmaat gevoelens openlik en eerlik moet weergee. Benokraitis (1996:277) beklemtoon dat selfontsluiting alleen suksesvol is wanneer dit deur beide huweliksmaats gedoen word. Crosby (1991:161) meen dat intimiteit alleen kan verhoog wanneer huweliksmaats die waagmoed tot selfopenbaring aan die dag kan lê en nie hulle eie emosionele sekuriteit, gekoppel aan die nie-openbaring van emosies, belangriker ag nie. Huweliksmaats se vertrouwe in mekaar verbeter, daar is geen raaiery ten opsigte van die maat se gedagtes en gevoelens nie en verseker 'n balans tussen verliese en winste.

2.3.4 Konflikhantering

'n Suksesvolle huwelik word nie deur die afwesigheid van konflik gekenmerk nie, maar eerder deur die vermoë om deur geskilpunte te werk. Dit is vir 'n egpaar maklik om op 'n rasionele wyse te redeneer dat konflik goed is vir die huwelik en dat daar groei kan plaasvind, maar nie alle egpare vind dit emosioneel so maklik om konflik so gou as moontlik te hanteer nie. Die vermyding van konflik is dikwels, volgens Crosby (1991:10), makliker en minder seer en dit lei daartoe dat sake nie hanteer word nie. (Vgl. ook Benokraitis, 1996:276.) Gottman (1994:36) noem dat die aanwesigheid van konflik in 'n verhouding nie problematies is nie, maar wel die teenwoordigheid van verdediging, vyandigheid en onttrekking. Intieme verhoudings vra egter dat moeilike aspekte in die gesig gestaar sal word en uitgespraak sal word.

Konflik is nie verkeerd nie en bied die ideale geleentheid vir groei en ontwikkeling, mits dit korrek hanteer word (Benokraitis, 1996:274). Volgens Scanzoni & Scanzoni (1988:387) is sosiale konflik die volgende: "...a struggle over limited resources and/or incompatible goals so

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

that it appears that the more one party gets, the less the other party can have". Gottman (1994:35) definieer konflik as "...the existence of any overt or covert psychological antagonism, and no relationship is free of conflict". Konflik word dikwels met onvoldoende kommunikasie geassosieer of met die mislukking van kommunikasie. Wanpersepsies en verkeerde interpretasies kan konflik ernstig beïnvloed. Konflik, frustrasie, aggressie en spanning moet op 'n sekere manier tot uitdrukking kom. Volgens Alpaslan (1994:84) kan die negatiewe uitdrukking daarvan 'n destruktiewe uitwerking op verhoudings hê. Omdat konflik 'n wesenlike deel van die huwelik is, is positiewe hantering daarvan 'n geleentheid om verdieping, beter begrip en interaksie in die huwelik te bewerkstellig (Van Staden, 1983:110). Konstruktiewe konflikhantering moet dus deur huweliksmaats aangeleer word om die aard daarvan positief te verander. Durana (1994:66) beklemtoon die waarde van effektiewe konflikhantering, tesame met goeie kommunikasie en kennis van die self, vir 'n suksesvolle huwelik.

Egpare het volgens Scanzoni & Scanzoni (1988:402) die meeste konflik oor ekonomiese aangeleenthede. Selfwaarde in 'n moderne industriële samelewing is ten nouste aan sukses en prestasie gekoppel en huweliksmaats meet hulleself aan die verwagtinge van die samelewing. Finansies en die wyse waarop dit spandeer word, kan tot konflik lei wanneer die persepsie bestaan dat daar nie aan die verwagtinge voldoen word nie.

Kinders vra beleggings en toewyding deur ouers en maak 'n groot deel van die lewe van 'n egpaar uit, maar ook 'n groot deel van die moontlike konflikareas. Konflik ten opsigte van kinders handel nie alleen oor die keuse of 'n egpaar kinders wil hê of nie, maar veral ook oor die wyse waarop hulle opgevoed en gedissiplineer moet word. Elke lewensfase bring nuwe eise ten opsigte van die opvoeding van kinders voort, soos byvoorbeeld die keuse van hoeveel vryheid daar aan die adolessente kind toegelaat kan word. Familie, vriende, ontspanning, persoonlike voorkeure, rolverdeling, godsdiens en die seksuele verhouding is verdere potensiële areas van konflik. Volgens Alpaslan (1994:84-85) kan konflik veroorsaak word deur die nabyheid van huweliksmaats en die groter kans op frustrasie en irritasie, verskille in agtergrond en persoonlikheid, mag, onvolledige kommunikasie, pogings om mekaar te verander en deur sekere gedragspatrone en gewoontes. Benokraitis (1996:275) meen dat konflik in die huwelik deur geslagsrolle, lojaliteit, geld, mag, privaatheid en kinders veroorsaak word.

Volgens Gillis (1998:3) is dit nie konflik wat 'n huwelik laat slaag of misluk nie, maar die wyse waarop die konflik hanteer word. Wanneer konflik konstruktief hanteer word, word spanning verlig. Huweliksprobleme word deur middel van konflik geïdentifiseer en die egpaar kan dan daaraan werk. Konflik bevorder begrip vir mekaar en uiteindelik ook intimiteit. (Vgl. Van Staden, 1983:113.) Huweliksmaats weet egter nie noodwendig hoe om konflik korrek te

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

hanteer nie en daarom is die aanleer van konflikhanteringswyses noodsaaklik vir 'n suksesvolle en verrykte huwelik. Ware omgee vir mekaar en bedrewe kommunikasieprosesse is volgens Hunt, *et al.* (1998:22) voorvereistes vir die hantering en oplossing van konflik. Young & Long (1998:192) beklemtoon die aanleer van probleemoplossende vaardighede en gesprekke wat op oplossings fokus as deel van effektiewe konflikhantering.

2.3.5 Seksualiteit

Seksualiteit verwys na 'n holistiese konsep gebaseer op beide persoonlike en seksuele eienskappe wat biologiese, psigologiese en sosiale kenmerke insluit. (Vgl. Young & Long, 1998:167.) Alpaslan (1994:41) omskryf seksualiteit enersyds as die geslagtelike geneigdheid wat deur oorerwing, kondisionering, en omgewingsinvloede vasgelê is en andersyds as die wyse waarop seksuele bevrediging verkry kan word met die gevolglike fisiese, psigiese en sosiale beleving daarvan. Seksuele intimiteit kan beskryf word as 'n wyse van uitdrukking vir seksualiteit. Liefde, intimiteit en seksualiteit is onderling verwante aspekte van 'n nabye verhouding en beïnvloed mekaar positief en negatief. Wanneer liefde en intimiteit hoog is, is die seksuele gewoonlik bevredigend. Aan die ander kant kan seks meganies en suiwer fisies wees as die vlak van intimiteit laag is. Verhoudingsprobleme ten opsigte van seksualiteit het dikwels gebrekkige intimiteit as oorsaak en nie noodwendig fisiese probleme nie.

Die mens leer van seksualiteit by ouers, portuurgroep, deur middel van religieuse invloede asook deur die populêre kultuur, soos byvoorbeeld films, televisie en musiek. Laasgenoemde hou nie noodwendig tred met die realiteit nie en skep verwarring ten opsigte van individuele verwagtinge ten opsigte van die seksuele. Invloede van buite het dikwels verwarring tot gevolg. Die persepsie dat dit in die huwelik alleen om seks gaan en dat die aard van die seksuele verhouding die aard van die totale huweliksverhouding bepaal, dra tot die verwarring by huweliksmaats by. Huweliksmaats kan steeds in die moderne tyd 'n wanpersepsie van seks hê asook moontlike inhibisies en probleme wat vanuit verkeerde inligting of uit negatiewe ervarings uit die verlede kom. Hierdie probleme behoort hanteer te word wanneer die egpaar daarvan bewus is aangesien die seksuele verhouding 'n belangrike komponent in die totale huweliksfunksionering is.

Seksualiteit is egter een van die komponente van die huweliksverhouding en dra soveel gewig soos onder andere kommunikasie en konflikhantering. Spence (1997:73) beklemtoon egter dat daar 'n sterk verband tussen huweliksbevrediging en seksuele bevrediging bestaan. Daar moet egter geïntegreerd daarna gekyk word en nie as losstaande aspekte van die totale huweliksverhouding nie. Seksuele funksionering en huweliksbevrediging word deur dieselfde faktore bepaal. Beide word sterk deur die kommunikasievaardighede van die huweliksmaats en die intimiteit tussen hulle beïnvloed. (Vgl. ook Alpaslan, 1994:56.) Gevoelens ten opsigte



Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

van en houding teenoor die huweliksmaat speel ook 'n belangrike rol.

Fisiese probleme kan tot seksuele probleme aanleiding gee en behoort ondersoek te word wanneer 'n egpaar om hulp vir seksuele probleme aanklop (Spence, 1997:78-79). Psigososiale aspekte kan egter ook 'n invloed op die seksuele funksionering van die egpaar hê. Vaardighede ten opsigte van kommunikasie en intimiteit; gesinsomstandighede en -gebeure; psigologiese welstand; houdings, menings en gedagtes; emosionele reaksies; seksuele kennis en -vaardighede; seksuele voorkeure en die gebruik van erotiese materiaal en fantasie beïnvloed die aard van die seksuele verhouding binne die huwelik.

Seksuele aktiwiteit neem af soos die huweliksmaats ouer en die huwelikduur langer word. Soos die huwelik groei, word die bekommernis oor die huishouding en die opvoeding meer dringend as seksuele verkeer (Benokraitis, 1996:178). Tog beteken dit nie dat die seksuele bevrediging afneem soos die huweliksmaats ouer word nie. Egpare wat langer getroud is, meld dikwels dat hulle baie tevrede is met hulle seksuele bevrediging en dat die kwaliteit daarvan verbeter het. (Vgl. ook Blacker, 1999:293.) Die kwaliteit van 'n huweliksverhouding is dikwels ook belangriker as die seksuele verkeer. Hierdie kwaliteit word nie net deur seksuele aktiwiteit teweeggebring nie. Kommunikasie, effektiewe konflikthantering, ontspanne tyd saam en gesamentlike en individuele groei dra meer by tot 'n bevredigende verhouding as wat die seksuele verkeer daartoe bydra. Vernuwings en verryking in die huweliksverhouding sal ook in die seksuele verhouding gestalte vind.

2.3.6 Potensiële groeiruumte

Wanneer twee individue in die huwelik tree, verloor hulle nie hulle eie unieke samestelling en wese nie. Hulle bly steeds twee aparte identiteite. Die huweliksverhouding is uniek, maar die twee individue waaruit die huweliksverhouding bestaan, het die reg tot individuele groei en ontwikkeling, vryheid, selfbeslissing en selfverwesening. (Vgl. Alpaslan, 1994:89.) Die verhouding bied ook die geleentheid vir huweliksmaats om saam te groei en te ontwikkel. Die sukses van die huweliksverhouding hang sterk af van die vermoë van die twee individue in die verhouding om mekaar toe te laat om afsonderlik te groei, maar ook geleenthede te skep om gesamentlik te groei. Young & Long (1998:5) beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan dat die twee individue in die huweliksverhouding 'n eie identiteit en individualiteit behou maar tog bereid is om, ter wille van die verhouding, soms die eie identiteit opsy te skuif. Een van die aspekte wat huweliksmaats bind, is juis die respek wat hulle vir mekaar se unieke identiteit het.

Die aard van die huweliksverhouding gaan die mate van groei, hetsy afsonderlik of gesamentlik, bepaal. Huweliksmaats moet oor hierdie aspek kommunikeer en hulle verwagtinge aan mekaar uitspel. Aspekte van belang is onder andere afsonderlike en

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

gesamentlike vriende en afsonderlike en gesamentlike belangstellings en stokperdjies. Reissman, Aron & Bergen (1993:244) beklemtoon dat hoe meer tyd huweliksmaats saam spandeer, hoe hoër die huweliksbevrediging. Gesamentlike belangstellings en groei het dus 'n positiewe invloed op die houding teenoor die verhouding met die huweliksmaat. Daar is geen voorskrif ten opsigte van die aard van afsonderlike en gesamentlike groei nie, maar dit is belangrik dat daar 'n balans sal wees tussen hierdie twee aspekte.

In huweliksverryking moet daar aandag gegee word aan beide die individue en die egpaar se behoeftes aan groei en ontwikkeling (Rankin-Esquer, Burnett, Baucom & Epstein, 1997:187 en Hunt, *et al.*, 1998:21). Aanvaarding, waardering, aktualisering en uitdrukking van die self is kritiese aspekte vir groei en ontwikkeling in die huwelik en moet in verryking aangespreek word. Hunt, *et al.* (1998:21) haal Luthman & Kirschenbaum (1974) soos volg aan: “...*ideal base for a marital relationship is that each partner have a strong sense of himself as a separate, whole person, whose survival is attached to himself and his own growth.*” Huweliksmaats moet individueel saam groei wat persoonlike groei, individualiteit, selfidentiteit en selfliefde as die basis van verhoudingsverryking impliseer. Rankin-Esquer, *et al.* (1997:185) het in hulle navorsing tot die gevolgtrekking gekom dat huweliksmaats wat aan mekaar outonomieit asook verbintenis gebied het, hoër vlakke van huweliksbevrediging getoon het. Hoe hoër die huweliksbevrediging, hoe meer tyd wil huweliksmaats saam met mekaar spandeer. (Vgl. Reissman, *et al.*, 1993:246.) Die tyd wat saam aan 'n aktiwiteit spandeer word, moet egter nie tot verveling lei nie – die individuele huweliksmaats moet daarby baat en ook in die proses groei.

Benokraitis (1996:111) beklemtoon dat selfliefde noodsaaklik is vir die groeiende individu. Selfliefde is noodsaaklik vir 'n goeie selfbeeld. Mense wat hulleself liefhet, is meer oop vir kritiek en minder veeleisend. Selfliefde is noodsaaklik om ander te kan liefhê. Die individu wat homself nie liefhet nie, kan nie die liefde van 'n ander individu beantwoord nie, omdat daar voortdurend gesoek word na verhoudings waarin die eie selfbeeld gebou kan word. Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat die groei van die individu direk tot die groei van die huweliksverhouding bydra.

2.4 HUWELIKSBEVREDIGING

Huweliksbevrediging word gedefinieer as 'n houding van meerdere of mindere goedgesindheid teenoor die eie huweliksverhouding (Roach, Frazier & Bowden, 1981:537). Bevrediging is 'n houding wat, soos enige ander persepsie, met verloop van tyd onderworpe is aan verandering, veral in verhouding tot belangrike lewensgebeurtenisse. “*Marital satisfaction becomes the process of creating a climate where the often conflicting desires for differentiation and belongingness are balanced and growth-producing for the entire system*” (Laurence, 1982:21).

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

Scanzoni & Scanzoni (1988: 533) meen dat huweliksbevrediging 'n subjektiewe faktor is aangesien dit afhanklik is van hoe die verwagtinge van 'n huweliksmaat deur die huwelik self aangespreek word. Rudert (1984: 17) gee die volgende definisie van huweliksbevrediging: "*Marital satisfaction, itself a component of marital adjustment, is the degree of congruence between the marriage to which one aspires and one's current marital situation, where the perception of one's aspiration level may be distorted by the psychological, emotional, social and economic costs of changing marriages*". Schaap, Buunk & Kerkstra (1988:209) definieer huweliksbevrediging soos volg: "*Marital satisfaction refers to the subjectively experienced evaluation of the marital relationship as positive or negative*". Uit die verskillende definisies is dit duidelik dat huweliksbevrediging 'n subjektiewe betekenis het. Lavee & Olson (1993:337) beklemtoon dat 'n enkele meting van huweliksbevrediging nie die kompleksiteit en verskeidenheid van verhoudingspatrone omvat nie. Inagneming van individuele verskille tussen egpare moet deurentyd in gedagte gehou word.

Die terme huweliksbevrediging en huweliksaanpassing word dikwels sinoniem gebruik, maar L'Abate & Bagarozzi (1993:111) meen dat die aard daarvan totaal van mekaar verskil. Bevrediging dui op die individu se vermoë om die begeertes, verwagtinge, behoeftes of eise van 'n ander persoon te vervul. Aanpassing is die handeling of aksie om aan te pas by 'n spesifieke posisie, doelstelling of toestand. Huweliksbevrediging kom dus voor in die huwelik waar die huweliksmaat daartoe in staat is om die ander maat se behoeftes, begeertes, verwagtinge en eise te vervul. Huweliksaanpassing is dan daardie toestand wat plaasvind wanneer die huweliksmaat beseft dat die ander maat nie volmaak is nie en nie daartoe in staat is om elke behoefte, begeerte, verwagting en eis te vervul nie. Vir die doel van hierdie studie word die term huweliksbevrediging gebruik.

Volgens die navorsing van Schumm, Bollman & Jurich (1997:1004) dui mans en vrouens verskillende metings ten opsigte van huweliksbevrediging aan. Indien hierdie resultate veralgemeen sou word in samehang met ander soortgelyke studies, kom dit voor asof vrouens minder bevrediging uit hulle huwelike verkry as mans. (Vgl. ook Pines, 1996:109.) Dit mag wees dat vrouens hulle huwelike aan die hand van verskillende standaarde as mans meet, maar hierdie aspek vra vir verdere navorsing. Die resultate mag ook toegeskryf word aan die feit dat daar in hierdie spesifieke steekproef met ouer respondente gewerk is, maar kan ook toegeskryf word daaraan dat die sewepuntskaal van die *Kansas Marital Satisfaction Scale* meer sensitief meet ten opsigte van die variasies in persepsies van huweliksbevrediging as wat 'n skaal met minder punte sou meet (Schumm, *et al.*, 1997:1005). Giblin, Sprenkle & Sheehan (1985:267) en Pines (1996:109) maak ook melding daarvan dat mans hoër tellings ten opsigte van huweliksbevrediging aandui as hulle vrouens. Die moontlike rede daarvoor word aangedui as die vrou se groter ingesteldheid en sensitiwiteit teenoor verhoudingsaspekte as mans. Hulle evalueer hulle huwelike moontlik ook nie aan die hand van dieselfde konsepte

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

as mans nie. (Dit word deur DeLamater & Carlson (1980b:142) uitgedruk, naamlik:

Die vrou se huweliksbevrediging word, volgens 'n studie deur Bell, Daly & Gonzalez (1987:445) sterk beïnvloed deur persepsies van die frekwensie waarvolgens hulle mans sensitiwiteit, spiritualiteit, fisiese affeksie, selfontsluiting en eerlikheid gebruik. Hierdie aspek sluit aan by die menings van Giblin, Sprengle & Sheehan (1985:267), Pines (1996:109) en Schumm, *et al.* (1997:1004), naamlik dat mans en vrouens verskillende kriteria gebruik waaraan hulle hulle eie huweliksbevrediging meet. Bell, *et al.* (1987:452) meen verder dat vrouens ook meer verantwoordelik voel vir die instandhouding en verbetering van huwelikskwaliteit. Gordon, Baucom, Epstein, Burnett & Rankin (1999:219) meen dat vrouens hulle huwelike baie meer monitor en baie meer bewus is van probleme, soos byvoorbeeld kommunikasie, as wat mans is. Huweliksaanpassing en huweliksbevrediging is vir vrouens ten nouste aan kommunikasie gekoppel.

Huweliksbevrediging bly nie staties nie. Hoe langer 'n egpaar getroud is, hoe minder tevrede is 'n vrou met haar man se rolvervulling. Hoe langer 'n man getroud is, hoe groter die kans dat hy weer in die huwelik sal tree (Laurence, 1982:31). Huweliksbevrediging is laag wanneer die kinders klein is en verhoog dan weer in die latere jare van die huwelik. (Vgl. Lindahl, Malik & Bradbury, 1997:220.) Rudert (1984:188) en White & Edwards (1990:236) meld dat die teenwoordigheid van kinders aanmerklike negatiewe invloede op huweliksbevrediging het.

Die verband tussen selfontsluiting van huweliksmaats en positiewe huweliksbevrediging word deur Greeff & Le Roux (1998:163) in hulle navorsing beklemtoon. Huweliksbevrediging neem af wanneer selfontsluiting te hoog of te laag is. Te hoë selfontsluiting is onder andere klagtes, onvergenoegdheid of oormatige betrokkenheid by mekaar. Die selfontsluiting van 'n huweliksmaat hou positief verband met eie huwelikstevredenheid. Bell, *et al.* (1987:451) meld ook dat eerlikheid en openheid van huweliksmaats die huweliksbevrediging positief beïnvloed.

In 'n studie van Burleson & Denton (1997) is bevind dat kommunikasievaardighede 'n belangrike determinant van huweliksbevrediging is. Burleson & Denton (1997:897) is van mening dat swak huweliksbevrediging nie noodwendig die gevolg is van swak kommunikasievaardighede nie, maar wel van 'n swak wil om te probeer en 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die huweliksmaat. Vaardighede behoort dus inge oefen te word om deel te word van die huweliksmaats se totale funksionering.

2.5 FAKTORE NODIG OM 'N HUWELIK TE LAAT SLAAG

Daar bestaan geen vasgestelde voorgeskrewe reëls om 'n huwelik te laat slaag nie. Tog word sekere kernaspekte van belang geag en behoort hierdie aspekte in ag geneem te word wanneer daar met egpare gewerk word in 'n poging om die huweliksverhouding te verryk. Die

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

volgende aspekte word deur Dinkmeyer & Carlson (1986b:142) uitgelig, naamlik:

- Vertroue.
- Gesels met mekaar.
- Geduld en begrip.
- Bereidwilligheid om te skik.
- Betroubaarheid.
- Huwelikstrou.
- Seksuele verenigbaarheid.
- Kan altyd op mekaar staatmaak.
- Doen dinge saam as 'n eenheid.
- Gedeelde belangstellings.
- Ken mekaar reeds voor die huwelik baie goed.

Young & Long (1998:10-12) is van mening dat die volgende aspekte karaktereienskappe van die gesonde egpaar is, naamlik:

- 'n Geloof in relatiewe in plaas van absolute waarheid – openheid en buigsaamheid vir mekaar se opinies en waardes.
- 'n Aanneme dat die huweliksmaat se motiewe goed is.
- 'n Geloof in die oplossing van verskille.
- 'n Geloof in iets groter as hulleself. Die egpaar het 'n gesamentlike doelstelling waarheen albei beweeg.
- Die beoefening van gesonde gewoontes, naamlik:
 - Verantwoordelikheid.
 - Gerigtheid van doelstellings.
 - Aanmoediging.
 - Oop kommunikasie.
 - Empatiese luister.
 - Bereidwilligheid om die verhouding te analiseer en te bespreek.
 - Demonstrasie van aanvaarding.
 - Ondersteuning van positiewe doelstellings van die huwelik.



Gesamentlike konflikthantering.

Toewyding aan die gelykheid van die verhouding.

Noodsaaklike bedrewehede om 'n suksesvolle huwelik te hê, is volgens Mace & Mace (1986b:14-15) die volgende, naamlik:

- Toewyding.
- 'n Effektiewe kommunikasiestelsel.
- Kreatiewe gebruik van konflik.

Hunt, *et al.* (1998:12) haal Giblin (1993) en Robinson & Blanton (1993) aan en meld die volgende vyf karaktereenskappe, naamlik:

- Intimiteit in balans met outonomieit.
- Toewyding.
- Kommunikasie en konflikthantering.
- Godsdienstige oriëntasie.
- Kongruente persepsies van die verhouding – ooreenkomste in waardes.

Wanneer al bogenoemde karaktereenskappe in ag geneem word, is dit duidelik dat huweliksverrykingsprogramme aandag kan gee aan kommunikasie en konflikthantering waardeur die intimiteit in die verhouding kan verhoog en uiteindelik ook die toewyding aan mekaar. Dit is ook noodsaaklik dat huweliksmaats ooreenstemming ten opsigte van doelstellings en waardes vir hulle verhouding moet vind, maar die eie identiteit en individualiteit mag nie in die proses verlore gaan nie.

2.6 DIE FASES IN DIE LEWENSIKLUS VAN DIE GESIN

2.6.1 Die aard van die fases in die lewensiklus van die gesin

Volgens Rexroat & Shehan (1987:740) is die sewe fases in die lewensiklus van die gesin die volgende, naamlik:

- **Fase 1** – getroude pare met geen kinders waarvan die vrou jonger as 40 is.
- **Fase 2** – pare wie se oudste kind drie jaar en jonger is.
- **Fase 3** – pare wie se oudste kind vier tot ses jaar oud is.
- **Fase 4** – pare wie se oudste kind sewe tot dertien jaar oud is.
- **Fase 5** – pare wie se oudste kind veertien tot twintig jaar oud is.

- **Fase 6** – pare wie se kinders reeds die huis verlaat het, waarvan die man jonger as 65 jaar is en nog nie afgetree het nie.
- **Fase 7** – pare waarvan die man ouer as 65 is en reeds afgetree het.

Carter & McGoldrick (1999:2) tref 'n onderskeid tussen ses fases in die lewensiklus van die gesin. Die fases word soos volg onderskei:

- Enkelopende jong volwassenes.
- Samevoeging van gesinne deur die huwelik – die nuwe egpaar.
- Gesinne met jong kinders.
- Gesinne met adolessente.
- Lansering van kinders.
- Gesinne in latere lewe.

Lavee; McCubbin & Olson (1987:861-862) onderskei die volgende sewe fases in die lewensiklus van die gesin:

- Pasgetroude egpare sonder kinders.
- Gesinne met voorskoolse kinders.
- Gesinne met skoolgaande kinders.
- Gesinne met adolessente.
- Lanserende gesinne (ten minste een kind het reeds die huis verlaat terwyl die ander nog in die huis is).
- Gesinne in die leë-nes.
- Gesinne na aftrede.

Die huwelik en die gesin is nie staties nie, maar beweeg deur verskillende fases met gepaardgaande veranderinge. Die huweliks- en gesinsverhouding is 'n dinamiese proses en behoort so hanteer te word. Storkey (1996:183-191) onderskei die volgende fases:

- Die nuut getroude egpaar.
- Vroeë gesinslewe.
- Vroeë middeljare.
- Laat middeljare.
- Bejaarde fase.

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

Vir die doeleindes van hierdie studie gaan daar nie op al die fases in die lewensiklus van die gesin gefokus word nie. Slegs die fase waarin die egpaar se jongste kind reeds in die sekondêre skool is, gaan bespreek word aangesien die huweliksverrykingsprogram opgestel word met die doel om die huwelike in hierdie fase te verryk. Die egpaar is dus nog nie in die fase van die leë-nes nie. Kinders het nog nie die huis verlaat nie, maar sowel die ouers as die kinders begin daarop voorberei. Zietlow & Sillars (1988:241) en White & Edwards (1990:241) maak daarvan melding dat egpare met kinders in die huis meer konflik ervaar as egpare sonder kinders of egpare wie se kinders reeds die huis verlaat het. Stenberg & Silverberg (1987:751) is van mening dat die huweliksverhouding in hierdie fase direk geraak word deur die biologiese, kognitiewe en sosiale veranderinge by die adolessente kinders. Die moeder is gewoonlik ook bekommerd oor identiteitsaspekte eie aan die middeljarige terwyl die vader dikwels onbetrokke is as gevolg van druk in sy beroep. Die middeljarige ouers is betrokke by die konflikte wat deel uitmaak van die adolessent se ontwikkeling en hierdie betrokkenheid mag tot konflik tussen hulle as huweliksmaats lei.

Tydens die literatuursoektog kom dit na vore dat hierdie egpare in die fase van die middeljarige verkeer, maar wel in die vroeë middeljarige. Belkin & Goodman (1980:350) meld die volgende:

“As the children near the end of adolescence and their need for parental supervision and guidance wanes, the family enters a new phase of development and often of change. We can call this period of family life that begins approximately when the youngest child reaches high-school age and continues until that youngest child leaves the home to get married or to live on his or her own the middle years of family life.”

Steinberg & Silverberg (1987:752) en Preto (1999:280) meen dat die fase waar daar adolessente in die huis is, gekenmerk word daardeur dat die ouers die middeljarige nader en dat hulle op prominente middeljarige vraagstukke soos die herevaluering van die huwelik en die beroep fokus. Anderson (1990:47) beklemtoon dat die fase waar daar adolessente in die huis is en die ouers gereed moet maak om die kind/ers te lanseer na die volwasse wêreld besonder spanningsvol is. Huweliksbevrediging is laer en stres is hoog. (Vgl. ook Lindahl, Malik & Bradbury, 1997:219.) Indien die spanning gekanaliseer kan word, kan die egpaar egter weer perspektief verkry. Die beperkinge van die fase terwyl die kinders jonk was en voltydse versorging benodig het, is verby en die ouers kan meer op eie ontwikkeling en groei begin fokus.

Die huwelik in die middeljarige is onafwendbaar aan die lewensiklus van die gesin verbind. Die middeljarige persoon verteenwoordig die middelste generasie van drie generasies. Die ander twee generasies is dié van die bejaarde ouers en die kinders. Volgens McCullough &

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

Rutenberg (1989:299-300) en McGoldrick (1999:113) word die fase van die middeljarige geëvalueer in terme van hierdie drie generasies. Die mate van sukses waarmee die ouers outonomie, verantwoordelikheid en verbintenis met hulle eie ouers hanteer het, gaan bepaal hoe hulle die lansering van hulle kinders gaan hanteer. Die lewensiklus-perspektief trek die belewenis van die gesinslede ten opsigte van 'n probleem deur na die voorafgaande generasies of geslagte, maar ook na die daaropvolgende geslagte. Wanneer 'n individu homself as deel van 'n groter geheel sien, word 'n probleem nie so intens beleef nie. Die invloed van die groter familie word in ag geneem in die evaluering van die vorming van gedrag.

'n Verdere aspek wat in hierdie fase in ag geneem moet word, is die feit dat die middeljarige persoon in die middel van twee generasies staan en dat daar verantwoordelikhede na beide kante is (Stull, Bowman & Smerglia, 1994:323). Cargan (1991:386) meld dat die middeljarige egpaar die eise van adolessente kinders moet hanteer, maar ook die eise van bejaarde ouers. Die berader wat binne die perspektief van die lewensiklus van die gesin werk, neem hierdie situasie in ag. Probleme word binne gesinsverband opgelos en die positiewe invloed van die verbeterde funksionering word deurgetrek na elke individuele gesinslid. Die gesin, en daarmee saam die egpaar, word as 'n sisteem geassesseer en behandel om probleme uit die weg te ruim. Die middeljarige persoon en die middeljarige egpaar is steeds deel van groter sisteme en strukture.

2.6.2 Die aard van die middeljare

Die fase van die middeljare volg op die fases van vroeë volwassenheid en volwassenheid. (Vgl. Eshleman, 1974:565.) Die lewensverwachting van die mens word al hoër as gevolg van die vooruitgang op die gebied van die mediese wetenskap. Mense leef dus langer as voorheen en die fase van die middeljare word al langer (Sprey, 1991:233). Skrywers huldig verskillende menings oor die definiëring van die middeljare. Conway & Conway (1987:26) is van mening dat die middeljare vir die blouboordjie-werker tussen 35 en 55 jaar val, terwyl die fase vir die professionele persoon tussen 40 en 60 jaar val. Belkin & Goodman (1980:350) sien die middeljare as deel van die lewensiklus van die gesin. Die middeljare word gesien as die tydperk vandat die jongste kind hoërskoolouderdom bereik en duur totdat die jongste kind die huis verlaat. Knox (1979:491) en Hayslip & Panek (1989:44) sien die middeljare as daardie fase van introspeksie en assessering van dit wat reeds bereik is en die tyd wat oor is om te leef.

Baie individue is onbewus van die ryke moontlikhede wat die fase van die middeljare inhou. Die hoër lewensverwachting beteken dat die fase langer is as voorheen en daarom geniet dit aandag. Clinebell (1977b:2) deel die fase van die middeljare in twee dele in, naamlik

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

Middeljare I en Middeljare II. In die eerste deel is daar nog adolessente in die huis en in die tweede deel is die egpaar reeds in die leënes fase. Hierdie fase is ook die voor-aftrede fase. Die veranderinge en verliese van elke nuwe lewensfase dwing die individu om nuwe wyses te ontwikkel vir die bevrediging van behoeftes en om nuwe verhoudings te begin. By sommiges wek die nuwe fase angs en lei die veranderinge tot 'n krisis, by ander verloop die oorgang seepglad en by die laaste groep is die oorgang pynlik, maar neem nie die vorm van 'n krisis aan nie.

Hierdie fase breek aan wanneer die eerste kind die huis begin verlaat totdat aftrede aanbreek. Die taak van die ouers was juis om die kind daarop voor te berei om die huis te verlaat. Daar is verskillende take wat in hierdie fase voltooi moet word, en hou verband met die volgende:

2

- Die veranderende funksie van die huwelik.
- Die ontwikkeling van volwassene-tot-volwassene verhouding tussen kinders en hulle ouers.
- Die uitbreiding van gesinsverhoudings om skoonfamilie en kleinkinders in te sluit.
- Die geleentheid om verhoudings met bejaarde ouers te herstel.

(Vgl. McCullough & Rutenberg, 1989:285 en Janssens, 1991:16-19.)

Volgens Carter & McGoldrick (1999:2) is die take in die fase met adolessente die volgende:

- Aanpassing van die ouer-kind-verhouding om die adolessent toe te laat om in en uit die sisteem te beweeg.
- Herfokus op die middeljarige huwelik en middeljare-beroepskwessies.
- Beweeg na die gedeelde versorging van die ouer generasie.

Die egpaar in hierdie fase herevalueer die huweliksverhouding met die oog op die veranderinge wat in die gesin gaan plaasvind en met groter klem op eie individuele groei. Wanneer die individu die regte ingesteldheid het ten opsigte van oorgange na volgende lewensfases, is die fase van die middeljare die ideale fase vir groei, positiewe emosionele gevoelens, verbeterde balans in lewensdrewes en verhoogde selfbewussyn. (Vgl. O'Connor & Wolfe, 1987:814.) Hierdie fase is dus die ideale fase met die oog op die verryking van die huwelik aangesien daar ook baie jare van saamwees oor gaan wees nadat die kinders die huis verlaat het.

2.6.3 Aanpassing in die middeljare

Die lewensfase van die middeljare word wêreldwyd gesien as 'n fase van verandering en aanpassing. 'n Tendens word uitgewys ten opsigte van die egskeidingsyfer, naamlik dat die

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

2

aantal egskeidings in die fase van die middeljare hoër is as wat verwag word. Volgens die verslag van die Sentrale Statistiekdiens van die Republiek van Suid-Afrika (No. 03-07-01 [1989]) was die egskeidingsyfer vir wittes 18 637 in 1989. Van hierdie 18 637 egskeidings by die wittes was 3 973 vir huwelike van vyftien jaar en langer. Die persentasie egskeidings in die fase van die middeljare is 21,3% van die totale aantal egskeidings.

Volgens die verslag van die Sentrale Statistiekdiens van die Republiek van Suid-Afrika (No. 03-07-01 [1992]) was die egskeidingsyfer vir wittes in die jaar 1992, 21 006. Vanaf 1989 tot 1992 was daar dus 2 369 meer egskeidings. Van hierdie 21 006 egskeidings was 4 664 egskeidings in die fase van die middeljare. Die persentasie egskeidings ten opsigte van middeljarige egpare in die jaar 1992 was 22,2%.

Die egskeidingsyfer vir Kleurlinge in die jaar 1989 was 4 729. Hiervan was 1 032 ten opsigte van middeljarige huwelike. Die persentasie egskeidings was dus 21,8%. Die egskeidingsyfer vir Kleurlinge in die jaar 1992 was 5 408. Eenduisend tweehonderd en sestien (1 216) egskeidings was ten opsigte van middeljarige huwelike en is 22,4% van die totale aantal egskeidings.

Die egskeidingsyfer vir Asiërs in die jaar 1989 was 1 282. Hiervan was 281 ten opsigte van middeljarige huwelike. Die persentasie egskeidings was dus 21,9%. Die egskeidingsyfer vir Asiërs in die jaar 1992 was 1 850. Vierhonderd en veertien (414) egskeidings was ten opsigte van middeljarige huwelike. Dit is 22,4% van die totale aantal egskeidings.

Volgens die nuutste egskeidingstatistiek, naamlik vir die jare 1997 en 1998, is die aantal egskeidings vir 'n huweliksduur van 15 tot 29 jaar onder wittes 22.6% van die totale aantal egskeidings vir 1997. In 1998 was die persentasie egskeidings vir dieselfde kategorie van huweliksduur 22.9%. Wanneer die statistiek vir die fase waarop daar in hierdie navorsingstudie gefokus word, naamlik egpare wat 15 tot 24 jaar getroud is, bereken word, is die egskeidingsyfer vir die kategorie in 1997 17.9% en in 1998 18.5% van die totale aantal egskeidings. (Vgl. *Statistics South Africa, 2000.*)

Dit blyk dus duidelik dat ongeveer een kwart van alle egskeidings per jaar ten opsigte van die middeljarige huwelik plaasvind, terwyl ongeveer 'n vyfde van die egskeidings in die kategorie 15 tot 24 jaar plaasvind. Hierdie tendens is van toepassing op al drie die genoemde bevolkingsgroepe. Die nuutste egskeidingstatistiek dui verder daarop dat 21.3% van die egskeidings by Swart egpare in die kategorie 15 tot 24 jaar in 1997 aangeteken is, terwyl 21.9% vir dieselfde kategorie van huweliksduur in 1998 aangeteken is. Benokraitis (1996:460) meld dat die egskeidingsyfer hoog is in huwelike waar die kinders ouer as dertien jaar is. Probleme met adolessente mag huwelike wat alreeds nie goed funksioneer nie onder verdere druk plaas en die huwelik kan dan misluk.

Die mees algemene veranderinge ten opsigte van die fase van die middeljare is die volgende:

- Die verhoging in lewensverwagting in die totale samelewing.
- Die vermindering in grootte van die kerngesin.
- Die verhoging in die aantal vrouens in die beroepswêreld.
- Die verhoging in die egskedingsyfer.

Alhoewel geen veralgemening gemaak kan word nie, blyk die middeljare as lewensfase tog soms problematies te wees. Die term '*middeljarekrisis*' word dikwels gebruik om hierdie fase van aanpassing by veranderinge te beskryf. Gitterman (1986:62) beklemtoon die feit dat ouers wat met die leënes gekonfronteer word, verlies van status ervaar en moontlik ook depressie mag ontwikkel. Die vrou weet dat sy haar menopouse gaan ervaar wat die einde van haar vrugbare jare aandui en buiten vir die fisiese simptome, soos onder andere warm gloede en hormoonversteurings, is daar ook psigiese en emosionele gevolge. Die kinders begin die huis verlaat op presies die tydstip dat die vrou hierdie veranderinge ervaar. Hierdie gebeure vra 'n aanpassing by sowel veranderende omstandighede as by 'n veranderende en verouderende liggaam. Dennerstein (1994:157) en McQuaide (1998:22) is van mening dat die geestelike gesondheid ('*well-being*') van die middeljarige vrou saamhang met faktore soos die huwelik, fisiese oefening en beter gesondheid. Waar daar swak gesondheid, spanning en bekommernisse is, is daar sprake van depressie, negatiewe houdings en sogenaamde krisisse.

Vir die man is daar nie definitiewe fisieke veranderinge nie, maar ook hy word gekonfronteer deur 'n liggaam wat verouder en hy verloor van sy vroeëre energie en krag. Hierdie ouerwordende liggaam dwing hom tot introspeksie en hy begin wonder oor die tyd wat oor is om alles te bereik waarvoor hy gedroom het. (Vgl. Rosen, 1999:135-136.) Dit kan soms lei tot 'n identiteitskrisis met gepaardgaande probleme, byvoorbeeld die verandering van beroep en 'n buite-egtelike verhouding met 'n veel jonger vrou om te bewys dat hy nog steeds aantreklik is.

Wanneer die middeljarige egpaar voorheen slegs vir en rondom die kinders funksioneer het, gaan die fase van die middeljare leeg en doelloos wees. Die fase van die middeljarige huwelik het sedert die begin van die eeu dramaties langer geword as gevolg van hoër lewensverwagting. Die fase het meer voordele as nadele en moet nie slegs in terme van die leënes evalueer word nie. Verskillende navorsingsprojekte ten opsigte van die welstand van middeljarige persone gee verskillende resultate. Een van die gevolgtrekkings is dat die fase 'n leënes fase is. 'n Volgende gevolgtrekking is dat die egpaar meer vryheid en meer tyd vir mekaar en hulleself het. Die derde gevolgtrekking is dat daar klein variasies in die huweliksbevrediging voorkom. Daar is geen algemene gevolgtrekking ten opsigte van

huweliksbevrediging in die middeljare nie. (Vgl. Prinsloo, 1994:84.) Die wyse waarop vroeëre fases van die huwelik hanteer is en die sukses waarmee die egpaar by vorige lewensfases aangepas het, gaan die aard van aanpassing in die nuwe lewensfase bepaal. (Vgl. ook Janssens, 1991:22.)

Clinebell (1977b:6-8) onderskei die volgende drie aspekte as die sleutels tot kreatiwiteit in die middeljare, naamlik:

- **Groei** – Hier word die voortdurende groei en benutting van potensiaal onderskei. Die individu gebruik die sterk punte en unieke geleenthede van elke nuwe lewensfase. So 'n huwelik is die een waar huweliksmaats individueel groei, maar mekaar ook help en aanmoedig om te groei.
- **Intensionaliteit** – Intensionaliteit behels die keuse van doelstellings vir die self, vir die huwelik en die keuse om saam daaraan te werk. Die individue neem besit van die moontlikheid en die mag om te werk na 'n beter toekoms. Die individu word die loods van en nie die gevangene van die onafwendbare veranderinge van die fase van die middeljare nie. Intensionaliteit is die aktiewe reaksie op beide die tragiese en die vreugdevolle aspekte van die lewe en verhinder 'n doellose lewe.
- **Ontwikkeling** – Ontwikkeling impliseer selfvervulling deur selfbelegging. Sin in die eie lewe word gevind deur in die lewens van ander te belê. Ontwikkeling geskied deur vir die toekoms om te gee deur 'n belegging in mense en daardeur die aarde 'n beter plek te maak.

Die wyse waarop middeljariges probeer weglug van gevoelens van onvervuldheid, is die oormatige gebruik van alkohol, verslawing aan medikasie en desperate laaste seksuele of buite-egtelike verhoudings. Groei, intensionaliteit en ontwikkeling is drie wyses waarop hierdie verkeerde hantering van veranderinge voorkom kan word.

Navorsing het aangedui dat weinig middeljarige individue 'n krisis in hulle middeljare ervaar (Saxton, 1990:267). Verryking is egter 'n goeie strategie in hierdie lewensfase. Middeljarige egpare is in kontak met baie mense en meer as een generasie. Verrykingsprogramme sal dus 'n verreikende invloed hê waardeur meer mense gelei kan word tot die ontdekking van potensiaal en sterk punte.

2.6.4 Die veranderde funksie van die huwelik

Die huweliksverbintenis word weer prominent in hierdie fase sonder die kinders. Die behoefte om weer te fokus, te hersien en verskillende reëlings ten opsigte van funksionering te tref, word beklemtoon. Die egpare wie se lewe meer rondom die funksionering van die kinders gedraai het en minder rondom hulle huwelik, gaan 'n groter aanpassing benodig. Scanzoni &

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

Scanzoni (1988:535) meld dat die vrou vir wie die lewe rondom haar kinders gesentreer het en wat geen eie belangstellings en ontwikkeling ervaar het nie, die huisverlating van die kinders traumaties gaan beleef. Indien die vrou haarself egter deur die jare besig gehou het met selfontwikkeling en 'n beroep het waar sy kan groei en ontwikkel, is die aanpassing nie so groot wanneer die kinders meer onafhanklik begin raak nie (Moen, 1991:137). Wanneer die vrou meer selfhandhawend en onafhanklik raak, kan die man daardeur bedreig begin voel, veral wanneer hy meer tuis is en meer op die aspekte rondom die huishouding wil begin fokus wanneer hy ouer word. Tog meen Booth, *et al.*, 1986:439 en Heideman, Suhomlinova & O'Rand (1998:22) dat egpare wat baie in hulle huweliksverhouding belê het, nie sommer die huweliksverhouding negatief sal evalueer in die fase van die middeljare nie. Hierdie belegging sluit emosionele, sosiale en materiële aspekte in. Die belegging was dan te veel om te verloor en huweliksmaats bou op die winste daarvan.

Veral die vrou wat al haar aandag aan haar kinders spandeer het, gaan probleme ervaar ten opsigte van die veranderinge wat die nuwe lewensfase meebring. Die vrou wat haar individualiteit uitgebou het, gaan die oorgang makliker hanteer. (Vgl. McQuaide, 1998:29.) Beroepsbeoefening lei ook tot meer ryphed vir die vrou en uiteindelik ook tot selfverwesening. Beide die man en die vrou maak 'n voorraadopname van hulleself en hulle huwelik en neem besluite aan die hand daarvan. Daar kan egter geen veralgemening rondom die aard van ryphed en/of die ervaring van 'n middeljarekrisis gemaak word nie.

2.6.5 Bejaarde ouers

Bejaarde ouers vereis dikwels tyd, emosionele energie en finansiële bystand op presies dieselfde tydperk wanneer die middeljariges self baie verantwoordelikhede het en baie betrokke is by hulle volwasse kinders. (Vgl. Scanzoni & Scanzoni, 1988:543.) Eise vir aandag en kameraadskap kan problematies raak. Tradisioneel voorsien dogters in die bejaarde ouer se direkte behoeftes soos byvoorbeeld fisiese versorging terwyl die seuns 'n meer substansiële rol in besluitneming en finansiële bystand speel. (Vgl. Marks, 1998:953 en Poole, 1999:54.) Die rolle van die middeljarige dogter wat na die bejaarde ouer asook na die kinders wat besig is om volwasse te word, omsien, kan tot spanning lei (Allen & Walker, 1992:288-289). Stull, *et al.* (1994:324) meen egter dat dit soms vir die middeljarige dogter makliker is om na die bejaarde ouer om te sien wanneer daar nog kinders in die huis is, omdat die kinders met sekere van die take kan help. Daar word egter ook van skoondogters verwag om na bejaarde skoonouers om te sien wanneer daar nie 'n eie dogter is om die verantwoordelikheid te neem nie.

Wanneer 'n bejaarde ouer sieker raak, moet die middeljarige kinders begin aanvaar dat die dood 'n realiteit is en dat die ouer nie vir altyd sal bly leef nie. Vrese dat die situasie sal

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

vererger, dat daar 'n gebrek sal wees aan die regte woorde om te gebruik of dat hoop van die ouer weggeneem sal word, is sommige van die wyses waarop die middeljarige kan reageer in 'n poging om die situasie te hanteer. Daar word dikwels gevrees dat die situasie onhanteerbaar sal raak wanneer gevoelens na die oppervlak gebring word. Hierdie aspekte het 'n invloed op die huweliksverhouding. (Vgl Prinsloo, 1994:131.) Die emosionele impak van 'n siek en/of sterwende ouer is groot. Die bejaarde ouer mag self ook skuldig voel omdat hy/sy afhanklik is en die tyd van die middeljarige kinders in beslag neem. Die middeljarige individu moet gelei word tot 'n beter insig in sy of haar rol, om 'n beter houvas op die situasie te verkry en om persoonlike kontak en openlike kommunikasie met die lede van die uitgebreide gesin aan te moedig. Die bejaarde ouer het nie altyd nodig om by te wees wanneer 'n onopgeloste konflik aangespreek moet word nie. Indien nodig, kan die berader en die betrokke middeljarige individu die probleem in die spreekkamer probeer oplos. Die dood van 'n bejaarde ouer dwing dikwels die 'afhanklike' middeljarige kind tot outonome funksionering - selfs op hierdie stadium van die lewe. (Vgl. Pratt, Walker & Wood, 1992:281.) Die betrokke voel meteens verantwoordelik vir sy eie lewe en ervaar 'n groter vryheid.

Die versorging en die dood van bejaarde ouers bring spanning mee (Poole, 1999:55). Die dood van 'n ouer laat die middeljarige persoon anders na die lewe kyk en daar is 'n groter bewustheid van die waarde van die tyd wat oor is (McCullough & Rutenberg, 1989:299 en Pratt, Walker & Wood, 1992:278). Wanneer die huweliksverhouding goed is, kan die verwerking makliker plaasvind.

2.6.6 Die middeljarige vrou en beroepsbeoefening

Die stereotipe beeld van 'n depressiewe, onvergenoegde middeljarige vrou is volgens Scanzoni & Scanzoni (1988:535) en McQuaide (1998:29) glad nie waar nie. Beroepsbeoefening en die geleentheid om eie behoeftes te bevredig, het meer vervulde en energieke vrouens tot gevolg. Middeljarige vrouens met of sonder kinders openbaar meer gevoelens van plesier en verwesenliking in hulle lewens wanneer hulle 'n beroep beoefen en skryf dit toe aan verhoogde selfbeeld en 'n gevoel van kontrole oor hulle eie lewens (O'Connor & Wolfe, 1987:813 en Davidson & Moore, 1992:428). Middeljarige vrouens gebruik hulle nuwe vryheid om selfverwesenliking te vind in eksterne aktiwiteite soos beroepsbeoefening. Daar is 'n bewustheid van die tyd wat verby is en die tyd wat oor is om ideale te bereik en behoeftes te bevredig (Laswell & Laswell, 1991:479). Toewyding aan 'n beroep is een van die wyses waarop die vrou in haar middeljare die sogenaamde middeljarekrisis afweer.

Werksbevrediging en geluk word as van die belangrikste positiewe invloede van 'n loopbaan beskryf. Davidson & Moore (1992:428) meld dat moeders met 'n loopbaan die loopbaan as 'n alternatiewe bron van sosiale en psigologiese versterking beskou. Dit dien as afwisseling vir

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

die stereotipe rolle van moeder en huishoudster. Volgens Moen (1991:135) en Dennerstein (1993), dui navorsing verder aan dat vrouens wat gelukkig is in hulle loopbane ook gelukkiger is in hulle huwelike. Die selfbeeld van vrouens met loopbane is beter as diegene daarsonder.

2.6.7 Huweliksbevrediging in die middeljare

Huweliksbevrediging in die middeljare hang af van die winste wat die huweliksmaats onderskeidelik verwag het en ook voel dat hulle verdien het en die mate waarin hierdie winste wel gerealiseer het (Scanzoni & Scanzoni, 1988:534). Huweliksbevrediging is hoog direk na die huweliksluiting, neem af terwyl die ouers met die opvoedingsproses besig is, neem weer toe wanneer die kinders jong volwassenes word en die gesinne oorbeweeg na die middeljare. (Vgl. Laurence, 1982:31; Jürgensen & Kliz, 1992:385 en Benokraitis, 1996:460.) Heidemann, *et al.* (1998:22) meld dat navorsing daarop dui daar 'n hoë risiko vir huweliksontevredenheid en egskeding bestaan terwyl daar adolessente in die huis is. Huweliksbevrediging in die middeljare, wanneer die kinders reeds die huis verlaat het, word geassosieer met faktore soos kinders wat steeds naby woon en finansiële sekuriteit. Middeljarige egpare moet onderhandel ten opsigte van rolaanpassings wat deur die fase van die middeljare genoodsaak word (Zietlow & Sillars, 1988:243). Op hierdie wyse word konflik verhoed. Aspekte wat wel tot konflik lei, is buite-egtelike verhoudings en verhoudingsprobleme met skoonfamilie. Wanneer die een huweliksmaat die vertroueling van die ander een is en iemand anders nie die rol vervul nie, is die huweliksbevrediging hoog (Davidson & Moore, 1992:520). Om die verveling te voorkom, moet egpare in die middeljare tyd aan mekaar afstaan, frekwensie van sosiale interaksie en seksuele verkeer verhoog en tyd en energie aan die huweliksverhouding en seksuele aktiwiteit afstaan.

Ondersteuning aan die langtermynhuweliksverhouding vanaf familie en vriende het volgens die navorsing van Bryant & Conger (1999:448) tot verhoogde sukses in die huwelik gelei. Uitgebreide steunstelsels is dus noodsaaklik wanneer die huweliksmaats die fase van die middeljare betree. Egpare het meer tyd vir mekaar wanneer die kinders meer onafhanklik raak en die huis begin verlaat en indien hulle die tyd reg aanwend, neem geluk en huweliksbevrediging toe. Verantwoordelikhede word ook meer gelyk verdeel (Laswell & Laswell, 1991:476-477). Die behoefte aan selfverwesening en om die dinge te doen waarvoor daar nie voorheen tyd was nie, neem toe en indien die huweliksmaats nie goed daarvoor kommunikeer nie, mag dit tot konflik lei.

2.6.8 Tegnieke vir verryking van die huwelik in die middeljare

2.6.8.1 Huweliksondersoek

Die egpaar kan nie met verryking begin as hulle nie weet presies waar hulle met mekaar en in

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

hulle huwelik staan nie. Ontwikkelings, sterk punte, probleme en beperkinge word ondersoek. Die egpaar kies saam wat hulle wil verander en hoe hulle huwelik oor een jaar daar moet uitsien.

2.6.8.2 Hersien van kontrak

Ongeskrewe kontrakte ontwikkel oor die verloop van 'n huwelik en as die kontrakte nie dieselfde deur beide huweliksmaats ervaar word nie, kan die situasie tot konflik lei. 'n Skriftelike hersiening van die huwelikskontrak in die middeljare is waardevol.

2.6.9 Strategieë om die beste van die middeljare te maak

Die volgende strategieë dra daartoe by dat die huwelik van die middeljarige verbeter word:

- **Strategie 1** – Identifiseer die ware wins en die nuwe moontlikhede van die middeljare. Hierdie aksie wek hoop en motivering vir voortdurende groei. Die positiewe aspekte van die self, die huweliksmaat en die huwelik word neergeskryf en bespreek. Hierna volg die lys van die verliese en die probleme soos in die nuwe lewensfase ervaar word.
- **Strategie 2** – Gebruik die winste doelbewus deur die aspekte te kies wat 'n beter toekoms vir die self en die huwelik sal bou. 'n Lys van aspekte waaraan die individu graag wil aandag gee, word opgestel. Twee doelstellings word aan die hand daarvan opgestel. Hierna volg 'n skriftelike, bereikbare plan om die doelstellings te bereik. Nadat die egpaar die doelstellings bespreek het, word 'n gesamentlike plan vir die huwelik opgestel.
- **Strategie 3** – Maak vriende met en verryk die *'inner companion'* (innerlike self). Hierdie strategie behels dat die individu beter vriende met homself sal word. Elke huweliksmaat moet in kontak met die self wees om die huwelik te laat slaag. Selfverryking is dus belangrik.
- **Strategie 4** – Hersien waardes en prioriteite. Die middeljare konfronteer die individu met die behoefte om waardes en prioriteite te hersien en te herstel indien nodig. 'n Belegging van die meeste wat die individu het in die tyd wat tot sy beskikking is, is nodig. 'n Gesamentlike klarifikasie deur die egpaar is ook noodsaaklik.
- **Strategie 5** – Versterk en verryk die netwerk van verhoudings. 'n Uitgebreide netwerk van verhoudings bied steunstelsels in tye van krisis.
- **Strategie 6** – Herdink die beroepslewe en die gewone lewe en doen wat nodig is om beide meer uitdagend en vervullend te maak. 'n Verandering van beroep in die middeljare is al meer aan die orde van die dag. Middeljarige vrouens studeer en werk

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

nadat die kinders onafhanklik geraak het en die huis verlaat. Dubbelloopbaanhuwelike bring spanning teweeg, maar ook meer bevrediging en nuwe uitdagings vir groei en ontwikkeling.

- **Strategie 7** – Ontdek en wy die self aan 'n saak wat opwindend is. Hier word die vind van 'n nuwe uitdaging geïmpliseer. Wanneer daaraan gewerk word met entoesiasme en veral deur albei huweliksmaats, bied hierdie situasie nuwe lewensvreugde.

- **Strategie 8** – Laat vaar energie-vermorsende woede, skuld en smart. Wanneer die middeljare aanbreek, is foute, teleurstellings, mislukkings en verlore geleenthede aan die orde van die dag. Depressie is die resultaat hiervan. Dit is egter 'n onnodige vermorsing van energie. Wanneer die individu daarvan ontslae kan raak, word kreatiwiteit ontsluit. Die verlede kan nie verander word nie, maar die toekoms wel. Wanneer die negatiewe gevoelens vrygelaat word, kan gevoelens van liefde en omgee weer vrylik vloei.

- **Strategie 9** – Leef waarlik in die hede. Die egpaar kyk na huidige behoeftes en stel nie langer uit om die behoeftes te probeer bevredig nie. Hulle beplan hoe om so sinvol as moontlik te leef en nie langer drome en ideale uit te stel nie.

- **Strategie 10** – Vermeerder die variasie en frekwensie van spel, insluitende seksuele spel. Dit is noodsaaklik om te beplan vir tye van ontspanning en plesier. Volgens die Transaksionele Analise moet die 'kind' in die individu na vore kom. Daar moet saam met die huweliksmaat beplan word oor die geleenthede vir hierdie spel.

- **Strategie 11** – Sien minusse as potensiële plusse. Alle lewens het traumas en krisisse. Die egpaar moet saam kommunikeer oor die positiewe wat uit een so 'n gebeure gehaal kan word. Pyn laat 'n mens met meer empatie na ander uitreik.

- **Strategie 12** – Pas die liggaam op met sorg en respek. Die fase van die middeljare het spanning en uitputting is algemeen. Hierdie aspekte kan egter daartoe lei dat die volle waarde van die lewensfase nie waardeer word nie. Regte eetgewoontes, genoeg rus en gereelde oefening dra by tot 'n gesonde liggaam. Die selfbeeld, die seksuele lewe en die geestelike welsyn verbeter. (Vgl. Clinebell, 1977b:10-20.)

Huweliksverryking in die fase van die middeljare is 'n belegging vir al die jare wat nog vir die egpaar saam oorbly. In die samestelling van groepe vir huweliksverryking is dit goed om egpare uit verskillende ouderdomsgroepe in een groep te hê, maar dit word aanbeveel dat mense uit dieselfde ouderdomsgroepe in subgroepe geleentheid kry om met mekaar te deel. Egpare word deur middel van persoonlike uitnodigings genader. Effektiewe publisiteit om die waarde van huweliksverryking aan te dui en 'n beklemtoning dat alleen 'goeie' huwelike daarby kan baat, is noodsaaklik (Prinsloo, 1994:137). Egpare met ernstige probleme moet

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

eers gaan vir huweliksberaad voordat hulle by huweliksverryking kan baat. Egpere wat reeds die waarde van verryking beleef het en wat geleer het om hulle trauma en pyn met hulle sterkpunte te hanteer, kan met groot vrug aangewend word om ander egpare te help.

Hierdie fase is die fase vir konsolidering, vir funksionering na aanleiding van ervaring en rytheid en van finansiële sekuriteit. Voorbereiding vir die suksesvolle lansering van die kinders en oriëntering vir die ontwikkeling van die self bied nuwe uitdagings. Die huweliksverhouding kan verryk word en sowel die verhoudings met kinders wat besig is om volwasse te word, as die verhouding met bejaarde ouers kan daarby baat. Navorsing dui volgens McCullough & Rutenberg (1989:307) aan dat daar probleme ten opsigte van aanpassing kan voorkom indien daar ook reeds probleme in die vorige lewensfases voorgekom het.

2.6.10 Voorbereiding op die fase van die middeljare

Die fase van die middeljare geniet maar eers in die laaste paar jaar wêreldwyd aandag. Die hoër lewensverwagting van die mens met 'n langer middeljare-fase as die direkte gevolg daarvan, noodsaak navorsers in verskeie wetenskaplike velde om in meer detail daarna te kyk. Mense is nie goed genoeg voorberei op hierdie fase nie en wanneer die veranderinge begin intree, lei die fase dikwels tot probleme as gevolg van onkunde. Abraham & Perz (1993) (Australië) toon aan dat vroue verkeerde persepsies het van wat hulle in die fase van die middeljare kan verwag. Die algemene gevoel is dat geneeshere glad nie die emosionele betekenis van die aanbreek van die menopouse verstaan nie. Selfhelpgroepe, literatuur en kontak met mense in dieselfde ouderdomsfase het veel beter voorbereiding tot gevolg gehad. Die ideaal is dat vroue en mans in hierdie lewensfase by voorbereidingsgroepe sal inskakel en/of literatuur oor die fase sal bestudeer. (Vgl. Prinsloo, 1994:132.) Die onbekende hou vrees in en wek onnodige angs en spanning. Indien daar meer literatuur en hulp in die vorm van ondersteuningsgroepe beskikbaar is, sal die sogenaamde middeljare krisis verminder.

2.7 DIE DUBBELINKOMSTEHUWELIK EN DIE DUBBELLOOPBAANHUWELIK

2.7.1 Definiëring

Een van die kenmerke van die huwelik in die huidige samelewing is dat beide die man en die vrou in die arbeidsmark is. Die ekonomiese omstandighede is van so 'n aard dat 'n groot persentasie vrouens geen keuse het as om ook te werk vir 'n inkomste nie (Rexroat & Shehan, 1987:737 en Moen, 1991:147). Voorheen is die status van die vrou deur haar man se posisie bepaal, maar die situasie verander. (Vgl. Scanzoni & Scanzoni, 1988:343-344.) Die sosiale prestasie van beide huweliksmaats saam bepaal die status van 'n gesin. Die onderskeid word getref tussen 'n dubbelloopbaanegpaar (*'dual career'*) waar die huweliksmaats albei 'n

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

volwaardige beroep beoefen nadat hulle naskoolse opleiding gehad het en die dubbelinkomste-egpaar (*'dual-income, two-earner or dual-worker couples'*) waar albei huweliksmaats 'n inkomste verdien, maar nie noodwendig opgelei is vir die werk wat hulle verrig nie. (Vgl. Benokraitis, 1996:395.) In laasgenoemde geval mag dit gebeur dat die man met die laer status bedreig kan voel deur sy vrou se werk en inkomste. (Vgl. ook Booth, *et al.*, 1986:425 en Hill, 1991:86.) Hy mag voel dat sy vrou sy posisie as hoof-broodwinner bedreig. Die man mag ervaar dat hy 'n mislukking is in die sin dat hy nie daartoe in staat was om self vir sy vrou en gesin te sorg nie en dat sy vrou om daardie rede buitenshuise beroepsarbeid moet gaan verrig.

In albei gevalle word soortgelyke konflikte ervaar, al vra die arbeid nie dieselfde soort toewyding en emosionele druk nie. (Vgl. Thompson, 1997:281 en Young & Long, 1998:283.) Verwagtinge en rolvervulling word moeiliker wanneer daar beplan moet word om alle verantwoordelikhede in 'n dag ingepas te kry en nog steeds geleentheid vir intimiteit te skep.

2.7.2 Die aard van die dubbelloopbaanhuwelik

Die dubbelloopbaanhuwelik word bespreek omdat hierdie soort huwelik al meer een van die kenmerke van die huwelik van 15 – 24 jaar uitmaak. Wanneer die kinders onafhanklik begin raak, keer vrouens terug na die beroepswêreld of begin weer studeer. Dubbelloopbaanhuwelike behoort spesifieke aandag in huweliksverryking te geniet, omdat daar eiesoortige eise, verantwoordelikhede en spanning daarmee saamgaan. Werk/huis konflik is 'n dominante stres-veroorsakende faktor in dubbelloopbaanhuwelike. Interindividuele- (man/vrou) en interrol (werk/huis) konflikte in hierdie huwelike beïnvloed gesins- en huweliksverhoudings en uiteindelik ook werkverrigting (Kushnir, Malkinson & Kasan, 1996:147). 'n Toenemende getal vrouens studeer en het hoë-vlak-beroepe en die gevolg daarvan is 'n toename in dubbelloopbaanhuwelike.

Daar is voordele verbonde aan 'n huwelik waar beide die man en die vrou 'n eie selfstandige beroep volg, maar daar gaan ook 'n ander stel probleme en aanpassings daarmee gepaard. Die dubbelloopbaanhuwelik word deur Fishkin & Fishkin (1985:103) gedefinieer as een waarin albei huweliksmaats in 'n veeleisende professie betrokke is. In 'n dubbel-inkomstehuwelik is die spanning en verwagtinge nie heeltemal so hoog nie omdat die huweliksmaats se verantwoordelikhede beperk is tot veertig uur per week.

Dubbelloopbaanhuwelike het oor die afgelope aantal jare dramaties toegeneem. Met hierdie term word bedoel dat beide die man en die vrou 'n beroep het wat 'n groot mate van toewyding vra, deurentyd ontwikkel en ten minste 'n BA-graad impliseer. Al meer vrouens tree tot professionele beroepe toe en tree dan gewoonlik ook in die huwelik met 'n man in 'n professionele beroep. Davidson & Moore (1992: 423) definieer die dubbelloopbaanhuwelik as

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

'n variasie op die kerngesin waar beide man en vrou 'n ononderbroke lewenslange loopbaan volg terwyl hulle 'n gesinslebensiklus ontwikkel wat dikwels ook kinders insluit. 'n Loopbaan word gedefinieer as 'n beroep of posisie wat spesiale opleiding en onderrig vereis. Die invloed van dubbele beroepe op die huwelik, op die huishoudelike lewe en op die man en die vrou se onderskeie beroepe sal verder ondersoek word aangesien die egskedingsyfer ook in hierdie geval hoog is. Om programme vir verryking van hierdie huwelike te ontwikkel, is dit egter nodig om te verstaan hoe so 'n huwelik funksioneer.

2.7.3 Beroep en die huwelik

Twee van die belangrikste prioriteite in die hedendaagse mens se lewe is werk en die huwelik. Albei vra egter harde werk en toewyding en daarom is dit belangrik om die rol van werk en die invloed daarvan op die huwelik te bespreek. Daar word 'n onderskeid getref tussen dubbelloopbaanhuwelike en huwelike waar die man en die vrou albei werk (*'two-job marriages'*) (Storkey, 1996:168-169). Davidson & Moore (1992:423) gebruik die term *'dual-earner marriage'* om die egpare te beskryf waar albei huweliksmaats in die arbeidsmark betrokke is. In albei gevalle is daar egter spanning teenwoordig, is die huweliksmaats moeg en moet hulle voortdurend onderhandel oor die take en verantwoordelikhede. Volgens Young & Long (1998:284) veroorsaak ekonomiese druk en 'n materiële ingesteldheid dat prioriteite nie reg is nie en die invloed daarvan op die huwelik is dikwels vernietigend.

Een van die grootste voordele van 'n dubbelloopbaanhuwelik is dat die huwelik baat vind by die selfverwesenliking wat albei huweliksmaats deur middel van hulle loopbane ervaar. Vrouens wat trots is op hulle werk en bevrediging daaruit verkry, het 'n hoër huweliksbevrediging. (Vgl. Scanzoni & Scanzoni, 1988: 352 en Young & Long, 1998:290.) Stack & Eshleman (1998:528) meen dat die twee inkomstes van die huweliksmaats 'n hoër lewenstandaard beteken en dat dit tot beter geestesgesondheid en algemene geluk kan lei. Wanneer die vrou egter nie intrinsieke bevrediging vanuit haar werk verkry nie, is haar huweliksbevrediging ook minder. (Vgl. Wilkie, *et al.*, 1998: 578.) Die twee loopbane het ook gekombineerde stimulasie as resultaat. Balans en gelykheid is nog twee voordele wat vanuit navorsing na vore gekom het (Silberstein, 1992:143). Hierdie aspek hang egter saam met nie-tradisionele rolverwagtinge.

Daar is egter ook nadele verbonde aan hierdie huwelike. Die persepsie dat daar te veel is om te doen en te min tyd om daarby uit te kom, is algemeen. Hoe meer tyd 'n dubbelloopbaanegpaar saam spandeer, hoe sterker is die moontlikheid dat die huwelik as bevredigend beskou sal word (Davidson & Moore, 1992:447). Gesinstyd en tyd vir die huwelik ly egter dikwels onder die eise van 'n loopbaan. Wanneer een of albei van die huweliksmaats met hulle loopbaan 'getroud' is, is die nadelige invloed op die huweliksverhouding soveel

2

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

groter. Die huwelik ly dikwels nog meer as gevolg van die gebrek aan tyd as die kinders. Intimiteit in die huwelik ly dus die meeste. Die vrou is dan ook dikwels die een wat die meeste bekommerd is oor die gebrek aan tyd en die invloed daarvan op die intieme verhouding.

Die dubbelloopbaanhuwelik het ook 'n invloed op die seksuele verhouding. Die gebrek aan tyd vir ontspanning en uitputting kan 'n nadelige invloed op die seksuele verhouding en op romanse hê (Saxton, 1990:254). Moegheid, uitputting, depressie, emosionele onttrekking, angs en hiperaktiwiteit is van die aspekte wat die seksuele verhouding nadelig beïnvloed. Kroniese stres soos deur 'n veeleisende loopbaan veroorsaak, het 'n invloed op beskikbare energie. Die man sien seksuele verkeer as 'n uitlaatklep vir opgehoopte spanning terwyl die vrou, saam met haar huishoudelike pligte, nie energie oorhet vir seksuele verkeer nie. Spanning oor die frekwensie van seksuele verkeer het duidelik na vore gekom in die navorsing van Silberstein (1992:151). Die teenwoordigheid van kinders dra dan ook by tot 'n afname in die frekwensie. 'n Verdere probleem wat na vore kan kom, is buite-egtelike verhoudings wat in die werksituasie ontstaan. Huweliksmaats spandeer soms meer tyd saam met hulle kollegas as tuis. Spanning en jaloesie hieroor kan 'n verhouding negatief beïnvloed. Die risiko vir buite-egtelike verhoudings word verminder wanneer die huweliksmaats dieselfde beroep het en saam werk.

2.7.4 Die beroep en die gesinsisteam

Die wedersydse invloed van beroep en gesin benodig verdere toeligting. Wanneer die dubbelloopbaanegpaar eers kinders het, verhoog die daaglikse eise en verantwoordelikhede en kan dit nie uitgestel word nie. (Vgl. Kushnir, *et al.* 1996:151.) Kinders beïnvloed ook die vrou se keuse van werk. Verminderde werksure en/of werkslading word dikwels onderhandel. Vrouens het soms ambivalente gevoelens ten opsigte van ure tuis en ure by die werk. Dit kan wees dat die vrou graag meer ure tuis wil deurbring, maar daartoe verhinder word deur haar werksverpligtinge. Die teenoorgestelde is ook waar, naamlik dat die vrou meer tyd by haar werk sal wil deurbring vir verskeie redes, maar as gevolg van die verantwoordelikhede vir kinders nie daarby kan uitkom nie. Konflik mag ontstaan as gevolg van die feit dat die vrou se werksure meer geraak word deur die verantwoordelikhede rondom die kinders as die werksure van die man (Kushnir, *et al.* 1996: 151). Die tradisionele siening dat die man primêr by sy beroep betrokke is en die vrou primêr by die gesin betrokke is, mag tot hierdie konflik aanleiding gee. Voortdurende onderhandeling en kompromieë is nodig om hierdie konfliktsituasies te verminder.

Kompetisie en vergelyking tussen huweliksmaats ten opsigte van hulle beroepe is verdere aspekte wat tot frustrasie en konflik kan lei. Die behoefte aan gelykheid word dikwels bedreig deur die feit dat die man meer tyd het om aan sy beroep te spandeer as die vrou. Wanneer

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

die vrou meer tyd aan haar beroep spandeer as die man, is die frustrasie by die man nog erger.

Die beroep en die spanning daaraan verbonde, het ook 'n invloed op die gesin. Wanneer daar 'n konfliktsituasie tuis ontstaan, mag dit die opgekropte spanning van die dag loslaat en die gesin en die huweliksmaat word dan daardeur beïnvloed. Sekere beroepe vereis ook sekere wyses van kommunikasie en struktuur. Wanneer hierdie wyses dan tuis oorgedra word, mag die situasie tot groot konflik lei (Silberstein, 1992:107). Dieselfde gebeur ook wanneer daar probleme tuis is wat na die werk oorgedra word. 'n Gebrek aan konsentrasie is een van die simptome wat by die werk presenteer as gevolg van spanning tuis. Die ideaal is dat die huweliksmaats poog om die probleme van die werk en die probleme van die huis nie te laat inmeng nie.

Die gebrek aan tyd laat die egpaar in 'n dubbelloopbaanhuwelik dikwels voel dat hulle lewe te gestruktureerd is en dat hulle vasgehou voel. Die gebrek aan persoonlike tyd word deur egpare in hierdie situasie uitgespreek en veral dan ook deur die vrouens. Die egpare spreek ook hulle kommer uit oor die gebrek aan tyd vir sosiale verhoudings.

Rolverdeling verskil van die tradisionele. Die take en verantwoordelikhede tuis moet eweredig verdeel word wanneer beide die man en die vrou 'n loopbaan het. Alle mans doen egter nie die werk tuis met entoesiasme nie. Sekere take bly tradisioneel die werk van die vrou en hierdie situasie mag tot konflik lei. Die werkende vrou spandeer steeds ongeveer tien ure per week meer aan huishoudelike take as haar man (Bogan, 1991:18 en Davidson & Moore, 1992:430). Die waarde van ondersteuningsdienste in hierdie huwelike word sterk beklemtoon. Oop kommunikasiekanale en voortdurende onderhandeling is nodig om hierdie huwelike goed te laat funksioneer.

2.7.5 Dubbelloopbaanhuwelike en die gesinslewe

'n Loopbaan het beslis 'n invloed op die besluit oor wanneer die mees geskikte tyd is om kinders te hê. Die ideaal, soos deur baie vrouens uitgespreek, is dat 'n loopbaan eers gevestig moet word voordat daar met 'n gesin begin word. Ongelukkig verminder die vrugbare jare vir die vrou hoe ouer sy word en komplikasies met swangerskappe neem toe. Die besluit om kinders te hê, is dus nie maklik in hierdie huwelike nie. Swangerskappe kan as vernederend ervaar word, as deel van die normale verloop van die lewe hanteer word of as baie frustrerend ervaar word (Silberstein, 1992:131). Die aantal kinders word dikwels ook deur die huweliksmaats se loopbane beïnvloed. Hoewel daar geen vasgestelde reël vir die tyd en aantal kinders is nie, is daar tog baie spesifieke besluite om daarvoor te neem. Die loopbane van die huweliksmaats kan as 'n volgende kind gesien word in terme van die tyd en energie wat daaraan spandeer word.

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

Kraamverlof is dikwels 'n bepalende faktor in moeders se besluit om aan te gaan met hulle loopbane of 'n voltydse moeder te word. Om na die beroep terug te keer na 'n kind se geboorte en 'n gesonde balans tussen beroep en moederskap te handhaaf, vereis goeie aanpassing ten opsigte van die lewe en huweliksbevrediging (Davidson & Moore, 1992:430). Die versorging van kinders is 'n volgende belangrike en dikwels moeilike besluit. Alternatiewe reëlings ten opsigte van die versorging van kinders en die koördinering van werk en gesinsaktiwiteite raak al meer kompleks (Saxton, 1990:255). Die ouers moet besluit of die kind/ers genoeg aandag kry en of dit 'n goeie substituuat vir hulle is. Alhoewel die vaders ook deel uitmaak van die besluitnemingsproses, toon navorsing dat die moeders meer daarmee gemoeid is. Die vrou behou die rol van die primêre versorger.

Skuldgevoelens is 'n verdere faktor wat in hierdie huwelike in ag geneem moet word. Die moeder voel dikwels skuldig omdat sy nie al haar aandag aan haar kind/ers gee nie. Hierdie skuldgevoelens word veral ervaar wanneer die kind 'n probleem ervaar waarmee die moeder nie kan help nie, omdat sy te besig is. Vrouens met ambisieuse loopbaanvooruitsigte voel dikwels ambivalent oor hulle eie selfverwesening en hulle kinders se welstand.

In navorsing oor die invloed van die moeder se beroepsarbeid op die kind, het 'n groot persentasie egpare aangedui dat hulle kinders meer onafhanklik funksioneer. (Vgl. Benokraitis, 1996:340 en Carter, 1999:251.) 'n Verdere mening was dat kinders uit die voorbeeld van hulle ouers leer ten opsigte van harde werk en deursettingsvermoë. Die kinders het in die proses van versorging ook meer blootstelling aan ander rolmodelle en het meer geleentheid tot interaksie. Nadele is dat die ouers nie daar is om hulle kinders na skool na verskillende aktiwiteite aan te ry nie. Die gevolg daarvan is dat die kinders aan minder aktiwiteite deelneem. Die ouers het ook nie altyd die nodige energie om aan hulle kinders te wy nie omdat hulle moeg van die werk terugkeer. Kinders hou ook nie daarvan as hulle ouers tuis steeds emosioneel met hulle beroepe besig is nie. Die kinders ervaar hierdie spanning dikwels as onregverdig.

2.7.6 Dubbelloopbaanhuwelik en die fases in die gesin

2.7.6.1 Voor die geboorte van kinders

Konflik word in hierdie fase veroorsaak deur kompetisie tussen die twee maats, botsings in waardesisteme, geografiese verandering as gevolg van bevordering en rolomruiling. Die meer suksesvolle huweliksmaat kan skuldig voel en die ander- een kan dan jaloers wees en/of depressie ontwikkel. Hedendaagse huwelike funksioneer nie meer op die tradisionele rolmodel nie en hierdie veranderde rolverdeling en gepaardgaande waardesisteme kan tot konflik lei. Om die dubbelloopbaanhuwelik ondersteunend, behoudend en bevredigend te hou, is geen maklike taak nie. Om ontspanne, intieme tyd vir mekaar te vind, is 'n uitdaging vir

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

die hulpbronne en kreatiwiteit van hierdie egpare (Fishkin & Fishkin, 1985:106). Vrye tyd saam behoort 'n hoë prioriteit te wees in die beplanning van die egpaar.

2.7.6.2 Vroeë kinderopvoeding

Wanneer 'n baba gebore word, is daar addisionele eise wat aan die dubbelloopbaanegpaar gestel word. Een van die eerste eise is dat een van die huweliksmaats, verkieslik die moeder, tydelik haar betrokkenheid by haar werk sal verminder om die baba te versorg. Die moeder ervaar dikwels rolstremming omdat sy soveel rolle het om te vervul (Fishkin & Fishkin, 1985:108). Die moeder met 'n beroep in die geesteswetenskappe ervaar meer spanning omdat sy weet hoe die ideale moeder-kind verhouding daar moet uitsien en sy ook weet wat alles verkeerd kan gaan in die kind se opvoedingsjare. Betroubare huishoudelike hulp bied verligting. Die egpaar mag besluit om minder kinders te hê en hulle nader aan mekaar te spaseer sodat die veeleisende maar belonende jare gouer verby kan gaan en hulle met hulle loopbane voort kan gaan. Die intieme verhouding ly egter dikwels skade omdat daar nog minder tyd vir mekaar en vir seksuele verkeer is.

2.7.6.3 Adollesente kinderopvoeding

Jong kinders plaas die meeste spanning op die huwelik, maar adollesente stel ook eise ten opsigte van tyd en aandag. Die professionele persoon het meer as 'n veertig ure werkweek. Adollesente stel eise soos sportbedrywighede, mediese en tandheekkundige afsprake en skoolverpligtinge waarheen hulle vervoer moet word en waarvoor die ouers wat albei 'n veeleisende beroep het, tyd moet inruim (Young & Long, 1998:286). Die nadeel van professionele beroepsbeoefening is dat die egpaar kan ervaar dat hulle nie ten volle deel kan wees van hulle kinders se proses van grootword nie. Hoe meer onafhanklik die kinders egter word, hoe meer tyd het die egpaar weer vir hulleself, vir mekaar en vir hulle loopbane (Fishkin & Fishkin, 1985:112). Dit is moontlik dat die huweliksverhouding in hierdie tyd nuwe lewe kan kry.

2.7.6.4 Die leë nes

Die voordeel van die dubbelloopbaanhuwelik is dat albei huweliksmaats in 'n beroep gestaan het en steeds staan wanneer die kinders die huis verlaat. Hulle gedagtes word afgelei van die verlies en hulle bly besig. 'n Verdere voordeel is dat hulle 'n verhouding het met iemand wat nie intellektueel stagneer het nie. Stimulerende gesprekke is dus moontlik. Dit mag egter ook gebeur dat die egpaar hulleself meer in hulle loopbane ingrawe en nog minder tyd aan mekaar spandeer. Hulle mag ook besluit om te skei omdat die kinders hulle nie meer aan mekaar bind nie en hulle nie meer verantwoordelikhede hoef te dra nie (Fishkin & Fishkin, 1985:113).

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

2.7.7 Hulpverlening aan die dubbelloopbaanegpaar

Hierdie egpare benodig dikwels hulp in die aanpassing by die verskillende verwagtinge as gevolg van hulle loopbane. Die terapeut wat by hulle betrokke is, moet seker maak dat daar geen voorkeur vir die rolvervulling van een van die huweliksmaats is nie. Twee terapeute wat met een egpaar werk, word aanbeveel. Probleme in hierdie huwelike is egter nie die norm nie. Fishkin & Fishkin (1985:117) is van mening dat die huweliksverhouding van twee professionele persone baie bevrediging kan bied. Huweliksmaats bereik selfverwesening en die invloed daarvan op die huwelik is positief. Schnittger & Bird (1990:203) het in navorsing bevind dat die aangepaste vrou wat 'n eie beroep beoefen verskillende positiewe vaardighede vir probleemoplossing gebruik, soos byvoorbeeld die positiewe herformulering van negatiewe gedagtes, om take te deleger en om beskikbare sosiale steunstelsels te gebruik. Die algemene tevredenheid is beter, maar buigsaamheid en aanpasbaarheid word steeds as vereistes vir die bevredigende dubbelloopbaanhuwelik gestel.

Verdere navorsing ten opsigte van die interaksie in die dubbelloopbaanhuwelik is steeds nodig. (Vgl. ook Scanzoni & Scanzoni, 1988: 347.) Dit is egter duidelik dat hierdie huwelike spesifieke aandag ten opsigte van verrykingsprogramme benodig. Waar die egpaar in dieselfde verwysingsraamwerk ten opsigte van beroepsbeoefening staan, behoort hulle nader aan mekaar te beweeg as gevolg van gedeelde belangstellings. Verryking is noodsaaklik sodat prioriteite bepaal kan word en tyd so ingedeel kan word dat daar op die winste in die huwelik gefokus kan word en nie op die verliese nie. Hunt, *et al.* (1998:185) en Young & Long (1998:295) beklemtoon dat die verrykingsprogramme ten doel het om probleme te voorkom deur beter beplanning en samewerking tussen die huweliksmaats. Schnittger & Bird (1990:203-204) beklemtoon dat vaardighede vir beter beplanning aan huweliksmaats aangeleer kan word. Tyd word beter beplan sodat daar aan die daaglikse verantwoordelikhede aandag gegee kan word asook aan die skep van emosionele intimiteit.

Spesifieke huweliksverrykingsprogramme vir die egpaar wat albei 'n beroep het, is noodsaaklik as gevolg van die unieke eise van die verhouding. Kushnir, *et al.* (1996) stel 'n huweliksverrykingsprogram voor om die eise van werk en gesin te balanseer. 'n Gestruktureerde program, gebaseer op 'n gedrags-kognitiewe benadering en in groepsverband oor die verloop van 'n paar weke aangebied, word voorgestel. Die program kombineer tegnieke wat vir gesinsverryking en huweliksverryking ontwikkel is met metodes vir streshantering en die voorkoming van uitbranding. Die algemene doelstelling is om hanteringstrategieë asook individuele hulpbronne te versterk (Kushnir, *et al.*, 1996:154). Die program neem die algemene kognitiewe benadering dat versteurde huweliks- en gesinsverhoudinge nie soseer veroorsaak word deur dit wat tussen die verskillende sisteme gebeur nie, maar wel deur die persepsies van die lede oor dit wat gebeur, aan. Die basiese

Hoofstuk 2: Die Moderne Huwelik

hanteringshulpbron wat uiteindelik verbeter moet word, is die rasonale/funksionele/buigsame denke van die individuele huweliksmaats. Hierdie denkwysie kan 'n invloed op al die areas van funksionering hê en uiteindelik die algemene welstand van die individu verhoog. Drie interpersoonlike faktore onderliggend aan konflik en vyandigheid geniet aandag, naamlik:

- **Sosiale ondermyning** – Sosiale ondermyning is die teenoorgestelde van sosiale ondersteuning en het 'n afbrekende invloed op die huweliksverhouding.
- **Gedeelde besluitnemingskontrole** – Wanneer die besluite tuis saam geneem en uitgevoer word, is dit bevorderlik vir gesondheid en welstand. Gelykheid word met groter huweliksbevrediging geassosieer.
- **Sosiale ondersteuning** – Hierdie interaksiepatroon is veral belangrik in die huwelik waar albei huweliksmaats in 'n beroep staan en verminder uiteindelik van die stressors en die gevolge daarvan. (Vgl. Kushnir, *et al.*, 1996:155.)

Die program sal begin met 'n byeenkoms wat oor 'n hele naweek strek, opgevolg deur drie tot vier opeenvolgende byeenkomste na normale werksure, twee tot drie weke uitmekaar. Die program sal met 'n langtermyn opvolg gepaardgaan waar vraelyste en onderhoude gebruik sal word om die effektiwiteit daarvan in terme van die vermindering van konflik te bepaal.

2.8 SAMEVATTING


- 2.8.1 Die huwelik bly steeds een van die belangrikste verbintenisse van die lewe, maar die moderne huwelik verskil van die tradisionele huwelik.
- 2.8.2 Tradisionele rolle gekoppel aan geslagsrolle bepaal nie meer die aard van die moderne huwelik nie. Gelykheid en individuele groei en ontwikkeling geniet dikwels meer aandag as die gesamentlike verhouding. Egskeidings neem toe as gevolg van die kompleksiteit van die moderne huwelik.
- 2.8.3 Die huwelik bestaan uit verskillende komponente en die somtotaal van hierdie komponente bepaal die huweliksverhouding. Vir die doel van hierdie studie is gesin van herkoms, kommunikasie, konflikhantering, seksualiteit en potensiële groeiuimte as komponente bespreek. In die huweliksverrykings-program geniet hierdie komponente spesifieke aandag.
- 2.8.4 Die gesin van herkoms speel 'n belangrike rol in die aard van die funksionering van individuele huweliksmaats met uiteindelige invloede op die huweliksverhouding as geheel. Geen mens kan die gesin van herkoms ontsnap nie maar wanneer die invloed daarvan begryp word, kan daar met die nodige aanpassings begin word sodat die huidige huweliksverhouding nie negatief daardeur geraak word nie.
- 2.8.5 Kommunikasie is baie belangrik in huweliksbevrediging. Daarsonder kan geen

huweliksverhouding groei en ontwikkel nie. Huweliksmaats kan bedrewehede vir kommunikasie aanleer. Empatie en selfopenbaring is sleutelemente in suksesvolle kommunikasie.

- 2.8.6 'n Suksesvolle huwelik word nie deur die afwesigheid van konflik gekenmerk nie, maar wel deur die korrekte hantering daarvan. Bedrewehede vir konflikhantering kan ook aan 'n egpaar geleer word. Die korrekte hantering van konflik lei tot groei en verligte spanning.
- 2.8.7 Huweliksmaats verloor nie hulle eie individualiteit wanneer hulle in die huwelik tree nie. Afsonderlike en gesamentlike groei is noodsaaklik vir 'n suksesvolle huwelik en huweliksmaats moet aan mekaar die nodige ruimte daarvoor bied.
- 2.8.8 Huweliksbevrediging is 'n subjektiewe oordeel oor die stand van die huwelik en verskil tussen mans en vrouens. Mans en vrouens gebruik verskillende kriteria vir die evaluering van hulle eie huweliksbevrediging.
- 2.8.9 Sekere faktore soos kommunikasie, konflikhantering, eenheid, intimiteit, vertroue, lojaliteit en toewyding bepaal die sukses van 'n huwelik. Huweliksmaats moet ooreenstem oor die aard van hierdie faktore alvorens hulle aan 'n suksesvolle huwelik kan werk.
- 2.8.10 Daar is verskillende fases in die lewensiklus van die gesin. Die fase waarop daar in hierdie navorsing gefokus word, is die fase van die middeljare en wel die vroeë middeljare waar die jongste kind reeds in die hoërskool is, maar die ouers nog nie in die leënes fase is nie. Die huwelik met adolessente in die huis word aan baie spanninge onderwerp en die resultaat daarvan is 'n relatief hoë egskedingsyfer.
- 2.8.11 Die middeljare vra aanpassings by veranderinge en 'n herevaluering van die huweliksverhouding. Hierdie herevaluering maak dit 'n uiters geskikte fase vir die verryking van die huwelik. Die huweliksmaats staan in die middel van hulle volwassewordende kinders en hulle bejaarde ouers. Huweliksbevrediging kan selfs hoër wees as gevolg van verminderde verantwoordelikhede rondom die fisiese versorging van die kinders en met meer tyd vir eie groei en ontwikkeling, asook vir die groei van die huweliksverhouding.
- 2.8.12 Die dubbelloopbaanhuwelik en dubbelinkomstehuwelik is 'n kenmerk van die moderne tyd. Albei huweliksmaats moet werk om finansieel te kan oorleef, maar hierdie situasie plaas meer verantwoordelikhede op die egpaar en hulle het minder tyd saam. Die aard van hierdie huwelike vra spesifieke kennis en begrip en huweliksverrykingsprogramme wat ontwikkel word met die doel om tyd beter te beplan en rolle beter te verdeel.

HOOFSTUK 3

HUWELIKSVERRYKING



3.1 INLEIDING

Huweliksverryking verwys na 'n spesifieke filosofie en denkwysie ten opsigte van die huwelik en die funksie van die huwelik. Die verbetering van die huwelikslewe lê ten grondslag van programme vir die verryking van die huwelik. Verryking het ten doel om probleme te voorkom deur egpare te help om hulle sterkpunte te ontdek en te verbeter voordat probleme wat in die huweliksverhouding mag voorkom, ernstige afmetings begin aanneem. Probleme en aanpassings by veranderinge is deel van elke huwelik, maar met die nodige vaardighede en positiewe ingesteldheid behoort die egpaar wat groeigeoriënteerd funksioneer die veranderinge in geleenthede en uitdagings te kan omskep. Voorkoming van probleme deur die aanleer van vaardighede waarmee die probleme hanteer kan word, behoort 'n positiewe groeitendens teweeg te bring. Therapie en behandeling is vrylik beskikbaar wanneer 'n egpaar probleme ervaar terwyl verryking nie soveel aandag geniet nie. Meer klem behoort op die ontwikkeling en aanbieding van verrykingsprogramme gelê te word in 'n poging om die stygende egskeidingsyfer te verlaag, ten spyte daarvan dat die moderne huwelik aan vele eise blootgestel is en egskeiding meer aanvaarbaar is. Literatuur ten opsigte van huweliksverryking is veral in Suid Afrika beperk en daarom gaan daar in hierdie hoofstuk gepoog word om 'n grondslag vir huweliksverryking as voorkomende diens aan egpare daar te stel.

In hierdie hoofstuk gaan daar aandag gegee word aan die aard van huweliksverryking en hoe dit van huweliksberaad/huweliksterapie verskil; die ontstaan van die huweliksverrykingsbeweging; die doel daarvan; die wyses waarop huweliksverryking gedoen word en die aard van die leierskap daarvan; die teoretiese grondslae waarop huweliksverryking gebou is; die aard van huweliksverryking in die verskillende fases van die huwelik; bestaande programme vir verryking en die evaluering en effektiwiteit van huweliksverrykingsprogramme.

3.2 DIE AARD VAN HUWELIKSVERRYKING

Egpare kan op verskillende wyses hulp ontvang. Opleiding, terapie en verryking ten opsigte van die huweliksverhouding is die mees algemene wyses waarop daar tot die huwelik toegetree kan word. Hunt, *et al.* (1998:5) meen dat opleiding die dimensie is waardeur professionele persone na egpare uitreik met inligting ten opsigte van die wyse waarop die

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

huweliksverhouding suksesvol gemaak kan word. Hierdie inligting kan op enige stadium van die huwelik gegee word. Tiesel & Olson (1992:402) is van mening dat huweliksverryking en die vaardighede wat daarin aangeleer word, aan egpare in elke fase van die huwelik beskikbaar gestel behoort te word. Terapie, aan die ander kant, sluit assessering en behandeling in.

Verryking is 'n voorkomende benadering waar gepoog word om egpare te bereik voordat hulle betrokke raak in disfunksionele patrone en terwyl hulle nog gemotiveerd is om aan hulle verhouding aandag te gee. (Vgl. Floyd; Markman; Kelly; Blumberg & Stanley, 1995:212.)

Huweliksverryking help egpare om nuwe perspektiewe te verkry en om probleme vroegtydig te ontdek. Ondersteuningsgroepe, terapie en opleiding kan saam met verryking gebruik word soos wat elke individuele egpaar benodig. Verryking vind plaas met relatief goed funksionerende egpare wat wil leer om hulle huwelike te verbeter en om sukses en plesier te verhoog. Verryking gebruik metodes wat affektiewe-, gedrags-, kognitiewe- en intensionele dimensies aanspreek (Hunt, *et al.*, 1998:6). Denton (1986:3) definieer huweliksverryking as 'n manier om egpare te help om hulle sterkpunte te ontdek en te benut alvorens die egpaar nodig het om hulp te gaan vra. Diskin (1986:114) meen dat huweliksverryking ten doel het om voorkomend toe te tree voordat probleme onhanteerbaar raak. Die doel van huweliksverryking is uiteindelik om goeie huwelike beter te maak en om probleme te voorkom. Schaefer & Olson (1981:47) meen dat huweliksverryking verandering, groei, verbetering en ontwikkeling van reeds teenwoordige bestanddele in die verhouding impliseer.

3.3 DIE ONTWIKKELING VAN HUWELIKSVERRYKING

David en Vera Mace was twee van die pioniersfigure in die ontwikkeling van huweliksberaad. Hulle het opgemerk dat daar deur middel van 'n deeglike gevallestudie bepaal kan word wat die probleme in 'n huwelik veroorsaak het. Hierdie oorsake is as vertrekpunt geneem vir die begin van die ontwikkeling van programme om te voorkom dat die probleme ontstaan. (Vgl. Mace & Mace, 1986:8 en Dinkmeyer & Carlson, 1986b:140.) Die Mace-egpaar het reeds in 1949 die eerste *Marriage Guidance Centre* in Engeland begin as 'n poging om die probleme in huwelike en gesinne wat uit die Tweede Wêreldoorlog gespruit het, te hanteer. In 1960 het die Mace-egpaar die beweging in die VSA gevestig en nog later in Suid Afrika, Australië en Nieu Seeland asook in 'n hele paar Europese lande.

In 1962 het die Mace-egpaar met huweliksverryking begin. Daar is waargeneem dat die verskil tussen huwelike waar die verhouding goed is en huwelike waar ernstige probleme ervaar word, die gebrek aan hanteringsvaardighede is. Daar is besluit op 'n strategie waar egpare toegerus sal word met die nodige vaardighede om die alledaagse situasies wat in 'n huwelik mag opduik, te hanteer. Mace & Mace (1986:10) meld dat die kuns van 'n huwelik

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

daarin geleë is dat 'n egpaar 'n geleidelike aanpassing by mekaar verkry deur middel van 'n proses van groei in die verhouding en gedragsverandering. In 1973 het die Mace-egpaar die *Association of Couples for Marriage Enrichment (ACME)* begin.

Kerkgenootskappe het ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van verrykingsprogramme gespeel. (Vgl. Hunt, *et al.*, 1998:5 en 28.) Die kerk was en is meer bekommerd oor die verval van die huwelik as enige sekulêre organisasie. Programme het toegeneem en die gevolge daarvan was dat gesinne en meer uitgebreide verhoudingsnetwerke ook daardeur beïnvloed is. Mace & Mace (1986:12) beklemtoon dat navorsing uiters noodsaaklik is om al die verskillende programme te evalueer. Die oorhoofse doelstelling in 'n huwelik behoort verenigbaarheid te wees. Aangesien huweliksmaats nie altyd presies by mekaar pas en verenigbaar is nie, moet die doel wees om daarheen te werk en te groei.

Huweliksverryking het vanuit die menslike potensiaalbeweging ontstaan waar die klem verskuif het van die mediese model van 'siek' verhoudings na die sterkpunte en kwaliteite van verhoudings. Oor die laaste paar jaar het daar 'n verskuiwing plaasgevind vanaf 'n patologiese- of 'n behandelingsmodel na 'n groeimodel waar daar meer op die positiewe eienskappe van individue gefokus word. Die fokus lê nie soseer meer op die herstel van verhoudings nie, maar op die ontsluiting van potensiaal om die verhoudings te verbeter (Clinebell, 1977a:11 en Garland, 1983:1). Tog meen Sollee (2000) dat daar selfs in die VSA en Kanada steeds meer op terapie as op voorkoming gefokus word. Die huweliksverrykingsbeweging is in kinderskoene terwyl die industrie vir terapie diep gesetel is.

Affektiewe opleiding en die humanistiese psigologie, gepaardgaande met 'n groot klem op voorkomende dienste, het veral 'n impak in die sestigerjare gehad. Die groei in verbruikerswese en die neiging tot kort, sigbaar suksesvolle behandeling het ook die ontwikkeling van huweliksverrykingsdienste beïnvloed. Groei en ontwikkeling in gedragsterapie met die klem op stap vir stap benaderings tot die aanleer van interpersoonlike vaardighede, het die ontwikkeling verder beïnvloed. Volgens Garland (1983:3) het ontwikkeling op die terreine van menslike seksualiteit, gesinsosiologie en gesinsverryking bykomende begrip vir die huweliksverhouding en die veranderlikes wat 'n invloed op interpersoonlike bevrediging het, meegebring.

Sosiologiese veranderinge in die hedendaagse samelewing het 'n klemverskuiwing ten opsigte van die huweliksverhouding meegebring. Die klem het volgens Gershenfeld (1985: 374) vanaf 'n tradisionele verhouding waar die man die broodwinner was en die vrou verantwoordelik was vir die versorging van kinders en om vir haar man 'n seksuele genoot te wees, verskuif na 'n kameraadskapsverhouding met intimiteit, gelykheid en buigsame interpersoonlike interaksie as grondslag. (Vgl. ook Durana, 1994:65.) Hierdie klemverskuiwing het tot 'n verandering in die

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

vereistes vir sinvolle prestasie in die huwelik gelei. Didaktiese dienste vir egpare is 'n bruikbare alternatief vir tradisionele dienste en die gebruik daarvan vermeerder aldus Garland (1983:3). Ten spyte van verskillende teoretiese benaderinge in die verskillende beskikbare dienste, is daar in die ontwikkeling en aanbieding van verskeie programme een oorhoofse doelstelling, naamlik om die egpaar toe te rus met interpersoonlike vaardighede wat hulle in staat sal stel om nie alleen veranderinge in hulle verhouding te inisieer nie, maar ook daarby te kan aanpas.

3.4 DIE DOELSTELLINGS VAN HUWELIKSVERRYKING

3.4.1 Algemene doelstellings

Die oorhoofse doelstelling word gesien as die verbetering van die huwelikslewe. (Vgl. Garland, 1983:4 en Gershenfeld, 1985:375.) 'n Verdere omskrywing van 'verbetering' sou die volgende behels, naamlik om 'n klimaat tussen huweliksmaats daar te stel wat hulle in staat sal stel om hulle bewussyn van hulleself en van hulle huweliksmaat ten opsigte van die groeipotensiaal van hulle huwelik te verhoog, om hulle denke en gevoelens met eerlikheid en empatie te ondersoek en om bedrewehede te ontwikkel en te gebruik om met mekaar in kontak te kom, hulle probleme op te los en hulle konflikte te hanteer. Noval, Combs, Wiinamaki & Bufford (1996:47) identifiseer die doelstellings vir huweliksverryking as 'n bewuswording van elke huweliksmaat se eie behoeftes en verwagtinge asook dié van die maat, die verbetering van kommunikasie, die opbou van probleemoplossende- en onderhandelingsvaardighede en die verhoging van algehele huweliksaanpassing. Binne hierdie spesifieke klimaat is dit vir die egpaar moontlik om hulle potensiaal vir 'n bevredigende verhouding en persoonlike en gesamentlike groei te verhoog. Volgens Denton (1986:3) is die doel van huweliksverryking die voorkoming van probleme – 'n pro-aktiewe stap. Adam & Gingras (1982:97) meld dat huweliksverryking 'n voorkomende eerder as 'n herstellende benadering is en dat egpare wat redelik goed funksioneer, maar die behoefte ervaar om hulle verhouding te verbeter, daarby kan baat.

Huweliksverryking word nie alleen gesien as 'n voorkomende en terapeutiese diens nie, maar ook 'n diens aan huwelike waar die lewens en huwelike van egpare gewoon verryk word sonder dat hulle 'n voorkomende of terapeutiese diens benodig. Egpare word die geleentheid gebied om hulle verbintenis aan mekaar te definieer, om die doelstellings van hulle huwelik te bepaal en om bedrewehede, kennis en die regte houding te ontwikkel wat benodig word om hierdie doelstellings te bereik. Bell, *et al.* (1987:452) is van mening dat egpare wat bewus raak van die positiewe aspekte wat huweliksbevrediging beïnvloed, soos eerlikheid, luister, openheid, sensitiwiteit, ondersteuning en uitbou van mekaar se selfbeelde, die positiewe aspekte al meer begin gebruik. Wanneer egpare op hierdie wyse toegerus word, kan hulle 'n

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

sterk en aanpasbare verhouding ontwikkel wat kan aanpas by veranderinge soos deur die siklus van hulle huwelik teweeggebring. Rudert (1984:3) en Floyd, *et al.* (1995:214) meen dat egpare baat kan vind daarby om te weet watter aspekte in die lewensiklus huweliksbevrediging sal beïnvloed sodat hulle daaraan kan werk voordat hulle bejaard is.

Verryking beteken dat iets wat oorspronklik reeds waarde gehad het, verder verbeter word. Hunt, *et al.* (1998:15) vat die fundamentele aannames en konsepte van huweliksverryking soos volg saam:

- 'n Positiewe groei-oriëntasie vir elke huweliksmaat as 'n individu en vir die verhouding met die ander huweliksmaat.
- 'n Sistemiese en dinamiese verhouding tussen die twee huweliksmaats wat albei bereid is om te verander as 'n oop sisteem.
- 'n Doelstelling om huweliksmaats in staat te stel om 'n doelbewuste kameraadskap te hê.
- 'n Opvoedkundige, eksperimentele benadering tot egpare wat houdings en spesifieke vaardighede op 'n gestruktureerde, ordelike wyse aanbied.
- 'n Voorkomende benadering wat daarna streef om egpare op so 'n wyse te ondersteun dat die verskyning, ontwikkeling en herhaling van interpersoonlike disfunksie verminder word.
- 'n Balans tussen gesamentlike en individuele groei waar die fokus op die verhouding in interaksie verkeer met die proses om individuele huweliksmaats te help om hulle eie potensiaal te bereik.
- Die ontwikkeling van intimiteit en troeteling.
- Verryking en groei as 'n lewenslange proses.
- Wedersydse ondersteuning tussen egpare deur middel van groepeervaringe.

Die kern van huweliksverryking is groei en menslike potensiaal gebaseer op die aanname dat alle individue en verhoudings baie onontginde hulpbronne en vermoëns het wat ontwikkel kan word.

Die onderwerp van verryking trek dikwels die aandag van die professionele persone wat in die toegepaste dimensies van die veld belangstel. Verskillende reeds ontwikkelde programme bestaan, maar word in die praktyk aangepas sodat die unieke behoeftes van elke teikengroep aangespreek kan word. Huweliksverrykingsprogramme fokus op die aanleer en verbetering van kommunikasievaardighede, besluitnemingsvaardighede, konflikthantering en die opstel van doelstellings en doelwitte. (Vgl. Floyd, *et al.*, 1995:214.) Die veranderde rol van die vrou

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

met beroepsbeoefening en verhoogde opleiding, noodsaak ook 'n spesifieke verrykingsprogram waar aandag aan die dubbelloopbaanhuwelik geskenk word. Gesinsverryking word ook beklemtoon met noodwendige gevolge op die egpaar.

Onder elke 'normale' huwelik is daar 'n latente beter huwelik met beter kommunikasie, beter seksuele vervulling en beter vervullende liefde. Vanuit die groeiperspektief word die huwelik beskou as 'n proses van verandering en ontwikkeling – 'n gesamentlike produk wat deur beide huweliksmaats voortdurend tot ontplooiing gebring word deur die wyse waarop hulle met mekaar kommunikeer en mekaar versorg. Bray & Jouriles (1995:467) meen dat die egpaar wat by huweliksverryking baat kan vind, nie verby die punt van probleemoplossende pogings is nie, emosioneel steeds by mekaar betrokke is, nie rigied in geslagsrolle funksioneer nie en nie depressief is nie. Huwelike met ernstige huweliksprobleme kan alleen deur middel van huweliksberaad gehelp word, maar die deursnee huwelik wat 'n kombinasie is van pyn en vreugde, frustrasie en voldoening, afstand en nabyheid, gaan deur middel van die metodes van die model van groei daartoe lei dat die latente potensiaal in die huwelik na vore kom. Die doel van groeigerigte huweliksverryking is om aan elke egpaar die geleentheid te stel om hulle eie optimale huwelik te skep – 'n groeiende verhouding wat in al hulle behoeftes voorsien. Hierdie huwelik is intiem en oop met gelykheid en positiewe trou.

Die oorhoofse doelstelling in huweliksverryking is dan om 'n egpaar te leer om hierdie noodsaaklike hulpbronne te leer en te gebruik. Wanneer hulle daarin geslaag het, sal hulle die aanslae op hulle huwelik kan hanteer en nie deel word van die egskeidingstatistiek nie. Lavee, McCubbin & Olson (1987:859) is van mening dat egpare in huweliksverryking hulle huwelikseenheid tot so 'n mate kan versterk dat hulle die normale en abnormale veranderinge en aanslae beter sal kan hanteer en die eenheid selfs in die proses sal kan versterk. Persoonlikhede kan nie verander nie, maar gedrag wel. In die huweliksverhouding kan huweliksmaats se gedrag verander ter wille van die groei en opbou van die verhouding.

3.4.2 Aspekte wat die doelstellings van huweliksverryking beïnvloed

Die ideaal is 'n bevrydende huwelik waarin huweliksmaats die vryheid vind om hulle individuele potensiaal optimaal te benut op so 'n wyse dat die huwelik vir albei huweliksmaats 'n verrykende ervaring is. (Vgl. Clinebell, 1977a:35.) Die kenmerke van 'n bevrydende huwelik is die volgende:

- Verantwoordelikheid vir die bevrediging van mekaar se behoeftes.
- Oop en geïnteresseerde kommunikasie.
- Nabyheid en tog ook respek vir die individuele behoefte aan privaatheid.
- Outonomie en onderlinge afhanklikheid.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

- Egte eerlikheid en gelykheid.
- Insette vir mekaar se groei.
- Geen starre of ondergeskikte rolverdeling.
- Voortdurende groei en verandering.
- Bekwaamheid om konflikte te benut vir diepere intimiteit.
- Verdieping van seksuele bevrediging.
- Groeiende intimiteit tot op die punt van singewing en geloof.
- Versterking van die huweliksidentiteit. (Vgl. Clinebell, 1977a:35-36.)

Volgens Pines (1996:40-42) is die volgende faktore nodig om te voorkom dat 'n huweliksverhouding 'uitbrand':

- **Variasie** – hoe groter die variasie, hoe minder die uitbranding, mits die variasie nie soveel is dat een of albei van die huweliksmaats voel dat die verhouding te swaar belaa word nie. Indien die verhouding wel te swaar belaa word, kan bykomende angs en spanning geskep word. Die afwesigheid van variasie kan tot verveling en eentonigheid lei. 'n Egpaar kan hulle eie behoeftes aan verskeidenheid aan mekaar kommunikeer en onderhandel oor die wyse waarop hulle die behoeftes kan aanspreek. Reis, uiteet, bergklim, voetslaan, kampeer, draf en die beoefening van ander sportsoorte is enkele wyses waarop 'n egpaar verskeidenheid in die daaglikse roetine van hulle huwelik kan bring.
- **Waardering** – om waardeer en gerespekteer te voel, laat individue nie alleen oor hulleself goed voel nie, maar ook oor die persoon van wie die waardering kom. Die teenoorgestelde is ook waar, naamlik dat wanneer 'n individu ongewaardeer voel, hierdie gevoel tot gevoelens van aggressie en verwerping teenoor die persoon wat nie die behoefte aanspreek nie, kan lei. Die metafoor van 'n spieëlbeeld kan hier gebruik word in die sin dat positiewe beelde in die spieël tot positiewe beelde in die self lei. Hoe meer erkenning huweliksmaats aan mekaar gee, hoe meer beloning en wins gaan daar in die sisteem as geheel wees en uiteindelik gaan die individuele huweliksmaats nog meer ontvang.
- **Geleenthede vir selfaktualisering** – wanneer 'n omgewing aan 'n egpaar geleenthede tot selfaktualisering en persoonlike groei bied, is die kans vir uitbranding baie min. Individue het 'n motiverende dryfkrag tot die aktualisering van hulle eie potensiaal en wanneer die huweliksmaats individueel die geleentheid daartoe kry, kan die romantiese vonk in die verhouding verbeter word. Selfaktualisering vra 'n openheid en kreatiwiteit met uiteindelijke positiewe resultate.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

In huweliksverrykingsprogramme kan hierdie drie aspekte uitstekend aangespreek word.

Die einddoel van 'n huweliksverhouding is volgens Mace & Mace (1986:13) verenigbaarheid. Verenigbaarheid is dus nie die beginpunt nie. Twee huweliksmaats hoef dus nie van die begin af verenigbaar te wees nie, maar moet daarheen werk. Verskille en ooreenkomste word na die huwelik gebring en die bestaande en aangeleerde hanteringsmeganismes word gebruik om die uiteindelijke doel te bereik. In huweliksverryking word daar gepoog om egpare toe te rus met die basiese bedrewehede wat hulle eintlik al aan die begin van hulle huwelike moes ontvang het. Die ideale wyse om probleme te voorkom, sou wees om egpare in die eerste huweliksjaar te begelei. Die bedrewehede wat vir 'n suksesvolle huwelik nodig is, is volgens Mace & Mace (1986:14) die volgende:

- **Toewyding aan mekaar** – beide huweliksmaats werk aan 'n verhouding wat sover as moontlik in albei se behoeftes sal voorsien.
- **Effektiewe kommunikasiesisteem** – huwelik kan alleen groei en oorleef as daar openlike en eerlike kommunikasie bestaan.
- **Kreatiewe gebruik van konflik** – konflik lei uiteindelik tot groei.

'n Suksesvolle huwelik bestaan uit verskeie komponente. Durana (1994:66) meld ook dat toewyding, effektiewe kommunikasie, die kreatiewe aanwending van konflik, diepte-kennis van die 'self' en insig in die invloed van vroeëre ervaringe op die huweliksverhouding, die huweliksverhouding uiteindelik kan verbeter. Hierdie aspekte kan duidelik deur die doelstellings van huweliksverryking aangespreek word.

3.4.3 Die doel van huweliksverryking in die middeljare

Die herstel of die verryking van elke huwelik, ongeag die lewensfase, is belangrik. Selfverryking is belangrik, maar nog meer so as die selfverryking deur die egpaar saam gedoen word. Vir die doel van hierdie studie word daar op die huwelik in die middeljare gefokus. Die egskeidingsyfer in die middeljare is hoog en huweliksbevrediging neem dikwels af in die kinders se opvoedingsjare met emosionele distansiëring as die gevolg. (Vgl. Laurence, 1982:31 en Prinsloo, 1994:4-9.) Huweliksverryking in die middeljare word deur die hoër lewensverwagting genoodsaak aangesien 'n egpaar nog baie jare saam kan deurbring wanneer hulle kinders ouer word en die huis verlaat. Die middeljare is 'n fase van aanpassing en verandering, maar deur middel van huweliksverryking kan die veranderinge in geleentede omskep word en vir individuele en gesamentlike groei aangewend word.

Wanneer 'n egpaar na een of twee dekades saam steeds mekaar se vriende en minnaars is, is dit gewoonlik omdat hulle deurentyd aan hulle huwelik gewerk het in 'n poging om die verhouding te verryk. Middeljariges wat mekaar steeds liefhet, maar hulle huwelik wil verfris, is

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

ideaal vir huweliksverryking. Die doel van huweliksverryking in die middeljare is om die goeie huwelik nog beter te maak. Huweliksverryking is 'n hulpmiddel tot 'n meer intieme en oop verhouding met volle gelykheid en positiewe trou.

3.5 WYSES WAAROP HUWELIKSVERRYKING GEDOEN KAN WORD

Huweliksverryking kan deur middel van bestaande programme aangebied word, maar daar is talle variasies. Noval, *et al.* (1996:47) maak daarvan melding dat bestaande programme roweg in drie kategorieë verdeel kan word, naamlik:

- Opleiding in kommunikasie.
- Benaderings met gedragsuitruiling as doel.
- Programme wat 'n verskeidenheid komponente insluit.

Die meeste programme vir huweliksverryking bied eksperimentele werkswinkels aan wat kommunikasievaardighede, probleemoplossing, konflikthantering, persoonlike ontwikkeling, seksualiteit, verhoging van intimiteit en klarifisering van waardes beklemtoon. Hunt, *et al.* (1998:69) meld dat sekere programme beskikbaar of beperk word vir spesifieke populasies, soos byvoorbeeld verloofde pare, pare wat egskeiding oorweeg, enkellopendes of homoseksuele pare.

3.5.1 Groepe vir egpare

Drie soorte groepe word onderskei, naamlik selfhelp- of ondersteuningsgroepe, huweliksverrykingsgroepe en opvoedkundige werkgroepe vir egpare. Groepe het 'n eie dinamika en vra 'n spesifieke ingesteldheid om te bepaal wat die groep as geheel en die groeplede individueel benodig, hoe die interaksie gebruik kan word, beplanning en die daarstelling van norme vir vertrouwe, nie-veroordeling, empatie en die uitdrukking van persoonlike gevoelens. Die groepproses is waardevol in die hantering van verskillende probleme en temas (Gershenfeld, 1985:376). Groepe wat uit egpare saamgestel word, is 'n uitdaging om te hanteer en die dinamika in hierdie groepe is 'n leerskool vir verskeie bedrewehede wat benodig word om 'n verhouding te laat werk. Ervaringe in 'n groep is 'n ryk bron van sosiale ondersteuning, veralgemening en normalisering. Deur middel van sosiale vergelyking tussen groeplede, word individuele spanning verlig (Kushnir, *et al.*, 1996:154). Egpaargroepe is 'n ideale wyse waarop verhoudingsprobleme voorkom kan word. Gershenfeld (1985:377) is van mening dat die egskeidingsyfer drasties sou daal as egpare voortdurend in groepe kon wees.

Die hedendaagse samelewing plaas druk op verhoudings en huwelike. Rolle het verander van tradisioneel na 'n meer gelyke rolverdeling. Spanning word vererger deur mans en vrouens

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

wat albei in beroepe staan. Die behoefte daaraan om met mense wat verstaan en wat dieselfde belewenisse het te praat, word al groter. Vanuit hierdie behoefte kom die wêreld van groepe na vore – as 'n poging om 'n verhouding te skep, te bou of in stand te hou te midde van verwarring en chaos. Die hedendaagse verwagting is dat individue daartoe in staat moet wees om bedrewehede in verhoudings te besit en te gebruik en volgens Gershenfeld (1985:374) het groepwerk met egpare in die laaste jare daartoe bygedra dat hierdie bedrewehede aangeleer kan word.

3.5.1.1 Ondersteuningsgroepe

Evarings word in hierdie opset gedeel en dien as vervanging van vroeëre familiestrukture waar egpare ondersteuning kon bekom. Hierdie groepe bied die volgende aan egpare, naamlik:

- Inligting oor die hantering van probleme.
- Inligting oor beskikbare hulpbronne.
- 'n Gevoel dat mense omgee en ondersteun.

Voorbeelde van hierdie groepe is die volgende:

- Pasgetroudes.
- Egpare van verskillende gelowe.
- Egpare wat 'n nuwe baba verwag.
- Ouers van Down sindroom kinders.
- Ouerskapsgroepe vir ouers met eerste kinders.
- Ouerskapsgroepe wanneer kinders skool toe gaan.
- Ouerskapsgroepe vir ouers met adolessente.
- Stieffamiliegroepe.
- Hantering van bejaarde ouers.
- Voor-aftrede groepe.
- Groepe vir afgetredenes. (Vgl. Gershenfeld, 1985:378.)

In ondersteuningsgroepe word ervarings beklemtoon en nie soseer professionele kennis nie. Die rol van die professionele persoon is die volgende:

- Verwysings na kundiges wat op die terrein spesialiseer.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

- Om op professionele raadgewende rade te dien.
- Dien as konsultante vir bestaande groepe.
- Inisieer of help om nuwe ondersteuningsgroepe te stig. (Vgl. Gershenfeld, 1985:381.)

3.5.1.2 Huweliksverrykingsgroepe

Die fokus van huweliksverrykingsgroepe is die verbetering van huweliksverhoudings. Huweliksmaats word begelei om 'n atmosfeer tussen hulle te skep wat hulle in staat sal stel om meer bewus te raak van die groeipotensiaal in hulleself en in hulle huwelik, om hulle gevoelens en gedagtes met empatie en eerlikheid te eksploreer en uit te druk en om die bedrewehede te ontwikkel en te gebruik wat nodig is om probleme op te los en konflik te hanteer. In hierdie atmosfeer is die huweliksmaats die beste daartoe in staat om hulle volle potensiaal te ontwikkel en te benut (Gershenfeld, 1985:386). Huweliksverryking het ontstaan vanuit die menslike potensiaalbeweging en het wegbeweeg van die mediese- of remediërende model (Gershenfeld, 1985:387). Die model is gebaseer op 'n opvoedkundige- en nie 'n terapeutiese benadering nie en is ontwerp om goeie huwelike beter te maak. Die kerk speel 'n belangrike rol in huweliksverryking, nie alleen as gevolg van kommer oor die hoë egskedingsyfer nie, maar veral omdat individue binne die gesin en die familie van waarde geag word en die huwelik as die basis van die familie gesien word (Hunt, *et al.*, 1998:60).

Huweliksverryking word aan egpare aangebied wat nie ernstige probleme ervaar nie. Die diens moet verkieslik nie aan egpare aangebied word wat besig is om te besluit of hulle moet skei nie. Die opvoedkundige benadering is voordelig omdat huweliksmaats bedrewehede aanleer wat hulle benodig vir die instandhouding van 'n goeie verhouding. Bedrewehede is onder andere gee van empatie, definiëring en oplos van probleme, hantering van konflik, gee van ondersteuning en ontwikkeling van intimiteit. Deelname aan programme wat spesifiek gerig is op aanpassing by elke volgende lewensfase is 'n verdere voordeel (Gershenfeld, 1985:388). Hierdie dienste is aan die grootste deel van die gemeenskap beskikbaar en kos ook nie soveel as huweliksberaad nie, aangesien programme vir huweliksverryking dikwels deur die kerk en deur universiteite aangebied word.

3.5.1.3 Opvoedkundige werkgroepe vir egpare

'n Ervare professionele persoon ontwikkel 'n opleidingsontwerp vir die spesifieke populasie. Die ontwerp hang af van die spesifieke doelstellings vir die program. Die temas word deur die behoeftes van die teikengroep bepaal en word aan die hand van 'n opvoedkundige model aangebied.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

3.5.1.4 Groepe vir ervaringsleer

Gillis & Gass (1993:273-286) bespreek hulle navorsing ten opsigte van buitelug-avontuurervarings vir huweliks- en gesinsverryking. Nege egpare het die geleentheid meegemaak waar oefeninge in die buitelug gedoen is. Die inhoud van die program het op die verbetering van vertroue, kommunikasie en probleemoplossing gefokus. Die resultate was positief, maar moes opgevolg word. Hickmon, Protinsky & Singh (1997:582) is van mening dat hierdie soort ervarings die oordrag van leer na die konteks van die ware lewe intensifiseer. Geen ander navorsing ten opsigte van die onderwerp is opgespoor nie, maar daar is duidelik meriete in die spesifieke benadering. Hickmon, *et al.* (1997:588-589) moedig die gebruik van avontuur-aktiwiteite vir huweliksverryking sterk aan. Verdere navorsing ten opsigte van die benutting van ervaringsleer in huweliksverrykingsprogramme moet egter nog gedoen word.

3.5.2 'Retraites'

Huweliksverryking kan deur middel van 'n *'retraite'* aangebied word. 'n *'Retraite'* is volgens die Afrikaans-Engelse Woordeboek (1987:1125) die Rooms Katolieke term vir 'n stil verblyf in afsondering. Die groep word dus uit die gewone alledaagse omgewing na 'n stil plek weggeneem. Volgens Gershenfeld (1985:375) is hierdie tipe groepe gemeenskaps- of kerklik geborg en is daar 'n nominale fooi daaraan verbonde, dikwels minder as vir huweliksberaad. Die doel daarvan is om die huwelik te verbeter en die groepe word gewoonlik so bemark. Die teoretiese benadering vir die *'retraite'* vanuit die kerklike opset is 'n geloof in die moontlikheid van die individu tot voortdurende groei deur middel van sinvolle verhoudings. (Vgl. ook Clinebell, 1977a:51.) Die groep bestaan gewoonlik uit 'n aantal homogene egpare wat ouderdom en lewensfase aanbetref en dieselfde waardestelsel het. Die groep gaan op 'n wegbreeknaweek en word deur 'n benoemde berader gelei. Die groep kan na afloop van die naweek voortgaan deur weekliks te vergader. Die groep neem 'n aanvang op die Vrydagmiddag laat en eindig die Saterdagoggend of die Sondagoggend. Die aktiwiteite fokus op die verbetering van kommunikasievaardighede.

Die doelwitte van 'n *'retraite'* is die volgende:

- Om groeplede te leer om konflik as 'n gesonde aspek van die huwelik te aanvaar en dat konflik die basis vir groei en ontwikkeling bied.
- Om groeplede te leer dat sekere vaardighede konflik kan hanteer en om hulle te leer om die vaardighede te gebruik.
- Om groeplede in staat te stel om verhoudings met mekaar op te bou waardeur hulle vir mekaar steunstelsels sal word.

Die eerste sessie bied geleentheid vir die egpare om te deel hoe hulle mekaar ontmoet het en

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

wat hulle na mekaar aangetrek het. Die huweliksmaats ondersoek terselfdertyd hulle huwelik. Hierna word tegnieke vir aktiewe luister voorgestel en deur middel van rolspel ingeoefen. Die egpaar kry dan die geleentheid om hulle gevoelens ten opsigte van hulle huwelik met mekaar te deel. Die volgende oggend begin met konflikthantering. Die groepleier laat ook genoeg tyd toe vir ontspanning. Daarna word die veranderde rolle in die huidige samelewing bespreek en na aandete word die onderwerp van seksualiteit aan die hand van visuele materiaal bespreek. Die *'retraite'* word afgesluit met die aktiwiteit waar die egpaar aan mekaar liefdesbriewe skryf. Na 'n tyd van evaluering en ontspanning vertrek die egpare huis toe. (Vgl. Garland, 1983: 138-150.)

Vier soorte aktiwiteite word in hierdie byeenkomste benut, naamlik:

- Aktiwiteite vir die groep as geheel.
- Aktiwiteite vir afsonderlike egpare.
- Aktiwiteite vir kleiner groepe uit die groot groep, bv. 3-4 egpare.
- Perodes van ontspanning. (Vgl. Clinebell, 1977a:52.)

Die moontlikhede is die volgende:

- Dag *'retraites'*.
- Naweek *'retraites'*.
- Reeks van vier tot tien groepbyeenkomste, een keer per week.
- Groeigroepe. (Vgl. Clinebell, 1977a:56.)

3.5.3 Huweliksverrykingsgroep gefokus op kommunikasievaardighede

Wanneer 'n egpaar se luister- en kommunikasievaardighede verbeter, sal die kwaliteit van hulle huweliksverhouding daarby baat. Die leerdoelwitte van hierdie soort groep is die volgende, naamlik:

- Aanleer van vaardighede van aktief-luister.
- Bogenoemde sal lei tot 'n beter begrip vir mekaar se behoeftes en verwagtinge van hulle huwelik.
- Egpare sal die vaardighede nie alleen in die groep gebruik nie, maar ook tuis in hulle alledaagse interaksie. (Vgl. Garland, 1983:110-111).

Die teoretiese benadering vir die groep is vanuit die kliëntgesentreerde benadering van Rogers en die algemene sisteemteorie. Die groep vergader een keer per week vir twee en 'n half ure en vir 'n tydperk van ses weke. Die groep word deur twee groepleiers gelei aangesien

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

daar van baie rollespele gebruik gemaak gaan word om die kommunikasie en luistervaardighede te verduidelik. Huiswerkopdragte word gegee sodat egpare die nuwe vaardighede tuis kan inoefen. Leeraktiwiteite en gestruktureerde ervarings word gebruik. Die sessies in die reeks sien soos volg daaruit:

- **Sessie 1:** Leer mekaar ken en ontwikkel groepidentiteit en doelstellings.
- **Sessie 2:** Verbale en nie-verbale kommunikasie met praktiese inoefening.
- **Sessie 3:** Hantering van konflik en besluitneming.
- **Sessie 4:** Seksualiteit en die gebruik van aktief-luister vaardighede in seksuele aanpassing.
- **Sessie 5:** Rolle en waardes in die huweliksverhouding.
- **Sessie 6:** Afsluiting en evaluering. (Vgl. Garland, 1983:110-138.)

Bogenoemde uiteensetting dui dus daarop dat daar geen enkel voorgeskrewe wyse is waarop huweliksverryking gedoen word nie. Die algemene faktor is die doelstelling van huweliksverryking waar gepoog word om die bestaande potensiaal in 'n huwelik te verbeter.

3.6 LEIERSKAP IN HUWELIKSVERRYKING

3.6.1 Vereistes vir die leier in huweliksverryking

Met groepleierskap word tussen benoemde en funksionele leierskap onderskei. Benoemde leierskap impliseer dat 'n persoon so 'n groep lei as gevolg van spesialiskennis. Met funksionele leierskap word bedoel dat 'n groeplid of 'n egpaar aangewys word vir die leiding van 'n spesifieke aspek.

Garland (1983:10-16) stel die volgende vereistes vir die leier in huweliksverryking:

- Moet self 'n goeie huweliksverhouding hê.
- Die opleiding van die leier moet die volgende insluit:
 - Bedrewehede in kleingroepleierskap.
 - Bedrewehede in huweliksberaad.
 - Bedrewehede in krisisintervensie.
- Die leier moet 'n bedrewe opleier wees.
- Die leier moet op 'n didaktiese wyse inligting kan oordra, maar ook deur gestruktureerde en ongestruktureerde groeppesprekke.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

- Die leier moet 'n model wees van die interaksie wat in die groep voorgehou word. Becnel & Levy (1983:278) beklemtoon dat die groepleier in die areas van die huwelik en die gesin die verantwoordelikheid het om as rolmodel op te tree en gedrag te demonstreer.
- Die leier moet op groei fokus en nie op probleemoplossing nie. Indien daar wel probleme sou ontstaan as gevolg van die aktiwiteite in die verrykingsgroep, moet die leier 'n opgeleide berader wees om die probleme te kan hanteer. Indien nodig, moet die leier so 'n egpaar kan verwys. Hy moet dus deeglik kennis dra van hulpbronne.
- Die leier moet op 'n gebalanseerde wyse selfopenbaring kan doen aangesien hierdie selfopenbaring huweliksmaats daartoe kan lei om gedagtes, gevoelens en gedrag op 'n totaal ander wyse te eksploreer (Vgl. Bornstein & Bornstein, 1986:23.) Die gedrag van die leier dien ook as model vir selfopenbaring.
- Groepleiers moet volgens Vernelle (1994:46) beide goeie taakleiers as sosiaal-emosionele leiers wees. Wanneer daar spesifieke doelstellings is wat bereik moet word, is dit noodsaaklik dat die leier daaraan aandag sal gee, maar nie die interaksie en verhoudings tussen groeplede en hulle individuele behoeftes sal verontagsaam nie. In 'n groep vir huweliksverryking is daar definitiewe doelstellings ten opsigte van die aanleer van vaardighede. Aangesien daar met intieme verhoudings gewerk word, is daar egter emosies ter sprake wat in ag geneem sal moet word.

Die aanbieder van 'n huweliksverrykingsgroep gaan dikwels self gebuk onder spanning en dit kan gebeur dat die toewyding aan die groepe soveel is dat daar min tyd aan die eie huwelik spandeer word. Duncan & Goddard (1993:437) beklemtoon hierdie aspek as stressor in werk met huwelike en ook die feit dat die leier van huweliksverrykingsgroepe gebalanseerd moet wees sodat die eie huwelik nie skade ly nie. Avis (1986:34) meen dat die ideale leiers 'n man en 'n vrou moet wees wat reeds self deur die aanpassings van 'n huweliksverhouding gewerk het en die waarde van verryking en groei voorstaan.

3.6.2 Leierskapsopleiding vir huweliks- en gesinsverryking

Leiers moet so gekies word dat die risiko vir skade aan die deelnemers uitgeskakel is. Professionele persone word meer gebruik as nie-professionele persone. Daar is egter 'n kleiner persentasie groepleiers wat egpare is wat reeds 'n verrykingsgroep bygewoon het en die groei so positief ervaar het dat hulle ander ook daarheen wil lei. 'n Egpaar word ook as leiers verkies omdat die geleentheid vir modellering soveel beter is. Leiers word opgelei deurdat hulle self die program waarvoor hulle opgelei wil word, deurloop en daarna word hulle opgelei deur op hulle medestudente te oefen. Die opleiding is dikwels meer gerig op ervaring as op teoretiese of akademiese inligting.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

Leiers moet verkieslik toegewy wees aan groei in hulle huwelik en steeds besig wees met werk daaraan, goed as 'n span funksioneer en nie met mekaar kompeteer nie, 'n houding van warmte en omgee aan ander egpare uitstraal, gereed wees om hulleself aan die groep te openbaar, sensitief wees vir groeplede en die groeiproses en 'n basiese kennis hê van menslike ontwikkeling, huweliksinteraksie en die groeiproses. (Vgl. Dyer & Dyer, 1986:103 en Duncan & Goddard, 1993:437.) Die aanbeveling word egter gemaak dat die opleiding nie beperk moet word tot een program nie, maar dat daar 'n opleidingsprogram ontwikkel moet word wat op meer aspekte van huwelike fokus.

3.7 TEORETIESE GRONDSLAE VAN HUWELIKSVERRYKING

Verrykingsprogramme word vanuit verskillende sielkundige en sosiologiese teorieë en benaderings ontwikkel. Teorieë en benaderings kan gekombineer word. Volgens Garland (1983:47) is daar egter nog nie genoeg navorsing gedoen om te toets wat die resultate van 'n gekombineerde benadering is nie. Die verskillende benaderings en teorieë soos tydens die literatuurstudie raakgesien, word vervolgens bespreek:

3.7.1 Algemene sisteemteorie

3.7.1.1 Agtergrond

Teorieë ten opsigte van die huwelik en die gesin het sedert die laat vyftigerjare in kontemporêre sielkunde na vore getree. Hierdie paradigma is volgens Laurence (1982:19) die belangrikste dryfkrag agter die huidige teorieë ten opsigte van huweliksbevrediging. Die fokus word op die verhoudingsaspekte van huweliksbevrediging geplaas en nie op die individu nie. Die wyse waarop die verskillende dele van die huwelik en die gesin saam as 'n geheel inpas en die patrone van verskillende elemente van die sisteem is belangrik. Die klem verskuif na verhoudingskonsepte soos rolle, grense, driehoek en koaliesies.

Die algemene sisteemteorie gaan van die standpunt uit dat alle individue deel is van groter subgroepe. Daarteenoor kan enige subgroep weer verdeel word in kleiner subsisteme. Die subsisteme is volgens Benokraitis (1996:37) die fokuspunt in hierdie denkraamwerk. Die geheel is meer as die somtotaal van die onderdele (Phillips, 1976:146). In hierdie denkraamwerk is dit belangrik om te bepaal hoe die verskillende dele by mekaar inpas en funksioneer. Die vermoë van die gesin om goed te funksioneer, is afhanklik van die mate waartoe die gesinstruktuur goed gedefinieer, uitgebrei, buigsaam en verbonde is.

3.7.1.2 Sisteemteorie en die huwelik

Klem word op die prosesse en strukture van verhoudings gelê en nie op probleme nie. Daar

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

word met verhoudingsveranderlikes gewerk en nie met persoonlikheidsveranderlikes nie. Die huweliksverhouding word as 'n sosiale sisteem gesien. Die sisteem sluit sowel die aard van die verhouding as die wyse waarop die huweliksmaats tot mekaar in verhouding staan, in. Die huweliksmaats se kommunikasie, selfbewussyn, onderhandeling en probleemoplossing word verbeter om uiteindelik die sisteem beter te laat funksioneer. In hierdie teorie word die huweliksverhouding soos volg gedefinieer – *"...a consistent network of interacting relationships between persons, with the persons considered as units of the system above and beyond their individual characteristics"* (Gershenfeld, 1985:390). Aanpassings moet gemaak word sodat die sisteem se funksionering verbeter. Hiervoor word die volgende drie stappe benodig, naamlik die oordra van nuwe inligting oor die komponente, die huweliksmaat en die sisteem.

Tweedens moet die huweliksmaat hierdie inligting ontvang en derdens moet die huweliksmaats op die inligting reageer en handel. Vaardighede ten opsigte van bewuswording en kommunikasie word oorgedra in programme wat uitsluitlik op die sisteemteorie gebaseer is. Laurence (1982:26) beklemtoon die waarde van die kommunikasieproses in huweliksbevrediging. Evaluatiewe navorsing toon dat programme van hierdie aard suksesvol is mits die huweliksmaats genoeg tyd aan die inoefening en bemeestering van vaardighede spandeer.

Huweliksbevrediging is die proses waarin die klimaat geskep word waar die dikwels konflikterende behoeftes aan differensiasie en om te behoort gebalanseer is en groei vir die totale sisteem meebring. Die ervaringe vanuit die gesin van herkoms word wel in ag geneem omdat sekere patrone van interaksie reeds daar vasgelê word wat 'n invloed op die huidige patrone kan hê (Laurence, 1982:23). Die invloed van die gesin van herkoms kan nie buite rekening gelaat word nie.

3.7.2 Humanistiese psigologie

3.7.2.1 Die selfaktualiseringsteorie van Maslow

Hierdie teorie is daarop gebaseer dat die individu wat reeds sy basiese behoeftes vervul het, 'n nuwe behoefte ontwikkel, naamlik die behoefte aan permanente groei deur die ontwikkeling van kreatiwiteit en onbenutte potensiaal (Vgl. Pines, 1996:42). Die individu het 'n voortdurende, maar dikwels verborge drang na groei. Deur middel van die model vir groei word hierdie behoefte ontsluit. Vir die humanis is die mens konstant in 'n proses van wording. Die aanname word gemaak dat die mens 'n ingebore drang tot groei het. Maslow se konsep van selfaktualisering verwys na die proses of strewe daarna om 'n volledig funksionerende mens te word. Volledig funksionerende individue heg waarde aan buigsaamheid, verandering en openheid. Nuwe ervaringe vir leer word met opgewondenheid en energie nagestreef. Maslow (1966: 144) meen dat die selfgeaktualiseerde individu verder kan waag en sien en

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

dan ook op 'n meer inklusiewe en geïntegreerde wyse. Gevoelens word nie ontken nie, maar eerder gesien as 'n genotvolle ervaring. Hierdie individue neem verantwoordelikheid vir die rigting waarin hulle lewens gaan en stuur hulle lewens in die gekose rigting sonder om hulle deur ander te laat voorskryf. Die 'hier-en-nou' is belangrik in terme van die belofte wat vandag se gedrag vir toekomstige vervulling inhou. Die verlede word nie beklemtoon nie, behalwe dat die verlede riglyne kan bied vir die huidige verhoging van selfaktualisering. Die fokus word op ervaringe en op die ontwikkeling van die self tot die hoogste potensiaal geplaas. Die spontane vloeï van gevoelens word waardeer en as intrinsiek tot die uiteindelijke groeiproses beskou. (Vgl. Laurence, 1982:17.) Die opkoms van die menslike potensiaal beweging, groepervaringe, sensitiwiteitsopleiding en selfhelpboeke oor persoonlike groei is produkte van die humanistiese denkers.

3.7.2.2 Die teorie van Rogers

Die kliëntgesentreerde teorie van Rogers hou in dat die groeipotensiaal van enige individu ontsluit sal word in 'n verhouding waarin die individu opregtheid, omgee en nie-veroordelende begrip ervaar. (Vgl. Pines, 1996:42.) Opregtheid en kongruensie in 'n verhouding bring verandering in huweliksmaats teweeg. Individue ervaar hulleself as van waarde al dan nie, gebaseer op die wyse hoe ander hulle sien of na aanleiding van die kulturele definisies van sukses. Individue word deur middel van verhoudings daarvan bewus dat hulle ontwikkelende organismes is met eie begeertes, gevoelens en persepsies en dat hulle op hulleself kan vertrou en ook hulle eie oordeel kan vertrou. Hierdie programme leer huweliksmaats empatiese vaardighede van aandag skenk, waarneming en luister aan. Die kliëntgesentreerde benadering van Rogers impliseer dat die houdings wat noodsaaklik is by een huweliksmaat om verandering by die ander huweliksmaat teweeg te bring, opregtheid, kongruensie, empatie, nie-besitlike omgee en bevestiging van die ander is. Die gevoelens wat deur een van die huweliksmaats uitgespreek word, moet verstaan word en met empatie aangehoor word. Die ideaal is dat elke huweliksmaat eers die boodskap wat die ander maat oordra, herformuleer om te bepaal of die boodskap reg ontvang en verstaan is.

3.7.2.3 Humanistiese denke en die huwelik

Huweliksverhoudings is sterk deur die humanistiese denke beïnvloed. Aktiewe reflektoring ten opsigte van die kwaliteit van die huwelik word aangemoedig. Hierdie siening bring nuwe perspektief op die huwelik en bied selfs nuwe tegnologie waar die hoop uitgespreek word dat die individu geleer kan word om nuwe weë van groei en betekenis in hulle huwelike te verkry. Humanistiese psigologie sien menslike verhoudings en persoonlike groei as die kernelemente van huweliksbevrediging. Humaniste glo dat die huwelik persoonlike groei sal bevorder. Liefde vir die selfgeaktualiseerde huweliksmaat deur 'n selfgeaktualiseerde huweliksmaat, het

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

tot gevolg dat die een die ander nie probeer verander nie, maar onvoorwaardelik aanvaar (Maslow, 1966:116). Die huwelik moet tot selfaktualisering bydra. Hierdie voorskrif vir huweliksgeluk open deure vir die bestudering van verhoudingsveranderlikes in die huwelik. Verskeie hipoteses word met huweliksgeluk geassosieer, naamlik:

- Hoe beter die kwaliteit van die kommunikasie tussen huweliksmaats, hoe groter is die moontlikhede vir huweliksgeluk.
- Hoe meer oop die egpaar vir die ontwikkeling van hulle volle potensiaal is, hoe groter die moontlikheid vir huweliksbevrediging.
- Wanneer die huweliksverhouding 'n klimaat vir elke individu skep om volledig funksionierend te word, word die moontlikheid vir huweliksbevrediging groter.

3.7.3 Behavioristiese teorie

Behavioriste fokus op die wette van leer wat menslike gedrag beheers. Die rol van die onbewuste en interne impulse in die motivering van gedrag word nie in ag geneem nie. Klem word geplaas op situasies wat deur versterking en deur die betrokke individue beheer word. Omgewingsfaktore en kognitiewe veranderlikes word in ag geneem. Modelle van huweliksbevrediging binne die behavioristiese raamwerk meen dat suksesvolle huwelike deur die hoeveelheid versterking soos van die huweliksmaat ontvang en weer teruggegee, bepaal word. (Vgl. Laurence, 1982:14.) Versterking vind egter nie in 'n vakuum plaas nie en die interaksie met ander versterkende aspekte word wel in hierdie model in ag geneem. Die wêreld bestaan uit mense, situasies en gedrag. Huweliksbevrediging is 'n funksie hiervan. Suksesvolle egpare handhaaf 'n balans tussen hierdie faktore op so 'n wyse dat maksimum voordele met minimale koste deur huweliksmaats uitgeruil word.

Die teorie van sosiale leer en die fokus op die uitruil van versterking tussen huweliksmaats en gesinne, vorm die raamwerk van behavioristiese denke. Aspekte waarop gefokus word, is positiewe en negatiewe versterking, kondisionering en vorming ('*shaping*'). In hierdie programme gee huweliksmaats vir mekaar positiewe versterking vir veranderde gedrag. Kommunikasie is ook gerig op positiewe terugvoer. Gedrag wat verander word, word deur die huweliksmaat versterk. Verdere navorsing ten opsigte van programme wat suiwer op hierdie teorie ontwikkel is, moet nog gedoen word. (Vgl. Gershenfeld, 1985:393.) Die resultate van hierdie programme was meer suksesvol waar daar ook eksterne versterking vanaf ander egpare was.

3.7.4 Psigo-analitiese teorie

Psigo-analitiese teoretici heg waarde aan 'n intrapsigiese perspektief om menslike gedrag te verstaan. Selfs in die ontleding van huweliksverhoudings val die klem op die interne vlak van

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

sowel die individu as die tweekant. Huweliksbevrediging word gesien as die funksie van die ontwikkelingsvlakke van die twee individue en die egpaar. Die kompleksiteit van individuele ontwikkeling word in berekening gebring. Moderne psigo-analitiese koppel nie meer alle menslike gedrag aan die onderdrukking van seksuele en aggressiewe instinkte soos wat Freud gedrag interpreteer het nie (Laurence, 1982:6). Die onderbewussyn word egter as belangrik geag. Die keuse van 'n huweliksmaat word deur beide bewuste en onbewuste invloede bepaal, byvoorbeeld dat 'n man 'n vrou soek wat soos sy moeder is. Hierdie aspekte kan tot konflik lei, nie alleen in die huweliksverhouding nie, maar ook in die individu self. Suksesvolle terapie sal vereis dat daar aan die interpersoonlike en die intrapsigiese dinamika van die egpaar gewerk word. Laurence (1982:8) maak melding van die werk van Kernberg waarin die eerste drie jaar van 'n kind se ontwikkeling gesien word as die bepalende faktor vir volwasse liefde. Probleme in die eerste drie jaar van lewe mag die individu se vermoë om lief te hê, belemmer. Probleme ten opsigte van huweliksbevrediging word in die psigo-analitiese denke na ervaringe in die kinderjare herlei. 'n Oplossing vir hierdie probleme vanuit die kinderjare word benodig alvorens die individu intrapsigies bevry kan word om die volwasse lewe te geniet.



Die ontwikkeling deur die lewensiklus word deur Erikson aangespreek en wel deur die beklemtoning van die ontwikkelingskrisis van die jong volwassene (Laurence, 1982:11). Intimiteit versus isolasie is die ontwikkelingstaak van die jong volwassene. 'n Deeglike bewustheid van die self is noodsaaklik vir selfopenbaring aan ander mense. Ware intimiteit word bepaal deur 'n sekere individuele identiteit. Veranderinge in identiteit sal veranderinge in patrone van liefde tot gevolg hê. Twee huweliksmaats wat nog nie 'n volledige bewussyn van die self het nie, gaan probleme ten opsigte van selfopenbaring ervaar met 'n duidelike invloed op die intimiteit in die huwelik.

Psigo-analitiese modelle van huweliksbevrediging omvat 'n sterk ontwikkelingsperspektief. Hierdie perspektief sien huweliksbevrediging as 'n funksie van beide intrapsigiese en interpersoonlike faktore wat in 'n komplekse wyse in persoonlike ervaringe verweef is. Probleme ten opsigte van individuele ontwikkeling gaan 'n invloed op die interaksie tussen huweliksmaats tot gevolg hê.

3.7.5 Kognitiewe herstrukturering

3.7.5.1 Inleiding

Kognitiewe herstrukturering is een van die teorieë waarop huweliksverrykingsprogramme ontwikkel word. Elke mens het 'n eie manier om na homself en die wêreld te kyk, maak voortdurend veronderstellinge en formuleer hierdie veronderstellinge dan op 'n eie manier. Individuele persepsies en kognisies kan 'n huweliksmaat se emosies en gedrag teenoor die

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

ander maat beïnvloed (Baucom & Epstein, 1990:13). Huweliksmaats vorm ook 'n beeld van probleme wat in die verhouding ervaar word, wat verkeerd gegaan het en hoe die probleem hanteer en verander moet word. Verhoudingsprobleme word nie soseer deur die gebeure tussen huweliksmaats beïnvloed nie, maar deur die persepsies ten opsigte van die gebeure wat plaasvind (Kushnir, *et al.*, 1996:155). Persepsies ten opsigte van die waarde van kommunikasie in die huwelik, gaan die huweliksverhouding en uiteindelijke huweliksaanpassing beïnvloed en nie soseer die werklike kommunikasie nie (Gordon, *et al.*, 1999:212). Deur middel van kognitiewe herstrukturering kan die huweliksmaat/s gehelp word om persepsies en verwagtinge ten opsigte van kommunikasievlakke aan te pas na die werklike aard van kommunikasievlakke en daardeur kan die huweliksbevrediging verhoog word (Gordon, *et al.*, 1999:220). In kognitiewe herstrukturering word die individu gehelp om nuwe moontlikhede raak te sien en die persepsie ten opsigte van die probleem te verander. Die kliënt word gelei om self die verbande raak te sien. Ephross & Vassil (1988:158) meen dat individue binne groepsverband nog meer moontlikhede kan raaksien. Die sogenaamde 'probleem' kan aan die hand van die nuwe moontlikhede herformuleer word met uiteindelijke nuwe oplossings daarvoor.

Die individu se siening van 'n spesifieke probleem gaan bepaal hoe erg hy die probleem beleef. Die werklikheid van die probleem is dus nie so erg nie, maar wel die belewenis daarvan. O'Donohue & Crouch (1996:98) beklemtoon die aangeleerde geslagsrolle in die gesin van herkoms en die invloed daarvan op kommunikasie en konflikthantering. Vansteenwegen (1992: 54) gebruik die voorbeeld van 'n man wat die rusies tussen hom en sy vrou nie erg beleef nie omdat die rusies nie so erg is as wat sy ouers rusie gemaak het nie. Die vrou ervaar die rusies baie erg omdat haar ouers nie rusie gemaak het nie en sy dus nie daaraan gewoond is nie. Die verskil in persepsie oor die rusies kan die probleem net vererger. Kognitiewe herstrukturering word gebruik om die huweliksmaats te help om hulle beleving van hulleself, hulle maat en hulle verhouding te verander deur die ingryping van 'n terapeut. Die verband tussen huidige persepsies en vroeëre gebeure moet getrek word en die wyse waarop hierdie persepsies die huidige verhouding beïnvloed, moet uitgewys word.

3.7.5.2 Ontwikkeling van persepsies

Wanneer persepsies verandering in die huweliksverhouding terughou, kan die persepsie as negatief beskou word. Oordrewe idees van mekaar en van die self, hetsy positief of negatief, mag die verhouding in totaliteit affekteer. Wanneer twee persone nog op mekaar verlief is, het hulle 'n oordrewe positiewe beeld van mekaar en die realiteit word daardeur verbloem. Positiewe persepsies vra egter nie hulp nie, maar negatiewe persepsies wel. Hoe langer die huwelik duur, hoe erger kan die invloed van die negatiewe persepsies op die verhouding word. Wanneer 'n individu gedurig in 'n konflik moet hoor 'Jy is altyd.....', begin hy glo dat dit die

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

geval is. Vansteenwegen (1992:56) meld dat daar eers aan die kognisie of persepsie van die huweliksmaat gewerk moet word voordat 'n persoon se gedrag sal verander.

3.7.5.3 Werkwyse ten opsigte van kognitiewe herstrukturering

Alles wat met die egpaar gedoen word, het ten doel om die persepsies te verander.

- In die eerste kontak met die egpaar word die verlede wel bespreek, maar slegs om die oorsprong van verkeerde persepsies vas te stel. Die huidige konflik en probleme word bespreek waarna die verlede afgesluit word en die fokus op die toekoms geplaas word.
- Die egpaar ontvang take om tuis te doen. Hulle moet daagliks vir een uur neerskryf wat hulle van hulle maat irriteer en die irritasie op 'n skaal van een tot tien aandui. Hulle sal waarneem dat die skaal soms 'n kleiner getal aandui en dat die irritasie dalk ook nie so groot is as wat oorspronklik gemeen is nie. Die mate waartoe die irritasies die maat beïnvloed, wissel ook van dag tot dag en kan dikwels toegeskryf word aan konkrete voorvalle, interaksies of gedrag. Wanneer een persoon moeg is en spanning ervaar, sal die gedrag van die ander persoon uiteraard meer irriterend wees as wanneer albei ontspanne is. Die belangrikheid van irritasies en die invloed daarvan op die algemene funksionering word deur hierdie oefening beklemtoon.
- Soms is dit ook nodig om didakties met die egpaar te werk te gaan en hulle konkrete aspekte van verhoudings aan te leer. Egpare glo dikwels dat hulle 'n verhouding met volkome verliefdheid moet handhaaf en meet hulle daaglikse funksionering daaraan. Inligting oor 'n bevredigende intimiteit word deurgegee met die nodige vaardighede daarvoor. Toewyding aan mekaar word beklemtoon saam met die realiteit dat geen verhouding volmaak is nie. Tweedens word inligting oor persoonlike ruimte deurgegee. Elke mens het behoefte aan aandag, respek en liefde. Elke mens het ook behoefte daaraan om soms alleen te wees, om baas te wees van sy of haar eie liggaam en om kontrole te hê oor sommige aktiwiteite. Derdens kan daar inligting gegee word oor kommunikasie en die invloed van sisteme. Vierdens kan inligting ten opsigte van opvattinge oor seksuele reaksie gegee word. Probleme op seksuele gebied beïnvloed die totale huweliksverhouding. (Vgl. Vansteenwegen, 1992:57-66.)

3.7.5.4 Verbale intervensies deur die terapeut

- Interpretasies word gemaak sodat die egpaar insig in hulle eie funksionering en hoe vorige gebeure en persepsies hulle huidige funksionering beïnvloed, kan ontwikkel. Daar word van die individu na die verhouding beweeg. Die interaksie tussen die twee huweliksmaats word beklemtoon en nie soseer daardie aspekte wat elkeen

afsonderlik verkeerd doen nie. Die onduidelike word geklarifiseer sodat die aspekte duidelik rasioneel word. *'Relativeren'* van die wyse waarop hulle mekaar beleef - die terapeut konfronteer die egpaar met die feit dat hulle mekaar op 'n spesifieke wyse beleef en dat hierdie belewenis nie noodwendig is soos wat hulle is nie.

- Positiewe etikettering vind plaas wanneer die terapeut die voorbewuste na die oppervlak gebring het en hierdie aspekte dan verder neem deur 'n positiewe betekenis daaraan te heg. Op hierdie wyse word die aard van die probleem duidelik en kan die egpaar die probleem verder hanteer.

Inligting kan stelselmatig deur die terapeut deurgegee word. Die waarde van konflik en wyses vir die hantering daarvan is waardevolle inligting vir verdere funksionering.

3.7.5.5 Die benutting van literatuur

By sommige egpare is dit nuttig dat hulle iets oor hulle probleme lees. Wanneer 'n egpaar lees dat dieselfde probleme by ander voorkom en dat daar wyses is om die probleme te hanteer, kan hulle meer insig ontwikkel (Vansteenwegen, 1992:72). Van Widenfelt, *et al.* (1997:662) en Hunt, *et al.* (1998:152-153) beklemtoon dat huiswerk die leer- en groeigeleenthede vir die egpaar uitbrei. Die egpaar leer om beskikbare hulpbronne vir die aanspreek van hulle eie probleme te gebruik.

3.7.5.6 Voorbeelde vanuit ander verhoudings

Voorbeelde uit die verhoudings van ander egpare waar verandering wel plaasgevind het, en selfopenbaring deur die terapeut kan ook daartoe bydra dat 'n egpaar insig ontwikkel en uiteindelik hulle persepsies en gedrag verander (Vansteenwegen, 1992:73).

3.7.6 Die groeimodel in huweliksverryking

Die model vir groei word vanuit die volgende benader, naamlik:

3.7.6.1 Mensbeskouing

- Die mens word vanuit sy werklike sterkpunte en sy onbenutte potensiaal beskou.
- Die feit dat die individu 'n diep innerlike strewe daarna het om die positiewe in hom verder uit te bou, word in ag geneem.
- Die individu het, nadat hy die potensiaal in homself ontdek het en benut, 'n strewe na 'n beter toekoms.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

7.6.2 Metodiek

Die bevordering van beter kommunikasie met die self, met ander, met die omgewing en met God.

Die ontwikkeling van nuwe vaardighede in die opbou en uitbou van verhoudings.

Die neem van positiewe besluite en dae as bron van groei.

Die benutting van die moontlikhede tot groei in elke lewensfase.

Die aanleer van die vermoë om pyn en krisis te omskep en te benut as geleentheid tot groei.

Die aanleer van beter metodes tot geestelike groei, volwassewording, waardebesef, gevoel van sinvolheid en die wete dat hy as individu veranker is en nie doelloos rondswerf nie. (Vgl. Clinebell, 1977a:12.)

Hierdie model vir groei skep hoop. Pyn, probleme en konflik word nie ontken nie. Die probleme word deur middel van die positiewe en die sterkpunte van die individu en die huweliksverhouding hanteer. Groei neem tyd en moet verkieslik ook nie aangejaag word nie. Huweliksmaats moet daarvan bewus gemaak word dat verandering tog 'n element van verlies inhou, maar dat groei 'n uitdaging is (Mojas, 1996:88). Die metodes en tegnieke van huweliksberaad word gebruik, maar met sterk klem op die skep van hoop uit daardie aspekte wat wel in die verlede geslaag het en die beklemtoning van die sterkpunte van die huweliksmaats individueel en as egpaar. Die hoop word geskep in die aanwending daarvan vir die skep van 'n meer stabiele en positiewe toekoms (Clinebell, 1977a:13). Beraad sal altyd nodig wees, maar hulp aan die 'normale' individu en die 'normale' huwelik mag nie agterweë gelaat word nie. Deur middel van hierdie model vir groei kan meer individue op een slag bereik word. Huwelike, gesinne en groepe word ingesluit en die uitbou van verhoudingsnetwerke word sodoende verbeter.

3.7.6.3 Van 'n goeie na 'n beter huwelik

Clinebell (1977a:30) is van mening dat daar onder elke 'normale' huwelik 'n latente beter huwelik staan met beter kommunikasie, beter seksuele vervulling en beter vervullende liefde. Vanuit die groeiperspektief word die huwelik beskou as 'n proses van verandering en ontwikkeling – 'n gesamentlike produk wat deur beide huweliksmaats voortdurend tot ontplooiing gebring word deur die wyse waarop hulle met mekaar kommunikeer en mekaar versorg. Huwelike met ernstige huweliksprobleme kan alleen deur middel van huweliksberaad gehelp word, maar die deursnee huwelik wat 'n kombinasie is van pyn en vreugde, frustrasie en voldoening, afstand en nabyheid, gaan deur middel van die metodes van die model van groei daartoe lei dat die latente huwelik na vore kom.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

3.7.6.4 Groeigerigte huweliksverryking

Die doel is om aan elke egpaar die geleentheid te stel om hulle eie optimale huwelik te skep – 'n groeiende verhouding wat in al hulle behoeftes voorsien. Die huwelik is 'n intieme en oop huwelik met gelykheid en positiewe trou. Die ideaal is 'n bevrydende huwelik waarin huweliksmaats die vryheid vind om hulle individuele potensiaal optimaal te benut op so 'n wyse dat die verhouding vir albei huweliksmaats 'n verrykende ervaring is. (Vgl. Clinebell, 1977a:35.) Die kenmerke van 'n bevrydende huwelik is die volgende:

- Verantwoordelikheid vir die bevrediging van mekaar se behoeftes.
- Oop en geïnteresseerde kommunikasie.
- Nabyheid en tog ook respek vir die individuele behoefte aan privaatheid.
- Outonomie en onderlinge afhanklikheid.
- Egte eerlikheid en gelykheid.
- Insette vir mekaar se groei.
- Geen starre of ondergeskikte rolverdeling.
- Voortdurende groei en verandering.
- Bekwaamheid om konflikte te benut vir diepere intimiteit.
- Verdieping van seksuele bevrediging.
- Groeiende intimiteit tot op die punt van singewing en geloof.
- Versterking van die huweliksidentiteit. (Vgl. Clinebell, 1977a:35-36.)

3.7.7 Huweliksverryking in die kerk

Die eerste huweliksverrykingsprogramme het in kerklike verband begin. Kerklike verband word hier breed geformuleer as 'n gemeenskap van mense wat 'n gemeenskaplike geloofsverbondenheid beleef. Die programme is gebaseer op die siening dat individue wat geleer het om hulle basiese behoeftes te bevredig, moet aanhou groei deur hulle kreatiwiteit en ongebruikte potensiaal te ontwikkel. Die programme is dikwels eklekties saamgestel. Egpaargroepe en naweek-'*retraites*' is die wyses waarop programme in die kerk aangebied word. Die benadering is meer filosofies as 'n aanwending van teorie. Gewone lidmate wat reeds die proses van positiewe groei voltooi het, word dikwels vir nuwe groepe gebruik. Die gevaar bestaan egter hier dat daar slegs hoop geskep word en dat die egpaar nie genoeg nuwe vaardighede aanleer nie.

Die aanbieding van huweliksverryking deur kerklike en godsdienstige gemeenskappe het

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

waarde. Godsdienstige toewyding verhoog huweliksgeluk en het groter toewyding tussen huweliksmaats tot gevolg (Hunt, *et al.*, 1998:63). Hierdie aspek word ook deur Bumpass, Martin & Sweet (1991:30) en Heaton & Pratt (1990:192) beklemtoon, naamlik dat die voorkoms van egskedding minder en die huweliksbevrediging beter is vir egpare wat dieselfde geloofsoortuigings en toewyding het. Beelde wat huweliksmaats van God het, het volgens Greeley (1991) in Hunt, *et al.* (1998:63) 'n direkte invloed op die huweliksverhouding. Warm en intense beelde van God korreleer met met 'n warm en intense verhouding met die huweliksmaat.

Die kerk is die enigste instansie wat deurlopend met 'n individu kontak het vanaf geboorte tot afsterwe en is dus 'n kragtige hulpbron. As gevolg van die hoër lewensverwagting van die mens het die kerk dus nog 'n langer verantwoordelikheid. Die kerk is dikwels betrokke by mense in krisis en hierdie betrokkenheid is dan ook die ideale geleentheid vir begeleiding om sterkpunte en potensiaal te ontsluit om die krisis te kan hanteer. In die kerk kan die moontlikheid om ander gewone individue en nie net professionele persone nie, te gebruik om ander gelowiges by te staan, ondersoek word. Individue wat reeds die positiewe in hulleself ontdek het, kan uiters suksesvol aangewend word.

Stanley & Markman (2001:14) noem vier redes waarom godsdienstige organisasies so 'n belangrike rol in voorkomingsdienste ten opsigte van die huwelik speel:

- Die meeste egpare tree in die huwelik onder die beskerming van 'n godsdienstige organisasie.
- Godsdienstige organisasies het nie nodig om van die doelstellings vir voorkomende intervensies oortuig te word nie.
- Godsdienstige organisasies het tradisies en strukture vir die lewering van opvoedkundige programme wat konsekwent is in terme van die waardes wat beklemtoon word.
- Godsdienstige organisasies is diep gesetel in die onderskeie kulture en daarom is die weerstand en struikelblokke baie minder.

Huweliksverryking in die kerk het reeds in die eerste helfte van die eeu begin en die doel daarvan is steeds om mekaar beter te leer ken en om gevoelens met mekaar te deel. Enkele kommunikasievaardighede word aangeleer. Die beweging in die kerk is ook nog nie genoeg nagevors nie, veral omdat die programme op meer filosofiese uitgangspunte as op teoretiese basisse gebou is en hierdie aspek word as 'n leemte beskou.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

3.7.8 Ander teoretiese benaderings

- **Gestalt** – programme fokus op die prosesse van kommunikasie.
- **Transaksionele analise** – huweliksmaats word geleer om hulle egostaat te kontroleer.

3.8 HUWELIKSVERRYKING IN DIE FASES VAN DIE HUWELIK

3.8.1 Verryking van pasgetroudes

Huweliksverryking het ten doel om goeie huwelike beter te maak en om bestaande potensiaal te ontwikkel sodat aspekte in die huweliksverhouding hanteer kan word voordat die aspekte in probleme ontaard. Egpare word deur middel van huweliksverryking met noodsaaklike vaardighede en insigte toegerus om hulle in staat te stel om toekomstige probleme te kan hanteer. Hawley & Olson (1995:130) beklemtoon die waarde van huweliksverryking vir pasgetroude egpare. Die nuwe egpaar het verskeie ontwikkelingstake om te voltooi soos onder andere die daarstelling van konflikhanteringstrategieë, die wegbeweeg van die gesin van herkoms en die ontwikkeling van 'n nuwe huweliksstelsel. Carter & McGoldrick (1999:231) meen dat die taak om 'n nuwe egpaar te word die mees komplekse en moeilikste oorgang in die lewensiklus van die gesin is. Die geleentheid vir die aanleer van nuwe vaardighede om hierdie oorgang te hanteer, is dus ideaal.

Hawley & Olson (1995) het drie programme wat vir pasgetroudes gebruik kan word, in hulle navorsing ingesluit, wat vervolgens bespreek gaan word:

- *Learning to Live Together* is 'n program van agt sessies wat spesifiek ontwerp is vir paartjies in die oorgang tot die huwelik. Hierdie program was effektief in die sin dat egpare gehelp word om met konflik op 'n nie-destruktiwe wyse om te gaan en om hulle aan te moedig om hulp van buite te soek in die oplos van probleme. Onderwerpe sluit kommunikasie, gesin van herkoms, finansies, seksualiteit, konflikhantering, rolle en ouerskap in.
- Die tweede program wat gebruik is, was *Growing Together* soos deur Dyer & Dyer in 1990 ontwikkel. Hierdie program staan 'n groeigeoriënteerde filosofie van die huwelik voor deurdat die egpaar aangemoedig word om vir groei en vordering in hulle verhouding te beplan. Die program bestaan uit agt sessies met onderwerpe tipies aan die pasgetroude egpaar soos gesin van herkoms, kommunikasie, konflikhantering, seksualiteit/intimiteit, finansiële bestuur en die ontwikkeling van 'n groeiplan. Die drie metodes wat in die aanbieding gebruik word, is kort aanbiedings deur die groeipleier, groepbesprekings en oefeninge wat deur die egpaar op hulle eie

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

gedoen word.

• TIME (*Training in Marriage Enrichment*) soos deur Dinkmeyer & Carlson (1984) ontwikkel, is die derde program wat in die navorsing gebruik is. Hierdie program is 'n algemene huweliksverrykingsprogram wat in al die fases van die huwelik gebruik kan word en fokus op aspekte soos wedersydse aanmoediging, kommunikasie en vaardighede vir die hantering van konflik. Die program plaas veral klem op die aanleer van nuwe vaardighede en maak gebruik van 'n teks, 'n oudioband en oefeninge deur die huweliksmaats.

Egpare wat tussen ses maande en twee jaar getroud was, is in die navorsing gebruik aangesien hierdie tydperk die fase van die nuwe egpaar omsluit. Huweliksverryking vir die nuwe egpaar het waarde in terme van die aanleer van nuwe vaardighede, maar longitudinale navorsing is nodig om te bepaal of die egpaar die vaardighede gebruik het om probleme te voorkom of dan te hanteer indien die probleme wel voorkom (Hawley & Olson, 1995:146). Die mening word gehuldig dat 'n egpaar nooit te vroeg in hulle huwelik nuwe vaardighede kan aanleer nie. Huweliksverryking vir die nuwe egpaar het dus wel waarde. Kearns (1980) het 'n huweliksverrykingsprogram vir jonggetroudes ontwikkel met die doel om konflikhanteringstrategieë aan te leer. Die waarde daarvan om reeds aan 'n jonggetroude egpaar nuwe vaardighede te leer, word deur Kearns (1980:144) beklemtoon en ook aanbeveel.

3.8.2 Egpare met jong kinders

Die oorgang na die fase van ouerskap is moeiliker as voorheen. Die huidige samelewingsomstandighede stel veel meer eise (Carter & McGoldrick, 1999:249). Geen inligting ten opsigte van huweliksverrykingsprogramme spesifiek vir ouers met jong kinders kon gevind word nie. Bestaande programme soos in hierdie hoofstuk bespreek, kan egter vir enige fase van die huwelik aangepas word. Aanbieders van programme moet die inhoud van die program so struktureer dat die uniekheid van hierdie fase ten opsigte van verwagtinge en behoeftes eie aan die fase aangespreek word. Huweliksverryking kan in enige fase van waarde wees. Die essensie van 'n gelukkige huweliksverhouding vir kinders word in die volgende vervat: *"A person who remembers a happy childhood and good parents wants to repeat that experience, while someone escaping a terrible childhood often seems impelled to try to do it differently."* (Carter & McGoldrick, 1999:249). Wanneer kinders in die huweliksverhouding bykom, is dit volgens Young & Long (1998:16) noodsaaklik dat die huweliksmaats hulle verhouding uitbrei om psigies ruimte vir die kind/ers te skep terwyl die verhouding van die ouers in die proses beskerm word. Buigsaamheid ten opsigte van rolle moet aangespreek word terwyl die eie verwagtinge ten opsigte van ouerskap van elke huweliksmaat ondersoek en aan die ander maat gekommunikeer moet word. Ouerskap duur

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

nie vir ewig nie en indien daar nie aan die intieme verhouding tussen huweliksmaats aandag gegee is terwyl die kinders nog jonk is nie, gaan die invloed daarvan ervaar word wanneer die eise van ouerskap afneem en die huweliksmaats slegs mekaar as geselskap het.

3.8.3 Verryking van die huwelik in die middeljare

3.8.3.1 Die doel van huweliksverryking in die middeljare

Die middeljarige egpaar kan, meer as op enige ander stadium in hulle getroude lewe, baat vind by huweliksverryking. Dit gebeur dikwels dat 'n egpaar in hulle kinders belê en nie werklik in hulle huwelik nie. Die huwelik hoef nie noodwendig skade te ly nie, maar daar is ook geen verdere groei nie. Denton (1986:3) definieer huweliksverryking as 'n manier om egpare te help om hulle sterkpunte te ontdek en dit te benut en te bevorder alvorens dit nodig is om vir hulp te gaan vra. Mace & Mace (1986:8) en Clinebell (1977:13) meld dat huweliksverryking 'n poging is om die bestaande hulpbronne en kragte in 'n huwelik na vore te bring. Die egpaar verleer dikwels om die positiewe aspekte in hulle verhouding te benut. Met behulp van huweliksverryking kan die bestaande potensiaal in die huwelik dus uitgebou word.

Huweliksverryking in die middeljare is noodsaaklik vir die volgende redes:

- **Hoër lewensverwagting** – mense is langer getroud en elke nuwe lewensfase moet met nuwe kreatiwiteit aangepak word. Gesonde huweliksverhoudings en huweliksbevrediging is alleen moontlik waar egpare daartoe in staat was om hulle verhouding met elke nuwe lewensfase te verryk.
- **Bewussyn en verwagtinge van die vrou** – daar is nie meer 'n tradisionele verdeling waar die man die vrou se meerdere is nie. Die vrou se rol het oor die laaste paar dekades verander. Die tradisionele rol van die vrou verander na 'n rol waar die vrou meer aktief en prominent staan en die man kan daardeur bedreig voel. Die vrou soek ook na gelykheid. Hierdie soeke na gelykheid is vir die man bedreigend en kan tot konflik lei. Verryking dra daartoe by dat die rolverdeling meer vervullend word. Toewyding aan mekaar se groei word deur verryking gekry. Sowel individuele groei as gesamentlike groei kan deur die positiewe benutting van die veranderinge verkry word.
- **Teenvoeter vir eensaamheid** – die middeljare bring baie verliese mee en kan tot eensaamheid lei. Huweliksverryking help om die huweliksverhouding te verryk sodat die verhouding 'n intieme ervaring vir beide huweliksmaats kan wees. 'n Gelukkige en bevredigende huwelik is een van die beste geleenthede vir 'n diepte-verhouding met 'n ander mens. (Vgl. Prinsloo, 1994:137.)

Positiewe huweliksverhoudings is alleen moontlik waar egpare daartoe in staat was om hulle

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

verhouding te verryk met elke nuwe lewensfase. Huweliksverryking kan die geleentheid skep om die veranderinge te omskep in 'n wins en tot voordeel van die huweliksverhouding. Deur middel van huweliksverryking kan die egpaar die veranderinge benut vir individuele groei, maar ook vir gesamentlike groei. Die huwelik kan alleen groei wanneer die huweliksmats hulleself verbind tot 'n openheid vir gelyke geleenthede. 'n Gelukkige en bevredigende huwelik is een van die beste geleenthede vir 'n diepte-verhouding met 'n ander mens. Volgens Lauer & Lauer (1986:383) is toewyding aan mekaar, kameraadskap en kwaliteit-omgee vir mekaar die drie faktore wat middeljarige huwelike kan laat slaag. Deur middel van huweliksverryking kan hierdie aspekte uitgebrei word en kan die huwelik 'n bron van krag en ondersteuning word.

'n Aanpassing in die middel van die verloop van 'n huwelik is waardevol. Selfs 'n geringe aanpassing kan goeie gevolge inhou. Die egpaar met openlike en spontane kommunikasie kan hulleself verryk. Middeljarige egpare wat steeds vir mekaar omgee, maar 'n behoefte aan vernuwing en verfrissing ervaar, kan in die besonder baat vind by huweliksverryking.

3.8.3.2 Huweliksverryking ten opsigte van die seksuele verhouding

Die tradisionele idee is dat ouer egpare nie meer seksueel sal verkeer nie. Intieme seksuele verkeer is iets wat slegs deur jonger mense beoefen en geniet mag word. Egpare benader die fase van die middeljare dikwels met hierdie vooropgestelde idee en dit het 'n onnodig negatiewe invloed op die huweliksverhouding. Jörgensen & Kliz (1992:384) is van mening dat die stereotipe bestaan, maar dat dit beslis nie so is dat seksuele verkeer verdwyn na die aanbreek van die middeljare nie. Seksuele verkeer by die middeljarige egpaar hoef egter nie af te neem nie. Gooren (1992:20) beklemtoon ook dat seksuele verkeer na die middeljare as 'n sosiale taboe gesien word, maar dat dit onnodig is om deur die siening gelei te word. Seksoloë is dit eens dat 'n egpaar bevredigende seksuele verkeer kan beleef ten spyte van hulle hoër ouderdom. Middeljarige egpare kan steeds eksperimenteer en kan hulle seksuele verhouding besonder bevredigend maak as hulle bereid is om vroeëre inhibisies en vooroordele te laat vaar. Een van die heel belangrikste voorwaardes vir 'n bevredigende seksuele verhouding is kommunikasie oor verwagtinge, vrese, probleme, positiewe aspekte en belemmeringe. (Vgl. Cargan, 1991:52-53.) Indien 'n egpaar hierdie kommunikasie kan bemeester, kan die seksuele verhouding groei en aan albei huweliksmats bevrediging bied.

Tydens huweliksverryking geniet 'n egpaar se seksuele verhouding besondere aandag. Daar moet eerstens aandag geskenk word aan die vernuwing van houdings oor die seksuele. Seksuele reaksie begin in die gedagtes en nie in die liggaam nie en dit is dus logies dat aanpassings daar sal begin. (Vgl. Gooren, 1992:24.) Negatiewe mites oor seksuele verkeer in die middeljare moet vervang word deur feite. (Vgl. Freeman, 1990:137 en Cargan, 1991:46.)

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

Twee van die bestaande mites is dat seksuele verkeer afneem na die ouderdom van vyf en veertig en dat dit totaal verdwyn na die ouderdom van vyf en sestig. Indien een of albei van die huweliksmaats hierdie twee mites sou glo, gaan dit volle seksuele bevrediging inhibeer. Die feit is dat middeljarige egpare steeds seksuele verkeer geniet en dat hierdie verkeer selfs lei tot nuwe hoogtes van bevrediging. Vroeëre inhibisies en negatiewe houdings moet egter uit die weg geruim word alvorens vernuwing kan intree. Die egpaar kan aangemoedig word om na te lees oor nuwe tegnieke en hierdie tegnieke dan in hulle verhouding te inkorporeer.

Tweedens word die klem geplaas op groei in die totale verhouding met die verbetering van die seksuele verhouding as 'n outomatiese uitvloeisel daarvan. Waar daar kameraadskap, goeie kommunikasie en mededeling is, lei dit tot beter seksuele response. Wanneer daar ander aanpassingsprobleme voorkom, soos dikwels in die fase van die middeljare gebeur, raak dit ongelukkig die seksuele verhouding. Negatiewe gevoelens sal eers uit die weg geruim moet word alvorens daar 'n vernuwing in die seksuele verhouding verwag kan word. Huweliksmaats moet die positiewe aspekte in mekaar versterk en aanmoedig met 'n verbetering in die selfbeeld van die maat tot gevolg. Positiewe seksuele aspekte moet ook uitgelig word en die gevolg hiervan is 'n toename in seksuele gevoelens. Huwelikstrou is 'n volgende voorwaarde vir bevredigende seksuele verkeer. Wanneer een van die huweliksmaats ontrou is, het dit 'n geweldig negatiewe invloed op die seksuele in die huwelik.

Derdens moet die egpaar die nuwe romanse en betekenis van seksuele verkeer in die middeljare ontdek en geniet. Volgens Freeman (1990:137) het die aanbreek van die menopouse tot gevolg dat die vrou meer ontspanne kan wees omdat sy nie meer nodig het om haar te bekommer oor ontydige swangerskappe nie. Dit kan gebeur dat die vrou veel meer ontspanne reageer en haar seksuele lewe geniet in hierdie fase van haar lewe.

'n Vierde aspek wat aandag behoort te geniet, is die selfbeeld van die middeljarige individu. Die persoon wat goed oor homself voel en homself kan aanvaar, gaan ook 'n goeie seksuele verhouding kan handhaaf. Volgens Crosby (1991:204-205) is selfaanvaarding noodsaaklik vir 'n bevredigende seksuele verhouding met die huweliksmaat. Fisiese veroudering het volgens Freeman (1990:138) en Utian & Jacobowitz (1990:141) 'n invloed op die middeljarige persoon se selfbeeld en dit word nie deur die samelewing as anders of beter voorgestel nie. Volgens Lachowsky (1992:392) kom 'n swak selfbeeld dikwels voor by die ouerwordende persoon. 'n Swak selfbeeld het 'n nadelige invloed op die persoon se verhoudingslewe. Dit is duidelik dat die middeljarige individu self beheer kan hê oor die aard van sy seksuele lewe. Indien daar probleme sou wees ten opsigte hiervan, is daar hulp beskikbaar wat die persoon uiteindelik sal lei tot selfhulp.

Toewyding aan mekaar, kwaliteit-omgee vir mekaar en kameraadskap is volgens Lauer &

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

Lauer (1986:383) die drie faktore wat die huwelik in die middeljare kan laat slaag. Deur middel van huweliksverryking en veral dan programme wat spesifiek vir die fase van die middeljare ontwikkel is, kan die huwelik 'n bron van krag en ondersteuning word.

Stanley & Markman (2001:15) beklemtoon die feit dat egpare voortdurende intervensies met die doel om probleme in hulle verhouding te voorkom, sal oorweeg. Elke nuwe huweliksfasie bring nuwe aanpassings. Individue bly nie staties nie en daarom kan die huweliksverhouding ook nie staties bly nie. Huweliksverryking hoef nie eenmalig in 'n egpaar se getroude lewe voor te kom nie, maar moet verkieslik herhaal word vir die gewenste effek.

3.9 BESTAANDE PROGRAMME VIR HUWELIKSVERRYKING

3.9.1 TIME-program

TIME is 'n opvoedkundige program gebaseer op die psigologiese teorie van Adler en gekombineer met kommunikasievaardighede om egpare bedrewehede aan te leer vir die bou van 'n liefdevolle en ondersteunende verhouding. (Vgl. Dinkmeyer & Carlson, 1986b: 142.) Die egpare word gehelp om die bedrewehede te ontwikkel wat benodig word vir die verryking van hulle huwelike en om die uitdagings waarvoor hulle te staan mag kom, te kan hanteer. Egpare definieer die huwelik wat hulle begeer en die bedrewehede wat hulle moet ontwikkel om die ideale huwelik te bereik en uiteindelik in stand te hou. Volgens Dinkmeyer & Carlson (1986c:20) dui die deelname van 'n egpaar aan 'n TIME groep nie op 'n oneffektiewe huwelik of op huweliksprobleme nie. Deelname dui juis op 'n behoefte om te groei en die huweliksverhouding te versterk.

Die TIME-program berus op die beginsel dat die individu 'n sosiale besluitnemingswese is wie se handeling en psigologiese beweging doelgerig is. Die mens tree op na aanleiding van die verwagtinge van die sosiale groep waartoe hy verkies om te behoort. Daar word geen klem op die veroorsakende faktore gelê nie. Daar word slegs klem gelê op daardie aspek van die huwelik wat die huweliksverhouding daarvan weerhou om verryk te word. Huwelike kan verryk word omdat elke huweliksmaat die keuse het om op te tree en te reageer. In TIME moet die egpaar hulleself daartoe verbind dat hulle huwelik prioriteit is en dat die werk daaraan aan tyd gekoppel is.

Egpare word in TIME-byeenkomste geleer en aangemoedig om die volgende bedrewehede aan te wend:

- Die aanvaarding van verantwoordelikheid vir eie gedrag.
- Die identifisering van doelstellings.
- Wedersydse aanmoediging wat onvoorwaardelike aanvaarding, fokus op positiewe

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

aspekte, luister, empatie, entoesiasme en die skep van positiewe betekenis behels. Die noodsaaklikheid van selfaanmoediging word verder beklemtoon.

Die identifisering van faktore wat 'n huweliksverhouding beïnvloed en begrip van hulle eie verantwoordelikheid in die skep van die verlangde verhouding.

Eerlike en kongruente kommunikasie. Kommunikasiestyle word geïdentifiseer en 'ek boodskappe' word aangeleer.

Die maak van keuses wat die huweliksdoelstelling ondersteun.

Die aanleer van 'n proses van konflikhantering. In konflik moet wedersydse respek betoon word, die werklike saak moet uitgewys word, areas van ooreenstemming moet uitgewys word en huweliksmaats moet albei deelneem aan besluitneming.

Die positiewe aanwending van die opgeloste konflik in belang van alledaagse uitdagings soos kinders, finansies, skoonfamilie, vriende, seks, godsdiens, ontspanning en alkohol- en dwelmgebruik.

Die verbintenis tot die proses van die instandhouding van 'n gelyke en ewewigtige huwelik. (Vgl. Dinkmeyer & Carlson, 1986c:24-27.)

TIME se groepleiers kan professioneel, paraprofessioneel of opgeleide nie-professionele persone wees. TIME-groepe is opvoedkundig en verrykend en onderrig spesifieke vaardighede wat egpare in staat sal stel om hulle huwelike te verryk en om met spesifieke uitdagings ten opsigte van hulle verhouding om te gaan. Volgens Dinkmeyer & Carlson (1986b:143) is die tipiese verloop van 'n TIME-sessie die volgende:

Bou kommunikasie – aktiwiteite wat ten doel het om kommunikasie te bou word deur die egpare individueel, maar soms ook deur die groep gedoen.

Bespreek die aktiwiteit van die week – egpare bespreek die vaardigheid wat hulle die vorige week aangeleer het en wat hulle deur die verloop van die week inge oefen het.

Bespreking van die lesing – 'n oop bespreking waar groeplede toegelaat word om idees, gevoelens en houdings wat 'n resultaat van die lesing was, te bespreek.

Aanbieding van die opname – die oudioband ten opsigte van die vaardigheid wat in die sessie aangebied word, word gespeel.

Aanwending – die vaardigheid word ervaar en inge oefen.

'My plan' – 'my plan' is 'n vorm waarop elke huweliksmaat individueel en vertroulik die eie bekommernisse en verbintenisse neerskryf.

Samevatting – die samevatting is 'n noodsaaklike deel van elke sessie waarin daar

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

van elke groeplid 'n bydrae verwag word. Die samevatting bied aan egpare tyd om vas te stel wat hulle in die sessie geleer het.

Die waarde van huweliksverryking deur middel van TIME word sterk beklemtoon. Mattson, Christensen & England (1990:88-92) het navorsing gedoen om die effektiwiteit van die TIME-program vas te stel en die resultate daarvan het 'n duidelike positiewe invloed op die egpare se persepsies ten opsigte van hulle huwelike getoon. Die agt en dertig egpare wat by die navorsing betrek is, kon duidelike positiewe veranderinge in hulle verhoudings identifiseer.

3.9.2 WORKING TOGETHER – 'n verrykingsprogram vir dubbelloopbaanhuwelike

Hierdie program geniet aandag omdat die middeljarige vrou al meer by die beroepswêreld betrokke is, hetsy as uitvloeisel van die leë nes of voortvloeiend uit vroeëre beroepsarbeid. Beroepsbeoefening deur albei huweliksmaats veroorsaak steeds spanning in die fase van die middeljare. Aspekte soos gedeelde verantwoordelikhede, kompetisie met mekaar en die deel van beheer en mag kan probleme veroorsaak. Fisiese en emosionele uitputting as gevolg van die eise van 'n beroep asook die eise van 'n huishouding lei tot spanning en mag ook uiteindelik 'n invloed op die egpaar se seksuele lewe hê. Die gebrek aan tyd is 'n verdere bron van spanning. Persoonlike skedules moet op so 'n wyse georganiseer word dat daar voldoende tyd vir die self, die huweliksmaat en die kinders, hetsy adolessente of jong volwassenes, ingeruim kan word. Die oorhoofse doelstelling van hierdie program is die daarstelling van 'n gelyke huwelik. Tydsbestuur om steeds genoeg aandag aan mekaar en die huishouding te gee, is van uiterste belang. (Vgl. Avis, 1986:29-45.) Een huweliksmaat mag nie voel dat die ander een se beroep meer aandag en tyd in beslag neem nie.

Die program poog om die dubbelloopbaanegpaar in staat te stel om:

- Ondersoek in te stel na die waardes en prioriteite rondom werk en gesin.
- Ondersoek in te stel na huidige rolverwagtinge en verantwoordelikhede en te bepaal hoe effektief en toepaslik die verwagtinge en verantwoordelikhede vir hulle huidige omstandighede is.
- Bewus te raak van die invloed van die geslagsrolverwagting op hulle huidige verdeling van take en verantwoordelikhede en ook die keuses wat hulle vir die toekoms oorweeg.
- Houdings en gedrag te identifiseer wat struikelblokke is in die pad van verandering en waardes te ontwikkel wat meer akkomoderend is.
- Bewus te word van nuwe moontlikhede en keuses.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

- Bedrewehede vir kommunikasie en onderhandeling te ontwikkel en ook die ingesteldheid tot samewerking en buigsame houdings wat nodig is vir die beplanning van verandering.
- 'n Steunstelsel te ontwikkel vir die eksplorering van die besondere lewenstyl in die vorm van ander egpare in soortgelyke omstandighede. (Vgl. Avis, 1986:32-33.)

Die program word vir vier tot ses egpare sonder ernstige huweliksprobleme aangebied. Die egpare word vooraf versoek om 'n aansoekvorm te voltooi waarop hulle aandui waarom hulle die groep wil bywoon en wat hulle, gesamentlik en individueel, wil bereik. Indien moontlik, word 'n voorbereidende onderhoud gedoen. Die doel van die groep word verduidelik en 'n evaluasie van die toepaslikheid van die program vir die behoeftes van die spesifieke egpaar word gedoen. Die reeks word in die vorm van sewe twee en 'n half ure byeenkomste aangebied met inagneming van die beperkte tyd wat 'n dubbelloopbaanegpaar tot hulle beskikking het. Die byeenkomste begin met die geleentheid tot kommunikasie in die vorm van vrae en kommer wat moontlik tydens die vorige byeenkomste ontstaan het. Hierna volg 'n kombinasie van gestruktureerde ervarings, mini-lesings, inoefening van bedrewehede en egpaar- en groepbesprekings om by die doelstellings uit te kom. Die ideaal ten opsigte van groepleiers is 'n span bestaande uit 'n man en 'n vrou wat albei reeds hulle verwagtinge ten opsigte van die saak van 'n dubbelloopbaanegpaar uitgesorteer het. 'n Veilige, warm atmosfeer word bewerkstellig om aan egpare die optimum geleentheid tot groei te bied.

Die inhoud van die byeenkomste sien soos volg daaruit:

- **Byeenkoms 1:** Bekendstelling, kontraktering en beplanning.
- **Byeenkoms 2:** Saamgesels, kommunikasie, luister en parafrasering.
- **Byeenkoms 3:** Rolle en rolverwagtinge.
- **Byeenkoms 4:** Mag en beheer binne die huwelik.
- **Byeenkoms 5:** Onderhandeling oor verantwoordelikhede.
- **Byeenkoms 6:** Tydsbestuur.
- **Byeenkoms 7:** Afsluiting.

Sinnvolle tyd saam, veral dan ook wanneer die kinders die huis verlaat het en die huweliksmaats mekaar het om mee te kommunikeer, is noodsaaklik en word deur hierdie program aangespreek. Thompson (1997:275) beklemtoon dat egpare waar albei huweliksmaats bevredigende beroepe het en voel dat hulle stimulasie en groei ervaar, hoër vlakke van huweliksbevrediging het. Die verryking van die huweliksverhouding waar albei huweliksmaats in die beroepswêreld staan, kan dus sterk aanbeveel word.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

3.9.3 PREP-program

Die huwelik is die mees riskante onderneming wat deur mense onderneem word. Die kans dat 'n egpaar sal skei, is meer as 50%. Wat as 'n verhouding van groot vreugde begin, kan die mees frustrerende en pynvolle ervaring word. Die vernietigende gevolge van egskedding op kinders en huweliksmaats is baie erg. Huweliksprobleme veroorsaak geestelike en mediese probleme. Markman, *et al.* (1994) het die *Prevention and Relationship Enhancement Program* (PREP) ontwikkel. Hierdie program is ontwikkel om egpare te help om nie deel van hierdie feite en statistiek te word nie en fokus op kommunikasie en probleemoplossende vaardighede met die oog op effektiewe huweliksfunksionering (Bray & Jouriles, 1995:466). PREP is bedoel as 'n hulpmiddel met kragtige beproefde strategieë om egpare te help om struikelblokke te oorkom. PREP is gebaseer op die idee van primêre voorkoming (Schwebel & Fine, 1994:185 en Floyd, *et al.*, 1995:215). Die strategieë in hierdie program is vanuit deeglike navorsing ontwikkel en nie lukraak saamgestel nie. Die program fokus nie op wat verkeerd is nie, maar op die spesifieke dinge wat gedoen kan word om 'n suksesvolle en bevredigende verhouding te handhaaf.

Navorsing toon aan dat egpare wat die PREP-program deurloop het, gelukkiger huwelike het met 'n verminderde kans op 'n egskedding. Kommunikasie het ook verbeter en die egpare het hoër vlakke van bevrediging getoon. (Vgl. Bray & Jouriles, 1995: 466 en Stanley & Markman, 2001:6.) PREP is geskik vir enige egpaar uit enige lewensfase. Egpare in tweede huwelike kan ook die program met sukses volg. PREP fokus op die inoefening van kommunikasie en konflikthantering, die aanname van houdings en aksies vir sterk verhoudings en die daarstelling en verbetering van langtermynverhoudings.

Versterking van die huwelik deur middel van die PREP-program fokus op die volgende aspekte:

3.9.3.1 Instandhouding en beskerming van vriendskap

Een van die aspekte wat deur huweliksmaats as 'n behoefte gestel word, is dat hulle vir altyd mekaar se vriende sal bly. 'n Vriend word gedefinieer as iemand wat jou ondersteun, wat daar is om mee te praat en wat 'n kameraad vir ewig is. Ongelukkig bly huweliksmaats nie altyd mekaar se vriende nie. Gevoelens van teleurstelling en hartseer is dan aan die orde van die dag. Struikelblokke in die pad van ware vriendskap is eerstens 'n gebrek aan tyd. Ander sake word as prioriteite gestel en die aspek van vriendskap word dan verwaarloos. Tweedens ervaar egpare dikwels dat hulle die vriendskap langs die pad verloor het en dat hulle nou gewoon net getroud is. Derdens ervaar hulle dat hulle nie meer oor die vermoë beskik om soos vriende te gesels nie. Huweliksmaats gesels dan net oor die probleme en bekommernisse en nie meer oor die alledaagse en die belangstellings in hulle lewens nie.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

Vierdens ervaar egpare dikwels dat hulle konflikte hulle vriendskap vernietig het. Vyfdens ervaar een van die maats dikwels dat die ander maat nie meer interessant is nie en nie meer lekker kan gesels nie. Sisdens gebeur dit soms dat huweliksmaats ervaar dat gedagtes wat hulle in 'n oomblik van intimiteit uitgespreek het, dikwels as wapens in 'n konfliktsituasie gebruik word. Laastens mag dit gebeur dat die huweliksmaats van die begin af nie mekaar se vriende was nie.

Om die vriendskap te beskerm, is dit nodig om tyd vir mekaar in te ruim. Die informele saamwees moet as 'n prioriteit gestel word. Die vriendskap moet ook teen konflik beskerm word. Konflik kan nie vermy word nie, maar kan goed hanteer word deur middel van die regte strategieë. Luisterstrategieë is belangrik in die kommunikasieproses tussen vriende. Die fokus moet nie eerste wees om die probleem op te los nie, maar om net eers daar te wees vir die vriend en na hom/haar te luister. Die volgende word vir die instandhouding van die vriendskap voorgestel:

- Verban probleme en verhoudingskonflikte in die tye van saamwees.
- Vind tyd om weg te kom van die druk van die lewe.
- Fokus op onderwerpe van persoonlike of gedeelde belang.
- Luister na mekaar op so 'n wyse dat daar 'n verdieping in die verhouding plaasvind.

3.9.3.2 Vermeerder die pret saam

Pret speel 'n belangrike rol in die gesonde funksionering van gesinne en huwelike. Navorsing het daartoe gelei dat PREP meer aspekte van pret in hulle program begin insluit het (Markman, *et al.*, 1994:250). Struikelblokke in die pad van pret is eerstens dat 'n egpaar te besig raak en nie tyd het om in te ruim vir pret nie. Tweedens is baie egpare van mening dat hulle nie veronderstel is om pret te hê wanneer hulle getroud is nie. Hulle raak te besig met die ernstige aspekte van hulle lewe. Derdens glo baie individue dat pret net vir kinders is en nie vir volwassenes nie. Vierdens veroorsaak konflik wat nie korrek hanteer word nie dat huweliksmaats nie lus het om pret saam met mekaar te hê nie.

Sekere strategieë word aanbeveel om te verseker dat die pret weer in die huweliksverhouding teruggesit word. Volgens Markman, *et al.* (1994:254) is dit noodsaaklik om baie ernstig tyd in te ruim om nie ernstig saam te verkeer nie. Die moontlikheid vir steurnisse moet sover as moontlik uitgeskakel word. Die geleenthede vir pret moet sover as moontlik van konflik gevrywaar word. Spesiale tye vir die hantering van moeilike situasies moet gereël word sodat die tyd vir pret alleen daarvoor gebruik kan word.

Die egpaar moet saam besluit watter tipe aktiwiteite as pret aangepak gaan word. Gesels kan

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

pret wees, veral wanneer humoristiese momente uit die verlede onthou word. Die deel van fantasieë en die deel van private humor en taal is enkele wyses om pret te inisieer. Huweliksmaats kan poog om elke dag aan mekaar 'n kompliment te gee. Buiten vir die feit dat dit pret is om die goeie te ondersoek, is dit ook positiewe versterking van potensiaal en kwaliteite en verhoog die pret die algemene positiewe atmosfeer in die huwelik. 'n Dinkskrum ten opsigte van prettige aktiwiteite om aan te pak, is dikwels nodig. Die moontlikhede is legio. Verskillende aktiwiteite soos oefening, massering van mekaar, joga, besoeke aan die teater, bergklim, staproetes, swem, tuinwerk en binnenshuise versiering is van die aktiwiteite wat egpare saam doen om die pret weer in hulle lewens te bring. Die egpaar moet nie van seks as 'n prettige aktiwiteit vergeet nie. In enige huwelik is seks een van die prettigste aktiwiteite vir die verhoging van intimiteit. Markman, *et al.* (1994:262) beklemtoon dat egpare moet wegbeweeg van die idee dat seksuele aktiwiteit afneem namate hulle ouer word. 'n Groot persentasie egpare hou steeds hulle seksuele verhouding in stand en verbeter selfs die kwaliteit daarvan.

3.9.3.3 Verbetering van die seksuele verhouding

Die persepsies rondom seks is verwarrend in die hedendaagse samelewing as gevolg van die media. Seks is bedoel om in 'n stabiele verhouding – in die christelike geloof alleen binne die huwelik – plaas te vind. Ten spyte van die hoë premie wat op seks geplaas word, is daar baie seksuele probleme. Individue bring probleme saam uit hulle verlede in die vorm van seksuele molestering, bloedskanie, vorige seksuele verhoudings en verkeerde sieninge en houdings ten opsigte van die seksuele. Tog is die seksuele faset van die mens se lewe Godgegewe en is die seksuele binne die huwelik 'n ware uitdrukking deur die liggame van die man en die vrou van onvoorwaardelike liefde.

Die verskil tussen sensualiteit en seksualiteit word beklemtoon aangesien egpare dikwels van die waarde van sensuele aktiwiteite vergeet. Aanraking en fisiese kontak bevredig 'n behoefte en hoef nie altyd tot die geslagsdaad oor te gaan nie. Die seksuele verhouding word dikwels deur angstigtheid rondom prestasie beïnvloed. Die samelewing skep onnodige verwagtinge rondom seksuele prestasie wat dikwels tot gevoelens van minderwaardigheid lei omdat die standaard te hoog gestel word. 'n Bevredigende seksuele verhouding kan geskep word wanneer die klem van prestasie na die sensuele genot van mekaar verskuif. Die struikelblok van konflik en die invloed daarvan op die seksuele verhouding word hier ook beklemtoon. Geen ander area in die huweliksverhouding word so erg deur konflik beïnvloed as juis die fisiese verhouding nie. 'n Onvermoë om goeie kommunikasie te vestig en te handhaaf beïnvloed die seksuele aspekte van die huwelik (Davidson & Moore, 1992:521). Kommunikasie rondom behoeftes en verwagtinge is noodsaaklik vir die verbetering en uitbou van die seksuele verhouding. Vrees vir verwerping is dikwels die rede waarom huweliksmaats

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

huier om hulle behoeftes uit te spreek. Daar is egter geen ander wyse om die behoeftes aan die maat bekend te maak as om die kans te waag en die behoeftes uit te spreek nie. Kreatiwiteit ten opsigte van die seksuele verhouding word beklemtoon. Fisiese intimiteit is nie die enigste aspek van die huwelik wat belangrik is nie, maar hierdie aspek is 'n belangrike area waar intimiteit ervaar en versterk kan word.

3.9.3.4 Positiewe stappe om die huwelik te versterk

- Die egpaar beseft dat hulle nie alleen staan nie. Daar is baie ander egpare wat dieselfde tipe probleme ervaar en baie ander egpare wat deur middel van toewyding en harde werk hulle huwelik verbeter het.
- Motivering om die beste van die huwelik te maak. Alhoewel die tegnieke en oefeninge in die PREP-program relatief eenvoudig en maklik is, neem dit tog tyd en motivering om 'n betekenisvolle verandering aan te bring. Wanneer die een huweliksmaat nie aan die huwelik wil werk nie, moet die ander een eers aan homself of haarself werk. Positiewe verandering in een huweliksmaat het dikwels 'n invloed op die ander huweliksmaat. Wanneer intensiewe hulp benodig word, is terapie egter die aangewese ding om te soek en te benut.
- Die egpaar moet op hoogte kom van die vereiste tegnieke en bedrewehede wat benodig word. Daarna moet die tegnieke ingeoefen word. Die gebruik van die tegnieke moet 'n ritueel en roetine word. Die tegnieke moet gebruik word wanneer dit nodig blyk te wees en alle positiewe stappe moet deurentyd versterk word. (Vgl. Markman, *et al.*, 1994:305-314.)

Enige egpaar wat die wil en die bedrewehede het om aan hulle huwelik te werk, staan 'n goeie kans om 'n sukses daarvan te maak. Deur middel van harde werk en toewyding kan 'n egpaar deel word van die statistiek van goeie en gelukkige huwelike.

3.9.4 Die metode van die doelgerigte huwelik (MDH)

3.9.4.1 Stappe in MDH

Clinebell (1977:21) gebruik die volgende metode in vier stappe om groei in 'n huwelik te bevorder. Die formule vir groei word gesien as liefdevolle sorg en konfrontasie wat uiteindelik tot groei lei.

- **Stap 1:** Die vasstelling en bevestiging van die sterkpunte van die verhouding. Elke egpaar moet aan mekaar sê wat hulle in die ander een waardeer en dan met mekaar kommunikeer oor wat gesê is. Die resultate daarvan word neergeskryf en daarna word vergelyk of die boodskap reg gehoor is.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

Stap 2: Die bepaling van terreine vir groei. Hier word klem geplaas op die onbeantwoorde behoeftes en verlangens van die huweliksmaats. Hulle kommunikeer aan mekaar wat hulle van mekaar verlang. Die verwagtinge van elkeen word dan neergeskryf. Die ander huweliksmaat se lys word gekontroleer om seker te maak dat die behoefte reg aangehoor is. Behoeftes wat presies dieselfde is of wat met mekaar ooreenkom, word met 'A' gemerk., behoeftes wat direk in konflik staan, word met 'C' gemerk en die behoeftes wat oorbly, word met 'B' gemerk.

Stap 3: Die opstel van 'n nuwe kontrak met die oog op verandering. Die behoeftes wat met 'A' gemerk is, word eerste uitgelig en die egpaar beplan presies hoe hulle in die behoeftes gaan voorsien. Spesifieke afsprake word gemaak. Die beplanning van wat elke huweliksmaat gaan doen, word beskryf en is dan ook 'n wyse waarop die beplanning op 'n latere stadium gekontroleer kan word.

Stap 4: Oorbeweeg na daad. Die plan word ten uitvoer gebring en die vooruitgang gemonitor. Die monitering werk ook goed as elke egpaar deur 'n ander egpaar of egpare gekontroleer word om te sien of daar by die beplanning gehou word. Die kontrole kan ook skriftelik gedoen word.

Die MDH (Metode vir die Doelgerigte Huwelik) kan verder gevoer word deurdat huweliksmaats mekaar bly kontroleer en versterk. Wanneer die oefening met die eerste stel behoeftes geslaag het, kan daar oorbeweeg word na die 'B' behoeftes. Hierdie behoeftes vereis dat daar onderhandel moet word oor die vervulling daarvan. Die 'C' behoeftes is moeiliker en benodig onderhandeling en 'n kompromis. Hoe meer gewaardeerd elke huweliksmaat voel, hoe makliker word hierdie behoeftes ook vervul.

In die verloop van die huwelik kan die egpaar meer skriftelike kontrakte met mekaar opstel. Dit is belangrik dat die verwesenliking van behoeftes uiteindelik sal wegbeweeg van eie behoeftes na die behoeftes van die huweliksmaat. Selfverwesening kan alleen geskied wanneer die individu bo homself uitstyg en aandag aan ander skenk. Die 'self' mag egter op geen stadium agterweë gelaat word nie.

3.9.4.2 MDH in groepsverband

Egpare kan hoor van die positiewe groei en die invloed daarvan op ander huwelike.

Egpare kan verduidelik hoe 'n eksterne faktor soos 'n verrykingskursus hulle aan die gang gesit het om verder te groei.

Die waarde en die positiewe aspekte van die individuele huweliksmaats en die egpaar kan van buite beklemtoon word. Hierdie wyse van beklemtoning het gewoonlik meer waarde as wanneer daar net van binne beklemtoon word.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

- Egpare kan mekaar konfronteer met die verbreding van horisonne deur middel van kontak met ander.

3.9.5 Marital Enrichment Program (MEP)

Die *Marital Enrichment Program* (MEP) is in 1982 deur Adam & Gingras ontwikkel, gebaseer op die kontraktuele model van Sager (1976). Drie modelle vorm die konseptuele raamwerk van die program, naamlik die psigo-analitiese model, die sistemiese model en die behavioristiese model. Ten spyte daarvan dat hierdie drie modelle in vele opsigte verskil, word die siening dat huweliksprobleme en –konflikte ontstaan vanuit 'n gaping tussen die individu se behoeftes en verwagtinge aan die een kant en die mislukking van die huweliksverhouding om in albei huweliksmaats se behoeftes en begeertes te voorsien aan die ander kant, gedeel (Adam & Gingras, 1982:98). Sager (1976) het hierdie siening in 'n meer uitgebreide teoretiese model en 'n terapeutiese benadering ontwikkel. Die sentrale konsep in die model is dat elke huweliksmaat 'n individuele, ongeskrewe kontrak en 'n stel verwagtinge en beloftes, bewus of onbewus, in die huwelik inbring. Hierdie individuele kontrak is nie voorheen bespreek nie, maar beide huweliksmaats tree op asof die bespreking wel gedoen is. Omdat die kontrak implisiet en dikwels onbewus is, kan die terme daarvan verander word sonder bespreking of ooreenstemming. Hierdie kontrak is vanuit verwagtinge van die huweliksverhouding, intrapsigiese en biologiese behoeftes en sekere eksterne fokusse saamgestel.

Die volgende hoofkonsep van die model is die interaksionele kontrak. Die egpaar word as 'n sisteem gesien, as 'n derde outonome pool met sekere doelstellings en take. Die interaksionele kontrak definieer die 'hoe' van die verhouding, die wyses van interaksie en die wyse waarop die doelstellings nagestreef word. Hierdie kontrak is algemeen bekend aan beide huweliksmaats, alhoewel dikwels weer implisiet of onbewus. Beide huweliksmaats bring dus 'n individuele kontrak, gebaseer op sy of haar behoeftes en verwagtinge, na die huwelik. Om aan die terme van hierdie individuele kontrakte te voldoen, werk die egpaar sekere wyses van interaksie uit wat daarop gemik is om sowel die sisteem in stand te hou as die doelstellings te bereik.

Wanneer die model in terapeutiese doelstellings omskryf word, is die hoofdoelwitte van 'n huweliksverrykingsprogram, volgens Adam & Gingras (1982:98), die volgende:

- Bewustheid van die eie individuele kontrak.
- Kommunikasie van die individuele kontrak met die maat en omgekeerd.
- Bewustheid van die interaksionele kontrak.
- Onderhandeling van die interaksionele kontrak in 'n poging om die terme van die

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

twee individuele kontrakte te ontmoet.

Die vervulling van al hierdie doelwitte, al is dit slegs tot 'n sekere mate, sal tot 'n beter huweliksverhouding lei. Volgens Adam & Gingras (1982:98-99) verleen alle huweliksverrykingsprogramme nie aan al hierdie doelwitte aandag nie. Die MEP verbeter die kwaliteit van kommunikasie, leer probleemoplossende vaardighede en onderhandeling, maar bring ook 'n bewuswording van die eie behoeftes en verwagtinge (die individuele kontrak) en bewustheid van die wyses waarop die egpaar met mekaar in verhouding staan (interaksionele kontrak), in as deel van die totale program.

Die vereistes vir deelname aan die program is die volgende:

- 'n Relatief goed funksionerende verhouding.
- Geen alkohol- of psigiatriese probleme nie.
- Geen huidige betrokkenheid by enige vorm van psigoterapie nie. (Vgl. Adam & Gingras, 1982:99.)

Die huweliksverrykingsprogram bestaan uit agt sessies van gemiddeld twee en 'n half uur elk. Die sessies bestaan uit didaktiese aanbiedinge, individuele-, egpaar- en groepsoefeninge en ook groepsbesprekings. Huiswerkopdragte word na afloop van die meeste van die sessies gegee. Die eerste sessie bestaan uit 'n kort teoretiese aanbieding van die individuele- en die interaksionele kontrakte en twee oefeninge met die oog op selfbewustheid. Die tweede sessie verleen aandag aan kommunikasievaardighede met oefeninge vir direkte en algehele uitdrukking van die self asook luistervaardighede. In die derde sessie word parafrasering as 'n kommunikasievaardigheid bespreek. Na afloop van 'n teoretiese aanbieding oor die invloed van menings, behoeftes en verwagtinge op huweliksbevrediging, is twee oefeninge oor behoeftes en menings en 'n vraelys oor verwagtinge wat tuis voltooi moes word, gedoen. Tydens die vierde sessie word areas van kongruensie, konflik en aanvulling vanuit die twee individuele kontrakte bespreek. Die vyfde sessie fokus op 'n bewustheid van die interaksionele kontrak deur middel van 'n verbale en nie-verbale oefening asook 'n teoretiese aanbieding. Die laaste drie sessies handel oor onderhandelingsvaardighede. 'n Stap-vir-stap model vir probleemoplossing en kontraktering word aangebied en egpare gebruik die model vir onderhandeling van drie aspekte in hulle verhouding. Die eerste vier sessies verleen dus aandag aan bewustheid en kommunikasievaardighede terwyl die laaste vier sessies ten doel het om onderhandeling en probleemoplossende vaardighede te verbeter.

Die evaluasie van die program soos deur Adam & Gingras (1982:114-117) gedoen, was positief en het gedui op 'n verbetering in kommunikasie- en onderhandelingsvaardighede wat selfs vir twee maande na afloop van die aanbieding van die program teenwoordig was. Algemene huweliksbevrediging het toegeneem.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

3.9.6 Worldwide Marriage Encounter Program (WME)

WME is 'n dogmatiese, gestruktureerde en georganiseerde program wat baie klem op die daaglikse dialoog van 'n egpaar na afloop van die program plaas. Die doelstelling is om aan egpare die geleentheid te bied om hulle lewens tesaam te ondersoek – hulle swakpunte asook hulle sterkpunte, hulle houdings teenoor mekaar en teenoor hulle families, hulle seerkry, begeertes, ambisies, teleurstellings, vreugdes en frustrasies. Die ondersoek moet openlik en eerlik in 'n christelike, van aangesig tot aangesig ontmoeting wees met die persoon wat die naaste is en van wie geluk in die hede en in die toekoms afhang (Becnel & Levy, 1983:275-276). Die naweek word op so 'n wyse ontwerp dat die egpaar 'n konfrontasie met alle aspekte van hulle lewe ervaar en hulle liefde vir mekaar daarna verdiep. Alhoewel die WME program in die Rooms Katolieke Kerk ontstaan het, is die program deur baie denominasies aanvaar en bly die basiese beginsels presies dieselfde.

Modellering van veral verbale gedrag gefokus op selfopenbaring is een van die kerntegnieke wat in die verrykingsprogram gebruik word. Die fokussering en selfopenbaring van die groepleiers fasiliteer die selfopenbaring van die huweliksmaats. Na afloop van elke aanbieding word die egpare gevra om op hulle diepste gevoelens te fokus en dit neer te skryf. WME is van mening dat die stil tyd die huweliksmaats voorberei op verdere selfopenbaring. Die neerskryfproses lei tot dieper fokus op gevoelens. Die openbaring van negatiewe gevoelens word aangemoedig aangesien die proses van selfopenbaring tot groter intimiteit lei. Indien daar in meer detail op gevoelens gefokus word, word besluitneming vergemaklik met uiteindelijke invloed op die totale lewe van die individu.

3.9.7 'n Naweek-'retraite'

Clinebell (1977a:58-60) beskryf die volgende model vir 'n wegbreeknaweek wat oor drie dae strek en met een tot drie opvolgbyeenkomste. Die naweek word binne 'n kerklike opset aangebied. Twaalf, vier en twintig en selfs agt en veertig egpare kan volgens Clinebell (1977a:58) suksesvol deur hierdie model betrek word.

3.9.7.1 Vrydag

- 18:00 Die egpare kom byeen vir aandete, leer mekaar ken en sing saam.
- 19:00 Begin van samewerking en die formulering van 'n groepskontrak.
- 19:45 Oefeninge in selfinsig en kommunikasie.
- 20:15 Vorming van kleingroepe bestaande uit drie egpare – egpare wat mekaar deur die loop van die naweek beter wil leer ken.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

Bespreek met mekaar wat in die proses van uitkies van mekaar geleer is.

Vertel in die groep aan almal wat prettig is aan hom of haar.

Bespreek die ervaring.

21:00 Sluit van die oë – individue stel hulle voor dat hulle voor elkeen van die ander persone in die groep staan en sê dat hulle die ander persoon nodig het. Daarna word die belewenis van die oefening bespreek.

21:30 Evalueer die eerste byeenkoms en sluit af met 'n kort godsdienstige moment.

Hierna is daar vrye tyd beskikbaar.

3.9.7.2 Saterdag

08:00 Sang en ontbyt.

08:40 Kommunikasie oefeninge waar twee egpare saamwerk.

09:30 Koffie en tee.

09:45 Die metode vir die doelgerigte huwelik (MDH).

10:45 Kleingroepe waar die planne wat tydens die vorige oefening gemaak is, bespreek word.

11:30 Oefeninge in vertroue en die neem van risiko's.

12:15 Evaluasie van die oggend.

12:30 Middagete.

13:00-15:00 Vrye tyd vir elke egpaar om net met mekaar te gesels.

15:00-18:00 Onderwerpe wat deur die groep gekies is, word bespreek.

18:00 Aandete.

19:00 Groepbespreking met die oog op 'n meer bevredigende seksuele verhouding.

20:30 Geleentheid vir die 'kind' om na vore te kom in 'n informele en ontspanne atmosfeer.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

3.9.7.3 **Sondag**

- 08:00 Ontbyt.
- 08:30 Samesang, gevolg deur 'n evaluasie van die eie waardesisteen. Die egpaar gebruik 1 Korintiërs 13 en bespreek hulle verdere groeiprogram. Die belewenis hiervan word met die res van die groep gedeel.
- 11:10 Die tema van die 'Bron van die liefde' word bespreek en opgevolg met die gebruik van brood en wyn.
- 11:45 Die opvolgbyeenkomste word beplan.
- 12:15 Mondelinge en geskrewe evaluasie van die '*retraite*'.

3.9.8 '**n Dag-'*retraite***

Clinebell (1977a:56-58) gee die volgende model vir 'n '*retraite*' wat in een dag aangebied word. So 'n '*retraite*' op 'n Saterdag en met twee tot vier opvolgbyeenkomste is goed hanteerbaar vir twaalf, vier en twintig en selfs agt en veertig egpare mits die groepleiers 'n sinvolle struktuur vir die groep as geheel en vir die kleingroepe en vir die gedagtewisseling van die egpaar individueel daarstel.

- 08:30 Die egpare kom saam, drink koffie, gesels met mekaar en skryf hulle name en 'n simbool van hulle verwagtinge op 'n naamplaatjie.
- 08:45 Begin van samewerking en sluit van 'n groepskontrak.
- 09:15 Oefeninge vir die bevordering van kommunikasie en bevestiging van die sterkpunte van die verhouding.
- 10:00 Koffie en tee.
- 10:20 Die metode van die doelgerigte huwelik (MDH).
- 11:50 Evaluasie van die oggend.
- 12:00 Middagete – die kleingroepe eet verkieslik saam aan een tafel.
- 12:45 Die blindemanspeletjie as toets vir vertrouwe of 'n ander speletjie met 'n lewendige karakter.
- 13:10 'n Groepsgesprek oor 'n relevante tema soos die oplos van konflik of rolle van die man en die vrou.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

- 14:10 Koffie en tee.
- 14:30 'n Video oor menslike seksualiteit gevolg deur 'n bespreking soos deur die groepleiers aangebied.
- 15:50 Samesang en verdere groepshegting.
- 16:00 Praktiese evaluasie van die waardesistiem met die oog op konkrete beplanning vir aktiwiteite na afloop van die 'retraite'.
- 16:50 Konkrete beplanning – eers as egpaar en daarna in die groot groep vir die opvolggroepe.
- 17:15 Afsluiting met gebed waartydens die gedeelde ervaringe gevier word en die toekomsplanne bevestig word.
- 17:25 Evaluasie van die dag – deur middel van 'n groepsgebesprek en ook skriftelik.

Clinebell (1977a:58) meen daar vind reeds groei plaas in hierdie intensiewe agt ure en dat die nuut aangeleerde aspekte verdiep wanneer die eerste opvolggroep reeds die volgende week plaasvind.

3.9.9 CARING DAYS – SELF-HELP TECHNIQUE

Die konsep van wederkerigheid is 'n belangrike aspek van huweliksverrykingsprogramme. Wederkerigheid is ook 'n belangrike aspek van die huweliksverhouding. Verhoogde positiewe uitruilings tussen huweliksmaats kan positief aangemoedig word. Die *Caring Days* tegniek is ontwikkel om egpare te help om positiewe uitruilings op 'n wederkerige wyse aan te moedig en die verhouding daardeur te verbeter. (Vgl. LeCroy, Carrol, Nelson-Becker & Sturlaugson, 1989:15.) Die prosedure behels dat egpare 'n lys van spesifieke positiewe gedrag identifiseer wat op 'n kaart aangeteken kan word en daagliks uitgeruil kan word. Hierdie tegniek noodsaak nie-wederkerige beleggings in die hede met die kaart as die ontvanger van die belegging en met die moontlikheid dat meer positiewe uitruilings op 'n wederkerige basis in die toekoms sal plaasvind.

Die prosedure is gebaseer op teorieë van sosiale leer, behavioristiese teorie en sosiale interaksie. Die aanname word gemaak dat positiewe aksies tot positiewe reaksies sal lei, eerstens in die houding van die ander persoon en daarna in die gedrag (LeCroy, *et al.* 1989:15). Die tegniek het ten doel om 'n meer gebalanseerde verhouding aan te moedig waarop die toewyding aan die huwelik aangemoedig word en om die interaksionele patrone in die huwelik te verander. Verandering in gedrag sal uiteindelik tot verandering in gevoelens lei. Die meeste tegnieke vir huweliksverryking vereis 'n langer tydsperiode. Die *Caring Days*

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

tegniek kan deur egpare wat relatief goed funksioneer, gebruik word as 'n selfhelp-prosedure vir die verhoging van verhoudingsbevrediging.

Die prosedure sien soos volg daaruit:

- Elke huweliksmaat word gevra om 'n lys van gedrag saam te stel wat hy of sy graag van die ander huweliksmaat wil ontvang. Die versoek moet aan die volgende kriteria voldoen, naamlik: (a) spesifiek, (b) positief, (c) klein genoeg om op 'n daaglikse basis gedoen te kan word en (d) nie die tema van 'n resente konflik wees nie.
- Die egpaar moet agttien items uitkies, nege items elk, en hierdie items vorm die lys.
- Elke huweliksmaat moet daartoe instem om vyf van die gedragsitems op die lys daaglik te doen, ongeag of die ander maat dieselfde doen.
- Die lys word dan op 'n opsigtelike plek in die huis geplaas, soos byvoorbeeld teen die yskas se deur.
- Die gedragsitems word in die middel van die bladsy geskryf met spasies aan weerskante waar aantekeninge gemaak kan word.
- Wanneer die maat die verlangde gedrag van die ander een ontvang, word die datum van die gedrag in die kantlyn van die ontvanger geskryf. Die lys dien as 'n visuele herinnering aan die versterkte gedrag.

Die prosedure het 'n tydsbeperking van twee weke. (Vgl. LeCroy, *et al.*, 1989:16.)

Die verduideliking van die prosedure neem ongeveer een uur. Na een week word elke egpaar getelefoneer om seker te maak dat hulle die prosedure verstaan en om vrae te beantwoord. In die navorsing van LeCroy, *et al.* (1989: 15-18) is bevind dat die huweliksbevrediging en die kommunikasiepatrone van al die egpare verhoog en verbeter het. Die aanbeveling word gemaak dat hierdie tegniek gebruik kan word om soveel meer egpare te bereik as met die tradisionele metodes vir huweliksverryking. Baie van die egpare wat gewoonlik weier om deel te neem aan tradisionele huweliksverrykingsprogramme, stem in om hierdie tegniek tuis te probeer en ervaar hierdie wyse nie bedreigend nie. Die tegniek is ook koste effektief omdat die minimum professionele insette vereis word.

3.10 ALGEMENE PROBLEME IN HUWELIKSVERRYKINGSGROEPE

Probleme is nie uitgesluit in huweliksverrykingsgroepe nie. Die intieme kommunikasie tussen die huweliksmaats kan daartoe lei dat sake wat voorheen nie na die oppervlak gebring is nie om konflik te vermy, skielik in die ope kom. Indien 'n egpaar konflik ervaar, moet die groepleier bedrewe genoeg wees om dit te hanteer en nie toe te laat dat die ander groeplede negatief beïnvloed word nie (Garland, 1983:152). Wanneer dit vir die egpaar nie moontlik is

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

om hulle probleem in die groep op te los nie, is dit wenslik dat hulle onttrek. Clinebell (1977a: 98-99) meld dat dit soms gebeur dat 'n egpaar vir huweliksverryking gaan en agterna besluit om tog wel te skei. Enersyds mag dit wees dat die egpaar bevestiging kry dat hulle huwelik wel soveel beskadig is dat hulle nie verder daaraan kan werk nie. Hulle mag dan besluit om met 'n egskeiding voort te gaan of vir beraad te gaan. Andersyds gebeur dit ook dat egpare geskaad kan word deur onbekwame en onopgeleide groepleiers. Laasgenoemde probleem kan uit die weg geruim word deur leiers te gebruik wat objektief staan, belangstel in die huwelik en in die huwelik as instelling glo. Groepleiers moet deurentyd in opleiding bly en ondersteuningsgroepe vir leiers word ook aangemoedig. Egpare met ernstige probleme moet aangemoedig word om eers vir beraad te gaan voordat hulle aan 'n huweliksverrykingsprogram deelneem. Daar moet verder toegesien word dat die doelstelling van 'n huweliksverrykingsgroep die verryking en groei van die egpaar bly en dat die doel nie na patologie verskuif nie.

3.11 EVALUERING VAN HUWELIKSVERRYKINGSDIENSTE

Die terrein van huweliksverryking en die effektiwiteit daarvan is nog relatief onontgin. Uit reeds voltooide navorsing blyk dit dat die resultate positief is, maar volgens Denton (1986:6) is intensiewe navorsing dringend noodsaaklik. Garland (1983:184) meen dat die ernstigste behoefte aan navorsing op drie terreine lê, naamlik die faktore wat die verskillende opsette beïnvloed, leierskapsvaardighede en -style en teikengroepe wat die verrykingsdienste ontvang. Verskillende huweliksverrykingsprogramme vir spesifieke teikengroepe is reeds ontwikkel en deur middel van navorsing kan die sukses van individuele of gekombineerde programme bepaal word. Die waarde van evaluering en navorsing ten opsigte van die effektiwiteit van huweliksverrykingsprogramme kan nie genoeg beklemtoon word nie. Alleen wanneer daar deeglik navorsing gedoen word, kan die dienste verbeter (Garland, 1983:183, Fowers, 1990:368 en Schwebel & Fine, 1994:183) en kan die teorie rondom huweliksverryking ontwikkel word.

Gershenfeld (1985:395) meld dat daar steeds te min navorsing oor die terrein van huweliksverryking gedoen is. Evaluering van verandering in gedrag en die gebruik van aangeleerde vaardighede moet meer dikwels formeel deur middel van meetinstrumente gedoen word. Fowers (1990:368) meld dat gestandaardiseerde metings die hulpverlener op die volgende wyses van hulp kan wees:

- Bevorder hoop vir 'n positiewe uitkoms.
- Ontwikkeling van 'n fokus op die verhouding.
- Identifisering van probleemareas.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

- Bevordering van gefokusde en produktiewe bespreking van relevante aspekte.
- Konfrontering van egpaar-mites.
- Bystand in die verwysing van individue na die korrekte dienste.
- Evaluering van die vordering van terapie en/of verryking.
- Evaluering van uitkomste en beplanning vir terminering.
- Fasilitering van verryking en voorkoming.

Die benutting van bestaande gestandaardiseerde meetinstrumente word in die lig van bogenoemde sterk aanbeveel.

Programevaluering is uiters noodsaaklik. Op hierdie wyse kan vasgestel word of die program in sy doel slaag. Garland (1983:189) beveel aan dat verskillende groepe op 'n deurlopende basis deur die navorser evalueer word. Gershenfeld (1985:395) meld dat daar steeds te min navorsing oor die terrein van huweliksverryking gedoen is. Evaluering van verandering in gedrag en die gebruik van aangeleerde vaardighede moet meer dikwels formeel deur middel van meetinstrumente gedoen word. Tradisioneel, volgens Roach, *et al.* (1981: 538), is die effektiwiteit van 'n program gemeet aan die inventaris van huweliksaanpassing in plaas van die meting van houding of bevrediging. Roach, *et al.* (1981:538) is van mening dat die effektiwiteit van huweliksverryking die beste gemeet kan word in terme van 'n verandering in die houding teenoor die eie huwelik. Giblin, *et al.* (1985:267) is van mening dat toekomstige navorsing klem moet plaas op die ontwikkeling van 'n hiërargie van verrykings uitkomstekategorieë wat van laer orde bedrewehede, wat maklik beïnvloed word, tot hoër vlak bedrewehede, persepsies, houdings en gevoelens, wat stadiger verander, wissel.

Giblin, *et al.* (1985:267) beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan om toepaslike meetinstrumente vir die evaluering van huweliksverryking te ontwikkel. Die noodsaaklikheid van gestruktureerde huweliksverrykingsprogramme wat weer getoets kan word, word ook beklemtoon. Aanbieders of navorsers moet ook duidelikheid verkry oor die beste tyd vir die afneem van 'n meetinstrument. Giblin, *et al.* (1985:269) meen dat dit meer belangrik is om te weet hoe aanbieders die meetinstrumente gekies het as wat dit is om die inhoud van die program te weet. Volgens Dinkmeyer & Carlson (1986b:141) is die mees algemene aspekte waaraan daar in die evaluering van verrykingsprogramme aandag geskenk word, die volgende:

- Algehele huweliksbevrediging in aanpassing.
- Verhoudingsvaardighede, insluitende empatiese vermoëns, selfopenbaring, konflikthantering en probleemoplossende vaardighede.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

- Individuele persoonlikheidsveranderlikes, selfaktualisering, selfkonsep en/of persepsie van die huweliksmaat.

Selfverslagdoening en waarneming is twee van die belangrikste metodes waardeur die egpaar se interaksie en uiteindelijke groei gemeet kan word. Selfverslagdoenende metings, ten spyte van die beperkinge en die voordele van waargenome data, sal steeds 'n belangrike rol in die assessering van data speel. (Vgl. Schumm, *et al.*, 1986:381.) Selfverslagdoening mag egter nie die enigste wyse wees waarop die effektiwiteit van 'n program evalueer word nie, ten spyte van die waarde daarvan. Roach, *et al.* (1981:538) beveel aan dat selfverslagdoenende instrumente gekombineer kan word met meetinstrumente wat poog om die persepsie of houding teenoor die huwelik te meet. Die gebruik van gestandaardiseerde meetinstrumente verhoog uiteindelik die wetenskaplikheid van die terrein van huweliksverryking.

3.12 EFFEKTIWITEIT VAN VERRYKINGSPROGRAMME

Giblin, Sprenkle & Sheehan (1985) het 'n meta-analise van 85 studies van voorhuweliks-, huweliks- en gesinsverrykingsprogramme gedoen om die effektiwiteit en die waarde van die programme te evalueer. Navorsing wat tot op daardie stadium gedoen is, het aangedui dat verrykingsprogramme wel effektief was en dat positiewe gedrag daaruit voortvloei. Na afloop van die analise is daar tot die gevolgtrekking gekom dat verryking 'n 17% verbetering teweeggebring het. (Vgl. Giblin, *et al.*, 1985:265 en Hawley & Olson, 1995:130.) Hunt, Hof & DeMaria (1998:113) beklemtoon dat die oorhoofse bevindinge van navorsing oor huweliksverryking daarop dui dat egpare daarby baat vind. (Vgl. ook Griffin & Apostal, 1993:271 en Noval, *et al.*, 1996:48.) Waar daar met egpare gewerk word wat nie relatief goed funksioneer nie en waar daar reeds probleme aanwesig is, kan huweliksverryking effektief saam met huweliksterapie aangewend word.

Een van die gevolge van 'n huweliksverrykingsprogram is dat 'n egpaar na afloop van 'n huweliksverrykingsgeleentheid tot die besef kom dat hulle huwelik nie so goed is as wat hulle gemeen het nie. As gevolg van die aktiwiteite en leergeleenthede kan hulle byvoorbeeld agterkom dat hulle kommunikasie nie so goed is nie omdat een of albei van hulle nie op die regte wyse selfopenbaring doen nie. (Vgl. Giblin, *et al.*, 1985:267 en Noval, *et al.*, 1996:48.) Wanneer die effektiwiteit van 'n huweliksverrykingsprogram gemeet word, moet hierdie faktore nie buite rekening gelaat word nie.

In 'n ondersoek na die effektiwiteit van huweliksverrykingsprogramme is bevind dat programme wat die ontwikkeling van spesifieke vaardighede ten doel gehad het, 'n meer positiewe invloed op huweliksfunksionering gehad het as die programme wat nie daarvoor voorsiening gemaak het nie. Griffin & Apostal (1993:271) het die invloed van die *Relationship Enhancement Program* getoets waar egpare spesifieke vaardighede aanleer en inoefen. Die

Hoofstuk 3: Huweliksverryking

resultate was positief, selfs twaalf maande na die aanvanklike aanbieding plaasgevind het. Noval, *et al.* (1996:48) beklemtoon die noodsaaklikheid van navorsing ten opsigte van die effektiwiteit van huweliksverrykingsprogramme.

3.13 SAMEVATTING

- 3.13.1 Terapie en behandeling vir huweliksprobleme is vrylik beskikbaar, maar voorkoming en verryking geniet nie genoeg aandag nie, veral nie in Suid-Afrika nie.
- 3.13.2 Huweliksverryking is 'n wyse waarop egpare gehelp word om hulle sterkpunte te ontdek en te benut alvorens dit nodig is dat hulle om hulp gaan vra. Die doel is om goeie huwelike beter te maak.
- 3.13.3 David en Vera Mace het in 1962 met huweliksverryking begin. Die menslike potensiaalbeweging waar op sterkpunte en groei gefokus word, lê ten grondslag van huweliksverryking.
- 3.13.4 Huweliksverryking het ten doel om die lewens en huwelike van egpare en huweliksmats individueel te verryk. Aspekte wat oorspronklik reeds waarde gehad het, word verder verbeter.
- 3.13.5 Verskeie faktore is nodig om te voorkom dat 'n huweliksverhouding stagneer of uiteindelik tot niet gaan, naamlik onder andere waardering, geleentheid vir selfaktualisering, toewyding aan mekaar, effektiewe kommunikasie en die kreatiewe gebruik van konflik.
- 3.13.6 Huweliksverryking kan op verskillende wyses gedoen en aangebied word. Groepe vir egpare, waaronder ondersteuningsgroepe, groepe vir huweliksverryking en opvoedkundige werkgroepe word benut. '*Retraites*' (stil verblyf in afsondering) word oor naweke en veral deur kerkgenootskappe aangebied.
- 3.13.7 Die leier in huweliksverryking moet self 'n goeie huweliksverhouding hê, moet 'n bedrewe opleier wees, moet 'n model wees, moet op groei fokus en moet op 'n gebalanseerde wyse selfopenbaring kan doen. Verskeie skrywers beveel aan dat groepleiers verkieslik 'n goed funksionerende egpaar moet wees.
- 3.13.8 Verrykingsprogramme word vanuit verskeie sielkundige en sosiologiese teorieë aangebied, naamlik die algemene sisteemteorie, die humanistiese psigologie, die behavioristiese teorie, die psigo-analitiese teorie, kognitiewe herstrukturering, die groeimodel, kerklik en godsdienstig georiënteerde benaderings, vanuit die gestaltbenadering en ook vanuit die transaksionele analise.
- 3.13.9 Programme vir huweliksverryking is met die verloop van tyd ontwikkel, soos onder andere die TIME-program, *Working Together*, die PREP-program, die MDH-program, die *Marital Enrichment Program*, die naweek-'*retraite*' van Clinebell en die *Caring Days – self-help technique*.

Hoofstuk 3: Huweliksverryking Meeskaplike Groepwerk

- 3.13.10 Intensiewe navorsing ten opsigte van die effektiwiteit van huweliksverryking is noodsaaklik. Dienste kan alleen deur middel van navorsing verbeter word en teorie daarrondom uiteindelik ontwikkel word.
- 3.13.11 Huweliksverryking blyk effektief te wees wanneer die egpaar se funksionering nie reeds problematies was en terapie vereis het nie. Die relatief goed funksionerende egpaar se huweliksbevrediging verbeter met behulp van huweliksverryking


Die laaste hoofstuk van hierdie boek handel oor die ontwikkeling van groepsgevoel en die rol van die groep in die ontwikkeling van die persoon. Dit handel ook oor die ontwikkeling van die persoon se vermoë om te werk saam met ander mense en die rol van die groep in die ontwikkeling van die persoon se vermoë om te werk saam met ander mense. Dit handel ook oor die ontwikkeling van die persoon se vermoë om te werk saam met ander mense en die rol van die groep in die ontwikkeling van die persoon se vermoë om te werk saam met ander mense.

42 ONTSTAAN EN AARD VAN GROEPSGROEIE

42.1 Die ontstaan van groepsgevoel

In die laat sestiger- en die vroeë sewentigerjare het twee groepsgevoelstudies vanuit die Amerikaanse Potensiaalbeweging ontstaan. Die eerste studie behandelde hoe die persoon se vermoë om te werk saam met ander mense te verbeter. Die tweede studie behandelde hoe die persoon se vermoë om te werk saam met ander mense te verbeter. Die eerste studie behandelde hoe die persoon se vermoë om te werk saam met ander mense te verbeter. Die tweede studie behandelde hoe die persoon se vermoë om te werk saam met ander mense te verbeter.

HOOFSTUK 4



GROEIGEORIËNTEERDE MAATSKAPLIKE GROEPWERK

4.1 INLEIDING

In die klein groep waar individue met mekaar deel, lê die krag waardeur die individu meer kreatief kan leef en meer volledig kan liefhê. Hierdie krag is die dinamika van die mens – die krag wat in elke individu gesetel lê om mekaar en die self te herkonstrueer deur middel van omgee en om met mekaar te deel. Groeigroepe bied 'n wyse waarop die dinamika van die mens ontsluit kan word. Hierdeur kan persoonlike verhoudings verbeter word en 'n wêreld geskep word waarin elke individu die geleentheid kan vind om eie volledige en unieke vermoëns te ontwikkel. Lewenskwaliteit word deur die individu in die een en twintigste eeu nagestreef – nie alleen in die samelewing as geheel nie, maar veral ook in kleiner sisteme soos families, gesinne, huwelike en die persoonlike lewe. Die lewe mag net op geen stadium vervelig en geroetineerd wees nie! Groeigroepe is instrumente waardeur hierdie aspekte verlewendig kan word. Groeigroepe word ontwerp om die individu te help om latente hulpbronne te ontdek en te gebruik.

In hierdie hoofstuk gaan gepoog word om die teoretiese basis van die groeigroep te omskryf. Dit dien egter vermeld te word dat die literatuur rondom groeigroepe beperk en nie so reserant is as waarop gehoop is nie. Die hedendaagse neiging is steeds om terapie te soek in die geval van probleme en nie soseer vir voorkoming en verryking te gebruik nie. Van die bronne is dus nie reserant nie. Hierdie navorsing is egter juis 'n poging om 'n kennisbasis daar te stel sodat menslike potensiaal deur middel van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk ontwikkel kan word en probleme uiteindelik voorkom kan word.

4.2 ONTSTAAN EN AARD VAN GROEIGROEPE

4.2.1 Die ontstaan van groeigroepe

In die laat sestiger- en die vroeë sewentigerjare het nuwe groepwerktegnieke vanuit die Menslike Potensiaalbeweging ontstaan. Die oorhoofse doelstelling hiervan was om selfbewussyn te verhoog en persoonlike funksionering te verbeter. Balgopal & Vassil (1983:91) noem dat daar in die sestigerjare wegbeweë is na 'n fokus op abnormale en disfunksionele gedrag van individue na groepwerk wat daarop gemik was om individue se potensiaal maksimaal te ontwikkel. Johnson & Johnson (1996:486) meld ook dat daar in die laaste twintig tot dertig jaar veral in die VSA 'n ontploffing was in die deelname van individue aan groepsaktiwiteite wat op persoonlike groei en verandering gerig was. Jacobs, *et al.*

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

(1994:18) noem dat die eerste tipe groeigroepe, T-groepe of opleidingsgroepe (*'training groups'*) was. Die eerste hiervan is in Bethel, in Maine, in 1947 aangebied. Garwin (1981:20) maak ook melding van T-groepe (reeds in 1946 gebruik) waar baie sterk van terugvoer deur groeplede aan mekaar gebruik gemaak is met die doel om groei en insig te bewerkstellig. (Vgl. ook Wilson, 1978:255-256.) Die inligting ten opsigte van ander se sienings oor hulleself, het groeplede in staat gestel om selfondersoek te doen. Die waarde hiervan is in die eerste T-groepe ervaar en daarna aanbeveel. Sloot (1977:26) maak melding van *'encounter groups'* wat aan die T-groep verwant is. Hierdie groepervaring beklemtoon persoonlike groei en die ontwikkeling en verbetering van interpersoonlike kommunikasie en verhoudings deur middel van 'n proses van ervaring.

Groeigroepe was veral in die sestiger- en die sewentigerjare gewild. Spesiaal ontwikkelde groeiprogramme is vir huwelike, gesinsverhoudings, interkulturele kommunikasie en onderrigssituasies ontwikkel. Giblin, *et al.* (1985:257) maak ook melding van die vinnige groei en ontwikkeling van verrykingsprogramme soos in groeigroepe aangebied, aan die begin van die sewentigerjare.

In aansluiting hierby, dien dit vermeld te word dat groepwerk ontstaan het as gevolg van die wete dat groepsmetodes meer gebruik gemaak het van die individu se eie hulpbronne en sterkpunte. Probleme kon op hierdie wyse in 'n groep hanteer word sodat die selfwaarde van groeplede verhoog en nie verlaag nie. Die resultate/oplossings/besluite word deur die groeplede geneem en is dus meer relevant vir hulle unieke situasies (Heap, 1985:9). Dit is dus reeds hier in die ontstaan van groepwerk duidelik dat die groei-fokus ten grondslag lê van hulpverlening binne groepsverband. Ramey (1999:78) meld dat dit interessant is dat daar wegbeweeg is van die klem op gesonde ontwikkeling na een van probleemoplossing. Daar word nou eers weer terugbeweeg na die skep van welstand en psigiese gesondheid - vandaar die gebrek aan resente literatuur oor die groeigroep en die groot hoeveelheid literatuur ten opsigte van terapie en behandeling.

4.2.2 Die aard van groeigroepe

Konopka (1972:64) het reeds in die sestigerjare die onderskeid tussen groeigeoriënteerde groepe en taakgeoriënteerde groepe getref. Sy het soos volg na eersgenoemde verwys: *"Those groups which serve the development of the person toward his individual potential, improvement of relationship and social functioning competencies"*. Individue in die groeigeoriënteerde groepe het direkte hulp vir persoonlike ontwikkeling benodig en die groep kon daarin voorsien. Die taakgeoriënteerde groep is volgens Konopka (1972:64) maatskaplike aksiegeoriënteerde groepe waar daar aandag gegee word aan die oplossing van probleme wat nie noodwendig met die persoonlike lewe te make het nie. Die klem val op die voltooiing

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

van 'n spesifieke taak. (Vgl. ook Du Preez, 1979:66-67.)

Groeigroepe word bedoel vir relatief normale individue wat hoop om hulle persoonlike vaardighede, veral ten opsigte van verhoudings met ander, te verbeter (George & Dustin, 1988:8-9). Hierdie groepe fokus op hulpverlening aan individue om vaardighede te bekom; om insig in hulle eie waardes, houdings en oortuigings te ontwikkel; om vermoëns tot sosialisering te verbeter en om te leer hoe om meer bewus te word van die gevoelens wat hulle ervaar. Kurland & Salmon (1991:13) beklemtoon dat groepwerk 'n metode is waar met die sterkpunte van individue gewerk word en waar groeplede mekaar kan ondersteun – met ander woorde, die proses van groei kan fasiliteer.

Volgens Clinebell (1978:3-4) het 'n groeigroep die volgende eienskappe, naamlik:

- Die doel van die groeigroep is persoonlike groei van die deelnemers – emosioneel, interpersoonlik, intellektueel en geestelik.
- 'n Leierskapstyl wat groei fasiliteer, word gebruik – eerstens deur die aangewese leier en daarna deur die groep as geheel sodat die groep self die instrument vir groei word.
- Die klem val op die onbenutte potensiaal, hier-en-nou effektiwiteit van lewe en toekomsdoelstellings. Mislukkings in die verlede, probleme en patologie kom eers daarna. Die groeiperspektief is die leidende perspektief.
- Die groep word saamgestel uit relatief goed-funksionerende individue sodat die doel steeds bly om 'gesonde individue nog beter te maak'. Provost (1999:77) beklemtoon dat daar in die groeigroep geen terapie gegee word nie – die fokus is op groei en wanneer ernstige probleme in die groep geopper word, moet die groepleier so spoedig moontlik 'n verwysing doen.
- Die groeigroep is klein genoeg om vertrouwe toe te laat en om diepte-verhoudings te laat ontwikkel.
- Daar is 'n tweeledige beweging vanaf persoonlike gevoelens na relevante inhoud. Groepterapie en persoonsgesentreerde opvoeding word gekom-bineer.
- Die toepassing van dit wat in groeioefeninge geleer is op verhoudinge buite die groep word aangemoedig as 'n integrale deel van persoonlike groei. (Vgl. ook Reid, 1997:75.)
- Die groep moedig konstruktiewe veranderinge in sowel houdings as gevoelens aan, asook in gedrag en verhoudings. (Vgl. ook Jacobs, *et al.*, 1994:18.)

Deelnemers aan 'n groeigroep moet so gou as moontlik daartoe in staat gestel word om vertrouwe in hulle eie vermoë tot probleemoplossing en besluitneming te verkry (Heap,

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

1985:50). Hierdeur word groei gefasiliteer. Groeigroepe is meer as ondersteuningsgroepe – deelnemers aan 'n groeigroep word uitgedaag om te groei. Hierdie tipe groepe verwag 'n groter toewyding, eerlikheid, openheid en betrokkenheid (Dibbert & Wichern, 1985:12). Persoonlike groeigroepe bied 'n intense ervaring aan relatief gesond funksionerende individue om hulle te help om nog beter op 'n interpersoonlike vlak te funksioneer. Die doel van hierdie tipe groepe is nie om persoonlikheidsprobleme te hanteer nie, maar eerder om te ontwikkel, deur persoonlike aspekte waarmee die meeste individue tydens die verskillende oorgangstye van hulle lewens sukkel, te eksploreer.

Die groeigroep dien as 'n bril waardeur die groepleier en die groeplede mekaar sien in terme van dit wat hulle kan word en nie soseer dit wat hulle is of was nie. Corey & Corey (1992:12) meen dat die rasionaal vir hierdie groepe daarin lê dat die ondersteuning en die uitdaging van die groep deelnemers help om 'n eerlike self-assessering te maak en spesifieke wyses te identifiseer waardeur hulle patrone van denke, gevoelens en gedrag kan verander. Lightsey (1997:198) het in sy navorsing bevind dat voorlopige goeie verwagtinge en 'n algemene gevoel van selfwerkzaamheid by groeplede tot beter uitkomst by groeplede gelei het. Groeplede wat dus self iets wil doen en gemotiveerd is, baat meer by die groep en groei dus meer.

Terugvoer en deelname is uiters belangrik. Alhoewel deelnemers baat kan vind by die terugvoer van ander deelnemers, berus die finale besluit ten opsigte van die veranderinge wat aangebring moet word, by hulleself. Deelnemers kan die persepsies wat hulle van hulleself het met die persepsies wat ander van hulle het, vergelyk en dan self besluit wat hulle met hierdie inligting wil maak.

Groei vind plaas deur middel van die volgende:

- Elke individu beskik oor 'n innerlike impuls om sy potensiaal te ontwikkel.
- Die dryfkrag vir groei word deur die kwaliteit van verhoudings gestimuleer of geblokkeer.
- Groei is 'n innerlike vervulling en ontplooiing.
- Groei is 'n ervaring in die totaliteit van menswees in verskillende areas. Groei in een area stimuleer groei in 'n volgende area.
- Die klein groep is die ideale opset om verhoudings te verdiep en daardeur groei te versnel.
- Kleingroepmetodes werk die beste met mense wat relatiewe 'heel' en gesonde mense is.

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

- Die groeigeoriënteerde leierskapstyl kan aangeleer word deur enigiemand wat redelik oop is met homself en met ander.
- Organisasies word lewensvatbaar deur middel van die daarstelling van geleenthede vir menslike groei en vervulling. (Vgl. Clinebell, 1978:7-9.)

Groegroepe verskaf 'n interpersoonlike omgewing waarin individue meer bewus, outentiek, liefdevol, genietend, spontaan, waagmoedig, teenwoordig en kreatief raak en beter verhoudings met ander bou. Ramey (1999:76-77) beklemtoon die feit dat groepwerkers kennis dra van spel en ook weet hoe om mense te help om die lewe te geniet. Individue leer en absorbeer soveel makliker wanneer die aktiwiteite op 'n genotvolle wyse aangebied word. Groepaktiwiteite kan die lewensvreugde vir groeplede terugbring en hierdie is een van die doelstellings van groegroepe. Groegroepe stel die individu in staat om potensiaal te ontdek en daarop voort te bou.

4.3 DIE DOELSTELLINGS VAN DIE GROEGROEP

4.3.1 Die noodsaaklikheid van doelstellings

"If a man does not know to which port he is sailing, no wind is favorable."

(Seneca, soos aangehaal deur Johnson & Johnson, 1996:74.)

Groepe bestaan vir 'n rede – individue sluit by groepe aan om doelstellings te bereik wat hulle nie alleen kan bereik nie. Die essensie van 'n doelstelling is dat dit 'n ideaal is. 'n Doelstelling is 'n plek waarheen individue werk en waaraan hulle waarde heg. Doelstellings is belangrik vir die volgende redes:

- Doelstellings bied riglyne vir aksie en deur middel van doelstellings word die pogings van groeplede beplan en gekoördineer. Rolle en verantwoordelikhede word aan die hand van doelstellings toegewys. Die gedeelde visie bied 'n basiese gevoel van interafhanklikheid tussen groeplede.
- Die effektiwiteit en bruikbaarheid van die groep se prosedures word aan die hand van die wyse waarop doelbereiking gefasiliteer word, geëvalueer. Sowel die doelstellings as die wyse waarop die doelstellings bereik gaan word, moet duidelik wees.
- Konflik tussen groeplede word aangespreek en opgelos met die einddoel in gedagte.
- Groepsdoelstellings motiveer en dui die rigting van groeplede se gedrag aan. Doelstellings verbeter die uitvoering van take. Wanneer groeplede hulleself kontrakteer ten opsigte van doelstellings, word 'n innerlike spanning geskep. Hierdie spanning maak hulle rusteloos en ontevrede totdat die doel bereik en die groep sy

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

planne ten uitvoer gebring het. (Vgl. Johnson & Johnson, 1996:78-79.)

4.3.2 Doelstellings van groepleier en groeplede

Wanneer 'n groep 'n aanvang neem, het beide die groeplede en die groepleier 'n stel doelstellings vir die groep. Die groeplede mag dalk verwag om die aard van hulle gevoelens te verbeter, terwyl die groepleier ten doel het om die algemene interpersoonlike funksionering van die groeplede te verbeter. Indien die aanname gemaak word dat die doelstellings van groeplede en van die groepleier nie ten volle gaan ooreenkom nie, is dit noodsaaklik dat daar oor 'n aanvaarbare stel doelstellings onderhandel sal word. (Vgl. Van Riet, 1990:152.) Die doelstellings moet van so 'n aard wees dat beide partye hulleself aan die bereiking daarvan sal kan toewy. Johnson & Johnson (1996:76) beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n gesamentlike visie van beide die groepleier en die groeplede. Hierdie visie bind groeplede saam deur middel van 'n gedeelde emosionele toewyding. Groepsdoelstellings blaas lewe in die drome van groeplede en stel hulle daartoe in staat om bestaande moontlikhede in gesamentlike pogings raak te sien.

Die doelstellings vir die groep is die padkaart – die groepleier neem groeplede op 'n roete waarvoor daar reeds op 'n vroeëre stadium gekontrakteer is (Jacobs, *et al.*, 1994:130). Alleen groepe met goed gedefinieerde doelstellings en doelwitte kan suksesvol wees. Wanneer doelstellings aanvaar, begryp en deur groeplede verlang word, rig, kanaliseer, motiveer, koördineer en gee die doelstellings energie aan die groeplede se gedrag. Die doelstellings van die groep is die beginpunt vir die evaluering van die groep se effektiwiteit.

Die groepleier moet presies seker wees waarom die groep ontmoet en wat die doelstellings en doelwitte is. Die doelstelling van die groep bepaal die grootte, lidmaatskap, lengte van sessies en aantal sessies. Wanneer die doelstellings duidelik is, sal die groepleier ook weet of die inhoud wat vir die verskillende sessies gekies is, toepaslik is. Die groepleier stel die doelstellings saam deur eerstens soveel inligting as moontlik in te samel, nie alleen ten opsigte van die groeplede individueel nie, maar ook ten opsigte van die probleem waaraan gewerk moet word. Die bepaling van die behoeftes van individuele groeplede is belangrik vir die vasstelling van die uiteindelijke doelstellings en doelwitte. Tweedens moet die groepwerker die tipe groep bepaal, wat vir die doeleindes van hierdie studie 'n groeigeoriënteerde groep sal wees. Derdens word moontlike temas, kwessies en oefeninge bepaal en laastens moet die groepleier seker maak dat die doelstellings aan die behoeftes van groeplede voldoen. (Vg. Jacobs, *et al.*, 1994:130-135.)

Zastrow (1991:58) maak melding van persoonlike doelstellings en groepsdoelstellings. Langtermyndoelstellings word eerste bepaal en dan in operasionele en meetbare terme uiteengesit. Hierna word korttermyndoelstellings bepaal en in volgorde van belangrikheid

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

geplaas na aanleiding van die belangrikheid daarvan vir die bereiking van die langtermyn doelstelling(s). Take word verder geïdentifiseer om die korttermyn doelstellings te bereik. Die groepleier en die groeplede neem deurentyd saam verantwoordelikheid vir bogenoemde proses ten einde eienaarskap van groeplede te bewerkstellig. Die oorhoofse doelstelling van die groep en die persoonlike doelstellings van groeplede moet by mekaar aansluit ten einde effektiwiteit van die proses te verseker.

4.3.3 Algemene doelstellings vir groeigroepe

Persoonlike groeigroepe varieer vanaf die groep met 'n oop struktuur tot die groep waar die deelnemers die rigting van die groep bepaal. Die volgende doelstellings word volgens Corey & Corey (1992:12) by al hierdie groepe aangetref, naamlik:

- Help individue om meer positiewe houdings en beter interpersoonlike bedrewehede te ontwikkel.
- Gebruik die groeiproses as 'n wyse waarop persoonlike verandering gefasiliteer word.
- Help groeplede om die nuut aangeleerde bedrewehede en gedrag na die alledaagse lewe oor te dra.

George & Dustin (1988:21) onderskei die volgende doelstellings van persoonlike groeigroepe:

- Selfbewuswording.
- Verhoging van individuele selfondersoek.
- Selfaanvaarding.
- Aanvaarding van ander.
- Uitbrei van leierskap – sodra groeplede hulle potensiaal ontdek het, kan hulle van die leierskap begin oorneem.

Johnson & Johnson (1996:491-493) vermeld die volgende algemene doelstellings vir groeigroepe:

- Die fasilitering van deelnemers se verkryging van selfversterkende houdings-en gedragspatrone.
- Fasilitering van deelnemers se psigiese gesondheid.
- Die vermeerdering van deelnemers se vaardighede vir die daarstelling van beskaafde verhoudings.
- Die verhoging van deelnemers se interpersoonlike effektiwiteit.

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

- Die bevordering van deelnemers se selfaktualisering.

Die aard van die algemene doelstellings word vervolgens bespreek:

4.3.3.1 Lewenskwaliteit

Die leidende doelstelling van 'n groeigroep is die verbetering van lewenskwaliteit en om elke deelnemer te help om meer uit die lewe te haal. Clinebell (1978:6) meld dat die persoon wat waarlik lewe die volgende eienskappe openbaar:

- **Bewustheid** – in kontak met gevoelens en met liggaam.
- **In-diepte verhoudings** en kommunikasie met ander.
- **Outentiek** – oop en kongruent en met eienaarskap van die self.
- **Liefdevol** – spontane omgee en gee van die self in verhoudings.
- **Geniet die lewe**, kan speel en genot aan ander verskaf.
- **Spontaan** – vry om te ervaar en te kies.
- **Kreatief** – maak en/of doen iets wat bevredigend en belangrik is.
- **Waagmoedig** en avontuurlustig.
- **Teenwoordig** in die hier-en-nou en verryk deur die verlede/toekoms.
- **Hanteer omstandighede** verantwoordelik.

Groeigroepe bied die geleentheid om te behoort, om aan aktiwiteite deel te neem, om 'n bydrae te lewer en om in kontak met ander te bly, wat essensieel vir die lewenskwaliteit van enige individu is (Hartford & Lawton, 1997:44). Lewenskwaliteit word direk aan psigiese gesondheid en 'n ervaring dat die lewe sin en betekenis het, gekoppel.

4.3.3.2 Selfverbetering

Groeplede het dikwels gedragspatrone ontwikkel wat hulle vermoë om effektiewe verhoudings met ander te bou en te ontwikkel, verminder. Hierdie patrone skep en onderhou selfvernietigende gevolge en het meer probleme tot gevolg. Indien 'n individu nie die geleentheid het om te verander nie, gaan hierdie selfvernietigende patrone alle aspekte van die funksionering beïnvloed. Een van die hoofdoelstellings van die groepleier in 'n groeigroep is om 'n groeplid te help om hierdie selfvernietigende patrone te identifiseer en in selfversterkende patrone te verander.

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

4.3.3.3 Psigiese gesondheid

Die psigies gesonde individu is in bewuste beheer van sy/haar lewe, kan eie gedrag rig en kan in beheer van eie bestemmings wees. Psigies gesonde individue weet wie en wat hulle is, is bewus van hulle sterkpunte asook hulle beperkinge en aanvaar hierdie samestelling. Daar is 'n fokus op die toekoms en nie 'n fiksasie op die verlede nie. Uitdagings, opwinding, nuwe doelstellings en nuwe ervarings is deel van die psigies gesonde individu. Interpersoonlike verhoudings bied die warmte, omgee, ondersteuning en samewerking wat aan die lewe opwinding en die potensiaal vir vreugde en persoonlike vervulling bied. In hierdie verhoudings word nie alleen die oorsprong van probleme gevind nie, maar ook die oplossing daarvan. Psigiese gesondheid word gedefinieer as die vermoë van die individu tot die daarstelling en instandhouding van verhoudings met gesinne, bure, vriende en kollegas (Johnson & Johnson, 1996:487). Marks (1998:953) definieer psigiese welstand en ontwikkeling as outonomie, beheer oor die omgewing, persoonlike groei, persoonlike verhoudings met ander, doelgerigheid en persoonlike aanvaarding. Die groeigroep kan die individu hiertoe in staat stel.

4.3.3.4 Medemenslike verhoudings

Hierdie verhoudings reflekteer die kwaliteite van vriendelikheid, ontferming, sorgsaamheid, teerheid, besorgdheid, deernis, deelnemendheid en vriendskap (Johnson & Johnson, 1996:493). 'n Doelstelling van die meeste groepleiers is om hierdie tipe verhoudings binne die groep te ontwikkel. Die vaardighede van groeplede om hierdie tipe verhoudings buite die groep te bou en te ontwikkel, word op hierdie wyse uitgebou. Hartford & Lawton (1997:44) beklemtoon die waarde van die groepervaring in die ontwikkeling en handhawing van verhoudings met individue wat dalk nie andersins op die pad van die groeplede sou kom nie.

4.3.3.5 Interpersoonlike effektiwiteit

Die kwaliteit van interpersoonlike verhoudings hang van interpersoonlike bevoegdhede af. Interpersoonlike- en kleingroepvaardighede vorm die basiese skakel tussen die individu en ander. Indien die individu daartoe in staat wil wees om met die spanning, bekommernis en konflikte eie aan die daarstelling en instandhouding van verhoudings tred te hou, is dit noodsaaklik om 'n greintjie van die vaardighede bemeester te hê. Die onderliggende doelstelling van die meeste groeigroepe is om deelnemers te help om 'n mate van kognitiewe- en gedragsverandering te ondergaan wat hulle vaardighede in die instandhouding van verhoudings kan verbeter. Groeigroepe bied die geleentheid waar beter wyses van omgaan met ander uitgetoets en aangeleer kan word (Clinebell, 1978:8). Op hierdie wyse kan meer produktiewe, selfversterkende en vervullende lewens verkry word.

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

4.3.3.6 Selfaktualisering

Selfaktualisering is die psigiese behoefte aan groei, ontwikkeling en benutting van potensiaal. In Selfaktualiserende groeplid sal na die volle benutting van talente, kapasiteite en potensiaal beweeg. Selfontwikkeling en benutting van die self word hier ingesluit. Maslow (1968) soos deur Corey (1990:272) aangehaal, beskryf die karaktertrekke van die selfgeaktualiseerde persoon as iemand wat innerlike rigting het, wat weerstand toon teen definiëring deur ander, wat die kapasiteit het om te verdra en selfs onsekerheid verwelkom. Hierdie persoon aanvaar ander en die self, het 'n vars persepsie van die wêreld, is spontaan en natuurlik, outonoom, het 'n behoefte aan privaatheid en afsondering en 'n diepe omgee vir ander.

4.4 DIE UNIEKHEID VAN GROEPSDINAMIKA

"Social work's secret tool is the infinite untapped, unused, unsuspected capacity for growth in the sovereign individual personality...Of all types and breeds of social worker, the social group worker most consciously accepts this democratic premise in his work" (Towley (1874-1956), soos aangehaal deur Konopka, 1972:1).

Groepe het verskeie unieke voordele bo persoonlike nadenke en individuele pogings om probleme op te los. Die individu wat wil groei, wil ontwikkel en wil verander, kan die unieke kapasiteite van 'n groep uitstekend benut. Toseland & Rivas (2000:69-88) onderskei die volgende dimensies of onderdele van groepsdinamika:

4.4.1 Kommunikasie en interaksiepatrone

Sosiale interaksie is die dinamiese tussenspel van magte waarin die kontak tussen individue tot die aanpassing van houdings en gedrag van die deelnemers lei. Verbale- en nie-verbale kommunikasie is die komponente van sosiale interaksie. Die groepleier moet kennis dra van kommunikasie en interaksie. Hierdeur kan daar tot die patrone wat deur die groeplede daargestel is, toegetree word om hulle by te staan in die bereiking van hulle gestelde doelstellings en om die sosio-emosionele bevrediging van die groeplede te verseker.

4.4.2 Groepskohesie

Groepskohesie is die resultaat van alle magte wat op groeplede inwerk om hulle in die groep te laat bly. Waar daar groepskohesie is, word groeplede se behoefte aan aanvaarding, sekuriteit en lidmaatskap bevredig. Groepsdeelname verseker hulpbronne. Die groepleier moet daarna streef om die groep vir groeplede aantreklik te maak. Du Preez (1989:133-135) beklemtoon die werker se verantwoordelikheid in die daarstelling van die regte atmosfeer, die strukturering van die groep en die motivering van groeplede. Hierdie onderdele dra by tot die

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

binding van groeplede wat uiteindelik weer bydra tot die sinvolle benutting van die proses.

4.4.3 Sosiale kontrole

Hierdie term word gebruik om die proses te beskryf waardeur die groep as 'n geheel voldoende toegeeflikheid en konformering van groeplede verkry ten einde ordelik te funksioneer. Norme is gedeelde verwagtinge en menings ten opsigte van aanvaarbare wyses vir optrede in 'n sosiale situasie, byvoorbeeld in 'n groep. Du Preez (1989:135-136) meen dat groeplede gehelp moet word om hulle waardes en norme te begryp, insig daarin te hê en dit reg te stel indien dit afwyk. Die groeplede moet vir die groep as geheel norme formuleer wat uiteindelik tot konformering lei. Beheer is noodsaaklik vir die ordelike funksionering van die groep. Die beheer word aan die hand van grense wat uit innerlike oortuiging gegroei het, gedoen. Groeplede moet duidelikheid hê oor die verskillende rolle wat in die groep vertolk moet word. Op hierdie wyse word die ordelike verloop van die groep bewerkstellig.

4.4.4 Groepkultuur

Groepkultuur verwys na die waardes, menings, gebruike en tradisies wat gesamentlik deur groeplede gehou word. Hoe meer divers die groepsamestelling is, hoe stadiger verloop die proses van die skep van 'n groepkultuur. Die groepleier is daarvoor verantwoordelik om 'n gemeenskaplike basis daar te stel sodat die groep daartoe in staat kan wees om doelstellings te bereik en sosio-emosionele welstand te verseker.

Johnson & Johnson (1996:487-489) onderskei die volgende unieke eienskappe (komponente) van groepe:

4.4.4.1 Sosiale opset

Groepe verskaf 'n meer heterogene sosiale opset waarin interpersoonlike vaardighede aangeleer, bemeester en geïntegreer kan word. (Vgl. ook Corey & Corey, 1992:385.) Die groeigroep word as 'n bevoorregte geleentheid vir groei beskou aangesien daar soveel groeplede is wat vir mekaar omgee en mekaar ondersteun. Binne die groep moet meer as een verhouding in stand gehou word en meer gevoelens en reaksies word gegenereer. Hierdie groter hoeveelheid verhoudings bied 'n rykdom van potensiaal vir leergeleenthede ten opsigte van interpersoonlike kontak – veel meer as in 'n een tot een verhouding.

4.4.4.2 Ondersteunende klimaat

Groepe genereer 'n gevoel van samehorigheid, ondersteuning, behoort aan, aanvaarding en bystand. Hierdie verskillende fasette van die groep maak die intensiteit van die terapeutiese ondersoek minder en moedig die individu aan om ten opsigte van doelstellings vir groei te

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

waag. Die ondersteunende klimaat in die groep maak dit vir die groeplede makliker om te waag. Selfopenbaring is makliker aangesien die res van die groeplede dit ook doen. Die aanvaarding binne die groep bied die basis vir verhoogde selfbeeld en self-aanvaarding. Groeplede se selfvertroue in hulle eie vermoë om te groei en te verander, verhoog wanneer hulle ervaar dat hulle medegroeplede hulle bystaan en ondersteun.

4.4.4.3 Invloed van groeplede

Groepe het 'n invloed op die gedrag en houdings van groeplede. Groepe kan lede daarvan op veel meer wyses beïnvloed as wat in 'n een tot een verhouding moontlik is. Sosiale druk om meer konstruktief op te tree, is groter in die groepsopset. Die sosiale goedkeuring van 'n aantal persone is 'n meer kragtige beloning as die goedkeuring van 'n enkele individu. Die bekragtiging wat deur die portuurgroep gebied word, is meer en die bedreiging om deur die hele groep verwerp te word, is 'n kragtiger straf as wanneer een persoon dit sou doen. Een van die norme in die groeigroep is om groei aan te moedig en meer konstruktiewe wyses van denke en optrede te bemeester. In die groep is daar meer modelle om mee te identifiseer en om na te boots.

4.4.4.4 Gevoelens van groeplede

Groepe kan sterk gevoelens na vore bring en dan weer verminder. Groeplede kan ervaar dat hulle in die groeigroep 'n veilige omgewing het waarin hulle vorige skrikwekkende gevoelens met 'n nuwe gevoel van aanvaarding kan ervaar. (Vgl. ook Gillis, 1998:2.) Deurdad die groeplede ervaar dat hierdie vorige gevoelens nie oorweldigend is nie en dat die vorige gevolge daarvan nie herhaal word nie, beleef die groeplede 'n korrektiewe emosionele ervaring. Die wye verskeidenheid van individue en interpersoonlike ervarings laat dieper gevoelens na vore kom. Tog is die ondersteuning en aanvaarding in die groep daarvoor verantwoordelik dat die gevoelens nie oorweldigend is nie. Die bespreking van die gevoelens in die groep laat die intensiteit daarvan verminder en het 'n direkte invloed op die groeplede se denke en gedrag.

4.4.4.5 Interpersoonlike vaardighede

Groepe vereis die gebruik van 'n verskeidenheid interpersoonlike vaardighede – meer as wanneer die individu slegs met eie gevoelens besig is of dit met een ander persoon bespreek. Om na ander te luister terwyl hulle probleme bespreek en om hulle te help om met meer konstruktiewe denk- en gedragswyses te eksperimenteer, vereis vaardighede en vermoëns wat dalk in geen ander opset nodig sou wees nie. Harms-Smith (1990:87) meen dat die aanleer van hierdie vaardighede die individu daartoe in staat stel om die eise van die situasie buite die groep te kan hanteer.

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

4.4.4.6 Portuurgroep

Groepe verskaf geleentheid aan deelnemers om begrip vir die portuurgroep te ontwikkel en ook om hulp te verleen. Deur middel van die hulpverlening word die selfbeeld, selfinsig en interpersoonlike bekwaamhede van al die deelnemers verhoog. Om aan ander hulp te verleen, bied 'n ideale geleentheid vir altruïsme wat dalk nie andersins moontlik sou gewees het nie. Deelnemers baat op verskeie wyses by die omgee en betrokkenheid by mekaar.

4.4.4.7 Verskeidenheid perspektiewe

Groepe verskaf 'n verskeidenheid perspektiewe wat insig in en begrip van eie probleme en gedrag stimuleer. Deur middel van die etikettering van gedagtes, gevoelens en ervarings asook deur die reflektering daarvan, word die groeplid gehelp om sy/haar optrede beter te verstaan. Die hele groep baat by die insig wat een groeplid ontwikkel.

4.4.4.8 Vergelyking

Groepe verskaf bronne vir vergelyking – groeplede in groeigroepe vergelyk dikwels hulle houdings teenoor ouers, huweliksmaats, kinders en vriende; hulle gevoelens teenoor die gebeure in die groep; die aspekte wat hulle hartseer, gelukkig, ongelukkig, skuldig en kwaad maak asook die wyse waarop daar met aggressie en woede omgegaan word. Hierdie vergelykings vind outomaties plaas en fasiliteer nuwe wyses van gevoel, ervaring en optrede.

4.4.4.9 Terugvoer

Groepe bied verskeie wyses van terugvoer. Terugvoer behels reflektering, suggesties, die trek van verbande tussen gebeure en gedrag, kommentaar ten opsigte van gedragsspatrone, die benoeming en beskrywing van emosies en die oefening van selfopenbaring (Northern, 1988:73). Terugvoer en selfopenbaring moedig introspeksie aan waar swak karaktereenskappe, onopgeloste emosionele konflikte, perseptuele distorsies, oordrewe emosionaliteit en swakpunte herken kan word (Day & Matthes, 1995:176). Binne die veilige omgewing van die groep kan groeplede met verskillende gedrag en gevoelens eksperimenteer en kan direk van die ander groeplede terugvoer ten opsigte van die impak daarvan ontvang. (Vgl. Harms-Smith, 1990:85.) Die groep bied die geleentheid om gedragsspatrone na die oppervlak te bring en deur middel van die terugvoer van groeplede word die groep 'n laboratorium waar nuwe gedrag ingeoefen kan word (Reid, 1997:72). Jacobs, *et al.* (1994:4-5) beklemtoon die waarde van suggesties, reaksies en waarnemings van groeplede as terugvoer. Ephross & Vassil (1988:164) beklemtoon ook die waarde van terugvoer in die proses van probleemoplossing.

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

Alleen in groepe kan die individu soveel geleenthede hê om te hoor hoe ander hom/haar ervaar en die groepleier moet geleenthede vir terugvoer direk fasiliteer (Brown, 1991:190). Groeplede het dikwels die geleentheid om terugvoer ten opsigte van eerste indrukke te ontvang asook van hulle vordering en hoe hulle later deur groeplede ervaar word. Deur middel van beide positiewe en negatiewe terugvoer ten opsigte van hoe die ander groeplede 'n spesifieke groeplid ervaar, word insig ontwikkel. Corey (1990:301) maak melding van die waarde van hierdie insig in die neem van besluite ten opsigte van fasette van die individu se lewe waar verandering nodig is. Groeplede word deur die terugvoer gehelp om konstruktief anders te dink, te voel en op te tree (Corey, 1990:306). Daar is verskeie wyses en tipes terugvoer wat aan groeplede gegee kan word en sowel Jacobs, *et al.* (1994:5) as Toseland & Rivas (2000:333) waarsku groepleiers om bedag te wees op die wyse waarop die terugvoer in die groep geskied. Ephross & Vassil (1988:147) beklemtoon ook dat die groepleier moet toesien dat die beskikbare tyd vir terugvoer van so 'n aard is dat groeplede die beste daarvan kan maak. Terugvoer mag groeplede nie laat skrik en verdere groei nadelig beïnvloed nie.

Ten einde bogenoemde te voorkom, stel Van Riet (1990:229) die volgende voorwaardes vir die gee van terugvoer voor:

- Daar moet 'n sfeer van vertrouwe en sekuriteit in die groep wees. Hierdeur sal groeplede bereid wees om hulleself oop te stel vir dit wat die ander groeplede sê. Terugvoer behoort egter nooit heel aan die begin van die proses toegelaat te word nie aangesien die situasie dan nog te onseker is. Indien 'n groeplid in 'n vroeë stadium van die proses 'n negatiewe ervaring ten opsigte van terugvoer gehad het, is dit nie maklik om die skade te herstel nie.
- Sowel die ontvanger van die terugvoer as die gewer daarvan moet die terugvoer as 'n hulpmiddel in die totale interaksie tussen groeplede sien. Beide partye moet bereid wees om iets vanuit die terugvoer te leer.

4.4.4.10 Herstellende omgewing

Groepe bied 'n herstellende omgewing vir die oplossing van probleme. Binne verhoudings ontwikkel probleme en word wanaangepaste denk- en gedragspatrone aangeleer. Binne 'n groeigroep kan groeplede onmiddelik aan probleme aandag gee met die voordeel dat dit binne die herstellende omgewing en atmosfeer kan geskied. Buiten begrip van eie probleme, kan onmiddelike herstellende stappe in verhoudings met ander geneem word.

4.4.4.11 Verhoudings

Groepe bied die konstruktiewe portuurgroepverhoudings wat so noodsaaklik is vir gesonde sosiale en kognitiewe ontwikkeling. Portuurverhoudings is noodsaaklik vir gesonde

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

ontwikkeling en groepe bied toegang tot sulke konstruktiewe verhoudings.

4.5 AANLEIDENDE FAKTORE TOT VERANDERING

Verskeie faktore in groeigroepe moedig verandering by deelnemers aan. Johnson & Johnson (1996:489-491) onderskei die volgende faktore:

- Verandering word bevorder deur die emosionele uitdrukking van positiewe en negatiewe gevoelens teenoor ander groeplede en ten opsigte van lewensgebeure. Groeplede mag gevoelens wat voorheen blokkeer was, in die groep na vore bring. Indien groeplede nie die vryheid in die groep ervaar om gevoelens te verbaliseer nie, word die moontlikhede om by mekaar te leer, uiters beperk. Indien gevoelens nie openlik en eerlik uitgespreek kan word nie, word die moontlikhede vir verandering geblokkeer.
- Verandering word deur die ervaring van intense emosies, beide positief en negatief, bevorder, selfs al word die gevoelens nie uitgespreek nie. Gebeure in die groep mag daartoe lei dat gevoelens wat voorheen onderdruk was, losgelaat word. (Vgl. Sloot, 1977:31.) Groeplede mag ervaar dat hulle gevoelens aanvaar word en dat dieselfde negatiewe gevolge van die spesifieke emosies nie weer voorkom nie. Hierdie proses kan op sigself 'n herstellende emosionele ervaring wees.
- Verandering word bevorder deur waarneming van ander groeplede wat beduidende emosionele ervarings het. Ander groeplede se emosionele ervarings mag sekere aspekte vir 'n ander deelnemer klarifiseer. Die ander groeplid se ervaring mag dan as voorbeeld in eie probleemareas gebruik word.
- Verandering word deur die daarstelling van hoop bevorder. Ontmoediging word verminder. Ontmoediging lei tot verwildering, verwarring, wanorde en 'n gevoel van moedeloosheid. Isolاسie en hulpeloosheid is dan aan die orde van die dag. Situasies in 'n groep mag hoop skep, gevoelens dat elke mens tog kan verander en die geloof dat 'n mens die oorsake van eie probleme kan beïnvloed. 'n Voorbeeld van so 'n invloed is wanneer ander groeplede waargeneem word wat reeds verander het as gevolg van hulle deelname aan 'n groep.
- Groei word bevorder deur 'n afname in egosentrisme en 'n toename in die vermoë om perspektief te behou. Deur die uitruil van idees in 'n veilige omgewing waar daar aanvaarding en begrip is, is groeplede meer oop vir ander perspektiewe. Groepleiers mag rolle van groeplede omruil sodat groeplede hulle eie situasies vanuit 'n ander perspektief kan beskou.
- Verandering word deur selfopenbaring bevorder asook deur die bewuswording dat

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

ander individue soortgelyke gevoelens ervaar en deur insig in eie probleme. Selfopenbaring aan 'n hele groep is nie maklik nie. Die waarde van selfopenbaring lê egter nie soseer in dit wat gesê word nie, maar in die reaksie van ander groeplede op dit wat gesê is. Die groei-element in selfopenbaring lê in die vertrouwe en aanvaarding wat beleef word en die ondersteunende en warm reaksie van groeplede wat omgee. Selfopenbaring mag daartoe lei dat ander groeplede die moed het om soortgelyke gevoelens te openbaar. Hierin lê terapeutiese waarde aangesien 'n individu verligting kan ervaar in die wete dat hy/sy nie alleen is met die gevoelens wat voorheen so erg beleef is nie.

- Verandering word deur eksperimentering met nuwe gedrag en deur terugvoer van ander bevorder. Om te weet wat ander van 'n mens dink, is 'n basiese menslike behoefte en in die groep is dit moontlik om onmiddellike terugvoer te kry. Die groeigroep bied aan groeplede die geleentheid om in veilige en lae-risiko omstandighede met nuwe gedrag te oefen. Wanneer hulle dit uiteindelik in die ware lewe moet doen, is die nuwe gedrag nie meer so bedreigend nie.
- Verandering word bevorder deur ander groeplede wat konstruktiewe gedrag modelleer. Een van die beste wyses waarop nuwe gedrag aangeleer word, is om dit deur iemand anders gedemonstreer te sien.
- Verandering word deur kognitiewe insig in eie probleme bevorder. Selfopenbaring tesame met kognitiewe begrip lei tot die nodige verandering. Die aanleer van spesifieke kognitiewe vaardighede lei tot verandering. Day & Matthes (1995:173) maak melding van die waarde daarvan dat die groepleier in 'n groeigroep kognitiewe vaardighede vir die groeplede aanleer ten einde optimale groei aan te moedig.

Verandering is moontlik en die groeigroep is die ideale wyse waarop verandering gefasiliteer kan word. Dit is egter duidelik dat daar sekere vereistes vir die uiteindelijke verandering ten opsigte van houdings en gedrag is en dat die groepleier van 'n groeigroep hiervan kennis moet dra.

4.6 LEIERSKAP IN GROEIGROEPE

4.6.1 Effektiwiteit van leiers

Groeigroepe word gewoonlik deur maatskaplike werkers, sielkundiges of beraders gelei, maar kan ook deur paraprofessionele persone gelei word. Opleiding en supervisie ten opsigte van die groepwerkproses is noodsaaklik. Alhoewel die groeplede gewoonlik nie ernstige probleme ervaar nie, kan die groepe teenproduktief wees as die leier nie die kennis en die bedrewenheid besit om interaksie te fasiliteer nie.

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

Die groepleier van 'n groeigroep moet die sterkpunte van die groeplede mobiliseer (Konopka, 1972:84). Die groeplede moet gehelp word om die kragte wat hulle van groei weerhou, te oorkom. Nuutgevonde kapasiteite moet dan inge oefen word. Garrett & Berger (1999:168) beveel die gebruik van aktiwiteite vir groeigroepe aan waardeur vaardighede inge oefen kan word. 'n Spesifieke ingesteldheid en openheid ten opsigte van die moontlikheid vir groei by individue en in verhoudings word egter van die groepleier verwag. Groei-fasiliterende leierskap kan aangeleer word deur enige groepleier wat relatief oop teenoor homself en teenoor ander is. Lightsey (1997:2) beklemtoon dat dit noodsaaklik is dat groepleiers nie alleen in hulleself moet glo nie, maar ook in die effektiwiteit van die groep. Optimisme is aansteeklik en onontbeerlik in die groeigroep. Die leier van 'n groeigroep moet oor die vaardigheid beskik om die impuls binne individue om hulleself te ontwikkel, wakker te maak.

Die gevoelens van die leier ten opsigte van leiding aan 'n groep het beslis 'n invloed op die verloop van die groep (Jacobs, *et al.*, 1994:39). Indien die leier 'n positiewe houding het, sal 'n positiewe krag geskep word. Indien die leier nie lus sou wees om die groep aan te bied nie of moeg sou wees op die dag van die sessie, sal 'n anti-terapeutiese krag teenwoordig wees. Groepleiers moet so beplan dat hulle genoeg energie het vir die aanbied van 'n groep. Emosionele en praktiese voorbereiding vir groepsessies dra daartoe by dat groepleiers gemotiveerd en entoesiasies te werk kan gaan. Goeie groepleiers het entoesiasme vir hulle werk (Jacobs, *et al.*, 1994:128). Wanneer die groepleier opgewonde is oor die aanbied van 'n groep en die dinamika wat deur 'n groep kan plaasvind, word die opgewondenheid aan die groeplede oorgedra. Entoesiasme en positiewe denke word veral ook deur die groepleier se stem oorgedra (Jacobs, *et al.*, 1994:127).

In 'n groeigroep vir huweliksverryking, soos in enige ander groep, is dit noodsaaklik dat die groepleier die vaardigheid om verhoudings te bou en interaksie te fasiliteer, bemeester het. Die egpare in die groep moet deur middel van 'n aktiwiteit aan mekaar voorgestel word (Garland, 1983:79). Die atmosfeer van ondersteuning, warmte en omgee word reeds hier geskep. Groeplede moet gerusgestel word ten opsigte van die vertroulikheid van alles wat in die groep bespreek word. Effektiewe groepleiers fasiliteer 'n atmosfeer waarin hierdie aspekte moontlik is.

4.6.2 Leierskap in 'n groeigroep

Groepe is ideaal om groeplede konstruktief te help om te groei en te verander. Die leier van 'n groeigroep moet egter oor 'n komplekse stel vaardighede beskik. Johnson & Johnson (1996:493-494) vat hierdie vaardighede soos volg saam:

- Die daarstelling van omstandighede vir die verandering van deelnemers se gedragspatrone en houdings. Hierdie omstandighede is onder andere dat daar 'n

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

genoegsame vlak van vertroue tussen groeplede moet wees sodat hulle vry kan voel om selfopenbaring te doen, met nuwe patrone van denke en optrede kan eksperimenteer en terugvoer kan gee asook ontvang. Hiervoor is 'n warm en ondersteunende klimaat, waarin groeplede vry kan voel om risiko's te neem, noodsaaklik. Brown (1991:166) noem hierdie vaardigheid ten opsigte van die beginfase in die groepwerkproses eerste aangesien dit die essensie van die res van die reeks vorm.

Moet 'n hulpbronnkundige wees van die wyse waarop daar in 'n groep geleer en verander word. Die groepleier van 'n groeigroep moet vaardig wees in die gebruik van ondersoekende en eksperimentele metodes van leer. Die ondersoek behels 'n assessering van die persoonlike-, interpersoonlike- en groepsdinamika. Om hiertoe in staat te wees, moet die leier 'n kundige ten opsigte van teorie en navorsing in die gedragswetenskappe wees. Jacobs, *et al.* (1994:18) stel die kennis van 'n wye reeks aspekte soos die invloed van egskeiding, seksualiteit, ouerskap, die rouproses, stieffamilies, geloof en die interpersoonlike dinamika van woede, skuld, bekommernis, angs en die behoefte aan goedkeuring vir leiding aan groeigroepe voor. Die vaardigheid om hierdie kennis in belang van die groeplede se insigontwikkeling te gebruik, is noodsaaklik.

Moet onderrig van noodsaaklike interpersoonlike- en kleingroepvaardighede kan gee. Een van die beste wyses waarop selfvernietigende gedrag verminder kan word en selfverbeterende gedrag bevorder kan word, is deur die verbetering van groeplede se groeps- en interpersoonlike vaardighede. Hierdie vaardighede kan deur die benutting van eksperimentele oefeninge geskied of deur die reflektoring van groeplede se interaksies en verhoudings. Die groepleier fasiliteer die interaksie tussen groeplede ter wille van die ondersoek en die prosessering daarvan (Henry, 1992:119). Vernelle (1994:112) maak ook melding van eksperimentele metodes van leer in groeigroepe. 'Ontdekkingsmetodes' soos rolspel, nagebootste lewensituasies en speletjies wat vir die verbetering van sensitiwiteit ontwikkel is, is van die metodes wat die groepleier in die groeigroep kan gebruik.

Moet in staat wees om die konstruktiewe gebruik van interpersoonlike- en kleingroepvaardighede te modelleer. Die modellering van verlangde gedrag en die versterking daarvan wanneer die gedrag nageboots word, is moontlik die mees effektiewe wyse vir die aanleer van nuwe vaardighede. (Vgl. ook Garland, 1983:182; Henry, 1992:77; Jacobs, *et al.*, 1994:117; Day & Matthes, 1995:176 en Toseland & Rivas, 2000:120.) Die groepleier moet bereid wees om aktief aan die groep se interaksie deel te neem. Corey (1990:102) dui aan dat die opregte groepleier bereid is om dit wat van die groep verwag word, self ook te doen.

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

Die groepleier in die groeigroep het 'n sterk modelleringsfunksie. Die gedrag, gevoelens en houding wat gemodelleer word, is 'n eksplisiete riglyn vir groeplede met 'n groei-oriëntasie. Die groepleier se modellering dra dikwels meer gewig as die modellering en terugvoer van die res van die groeplede. Groepleiers het dus 'n uiters verantwoordelike rol te speel. Die groepleier lei deur middel van 'n voorbeeld. Om hierin te slaag, moet die leier duidelik wees ten opsigte van sy geloof in gesamentlike pogings. Die leier moet daartoe in staat wees om oor eie visie en waardes te kan praat en die leier se aksies moet kongruent aan sy/haar woorde wees. (Vgl. Johnson & Johnson, 1996:210.) Elke uitsonderlike leier is ook 'n student. Die selfvertroue om te kan lei, kom deur te probeer, te misluk, deur uit foute te leer en weer te probeer. Deur die eie reis na selfaktualisering kan die leier van 'n groeigroep 'n model vir ander wees.

Gedrag wat gemodelleer kan word, is die stuur en ontvang van boodskappe in kommunikasie; die gebruik van selfopenbaring; eksperimentering met alternatiewe gedrag en die uitdruk van aanvaarding en ondersteuning van ander. Young & Long (1998:23) beklemtoon dat verrykingsgroepe ideaal is vir die aanleer van sosiale vaardighede omdat die groeplede nie alleen die leier waarneem nie, maar ook die ander groeplede. Die aktiewe groepleier het 'n groter invloed op groeplede as die passiewe leier. Navorsing toon volgens Johnson & Johnson (1996:496) dat groeplede in groeigroepe wat die fasiliteerder naboots, meer baat by die groeiproses vind as diegene wat dit nie doen nie. Die groepleier moet dus die ideale groeplid in die groep wees om hierdie invloed te kan uitoefen – die voorwaarde daarvoor is dat die groepleier waarlik effektief moet wees ten opsigte van interpersoonlike funksionering.

Moet toesien dat groeplede van konstruktiewe konfrontering en terugvoer voorsien word. Terugvoer is van waarde wanneer daar 'n sinvolle beskrywing van 'n ander groeplid se gedrag en die invloed daarvan op ander persone gegee word. Terugvoer bied nuwe insigte ten opsigte van die invloed van gedrag op ander (Zastrow, 1991:16). Konstruktiewe konfrontering is 'n doelbewuste poging om 'n groeplid te help om die gevolge van sekere aspekte van gedrag te ondersoek – 'n uitnodiging tot selfondersoek. Die konfrontering word bedoel om 'n groeplid te help om meer konstruktiewe en opbouende gedrag en minder destruktiewe gedrag te openbaar.

Konstruktiewe konfrontering word deur Corey (1990:125) gedefinieer as “...an invitation to examine discrepancies between what one says and what one does, to become aware of unused potential, and to carry insights into action”. Aangesien elke individuele groeplid 'n eie verwysingsraamwerk het waarvolgens interpretasies gedoen word, is dit noodsaaklik dat die groepleier sterk beheer oor die terugvoer

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

uitoefen. Wanneer konfrontasie egter in die ondersteunende omgewing van die groep plaasvind, kan die gebruik daarvan 'n ware daad van omgee wees. Garland (1983:165) meen dat konfrontasie uiters versigtig in huweliksverrykingsgroepe gebruik moet word. Die doel daarvan mag nooit as straf bedoel wees nie, maar as persoonlikheidsverryking. Konfrontasie wat met sorg, onderskraging en sensitiwiteit gedoen word, lei uiteindelik daartoe dat groeplede in staat gestel word tot self-konfrontasie wat so noodsaaklik is vir die deurwerk van probleme wat opgelos moet word. Die groepleier moet sorg dra dat die konfrontasie van so 'n aard is dat die waardigheid van die groeplid wat gekonfronteer word, behou word en dat daar geen vooroordeel teenwoordig is nie. Konfrontasie moet die kanale vir kommunikasie open en nie sluit nie.

Die leier moet hulp verleen in die definiëring en assessering van groeplede se probleme. Een van die belangrikste funksies van die leier van 'n groeigroep is om groeplede te help om betekenis aan gevoelens en gebeure te gee asook aan gebeure wat in die groep plaasvind. Die optrede van die leier dra daartoe by dat groeplede se vrese ten opsigte van emosionele en interpersoonlike ervarings verminder. Hulle word toegerus met kognitiewe vaardighede wat hulle kan gebruik om meer effektief te funksioneer. Dit is die leier se verantwoordelikheid om die groeplid te help om die oorsake van probleme te verstaan – of die oorsake ekstern of intern van aard is. Wanneer die groepleier die probleme definieer, moet daar sorg gedra word dat die groeplid se gevoel van beheer oor die probleme verhoog word. Die groeplede moet ervaar dat hulle die vryheid het om hulle probleme aan te spreek en te beheer.

Die groepleier moet toesien dat groeplede van geleenthede vir selfopenbaring asook vir eksperimentering met nuwe houdings en gedragspatrone voorsien word. Die meeste van die groeigeleenthede in 'n groeigroep spruit voort uit die selfopenbaring en eksperimentering met nuwe denk- en gedragspatrone van die groeplede. Die belangrikheid daarvan dat die groepleier geleenthede hiervoor sal skep, kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Korrektiewe of herstellende emosionele ervarings in die groep moet deur die groepleier bevorder word. Ervarings in groeigroepe bevorder emosionele reaksies. Woede, warmte, frustrasie en angstigheid kom volgens Johnson & Johnson (1996:498) in die meeste groeigroepe voor. Groepleiers moet groeplede help om gedagtes en gevoelens ten opsigte van probleme of aspekte rakende hulle interpersoonlike funksionering uit te spreek (Toseland & Rivas, 2000:112). Effektiewe leiers in groeigroepe maak voorsiening vir emosioneel-stimulerende situasies. Daar moet egter ook voorsiening gemaak word vir 'n objektiewe evaluering van die

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

emosionele aspekte. Die emosionele ervarings moet as 'n leergeleentheid benut kan word.

Die groepleier moet die probleemoplossende proses waarmee groeplede hulle bekommernisse kan aanspreek, bestuur. In hierdie proses mag dit nodig wees dat die groepleier inligting ten opsigte van die groeplede (egpare) se gedrag en gevoelens uit die verlede bekom asook ten opsigte van gedrag en gevoelens soos dit in die groep na vore kom. Ephross & Vassil (1988:123-126) beskryf die proses van probleemoplossing soos in groepe gebruik word. Groeplede kan suksesvol van bestaande hulpbronne uit eie geledere gebruikmaak.

Die groepleier moet ten opsigte van veranderinge in groeplede se patrone van houdings en gedrag kan onderhandel. Groeplede moet gelei word om huidige houdings en gedrag te klarifiseer asook hoe hierdie aspekte gevoelens en interaksies met ander beïnvloed. Opbouende patrone van gedrag moet versterk word en afbrekende patrone moet verminder word. Die fasilitering van besprekings gerig op probleemoplossing is 'n prioriteit. Groeplede moet aangemoedig word om op 'n aktiewe wyse die perspektiewe van ander aan te neem. Toseland & Rivas (2000:26) beklemtoon die waarde van die groeigroep as 'n hulpmiddel in die verkryging van sosio-emosionele welstand. Hierdie welstand kan alleen verkry word wanneer probleme in 'n ondersteunende atmosfeer opgelos kan word.

Die groepleier moet tot die bestuur van 'n effektiewe groep in staat wees. Alle vaardighede van groepleiers is hier van toepassing. Effektiewe leer in 'n groeigroep kan alleen plaasvind wanneer die proses effektief bestuur word. Jacobs, *et al.* (1994:44) meld dat die effektiewe groepleier ervare moet wees in nie alleen individuele hulpverlening nie, maar ook in teorieë van hulpverlening. Ervaring in die aanbied van groepe en die benutting van groepsdinamika is krities vir die effektiewe bestuur van 'n groep.

Die groepleier is verantwoordelik vir die daarstelling en toepassing van 'n kontrak met groeplede. 'n Duidelike kontrak met groeplede is bruikbaar aangesien verantwoordelikhede daarin uitgespel word en die proses daarvolgens gerig kan word. Dit is egter die groepleier se verantwoordelikheid om toe te sien dat die hele groep aan die bepalings van die kontrak hou. Ephross & Vassil (1988:11) omskryf die kontrak in groepe as 'n ooreenkoms ten opsigte van die rede waarom die groep bestaan, hoe lank die groep gaan duur, wat van almal verwag word, hoe die groep gestruktureer gaan word, wat die verhouding van die groep tot ander instansies is, watter gedrag aanvaarbaar gaan wees en watter hulpbronne gebruik gaan word. Toseland & Rivas (2000:175) onderskei tussen die verbale en die geskrewe kontrak.

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

Kontrakte kan gesluit word ten opsigte van die groep as geheel, maar ook ten opsigte van die individuele doelstellings met betrekking tot elke groeplid.

Die uitvoer van die bestuursfunksies van die groep is die verantwoordelikheid van die groepleier. Die administratiewe reëlings vir die groep, die voorbereiding van funksionele hulpmiddels en programmedia en die wyse waarop die effektiwiteit van die groep gemeet word, is van die funksies wat deur die groepleier uitgevoer moet word. Northern (1988:324) en Henry (1992:94-95) beklemtoon die noodsaaklikheid van deurlopende evaluering in die effektiewe bestuur van die groep.

Day & Matthes (1995:173) onderskei die volgende drie aspekte van die leier van 'n groeigroep:

- Die groepleier modelleer en moedig terugvoer aan. Aan die begin word positiewe terugvoer aangemoedig en later word die positiewe terugvoer met negatiewe terugvoer gekombineer.
- Die groepleier modelleer en moedig selfopenbaring aan. Die leier moet net nooit persoonlike aspekte openbaar wat hom/haar een van die groeplede laat word nie. Die leier moet eers toesien dat die vlak van vertroue goed genoeg is voordat selfopenbaring met veiligheid gedoen kan word.
- Die groepleier modelleer en moedig die ervaring en uitdrukking van sterk emosies aan. Die leier moet egter weer eens versigtig wees om nie eie persoonlike emosies te openbaar nie, maar slegs emosies wat met die groepervarings verband hou.

4.6.3 Leierskap in huweliksverrykingsgroepe

Huweliksverrykingsgroepe word deur mense van verskillende professionele agtergronde, grade van opleiding en leierskapstyle gelei. Hunt, *et al.* (1998:71) onderskei die volgende moontlike leiers van programme:

- Nie-professionele egpare wat alleen die program aanbied, maar vir die spesifieke program wat hulle aanbied, opgelei is.
- Nie-professionele egpare wat opgelei is vir die aanbieding, maar saam met 'n professionele persoon die leiding neem.
- 'n Manlik-vroulike span wat nie noodwendig met mekaar getroud is nie, en in die spesifieke program van aanbieding opgelei is.
- 'n Individu van enige van die twee geslagte wat opgelei is in die model wat vir die program gebruik word.
- 'n Professioneel opgeleide individu met addisionele opleiding in die spesifieke program.

Hoofstuk 4: Groeiegeïntereerde Maatskaplike Groepwerk

- 'n Professionele opgeleide egpaar.

Egpare is volgens Hunt, *et al.* (1998:72) die beste groepleiers vir huweliksverrykingsprogramme. Hierdie egpare moet verrykingsvaardighede modelleer en moet daartoe in staat wees om ander daartoe te inspireer. Die voordeel daarvan om leiers van albei geslagte te hê, is die beklemtoning van gelyke balans in die huwelik, om geslagsvooroordeel te vermy en om beide manlike en vroulike perspektiewe te modelleer. Wanneer 'n egpaar as aanbieders optree, is dit aan te beveel dat ten minste een van die huweliksmaats formele opleiding in die geesteswetenskappe, opvoedkunde of personeelbestuur moet hê.

Die mening word gehuldig dat die leier van 'n groeigroep definitiewe opleiding in nie alleen die aard van die huwelik nie, maar ook in die groepsproses moet hê. Tegnieke van verhoudingsvaardighede en die modellering daarvan kan wel deur 'n egpaar wat toegewy is aan groei en ontwikkeling gedoen word, maar die dinamika van verhoudings en groepsfunksionering is nie voorspelbaar nie. Spesialiskennis mag in sekere gevalle benodig word om die proses onverstoord te laat voortgaan tot al die groeplede se voordeel.

Leierskap in 'n groeigroep vir huweliksverryking verskil van leierskap in ander groepe ten opsigte van die volgende aspekte:

- Groeplede (egpare) in die huweliksverrykingsgroep is reeds daaraan toegewy om die groep se doelstelling, naamlik die verryking van hulle huwelike, te bereik. Die groepleier het dus nie soseer 'n motiveringsrol om te speel nie, maar moet intensief aan die fasilitering van die groep se kohesie aandag gee.
- Huweliksverrykingsgroepe ontwikkel om aan die interpersoonlike behoeftes van die huweliksmaats aandag te gee. Die fokus word dus sterk op die verhoudings as die hoofdoelstelling geplaas.
- Huweliksverrykingsgroepe het definitiewe beperkte tydskedules en die verantwoordelikheid van die groepleier is om toe te sien dat die doelstellings in die beskikbare tyd bereik word —veral ook in die geval van 'n *'retraite'* waar die tyd beperk is om die doelstelling te bereik.
- In huweliksverrykingsgroepe eindig die groep se werk nie wanneer die groep termineer nie. Die egpare moet juis dan die nuwe vaardighede, houdings en gedrag tuis in hulle daaglikse roetine en omstandighede gaan beoefen. Die ure wat tydens die groep ingesit is, het alleen waarde wanneer die inhoud daarvan in die huweliksverhouding voortgesit en uitgebrei word. Die groepleier moet aandag gee aan die tyd na die groep sodat die egpare die werk kan voetsit. (Vgl. Garland, 1983:95-96.)

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

Egpare wat as groepleiers optree, moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Moet aktief aan groei in die huwelik toegewy wees, nie alleen vir hulleself nie, maar ook vir ander.
- Moet daartoe in staat wees om as 'n span saam te werk.
- Moet op 'n warm en ondersteunende wyse met die egpare kan kommunikeer en sensitief teenoor ander in die groep kan wees.
- Moet gereed en daartoe in staat wees om van hulleself te deel en om kwesbaar te wees.
- Moet bewus wees van die proses wat in die groep plaasvind asook van prosesse wat met die egpare rondom hulle plaasvind.
- Moet basiese kennis dra van menslike ontwikkeling, huweliksinteraksie en die dinamika van groepe. (Vgl. Hunt, *et al.*, 1998:74-75.)

Opleiding in die aanbied van huweliksverryking is noodsaaklik en die mening word gehuldig dat leierskap in groeigroepe sekere noodsaaklike elemente bevat wat nie noodwendig deel uitmaak van alle groepleiers se toerusting nie.

4.6.4 Waardes van die leier in huweliksverryking

Die meeste groepleiers vir huweliksverryking het die volgende waardes ten opsigte van huweliksfunksionering:

- Buigzaamheid in seksuele rolle is noodsaaklik.
- Gelyke huweliksrolle is funksioneel.
- Woede en die uitrukking daarvan moet konstruktief wees.
- Die huweliksverhouding behoort die basis vir individuele ontwikkeling en groei te wees. (Vgl. Garland, 1983:177.)

Indien groeplede ten opsigte van bogenoemde waardes verskil, moet die groepleier/s bereid en daartoe in staat wees om 'n bespreking te fasiliteer en 'n proses van insigontwikkeling te laat plaasvind. Die fokus moet egter nie op die verskille en die moontlike konfliktsituasies geplaas word nie, maar op die oorhoofse doelstelling van die proses in die groep.

4.7 SAMESTELLING VAN GROEIGROEPE

4.7.1 Heterogeniteit versus homogeniteit

Wanneer groeigroepe saamgestel word, kies groepleiers dikwels groeplede met heterogene

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

eienskappe sodat die groep aan meer as een aspek blootgestel word en daardeur groei ervaar. Groeplede met homogene eienskappe word wel ook geselekteer sodat empatie met mekaar beter kan wees en die ondersteunende element in die groep verhoog kan word. Selfopenbaring is gemiddeld tot hoog in die meeste groeigroepe. (Vgl. Toseland & Rivas, 2000:26.) Johnson & Johnson (1996:451) beklemtoon die volgende nadele van homogene groeiplidmaatskap, naamlik:

- Homogene groepe het nie die kontroversie en verskillende perspektiewe wat so noodsaaklik vir effektiewe besluitneming en vir kreatiewe denke is nie.
- Te veel groeplede wat dieselfde dink en die lewe dieselfde ervaar, mag die groep vervelig en baie gemiddeld laat verloop.
- Homogene groepe is geneig om die neem van risiko's te vermy.
- Homogene groepe mag in groepsdenke verval en die noodsaaklike individuele invloed van verskillende groeplede verloor.
- Homogene groepe is geneig om die beste in statiese omstandighede te funksioneer. Aanpassing by veranderende omstandighede is dan nie maklik nie.

Die groep se doelstellings bepaal die seleksie van die egpare. Wanneer die doel is om die huweliksmaats slegs met mekaar in interaksie te laat kom en dat hulle alleen met mekaar moet kommunikeer, is dit moontlik om homogeniteit te ignoreer. Wanneer die egpare egter in die groot groep met mekaar gaan kommunikeer, is dit belangrik dat daar wel ooreenkomste sal wees. Garland (1983:50) stel die volgende kriteria voor wanneer daar na ooreenkomste vir die samestelling van groepe gekyk word:

- Godsdien.
- Opvoeding en opleidingspeil.
- Sosio-ekonomiese status.
- Fases in die siklus van die gesin en die huwelik.
- Geslagsrolle.
- Alternatiewe huweliksvorme.
- Vorige ervaring van huweliksverrykingsprogramme.

Te veel verskille het 'n beduidende invloed op die groep se kohesie en die groepleier moet in die seleksie van groeplede toesien dat die verskille nie van so 'n aard is dat die interaksie daardeur belemmer kan word nie.

Seleksie van deelnemers geskied aan die hand van die volgende kriteria:

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

- Slegs egpare wat 'n redelik gesonde en steeds groeiende verhouding het.
- Vyf tot sewe egpare per groep.
- Wees bedag op individue wat advies gaan gee in die groep en die rol van die fasiliteerder gaan oorneem.
- Vermy egpare wat oorafhanklik is en advies van ander egpare gaan uitlok. Hierdie egpare word op 'n indirekte wyse die fokus van die groep en dit is nie regverdig teenoor die ander egpare nie. (Vgl. Denton, 1986:72-73.)
- Albei huweliksmaats moet aan die huwelik toegewy wees en op dieselfde vlak van huweliksaanpassing wees. (Vgl. Garland, 1983:53.)

Dit is belangrik om te onthou dat die groepsdinamika in 'n huweliksverrykingsgroep verskil van ander groepe aangesien daar reeds subgroepe in die vorm van egpare bestaan. Dit is goed om egpare uit verskillende ouderdomsgroepe in een groep te hê, maar die aanbeveling is dat mense uit dieselfde ouderdomsgroepe in kleiner groepe (gongroepe) geleentheid kry om met mekaar te deel. Egpare word deur middel van persoonlike uitnodigings genader. Effektiewe publisiteit om die waarde van huweliksverryking aan te dui en 'n beklemtoning dat alleen 'goeie' huwelike daarby kan baat, is noodsaaklik. Egpare met ernstige probleme moet eers gaan vir huweliksberaad voordat hulle by huweliksverryking kan baat. Egpare wat reeds die waarde van verryking beleef het en wat geleer het om hulle trauma en pyn met hulle sterkpunte te hanteer, kan met groot vrug aangewend word om ander egpare te help.

Egpare uit verskillende fases van die lewensiklus kan by mekaar leer in 'n huweliksverrykingsgroep, maar wanneer daar gekyk word na die hantering van spesifieke lewensveranderinge en lewenskrisisse is dit belangrik dat daar homogeniteit sal wees, byvoorbeeld vir egpare met 'n nuwe baba, egpare wat die leë-nes fase binnegaan of egpare wat voor aftrede staan. Dit word sterk aanbeveel dat daar verrykingsprogramme sal wees om mense voor te berei op die veranderinge wat met elke nuwe fase in die lewensiklus gaan plaasvind. Programme vir pare wat in die huwelik gaan tree, vir nuut getroude egpare en vir egpare met 'n nuwe kind, word sterk aanbeveel.

Garland (1983: 52) is van mening dat verryking in die middeljare dikwels verwaarloos word terwyl dit eintlik ontsettend belangrik is. 'n Verrykingsprogram kan op 'n didaktiese wyse aan die egpaar die nodige bedrewehede gee om die sogenaamde middeljarekrisis en die invloed daarvan op die huweliksverhouding te kan hanteer. Wanneer hulle van ander egpare in dieselfde omstandighede hoor, is die ervaring dat hulle meer 'normaal' voel. Interaksie, behoeftes en rolle verander wanneer die kinders die huis verlaat. Die egpaar ervaar 'n toenemende behoefte aan mekaar se vriendskap. Hulle moet met mekaar en verkieslik met ander egpare in dieselfde omstandighede oor al die veranderinge kommunikeer. Selfs groepe

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

vir egpare wat afgetree is, word aanbeveel. Hierdie egpare moet by 'n veelvoud van veranderinge soos meer tyd, minder finansies, 'n ouerwordende liggaam en die naderende dood aanpas.

4.7.2 Duur en frekwensie van groepe

Een van die voordele van die groeigeoriënteerde benadering is dat daar verskeie formate vir groepe is waarvan daar gebruik gemaak kan word. 'n Deeglike assessering van die groep se behoeftes gaan die uiteindelijke formaat bepaal. Moontlike wyses is die volgende:

- Weeklikse sessies van een en 'n half uur tot twee ure.
- 'n Drie- tot ses uur sessie elke tweede week.
- 'n Sessie wat die hele dag duur en eenkeer per maand aangebied word.
- 'n Intensiewe naweeksessie vanaf Vrydagaand tot Sondagmiddag. Shulman (1979:131) het reeds in 1979 die waarde van naweek-werkswinkels vir huweliksverryking aanbeveel. Die naweeksessies het waarde as opleidings- en vaardigheidsontwikkelingservarings.
- 'n Aaneenlopende vier en twintig uur marathonsessie. Voorsiening word in 'n aangrensende lokaal gemaak vir diegene wat nie wakker kan bly nie.
- 'n Intensiewe drie- tot tiendae seminar of werkwinkel waarin onder andere kleingroepe, grootgroepe, minilesings en rollespel gekombineer word. (Vgl. Clinebell, 1978:17-18 en Jacobs, *et al.*, 1994:385.)

Tydbeperkte groepe waar daar voor die tyd reeds besluit word op die aantal sessies, het goeie resultate omdat groeplede hulleself sterker verbind om die gestelde doelstellings in die beskikbare tyd te bereik (Brown, 1991:150). Die groepleier moet toesien dat die frekwensie, intensiteit en kontinuïteit van die groepe van so 'n aard is dat die proses van eenwording as groep realiseer. 'n Spesifieke datum vir terminering is noodsaaklik vir konstruktiewe groei. Ses tot agt sessies is die aanbevole hoeveelheid vir 'n reeks met die doelstelling van groei.

4.7.3 Oop- of geslote groepe

'n Geslote groep is volgens Henry (1992:231) 'n groep individue wat saam hulle ervaring begin onder die leiding van 'n leier, saam deur die ervaring beweeg en die ervaring saam afsluit op 'n afgespreekte tyd. Die mening word gehuldig dat 'n groeigroep verkieslik geslote moet wees, wat beteken dat geen nuwe groeplede tot 'n bestaande groep toegelaat word nie, al verlaat van die bestaande groeplede ook die groep. (Vgl. Van Riet, 1990:137.) Jacobs, *et al.* (1994:40) beklemtoon ook dat 'n geslote groep vertrouwe aanmoedig en dat die lede al meer vir

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

mekaar omgee soos die groep vorder. Wanneer daar 'n tydsbeperking is waarin die groep 'n doelstelling moet bereik, is dit ook wenslik dat die aantal groeplede dieselfde bly.

'n Geslote groep het die volgende voordele:

- Die doel van die groep word gouer bereik wanneer dieselfde groeplede by mekaar betrokke is. Wanneer die verhouding tussen groeplede en die interaksie met mekaar van belang is vir die bereik van die doel van die groep asook vir individuele doelstellings van groeplede, is dit verkieslik dat die groep geslote sal bly (Van Riet, 1990:138).
- 'n Geslote groep bied 'n beter geleentheid vir groeplede om met 'n konstante groep individue te identifiseer en verleen stabiliteit aan die helpende (groeïende) milieu (Brown, 1991:150).
- Kohesie sal sterker wees en sal van meer waarde wees wanneer dieselfde groep mense as aantrekkende kragte teenwoordig is.
- Die fases van groepsontwikkeling sal sterker ontwikkel wanneer dieselfde groep individue deur die ontwikkelingsproses gaan.
- Die intensiteit van toewyding is hoër wanneer dieselfde groep teenwoordig is – wanneer 'n groeplid op die teenwoordigheid van bekende en betroubare ander kan staatmaak vir die duur van die proses.
- Geslote groepe verhoed rolverwarring wat mag plaasvind wanneer een groeplid die groep verlaat en 'n ander in die plek daarvan kom met ander verwagtinge en rolle van vooraf verdeel moet word.
- Roldifferensiasie, kommunikasiepatrone en besluitnemingsprosesse word positief deur 'n geslote groep beïnvloed. (Vgl. Henry, 1992:231-232 en Vernelle, 1994:12.)

Die mening word gehuldig dat 'n geslote groep goed vir huweliksverryking benut kan word. Tog bepaal die aard van die insette die keuse ten opsigte van oop- of geslote lidmaatskap. Opvoedkundige groepe vir huweliksverryking waar die klem op die gee van inligting val, kan oop wees aangesien die lede nie nodig het om dieper te kommunikeer en selfs aan mekaar terugvoer te gee nie. Uit die aard van die aanloop tot die navorsing en praktykervaring is dit egter 'n groot voordeel dat 'n geslote groep die huweliksverrykings-'retraites' bywoon. Die aard van die groei en die benutting van die inhoud en verloop van die totale reeks is net soveel meer waardevol.

4.7.4 Grootte van die groep

Die doel van die groep gaan die grootte daarvan bepaal (Heap, 1985:37; Henry, 1992:9 en

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

Jacobs, *et al.*, 1994:37). Taakgroepe moet verkieslik nie meer as agt lede hê nie, terwyl terapeutiese groepe goed funksioneer met vyf tot sewe lede. Ses tot twaalf lede per groep, plus die groepleier en die medeleier word gesien as die mees effektiewe grootte vir groeigeoriënteerde groepe (Van Riet, 1990:132). Zastrow (1991:19) meen dat 'n groep groot genoeg moet wees sodat groeplede nie geïnhibeerd voel nie en vry kan wees om openlik te kommunikeer, maar ook klein genoeg moet wees sodat daar 'n gemiddelde vlak van intimiteit en betrokkenheid kan wees. Ephross & Vassil (1988: 137), Corey (1990:91) en Vernelle (1994:8) beklemtoon ook dat daar genoeg groeplede in 'n groep moet wees om voldoende interaksie te verseker, maar nie so groot dat sommige stiller groeplede nooit die kans het om te kommunikeer nie. Brown (1991:151) maak daarvan melding dat die aktiewe groeplede in die groot groep meer aktief kan word en die stiller lede nog minder kan deelneem en selfs heeltemal kan stilbly. Wanneer die groep te groot word, kan dit vir die groepleier moeilik wees om aan die sosio-emosionele behoeftes van die groep aandag te gee. 'n Groot groep word nie vir terapeutiese groepe waar daar aan ernstige probleme aandag gegee word, aanbeveel nie.

Die aard van 'n groeigroep gaan die grootte daarvan bepaal. In sommige groepe is die gebrek aan geleentheid om in die groep as geheel te kommunikeer nie so 'n groot probleem nie (Toseland & Rivas, 2000:77). In die groeigroep vir huweliks-verryking is die doel om die huweliksmaats met mekaar te laat kommunikeer en slegs sekere aspekte word in die groot groep gedeel. Garvin (1981:80) stel die volgende riglyne vir die hantering van 'n groot groep voor:

- Langer sessies bied aan meer groeplede die geleentheid tot deelname.
- Deur die groep in kleiner groepe op te deel, byvoorbeeld in pare of in kleiner groepe (gongroepe) binne die groot groep, kan die aspekte in meer detail bespreek word, makliker terugvoer gegee word en versterking dadelik gebied word.

Hunt, *et al.* (1998:69) meen dat 5-15 egpare tipies op 'n naweek-'retraite' gaan, met meer as een leier of 'n egpaar as leiers. In die geval van die groter huweliksverrykingsgroep (10 – 15 egpare) word die interaksie deurentyd op die twee huweliksmaats in elke egpaar gefokus. Die geslagte kan ook geskei word vir aparte besprekings en die terugvoer word dan in die groot groep gegee. Alle groeplede wat stil is en nie so aktief in die groot groep deelneem nie, is nie noodwendig onbetrokke nie en die groepleier moet hierdie aspek in ag neem. In die geval van 'n groter huweliksverrykingsgroep is dit belangrik dat die groepleier die interaksie tussen huweliksmaats goed sal waarneem en nie alleen die interaksie in die groot groep nie. In hierdie geval is dit belangrik dat die kommunikasie tussen huweliksmaats as 'n egpaar optimaal gefasiliteer moet word.

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

4.7.5 Plek / omgewing van groep

Plekke vir byeenkomste moet stil, gemaklik en privaat wees. Die ervaring is dat afgesonderde plekke uitstekend werk vir hierdie groepe aangesien die groeplede heeltemaal ontspan en daar geen wyse is waarop hulle die groep voortydig kan verlaat nie. Dibbert & Wichern (1985:104), Corey (1990:92) en Jacobs, *et al.* (1994:38) meen dat die belangrikste oorweging in die seleksie van 'n fisiese opset moet wees dat daar privaatheid moet wees en dat daar geen eksterne faktore is wat die egpare se aandag kan aftrek nie. Groeplede in groeigroepe moet die versekering hê dat die persoonlike inligting wat hulle gedurende byeenkomste deel nie deur ander nie-groeplede aangehoor sal word nie.

Die grootte van die lokaal moet van so 'n aard wees dat daar genoeg intimiteit geskep kan word, maar dat die groeplede nie so ingedruk word dat hulle vasgevang voel nie. Die groepleier is daarvoor verantwoordelik om 'n ontspanne, informele atmosfeer te skep waarin groeplede kan ontspan en vry kan voel om te deel. Voldoende beligting en 'n gematigde temperatuur is belangrik. Garland (1983:85) beklemtoon dat die lokaal groot genoeg moet wees sodat huweliksmaats die vrymoedigheid kan hê om met mekaar te gesels sonder die vrees dat die ander egpare hulle sal hoor. Groeplede moet almal oogkontak met mekaar kan behou sodat die kommunikasie en interaksie onbelemmerd kan geskied. Toseland & Rivas (2000:178) meen dat dit die taak van die groepleier is om die totale fisiese opset in ag te neem en die invloed daarvan op doelbereiking te bepaal. Verversings werk nie alleen uitputting teë nie, maar dra ook by tot 'n atmosfeer van ontspanne deelname (Garland, 1983:85).

Die samestelling van elke groep gaan verskil en hierdie individuele behoeftes en verskille moet voortdurend in ag geneem word wanneer die groep beplan word. In die geval van die beplanning van 'n huweliksverrykings – *'retraite'* is dit belangrik dat die egpare wat deel van die groep uitmaak, weggeneem moet word van die daaglikse stressors na 'n omgewing waar hulle van die meeste verantwoordelikhede en spanning kan vergeet. (Vgl. ook Clinebell, 1978:19.) Die fisiese opset word doelbewus so beplan dat die omgewingsverandering tot die totale ontspanne atmosfeer bydra. Hunt, *et al.* (1998:83) beveel die volgende aan vir 'n naweek-'*retraite'*:

- 'n Fisiese opset sonder afleidings, waar openheid, ontspanning en hernuwing moontlik is.
- Versorging van kinders, indien nodig, sodat die egpare nie oor die kinders hoef te bekommer nie.
- Goeie voedsel.
- Private slaapkamers vir egpare.

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

- Bekostigbare tariewe.
- Gerieflike reistyd.

Die weggaan van die roetine van elke dag dra daartoe by dat groeplede gedwing word om op mekaar as huweliksmaats en op die groep as geheel, bestaande uit egpare met dieselfde visie vir hulle huwelike, te fokus. Daar word sorg gedra dat die aspekte wat hulle aandag van die proses kan aflei, tot die minimum beperk word.

4.8 FASES IN 'N GROEIGROEP

Die aard van die fases in die verloop van 'n groepwerkproses word verskillend deur verskillende skrywers benoem. Die mees algemene indeling is die indeling van Brown (1991:143-233) en Toseland & Rivas (2000:153-448), naamlik:

- Voorgroepbeplanning/Beplanningsfase.
- Beginfase.
- Middelfase.
- Eindfase.

Du Preez (1979:157-162) identifiseer vyf fases in die verloop van die groepwerkproses, naamlik:

- Die voorbereidingsfase.
- Die aanvangsfase.
- Die toetredingsfase.
- Die benuttingsfase.
- Die afsluitingsfase.

Tydend die literatuursoektog kon daar slegs twee bronne opgespoor word wat spesifieke fases in die verloop van 'n groeigroep uiteengesit het. Dibbert & Wichern (1985:87-99) identifiseer die volgende vier fases in 'n reeks vir groeigroepe:

- Oriëntering.
- Oorgang.
- Aksie.
- Afsluiting.

'n Uiters waardevolle indeling is in die werk van Clinebell (1978:31-35) raakgeloop. Alhoewel

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

die bron glad nie resent is nie, word die mening tog gehuldig dat hierdie 'n bruikbare indeling van die fases in die groeigroep is. Tydens die literatuursoektog kon geen ander meer sinvolle indeling gevind word nie. Die fases sien soos volg daaruit:

4.8.1 Aanvanklike angstigheid, toetsing en pogings tot binding

In die vroeë byeenkomste is daar heelwat verdediging, toetsing van mekaar en pogings om verhoudings op 'n betekenisvolle wyse te begin bou. In 'n poging om die angstigheid rondom die nuwe verhoudings te verminder, kan dit gebeur dat die groeplede die groepleier dwing om oor te neem en die groep te bestuur. Wanneer die groepleier in hierdie strik sou trap, sal die groep nie daartoe in staat wees om 'n groeigroep te word nie en van die leier afhanklik bly. Die groepleier kan die situasie hanteer deur genoeg struktuur daar te stel, byvoorbeeld materiaal ten opsigte van die inhoud van die reeks, 'n mini-lesing of 'n bewustheidsoefening. Hierdie funksionele hulpmiddels het ten doel om angstigheid te verminder en om interaksie te verbeter, mits dit op 'n groepsgesentreerde basis aangebied word. Dibbert & Wichern (1985: 90) maak melding van die noodsaaklikheid daarvan dat die groepleier daarvoor verantwoordelik is om 'n atmosfeer van warmte en omgee daar te stel sodat groeplede vry kan voel om van hulleself te deel.

Die bespreking rondom die verwagtinge van elke groeplid en die besluite rondom riglyne laat die groep na 'n gesamentlike doelstelling en 'n gevoel van kohesie beweeg. In hierdie vroeë sessies word daar gewoonlik meer op probleme gefokus, maar dit is die verantwoordelikheid van die groepleier van 'n groeigroep om in al die sessies van die reeks die onbenutte potensiaal en hulpbronne in die individue en in die groep as geheel te beklemtoon. Daar sal egter op hierdie stadium min gedeel word totdat die binding in die groep sterker word.

4.8.2 Die wittebrood

Die oorheersende gevoelens op hierdie stadium is euforie en die geniet van groepkameraderie. Die meeste van die gevoelens wat in hierdie fase uitgespreek word, is warm en positief. Groeplede geniet dit om te beleef dat hulle alleenwees deur mense binnegedring word.

4.8.3 Frustrasie en bevraagtekening

In hierdie fase mag daar 'n gees van depressie en ontnugtering heers. Hierdie gevoelens spruit voort uit groeplede se huiwering om te waag om dieper te beweeg, weerstand teen eienaarskap van die groep en angstigheid om die groep met die ware self te vertrou. Die onbekende pad van verandering maak groeplede angstig (Dibbert & Wichern, 1985: 93). Wat in die vorige fase maklik gelyk het, lyk nou oninteressant, moeilik en selfs onmoontlik.

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

Groeplede kan weerstand toon teen die leier wat slegs fasiliteer en nie alles lei nie. Die belangrikste verantwoordelikheid van die groepleier is om die groep se gevoelens en houding aan hulle te reflekteer en hulle te help om hulle gevoelens openlik uit te spreek. Hierdie gevoelens en konflik verteenwoordig die nou deurgang waardeur groepe moet beweeg om werklike intimiteit te bereik en die regte omgewing vir groei daar te stel. Die groepleier moet nie poog om die groep te probeer red nie, maar hulle eerder help om die gevoelens te verwerk. In die proses sal hulle ontdek hoe moeilik dit is om in diepte met ander te bind, maar dit sal vooruitgang beteken in die rigting van die verkryging van diepte-verhoudings, individueel en as 'n groep. Hierdie stap in die groeiproses is 'n duidelike teken daarvan dat groei stryd en pyn impliseer. Ou patrone van verdediging en afstand moet eers afgesterf word alvorens nuwe nabyheid gebore kan word.

4.8.4 Waag en vertrou

Sommige groeplede sal geleidelik begin waag om oop te maak deur hulle teleurstellings, pyn en hoop op verandering te deel. Hulle openheid dra daartoe by dat die ander groeplede hulle maskers afhaal. Kommunikasie beweeg na 'n nuwe vlak waar sowel omgee as konfrontasie gegee en ontvang word. Groeplede ontdek dat hulle wel die groep kan vertrou en dat hulle wel oop kan maak. Indien hulle dit dan doen, ervaar hulle dat die groep se aanvaarding hulle ondersteun. Eienaarskap van die groep neem toe. Die groep sal poog om sigself volledig te maak deur die stil groeplede te betrek. Die groep ervaar eerlike meedeling en vertrou wat die sleutel tot dieper verhoudinge impliseer. Blokkasies in die weg van groei word uitgewys en die groep bereik die vlak waar samewerkende groeiwerk heelhartig met die hulp van groepondersteuning onderneem kan word.

4.8.5 Effektiewe groei

Veranderinge in individue en verhoudings begin in die vorige fase, maar neem toe in hierdie fase. Groeplede help mekaar om nader aan die doelstellings vir groei te beweeg. Vooruitgang en groei word versterk. Hierdie versterking dra by tot meer stabiele selfbeelde en gedrag. In groepe vir egpare is die terugvoer van die huweliksmaats dat hulle meer oop is vir mekaar, dat hulle selfvernietigende gedrag kan stop en dat hulle langer vriende bly. Die leierskap word op hierdie stadium binne die groep gedeel. Omgee vir mekaar word nou implementeer deur vaardighede wat deur die leier se verhoudings gemodelleer word. Omdat die eienaarskap van die groep gevestig is, kan die leier al meer as 'n groeplid begin funksioneer. Dit mag nodig wees om die oorspronklike ooreenkoms te hersien en by die groep se nuwe groei en behoeftes te laat aanpas.

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

4.8.6 Afsluiting

Die afsluiting van 'n groep moet 'n geleidelike groei-produktiewe proses wees. In elkeen van die voorafgaande sessies moet die groep daaraan herinner word dat die groep gaan afsluit en hoeveel tyd oor is. Die groep se gevoelens ten opsigte van die afsluiting moet deurentyd geëvalueer word. (Vgl. ook Dibbert & Wichern, 1985: 98.) Wanneer afsluiting in die groep ter sprake kom, word daar dikwels nog sake te voorskyn gebring deur die groeplede wat hulle aanvanklik nie wou opper nie. Die groep wat baie sterk gebind het, benader gewoonlik die afsluiting met gevoelens van verlies. Die hantering van hierdie gevoelens in die groep is opsigself 'n groeiproses aangesien verlies onlosmaaklik deel is van die lewe en in elk van die lewensfasies ter sprake is. Die finale afsluiting word makliker gemaak wanneer elkeen van die sessies in die reeks sinvol afgesluit word en onvoltooidhede aangespreek word. (Vgl. Jacobs, *et al.*, 1994:328-329.) Dibbert & Wichern (1985: 95) beklemtoon dat die fase van afsluiting net so belangrik is soos al die ander fases in die reeks aangesien die aard van die afsluiting gaan bepaal hoe die groeplede volgende groepe en groeigeleenthede gaan beleef en aanvaar.

Jacobs, *et al.*, (1994:347) identifiseer die mees belangrike aspekte van die afsluitingsfase as die volgende:

- Hersiening en samevatting van die groepservaringe.
- Assessering van lede se groei en verandering.
- Voltooiing van sake.
- Aanwending van verandering in die alledaagse lewe.
- Gee van terugvoer.
- Hantering van afskeid.
- Beplanning vir deurlopende probleemoplossing.

Beplanning van die afsluitingsfase is net so belangrik soos die beplanning van elke sessie in die groepwerkreeks. Die doel van sinvolle terminering is die vermeerdering van die ware impak van die groep en om die totale ervaring af te sluit.

4.9 DIE WAARDE VAN DIE GROEIGROEP VIR DIE HUWELIK

Die hedendaagse huwelik bied 'n deurlopende avontuur van selfontdekking, persoonlike groei, ontplooiing en vervulling. Groei en die aktualisering van persoonlike potensiaal is 'n vreugdevolle en diep bevredigende proses wat aan 'n huwelik 'n nuwe kwaliteit van lus vir die lewe (*'joie de vivre'*) en van opwinding meebring. Huweliks-groeigroepe en huweliksverrykingsgroepe het al vele egpare gehelp wat meer in en van hulle huwelike wou

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

gehad het. Enige twee individue met 'n redelike stabiele verhouding, gebaseer op demokrasie en kameraadskap, waarop gebou kan word en 'n bereidwilligheid om die nodige belegging in die self te doen, kan 'n meer lewendige en bevredigende verhouding ontwikkel. (Vgl. Gammage, 1991:248.) 'n Groeigroep kan 'n waardevolle hulpbron wees in hierdie vernuwingsproses met groei en verandering as die uiteindelijke doel.

Ten grondslag van huweliksverryking lê die positiewe, groeigeoriënteerde en die potensiaalgeoriënteerde filosofie ten opsigte van die individu (Hunt, *et al.*, 1998:15). Die hoeksteen van huweliksverryking is groei en menslike potensiaal, gebaseer op die aanname dat alle individue en verhoudings vele onbenutte sterkpunte en hulpbronne het wat ontwikkel kan word. Daar word van die standpunt uitgegaan dat individue 'n natuurlike dryfkrag na groei, gesondheid en persoonlike ontwikkeling het.

Die teorie van groepsdinamika is 'n waardevolle element in huweliksverryking. Ervaringe in 'n groep word gesien as 'n tydelike en veilige leeromgewing waarin vertrouwe kan groei en waaruit ondersteuning geput kan word. In so 'n omgewing kan egpare alternatiewe modelle van omgang waarneem in die interaksie van ander egpare. Hunt, *et al.* (1998:37) beklemtoon die waarde van die groepervaring vir die aanleer en oefen van vaardighede vir interaksie en die positiewe terugvoer van die portuurgroep. Jacobs, *et al.* (1994:386) is van mening dat groeigroepe vir egpare opwindend, dinamies en 'n uitdaging is.

Geen huwelik is ooit volmaak of volledig ontwikkel nie. Groeigroepe kan help om elke fase as 'n uitdaging en groeigeleentheid aan te pak. Die huwelik bied die ideale opset vir persoonlike ontwikkeling en open die weg na lewenslange ontwikkeling. Die huweliksverhouding kan vergelyk word met 'n diamant wat deur middel van groeigeleentede soos groeigroepe gehelp word om die ruwe kante te slyp.

As gevolg van die eise van die hedendaagse lewe word lewenskwaliteit verloor. Mense is tevrede met 'halwe' lewens en huwelike en dit is nie goed genoeg nie. Die ontwikkeling van 'n huweliksverrykingsprogram het ten doel om die kwaliteit van die huweliksmaats se individuele lewens, maar ook van hulle huweliksverhouding te verbeter. Ten spyte van die feit dat die mediese professie daagliks daarin slaag om die duur van mense se lewens te verleng, kan die dood enige oomblik intree en behoort elke mens die meeste te maak van elke dag. Die feit dat lewensduur in die algemeen langer is, is 'n verdere besliste rede waarom mense hulle lewens tot so 'n mate behoort te verryk dat hulle al die oorblywende lewensjare met vreugde tegemoet kan gaan.

Die hedendaagse samelewing plaas druk op verhoudings en huwelike. Rolle het verander van tradisioneel na 'n meer gelyke rolverdeling. Spanning word vererger deur mans en vrouens wat albei in beroepe staan. Die fase van die middeljare word langer en die

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

verantwoordelikhede ten opsigte van bejaarde ouers en volwasse kinders word meer. Die behoefte daaraan om met mense wat verstaan en wat dieselfde belewenisse het te praat, word al groter. Vanuit hierdie behoefte kom die wêreld van groepe na vore – as 'n poging om 'n verhouding te skep, te bou of in stand te hou te midde van verwarring en chaos. Die hedendaagse verwagting is dat individue daartoe in staat moet wees om bedrewehede in verhoudings te besit en te gebruik. Groepe het in die laaste jare egpare gehelp om hierdie bedrewehede aan te leer (Gershenfeld, 1985:374).

Groeigroepe bied aan groeplede die geleentheid om bewus te word van, uit te brei en te verander aan gedagtes, gevoelens en gedrag wat die self en ander raak. Die groep word as hulpmiddel aangewend om groeplede te help om hulle potensiaal ten volle te ontwikkel. In hierdie groepe kry huweliksmaats die geleentheid om meer oor hulle eie verhouding te leer deur aan die groep se aktiwiteite deel te neem, deur te luister na dit wat die groepleier en ander groeplede sê, deur ander waar te neem en deur na videos te kyk en na oudiobande te luister (Gammage, 1991:242). Groeigroepe fokus daarop om sosio-emosionele welstand te verbeter eerder as om sosio-emosionele probleme op te los. (Vgl. Toseland & Rivas, 2000:26.) 'n Groep vir egpare waar hulle gehelp word om mekaar weer te ontdek, is 'n voorbeeld van hierdie tipe groep.

Groeigroepe beklemtoon die verbetering van die self en die potensiaal van die mens ten einde 'n vervullende en belowende lewe te leef, veral deur verbeterde verhoudings met ander. Die groeigroep verskaf 'n ondersteunende atmosfeer waarin individue insig kan ontwikkel, met nuwe gedrag kan eksperimenteer, terugvoer kan ontvang en as mense kan groei. Toseland & Rivas (2000:26) is van mening dat die binding in groeigroepe vanuit groeplede se verbintenis om mekaar te help om hulle volle potensiaal te ontwikkel, voortspruit.

Volgens Mace (1977: 178) is die waarde van 'n groepeerfaring vir egpare die volgende:

- Gerusstelling deurdat die egpaar daarvan bewus raak dat ander egpare ook soos hulle voel en funksioneer.
- Kruisidentifikasie deurdat die een egpaar iets noem waarmee die volgende egpaar kan identifiseer en op hierdie wyse word insig vermeerder. Die egpare leer ook deur middel van die waarneming van ander egpare.
- Modelling deurdat die egpare kan sien dat groei en verandering moontlik is en dat daar egpare is wat reeds tot 'n mindere of 'n meerdere mate deur die proses van groei is. Die egpare kan ook modelle waarneem van egpare wat nie volmaak is nie, maar voortdurend aan hulle huwelike werk om groei te ervaar. Elke egpaar in die groep kan as 'n model vir 'n ander egpaar dien.
- Onderskraging deur middel van die groepskohesie wat in die groep ervaar word.

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

Warmte, omgee, vertrou en liefde vir mekaar soos deur die dinamika van die groep teweeggebring, lei tot die gevoelens van ondersteuning.

- Terugvoer van ander egpare binne 'n veilige omgewing lei egpare tot insig. (Vgl. George & Dustin, 1988:145.)

Vier belangrike groeifases vir die huweliksverhouding word geïdentifiseer, naamlik die fase voor die huwelik, jonkgetroudes, middeljariges en ouer getroude persone. In elk van hierdie fases vind daar onafwendbare veranderinge plaas en word die geleentheid vir groei gebied. Elke fase bied eie frustrasies en bevrediging, romanse, uitdagings en behoeftes. Fases van oorgang is dikwels spanningsvol en deur middel van groeigroepe kan 'n egpaar probleme voorkom (Bornstein & Bornstein, 1986:107).

4.10 GROEIGROEPE DEUR DIE LEWENSIKLUS

Ter wille van die vervulling van menslike potensiaal behoort organisasies in die samelewing klein groepe te ontwikkel wat aan die groei-behoeftes van individue in elke lewensfase aandag gee. Ten spyte daarvan dat die boek van Clinebell reeds in 1978 gepubliseer is en dus nie as 'n resente bron aanvaar kan word nie, is die tabel met die uiteensetting van die moontlikhede vir die gebruik van groeigroepe so bruikbaar dat dit in die navorsing geïntegreer word. Die basis vir die agt fases in die lewensiklus is die teorie van Erikson (1959) wat steeds in die jaar 2001 belangrik geag word.

TABEL 5: GROEIGROEPE IN LEWENSFASES

FASE EN ONTWIKKELINGSTAAK	GROEIGROEPE VIR DIE INDIVIDU IN DIE FASE	GROEIGROEPE VIR BETEKENISVOLLE ANDER
Fase 1: Babajare – geboorte tot 15 maande Ontwikkelingstaak: ontwikkeling van vertroue deur middel van 'n betroubare, liefdevolle, versorgende verhouding met ouers		Groeigroep vir verwagterende ouers Groeigroep vir ouers vir ondersteuning, aanleer van vaardighede, ontlading en die versterking van vertroue Huweliksverrykingsgroep vir nuwe ouers Groeigroep vir nuwe grootouers
Fase 2: Vroeë kinderjare – 15 maande	Kreatiewe speelgroepe vir peuters	Groeigroep vir ouers vir ondersteuning, deel van

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

FASE EN ONTWIKKELINGSTAAK	GROEIGROEPE VIR DIE INDIVIDU IN DIE FASE	GROEIGROEPE VIR BETERKENSVOLLE ANDER
<p>tot 2 ½ jaar</p> <p>Ontwikkelingstaak: ontwikkeling van outonomieit terwyl basiese vertrouwe behou word</p>	<p>Kleutergroepe</p>	<p>omstandighede en vir die aanspreek van behoeftes – eie asook van die kind(ers)</p> <p>Ouerskapsgroeigroep</p> <p>Groeigroep vir kleuterskoolpersoneel</p> <p>Groeigroep vir die ouers van kinders met gestremdhede en spesiale behoeftes (alle fases)</p>
<p>Fase 3: Speelfase – 2 ½ jaar tot 6 jaar</p> <p>Ontwikkelingstaak: ontwikkeling van 'n begrip vir inisiatief</p>	<p>Voorskoolse groepe</p> <p>Spel terapie – aangepas vir die stimulasie van groei en ontwikkeling</p> <p>Stmulasiegroep vir kinders uit kultureel agtergeblewe gemeenskappe</p>	<p>Groeigroep vir ouers vir ondersteuning, deel van omstandighede en vir die aanspreek van behoeftes – eie asook van die kind(ers)</p> <p>Gesinsverrykingsgroepe, bv. Kampe vir aande en naweke</p> <p>Kinder- en gesinsgroepe vir die ontwikkeling van kreatiwiteit</p> <p>Enkelouergroepe (alle fases)</p>
<p>Fase 4: Skooljare (middelkinderjare) – 6 tot 12 jaar</p> <p>Ontwikkelingstaak: ontwikkeling van 'n begrip vir arbeid-saamheid en van geslagsrolle</p>	<p>Klubs en aktiwiteitsgroepe vir seuns en meisies</p> <p>Kampe en konferensies, gerig op uitbou van potensiaal</p> <p>Ontdekkingsgroepe – klem op kreatiewe aktiwiteite en spel wat vaardighede ontwikkel</p> <p>Verhoudings-, seks- en dwelmoopvoedkundige groepe</p> <p>Tutorgroepe – ouer kinders word</p>	<p>Groeigroepe vir ouers – voorbereiding op die losmaking van die kind(ers)</p> <p>Groeigroepe vir onderwysers en groepleiers wat groepe vir hierdie ouderdom kinders aanbied</p> <p>Ouer-kind groep met die oog op verryking</p> <p>Gesinsaande – groepe vir</p>

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

FASE EN ONTWIKKELINGSTAAK	GROEIGROEPE VIR DIE INDIVIDU IN DIE FASE	GROEIGROEPE VIR BETEKENISVOLLE ANDER
	as leiers en modelle gebruik	gesinsverryking
<p>Fase 5: Adolessensie – puberteit tot 20 jaar</p> <p>Ontwikkelingstaak: ontwikkel 'n sterk sin van eie identiteit</p>	<p>Ontdekkingsgroepe vir tieners – verhoudings met ouers, besluite ten opsigte van dwelms, alkohol, seks en beroepskeuse</p> <p>Identiteitsgroepe</p> <p>Werk-/aanbidding-/speelgroepe</p> <p>Voorhuwelikse groeigroepe</p> <p>Diepte-studiegroepe</p> <p>'Retraites', kampe, voetslaan, taakgroepe en sosiale aksiegroepe</p> <p>Self/ander bewustheidsgroepe</p> <p>Huweliksvoorbereidingsgroepe</p> <p>Vorbereiding vir kollege en om die huis te verlaat</p> <p>Soek na 'sin'-groepe</p>	<p>Groeigroepe vir die ouers van tieners</p> <p>Ondersteuningsgroepe</p> <p>Groepe vir ouers om aan hulle die geleentheid te bied om aan hulle eie onvoltooidhede en konflikte, soos deur hulle kinders aangewakker, aandag te gee</p> <p>Gesamentlike ouer - kindgroepe – oorbrug van generasiegapings</p>
<p>Fase 6: Jong volwasse- senheid</p> <p>Ontwikkelingstaak: ontwikkeling van intimiteit</p>	<p>Groeigroep vir enkelopende jong volwassenes</p> <p>Vorbereiding vir die huwelik</p> <p>Groeigroepe vir pasgetroudes</p> <p>Groepe vir netwerke van families</p> <p>Groepe vir persone in alternatiewe verbintenisse</p>	<p>Groepe vir gesinsnetwerke</p>
<p>Fase 7: Middeljare</p> <p>Ontwikkelingstaak: ontwikkeling van eie waarde deur die self in</p>	<p>Huweliksverrykingsgroepe vir middeljarige egpare</p> <p>Ontwikkelingsgroepe – belegging in die self</p> <p>Groepe vir groei deur diens te</p>	

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

FASE EN ONTWIKKELINGSTAAK	GROEIGROEPE VIR DIE INDIVIDU IN DIE FASE	GROEIGROEPE VIR BETEKENISVOLLE ANDER
die gemeenskap te belê	lewer Groeigroepe met 'n persoonlike groeifokus Geestelike groeigroepe Groepe vir die ontdek van gewes en talente Groepe vir aanpassing by 'n tweede beroep Voorbereiding op aftrede Groepe vir ouers van tieners en ouers in die leënes	
Fase 8: Bejaardheid Ontwikkelingstaak: ontwikkeling van 'ego-integriteit' deur die aanvaarding en bevestiging van die eie lewe	Kreatiewe aktiwiteitsgroepe Diensgroep om ander bejaardes in die gemeenskap by te staan – lei tot eie groei Geestelike groeigroepe Groepe om die rouproses deur te werk na aanleiding van verskillende soorte verliese Groepe vir grootouers Groepe vir konstruktiewe aftrede Sosiale aksiegroepe Transgenerasie groepe	Groepe vir jong- en middeljarige volwassenes wat hulle ouers versorg

(Vgl. Clinebell, 1978:138-142.)

Groeigroepe bied geleentheid vir die ontdekking van wyses waarop eie persoonlike behoeftes bevredig kan word. Hartford & Lawton (1997:44) beklemtoon die waarde van groeigroepe in die lewe van bejaardes ten einde hulle lewenskwaliteit te verbeter. Op hierdie wyse word aftakeling verhoed deurdat die ervaringe in die groeigroepe daartoe lei dat oorgange en veranderinge konstruktief gekonfronteer word en daar op die positiewe kwaliteite van elke groeplid gefokus word. Die veranderinge wat met elke lewensfase gepaardgaan, kan soveel

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk

beter met behulp van die belewenis in 'n groeigroep hanteer word.

4.11 SAMEVATTING

- 4.11.1. Groeigroepe is instrumente waardeur individue gehelp kan word om latente hulpbronne in hulleself te ontdek en te gebruik. Literatuur rondom groeigroepe is nie resent nie aangesien die klem in die laaste twee tot drie dekades op terapie en nie op verryking en groei geplaas is nie.
- 4.11.2. Groeigroepe het in die laat sestiger- en sewentigerjare ontstaan. Die fokus het egter daarna verskuif na terapie en behandeling waar meer op bestaande probleme gefokus word.
- 4.11.3. Die doel van 'n groeigroep is nie om probleme te hanteer nie, maar om te groei en te ontwikkel. Groeigroepe vra eerlikheid, toewyding, openheid en betrokkenheid van die deelnemers daaraan. Terugvoer van ander groeplede en van die groepwerker is noodsaaklik en dra by tot die openheid tot verandering.
- 4.11.4. Groepsdoelstellings motiveer en dui die rigting van groeplede se gedrag aan. Die groepleier en die groeplede moet ten opsigte van die groep se doelstellings onderhandel sodat dieselfde visie vir die groep gedeel word. Algemene doelstellings vir groeigroepe is die fasilitering van die geleentheid tot lewenskwaliteit, selfverbetering, psigiese gesondheid, die bou en handhawing van medemenslike verhoudings, interpersoonlike effektiwiteit en selfaktualisering.
- 4.11.5. Groepe het verskeie unieke eienskappe en hierdie dinamika bied aan die individu geleenthede tot groei. Die eienskappe is 'n unieke sosiale opset, 'n ondersteunende klimaat, die invloed van die groeplede, die gevoelens wat in die groep na vore kom, interpersoonlike vaardighede wat gebruik moet word, die invloed van die portuurgroep, 'n verskeidenheid perspektiewe, vergelyking met ander, terugvoer van ander, 'n herstellende omgewing en ondersteunende verhoudings.
- 4.11.6. Die leier van 'n groeigroep moet oor 'n komplekse stel vaardighede beskik, naamlik die daarstelling van omstandighede vir verandering; moet 'n hulpbronnkundige en bedrewe opleier wees; moet gedrag en interpersoonlike vaardighede kan modelleer; tot selfopenbaring in staat wees; kan bestuur en onderhandel. Vir huweliksverrykingsgroepe word 'n opgeleide egpaar sterk aanbeveel.
- 4.11.7. In die samestelling van groeigroepe moet die volgende aspekte in ag geneem word,

Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde Maatskaplike Groepwerk


naamlik: homogeniteit versus heterogeniteit; plek; grootte; duur en of die groep oop of geslote moet wees.



Die rol van die maatskaplike werker is om te help met die ontwikkeling van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Hierdie proses is belangrik vir die ontwikkeling van individue en gemeenskappe. Die maatskaplike werker moet versigtig wees met die keuse van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die keuse van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk moet gebaseer wees op die behoeftes van die individue en gemeenskappe. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die plek, grootte, duur en of die groep oop of geslote moet wees. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die metode van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die tyd van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die plek van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die grootte van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die duur van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van of die groep oop of geslote moet wees.

Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die metode van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die tyd van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die plek van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die grootte van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die duur van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van of die groep oop of geslote moet wees. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die metode van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die tyd van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die plek van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die grootte van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van die duur van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Die maatskaplike werker moet ook versigtig wees met die keuse van of die groep oop of geslote moet wees.

HOOFSTUK 5



EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1 INLEIDING

In hoofstukke twee tot vier is 'n volledige literatuurstudie gedoen oor die aard van die moderne huwelik, die aard van huweliksverryking en die aard van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk. Hierdie teoretiese agtergrond was noodsaaklik vir die doel van die navorsing, naamlik die ontwikkeling, toepassing en evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare. Die proses vir intervensienavorsing is gevolg waartydens 'n program ontwikkel is, as voortoets aangebied is, verfyn is, onder veldomstandighede aangebied is en daarna geëvalueer is. Sowel die kwalitatiewe as die kwantitatiewe navorsingsbenadering is gevolg en wel by wyse van die gemengde metodologie ontwerp ('*mixed methodology design*').

In hierdie hoofstuk gaan die bevindinge vanuit die empiriese deel van die studie weergegee word. Die data sal aan die hand van die stappe van die proses vir intervensienavorsing bespreek word.

5.2 DIE PROSES VAN INTERVENSIENAVORSING

5.2.1 Analisering van die probleem en beplanning van die projek

Tydens hierdie fase in die proses van intervensienavorsing is dit noodsaaklik dat die probleem eers geïdentifiseer moet word alvorens sinvolle analise daarvan kan plaasvind. De Vos (1998c:386) noem die volgende twee faktore wat by die identifisering van 'n spesifieke toestand as probleem betrokke is:

- Erkennung van die bestaan van professionele en/of gemeenskapstandaarde (norme) wat op sosiale waardes gebaseer is en uiteindelik gegewe vlakke van gedrag of welstand as toepaslik definieer.
- Diskrepancies tussen die standaard of norme en die bestaande gedrag of vlakke van welstand van gegewe individue of groepe.

Die huwelik word steeds in die jaar 2001 as die fondasie en ruggraat van gesonde gesinne en gemeenskappe beskou. (Vgl. Hunt, *et al.*, 1998:55-56.) Die huwelik is veronderstel om die nodige sanksie vir seksuele verkeer te verleen. Die geboorte van kinders, hulle opvoeding en die uiteindelijke lansering in die volwasse wêreld, is veronderstel om vanuit die stabiele huwelik plaas te vind. Tog is die egskedingsyfer hoog met ongeveer die helfte van egpare wat nie

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

alleen in Suid-Afrika nie, maar ook in groot dele van die res van die wêreld skei. (Vgl. Benokraitis, 1996:450, Young & Long, 1998:201 en *Statistics South Africa*, 2000.)

Die fase van die middeljarige vra aanpassings. As gevolg van die fisiese, sosiale en psigiese veranderinge wat adolessente kinders ondergaan, is die fase van die vroeë middeljarige vir die ouers nie altyd maklik nie (Carter & McGoldrick, 1999b:448). Ouers mag konflik ervaar as gevolg van adolessente se gedrag en adolessente kan uitreageer as gevolg van ouers se betrokkenheid by hulle beroepe en selfs by grootouers. Ouers (egpare) in hierdie fase is volgens Carter & McGoldrick (1999b:448) die mees gemotiveerde mense om mee te werk. Hulle begryp die noodsaaklikheid van 'n emosionele verbintenis met die gesin van herkoms en is daarom baie gerig op hulle eie invloed op hulle kinders. Hulle weet dat hulle eie ouers nie vir ewig gaan leef nie en dat onvoltooidhede so gou as moontlik hanteer behoort te word.

Die analise van die geïdentifiseerde probleem is soos volg gedoen: Die egskedingsyfer in die middeljarige is hoog (Prinsloo, 1994:4-6). Die nuutste statistiek (1997 en 1998) vir Suid Afrika dui daarop dat die aantal huwelike vir 1997 en 1998 feitlik dieselfde gebly het, naamlik 146 729 en 146 741 onderskeidelik. Die aantal egskedings het egter verhoog van 34 231 in 1997 tot 35 792 in 1998. (Vgl. *Statistics South Africa*, 2000:1.) Kommunikasie, konflikhantering en persoonlike groei ruimte is drie van die komponente van die huweliksverhouding in die middeljarige wat probleme skep. Die egpaar kon moontlik deur die kinders met mekaar gekommunikeer het en individueel gegroei het, maar nie gesamentlik nie. Wanneer die kinders ouer en meer onafhanklik word, word die huweliksverhouding as leeg en onbevredigend ervaar.

Geleenthede vir huweliksberaad en -terapie is legio en mediese fondse betaal vir dienste wat gelewer word. Voorkoming en verryking geniet nie genoeg aandag nie. Geen bestaande programme vir huweliksverryking in die fase van die vroeë middeljarige kon binne Suid-Afrikaanse omstandighede opgespoor word nie. Programme vir verryking word soms deur godsdienstige groepe aan lidmate aangebied, maar daar heers onsekerheid oor die wetenskaplike aard daarvan asook of die programme ten opsigte van effektiwiteit getoets is.

Hierdie leemte ten opsigte van 'n werklike behoefte het as motivering gedien vir die gedagte om 'n teoreties gefundeerde huweliksverrykingsprogram te ontwikkel, aan te bied en uiteindelik wetenskaplik te toets. Die mening word gehuldig dat daar nie tot die leënes-fase gewag moet word voordat 'n egpaar in hulle huweliksverhouding belê nie. Dit mag dan te laat wees vir herstel en die moontlikheid van nog 'n middeljarige egskeding is nie uitgesluit nie (Blacker, 1999:293). Die 'leegheid' in die fase kan dikwels nie aan die volwassewording en die huisverlating van die kinders toegeskryf word nie, maar aan die 'leegheid' in die huweliksverhouding. Hierdie probleem kan vroegtydig deur middel van huweliksverryking aangespreek word. Die hipotese wat vir die studie geformuleer is, is dat die

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

huweliksbevrediging van die egpaar in die vroeë middeljare sal verbeter indien hulle 'n huweliksverrykingsprogram deurloop. Die doel en doelwitte vir die studie is die ontwikkeling, toepassing en evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram wat spesifiek op die lewensfase van die vroeë middeljare van toepassing is.

5.2.2 Insameling van data en sintese

'n Onderzoek ten opsigte van bestaande navorsing oor die onderwerp is gedoen. Literatuur binne die studieveld van maatskaplike werk asook ander verwante dissiplines is bestudeer. Resente inligting ten opsigte van huweliksverryking en groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk is skaars en die rede daarvoor blyk te wees dat daar wêreldwyd meer aandag aan die hantering van probleme en terapie geskenk word as aan voorkoming en verryking. Die resente literatuur wat wel ten opsigte van die onderwerp opgespoor kon word, het die hoop laat opvlam dat die waarde van verryking en die voorkoming van probleme besig is om al meer aandag te geniet.

Die navorser se MA (MW)-studie het oor die fase van die middeljare en die invloed daarvan op die huweliksverhouding gehandel en die weg gebaan vir die ontwikkeling van 'n program wat spesifiek op hierdie fase gerig is. Aangesien daar 'n onderskeid getref word tussen die vroeë middeljare waar adolessente kinders teenwoordig is en die laat middeljare waar die kinders reeds die huis verlaat het (Lavee, McCubbin & Olson, 1987:861-862; Rexroat & Sheehan, 1987:740; Storkey, 1996:183-191 en Carter & McGoldrick, 1999c:2), is besluit om die studie af te baken en op egpare in hulle vroeë middeljare te fokus.

Bestaande programme vir huweliksverryking soos vanuit veral Amerikaanse literatuur verkry, is bestudeer en vir die ontwikkeling van die huweliksverrykingsprogram benut. Die program is verder aan die hand van literatuur ten opsigte van die huwelik en literatuur oor maatskaplike groepwerk ontwikkel.

5.2.3 Ontwerp

Navorsers moet 'n wyse ontwerp waarop gebeure wat verwant is aan die probleem op 'n natuurlike wyse waargeneem word. Kliënte wat deur die probleem geraak word, moet betrek word om die gedrag en die omgewingsfaktore wat verander moet word, te spesifiseer. Wanneer die fokus van die verandering geïdentifiseer is, moet hierdie aspekte volgens De Vos (1998c:393) op 'n waarneembare wyse gedefinieer word sodat dit waargeneem kan word.

- Definisies van die gedrag of produk wat met die probleem geassosieer word, word in operasionele terme gedefinieer.
- Voorbeelde en nie-voorbeelde van die gedrag of produk word verskaf om die

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

voorkoms van die gedrag te onderskei.

- Instruksies vir meting word voorberei om die opname van die verlangde gedrag of produk te lei.

Deur die waarneming van die probleem en die bestudering van veranderinge wat natuurlik voorkom, kan die navorser sekere prosedures identifiseer wat in die intervensie gebruik kan word. Dit behels die gebruik van inligting, die bedrewehede en opleiding vir die verkryging daarvan, strategieë vir omgewingsverandering, verandering van strategieë vir die uitvoering of prosedures vir versterking. Die elemente moet op so 'n wyse beskryf word dat herhaling deur ander opgeleide veranderingsagente moontlik is.

Die prosedures vir die huweliksverrykingsprogram is vanuit bestaande programme en literatuur ten opsigte van maatskaplike groepwerk bepaal. 'n Wegbreeknaweek (*'retraite'*) word sterk aanbeveel (3.9 – hoofstuk 3). Op grond van die sukses wat reeds deur ander groepleiers in huweliksverryking, en veral in die VSA, met hierdie spesifieke vorm van aanbieding behaal is, is besluit om die aanbieding van die program vir hierdie navorsing so te beplan.

Vanuit die literatuur is dit ook duidelik dat kommunikasie en sinvolle konflikhantering tot huweliksbevrediging bydra (Benokraitis, 1996:272; Hunt, *et al.*, 1998:42-43 en Young & Long, 1998:138). Feitlik al die literatuur ten opsigte van huweliksbevrediging verwys na die noodsaaklikheid van effektiewe kommunikasie en konflikhantering. Geen spesifieke formele observasiesisteen is gebruik nie. 'n Informele behoeftebepaling is gedoen onder egpare in die gemeenskap wat in die fase van die vroeë middeljare is en dit was duidelik dat kommunikasie, konflikhantering, afsonderlike en gesamentlike groei en seksualiteit as die belangrikste komponente van die huweliksverhouding uitgelig is. Die navorser het die response soos uit bogenoemde vraelys verkry en die inligting soos vanuit die literatuur verkry, vir die bepaling van die prosedures vir die inhoud, asook die aanbieding van die program gebruik.

5.2.4 Vroeë ontwikkeling en voortoets

Hierdie stap behels die proses waardeur 'n intervensie implementeer word en op 'n proefbasis aangebied word. So word daar getoets vir voldoendeheid en herontwerp indien nodig. Nadat die prototipe ontwikkel is, is besluit hoe die intervensie sal plaasvind. Terugvoer van die deelnemers is deurentyd gevra om die prototipe te verfyn.

Die doel van die vooronderzoek was om te bepaal of die intervensie sal werk. Die vooronderzoek is gedoen in 'n opset waarin die aanbieder veilig voel en wat soortgelyk is aan die opset waarin dit later aangebied sou word. Hierdeur is die effektiwiteit van die intervensie

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

bepaal asook die areas waar veranderinge aangebring sou moes word.

Vyf kampe is as voortoets aangebied. Die verwagtinge en die terugvoer van die egpare wat die programme meegemaak het, word vervolgens uiteengesit. Die kwalitatiewe inligting is ingesamel deur middel van 'n persoonlike betrokkenheid by die deelnemers en fokus op die eie interpretasies en houdings van individuele huweliksmats. Die data is in die vorm van analitiese lêers gestoor sodat sekere teoretiese temas en konsepte wat uit die ondersoek na vore gekom het, geïdentifiseer kon word. Hierdie analitiese lêers het die basis gevorm vir die wyse waarop die data uiteindelik in die navorsingsverslag gedokumenteer is. (Vgl. Poggenpoel, 1998:335.) Woorde, frases en temas wat dikwels herhaal is, is vir uiteindelijke sortering geïdentifiseer. Sinteses is gemaak en sentrale temas is uiteindelik aan die hand van die analitiese sortering gevorm en voorgehou. (Vgl. Tutty, *et al.*, 1996:111 en Poggenpoel, 1998:336.) Die kwalitatiewe data is van die eerste aanbieding van die program as deel van die voortoets, tot en met die finale aanbieding, geliaser vir die uiteindelijke vergelyking van die resultate.

Waar nodig, is veranderinge aan die program aangebring, alhoewel die algemene terugvoer positief was en die waarde van die program duidelik vanuit die evaluasievorms gesien kon word:

5.2.4.1 KAMP 1: 14 – 16 JUNIE 1996

Tien (10) egpare het die kamp bygewoon. Die gemiddelde ouderdom van die mans was 40,6 jaar en die gemiddelde ouderdom van die vrouens was 37,9 jaar. Die egpare was gemiddeld 17,1 jaar getroud.

Wat het julle laat besluit om na 'n huweliksverrykingskamp te gaan?

Die volgende response is ontvang:

- Om tyd te maak om oor belangrike aspekte van die huwelik te gesels sonder die kinders om sodoende nader aan mekaar te beweeg.
- Om met mekaar te deel wat ons as 'n gelukkige egpaar ervaar het.
- Dit is 'n geleentheid wat die kerk ons bied en daarom maak ons daarvan gebruik.
- Om ons huwelik te verryk.
- Dit is moeilik om tyd vir onself te vind. Wil saam ontspan, gesels en lag die naweek sonder tieners en ouma en oupa.
- Ons wil graag ons verhouding met mekaar en met God versterk.
- Ons kan mekaar gerus weer beter leer ken.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- 'n Mens is geneig om te vergeet hoekom jy in die eerste plek met mekaar getrou het en het nodig om mekaar weer te ontdek.
- My vrou het gesê dit is 'n goeie idee.
- Vriende het ons aanbeveel.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Die egpaar wil tyd saam spandeer.
- Hulle wil hulle huweliksverhouding versterk en verryk.
- Hulle wil mekaar weer ontdek en beter leer ken.
- Hulle wil deur die verryking van hulle huwelik ook hulle verhouding met God versterk.

Wat verwag julle van die kamp?

Die volgende response is ontvang:

- Om weer kennis met mekaar te maak en weer bietjie geduld en begrip vir mekaar te kry.
- Om te leer om wedersydse verwagtinge raak te sien en daaraan te voldoen, sover moontlik.
- Onseker – om dit te geniet.
- Om mekaar beter te verstaan en dan nader aan mekaar te groei soos God dit bestem het.
- Onseker – ons leef by mekaar verby en soek na maniere om dit te verander. Dalk vind ons dit die naweek.
- Om ons huwelik te verryk en met nuwe visie en doelwitte die toekoms in te gaan.
- Ons gaan hier in met 'n oop benadering. Ons wil dus leer en sien wat vir ons bruikbaar is.
- Om meer wenresepte te kry vir 'n gelukkige huwelik om sodoende ander huwelikspare te kan help.
- Verbeterde kommunikasie.
- Om nader aan mekaar te kom asook 'n gesamentlike groeigeleentheid.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Wil weer mekaar se verwagtinge hoor en daaraan voldoen.
- Wil tyd saam spandeer en dit geniet.
- Wil mekaar beter verstaan en nader aan mekaar groei.
- Wil nuwe doelwitte daarstel en leer.
- Wil kommunikasie verbeter.

Watter van die volgende temas sou julle in meer diepte wou bespreek?

Respondente kon meer as een keuse uitoefen. Die response was soos volg:

TABEL 6: BEHOEFTEBEPALING TEN OPSIGTE VAN TEMAS – KAMP 1

KOMPONENT	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Rol van die gesin van herkoms	1	3.8
Selfkonsep	2	7.2
Seksualiteit	1	3.8
Huwelikskeuse	0	0
Kommunikasie	7	27
Konflikhantering	6	23.1
Afsonderlike en gesamentlike groei	6	23.1
Ouerskap	2	7.7
Finansies	1	3.8
Rol van skoonouers	0	0
Geloofsverskille	0	0
TOTAAL	26	100%

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die grootste behoeftes ten opsigte van die komponente van die huweliksverhouding by kommunikasie (27%), konflikhantering (23.1%) en afsonderlike en gesamentlike groei (23.1%) gelê het. Floyd, *et al.* (1995:214) meen dat huweliksverrykingsprogramme op die aanleer en verbetering van kommunikasievaardighede, besluitnemingsvaardighede, konflikhantering en die opstel van doelstellings en doelwitte vir die huweliksverhouding moet fokus. Hierdie response het bevestig dat die inhoud van die program bestaande behoeftes van die teikengroep aanspreek.

EVALUASIE

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Die kamp het veral klem gelê op die positiewe in julleself en julle huwelik. Hoe het julle dit beleef?

Die volgende response is ontvang:

- Ons het tot die ontdekking gekom dat daar ander is met dieselfde probleme as ons. As ons op die negatiewe moes konsentreer, sou ons nie so positief kon weggaan nie.
- Die klem op die positiewe verhoed dat mense hulleself te kwaai blootstel en dan bedreig voel. Dit sou kommunikasie gestrem het. Dit was positief en het gehelp dat ons nie weer negatief raak teenoor mekaar nie.
- Ons het dit positief beleef. Dit is goed om op die positiewe te konsentreer en daarop te bou.
- Uitstekend – die positiewe het so sterk na vore gekom dat dit die negatiewe totaal oorskadu het.
- Selfs uit die negatiewe dinge kan positiewe aspekte geneem word om daardeur die huwelik te versterk.
- Baie positief – 'n mens is geneig om net die negatiewe te onthou.
- Uitstekend – was baie opbouend in plaas van net probleemidentifisering.
- Uitstekend – ons het dit baie geniet en het die positiewe punte in onself weer raakgesien.
- Baie goed – dit is belangrik om altyd op die positiewe voort te bou.
- Baie goed want 'n mens konsentreer gedurig op die negatiewe – ook in ander aspekte van die lewe.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT DIE EVALUASIE TEN OPSIGTE VAN DIE FOKUS OP DIE POSITIEWE ASPEKTE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Die negatiewe aspekte in die huweliksverhouding is deur die positiewe aspekte en die sterkpunte oorskadu.
- Die fokus op die positiewe was nie blootstellend nie.
- Die fokus op die positiewe was opbouend.

Het julle hierdie naweek iets in mekaar ontdek waarvan julle al vergeet het? Motiveer julle antwoord.

Die volgende response is ontvang:

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Ja – begrip en ruimte vir elkeen.
- Ja, waarde van klein goed, romanse. Herontdek weer wat klein goed vir mekaar beteken.
- Het ons weer attent gemaak op wat ons in mekaar het.
- Dat die redes waarom ons getrou het nog geldig is en dat ons daarop kan bou.
- Ja, ons het ontdek dat ons dit geniet om weer met mekaar in diepte te praat, om net saam te wees, mekaar aan te raak en vir mekaar lief te wees.
- Ja, die bereidheid om te kan gee en neem asook om na mekaar te kan luister.
- Ja, ons is en het nog dieselfde eienskappe, al is dit verbloem deur jare.
- Ja, daar is baie dinge wat ons as algemeen aanvaar het. Ons besef ons moet aandag gee aan die kleiner dinge wat saak maak.
- Ja, dat ons nog baie omgee vir mekaar en nuwe lewe en geesdrif in ons huwelik ervaar deur gebruik te maak van die dinge wat ons vergeet het in mekaar.
- Ja, ons kan nog nader aan mekaar wees.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Mekaar weer ontdek – eienskappe in mekaar, dat hulle steeds vir mekaar omgee, dat klein dingetjies belangrik is en dat hulle daardeur nader aan mekaar beweeg.
- Begrip vir mekaar.

Het julle hierdie naweek iets nuut van mekaar geleer/ Motiveer julle antwoord.

Die volgende response is ontvang:

- Dat ons huwelik na al die jare nog net so sterk is en dat ons albei deur ons huwelik God se liefde sal wil uitleef.
- Nee, nie iets nuuts geleer nie, maar weer bewus geword van die positiewe eienskappe.
- Ja, ons is God se spieël op aarde en ons moet in ons huwelik so leef dat ons God ook in ons huwelik verheerlik.
- Ja, die 'ou' dinge wat ons na mekaar gebring het is nog steeds daar – ons is nog lief vir mekaar.
- Ja, die emosionele behoeftes en die seksuele behoeftes is nou verweef aan mekaar.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Ook dat kwaliteit-tyd saam baie belangrik is.

- Ja, dat die liefde nog beter soos goeie ou wyn verdiep het en nog sterk staan.
- Ons sit albei met dieselfde probleme en denke oor mekaar en worstel. Ons wil egter dieselfde uit die huwelik hê en besef dit nie.
- Dat ons 'anders-wees' mekaar aanvul en dat ons saam tot meer in staat is as net elkeen op sy eie.
- Ja, ons mag maar van mekaar verskil.
- Ja, dinge wat ons doen en nie verstaan nie kan ons nou oor praat en vir die eerste keer verstaan dat dit nie teen jousef as persoon gemik is nie.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Dat die huweliksmaats steeds lief is vir mekaar.
- Dat die huweliksmaats nie genoeg tyd saam spandeer nie en sodoende by mekaar verbyleef.
- Weer 'ou' positiewe eienskappe ontdek.
- Wil albei God se liefde in huwelik uitleef (Christelike toewyding).

Dink julle huweliksverryking het in ons tyd nog sin? Motiveer julle antwoord.

Die volgende response is ontvang:

- Ja, ons het saam besluit dat ons maar gereeld op sulke kampe moet gaan. Dit sal groei en oplewing tot gevolg hê.
- Ja, 'n mens kan altyd iets nuut leer en die huwelik kan altyd verryk word.
- Ja, veral in ons tyd want 'n mens raak vasgevang in die 'rat race' en leef by mekaar verby.
- Ja, daar is baie eise wat vandag aan mense gestel word. Die huwelik is baie belangrik aangesien dit die basis van die samelewing is.
- Ja, baie – in ons tyd jaag ons te veel by mekaar verby. Ons het soms tyd nodig om eers tot besinning te kom.
- Ja, 'n mens het tyd nodig om dinge wat ons as vanselfsprekend aanvaar het weer in perspektief te plaas.
- Beslis! Vanuit die groep se reaksie is dit absoluut duidelik dat almal as beter mense

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

en beter huweliksmaats na die naweek huis toe gaan.

- Definitief JA! Ons moet leer dat daar ook ander is wat 'probleme' ervaar, maar dat ons dit kan omskakel en iets positief daarmee kan doen.
- Ja, definitief, gee veral TYD om te besin oor alles, tyd wat nie noodwendig voorvoorsiening gemaak word nie.
- Definitief. Op so 'n naweek besef jy wat werklik in jou huwelik aangaan en waarop jy moet werk en kan verbeter.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Huweliksverryking het beslis sin in die hedendaagse tyd.
- Huweliksverryking behoort voortdurend plaas te vind omdat die gejaagde lewe daartoe lei dat huweliksmaats nie genoeg tyd saam spandeer met die doel om hulle huwelik te verryk nie.
- TYD saam het duidelik positiewe gevolge. Besinning oor dit wat hulle in mekaar het en beplanning vir die realiteit kan alleen geskied wanneer daar tyd saam spandeer word.

Het julle enige aanbevelings vir toekomstige huweliksverrykingskampe?

Die volgende response is ontvang:

- Hou so vol!
- Dankie vir 'n kreatiewe program met genoeg tyd vir mekaar en ander.
- Hierdie groep moet gebruik word om kennis uit te dra aan die res van die gemeente – wat die kamp werklik behels en wat so 'n kamp beteken.
- Alles was lekker en meer as 100%. Tonne dankie – dit was vir ons baie baie lekker en verrykend gewees.
- Hou dit soos dit is want die aspekte wat aangespreek is, is die basis waarop enige huwelik gebou is en op voortgebou moet word. Baie dankie.
- Hou 'n reünie! (2X)
- Kan moeilik verbeter!
- Dit was puik – mans en vrouens het tyd vir mekaar nodig en ons het dit gehad.
- Nee, dit was uitstekend en die inhoud was verrykend.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Positiewe terugvoer is ontvang. Die inhoud van die program het duidelik behoeftes aangespreek.

5.2.4.2 KAMP 2: 14 -16 FEBRUARIE 1997

Nege (9) egpare het die kamp bygewoon. Die gemiddelde ouderdom van die mans was 30 jaar en die gemiddelde ouderdom van die vrouens was ook 30 jaar. Die egpare was gemiddeld 7 jaar getroud. Alhoewel die meerderheid van die egpare nie in die fase van die vroeë middeljare was nie, is die program aangebied met die nodige wysigings ten opsigte van die duur van die huwelike. Die inhoud hiervan word weergegee aangesien dit as deel van die waarde van huweliksverryking as betreklik onbekende intervensie geëvalueer is.

Wat het julle laat besluit om na 'n huweliksverrykingskamp te gaan?

Die volgende response is ontvang:

- Baie goeie verwysing deur diegene wat reeds die kampe bygewoon het en om ons 'jakkalsies' uit te sorteer.
- Dit klink so lekker! Om werklik te bou op dit wat die huwelik die moeite werd maak.
- Dit is 'n manier om mekaar beter te leer ken en dit het lekker geklink.
- Ons leef soos twee stoomtreine by mekaar verby – elkeen besig met beroep en eie belangstellings.
- Om ons huwelik op te bou en ons verhouding te verbeter. Ons besef ons tekort aan kennis van mekaar.
- Om ons huweliksbande sterker te maak en die huwelik uit ander se oogpunte en perspektief te sien. 'n Mens hou seker nooit op om te leer nie!
- Die behoefte om 'n geslaagde huwelik te hê.
- Inspirasie vanaf die vorige groep.
- Dit het lekker geklink!

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Egpere wat die vorige huweliksverrykingsgeleentheid bygewoon het, het duidelik positiewe terugvoer gehad en op hierdie wyse ander egpare oorreed om te gaan.
- Wil hulle verhouding verbeter.
- Wil tyd saam spandeer – kry nie andersins genoeg tyd saam nie.
- Wil ander se perspektiewe aanhoor. Hierdie aspek dui op die waarde van 'n groepeervaring.

Wat verwag julle van die kamp?

Die volgende response is ontvang:

- Om mekaar nog beter te leer ken en 'n bietjie te kan verstaan.
- Om ons huwelik suksesvol voort te sit.
- Om as 'n verrykte huwelikspaar terug te gaan.
- Ons verwag om as ryker huweliksmaats terug te keer om vir ons kinders 'n gesonde basis in die gesin te skep.
- Hoe om beter en makliker te kommunikeer en om meer van mekaar te leer.
- Pitkos om weer by mekaar uit te kom.
- Om geestelik te groei, om mekaar opnuut weer te ontdek en om in ons huwelik te groei.
- Om weer opnuut bewus te word van God se teenwoordigheid in ons huwelik.
- Beter verstandhouding en kennis om saam oud te word en om deur geloof en liefde ons huwelik te bou en te versterk.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Wil mekaar beter leer ken, wil verhouding verryk en toekoms beter ingaan.
- Wil vir kinders gesonde basis skep (toekoms).
- Geestelik groei deur middel van verryking van huwelik (Christelike toewyding).

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Watter van die volgende temas sou julle in meer diepte wou bespreek?

Respondente kon meer as een keuse uitoefen. Die response was soos volg:

TABEL 7: BEHOEFTEBEPALING TEN OPSIGTE VAN TEMAS – KAMP 2

KOMPONENT	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Rol van die gesin van herkoms	0	0
Selfkonsep	0	0
Seksualiteit	1	4
Huwelikskeuse	0	0
Kommunikasie	4	16
Konflikhantering	6	24
Afsonderlike en gesamentlike groei	5	20
Ouerskap	6	24
Finansies	2	8
Rol van skoonouers	1	4
Geloofsverskille	0	0
TOTAAL	25	100%

Uit bogenoemde opname het dit duidelik geblyk dat kommunikasie (16%), konflikhantering (24%), individuele en gesamentlike groei (20%) en ouerskap (24%) as prioriteite uitgelig is. Hierdie response het weer eens die inhoud van die program, asook die feit dat die regte behoeftes aangespreek word, bevestig. In die lig daarvan dat daar vir die doel van hierdie navorsing slegs met die verhouding tussen huweliksmaats gewerk is, is besluit dat ouerskap as komponent nie in detail in een van die beskikbare sessies ingewerk sou word nie. Die repons dui egter op die behoefte aan programme vir gesinsverryking.

EVALUASIE

Die kamp het veral klem gelê op die positiewe in julleself en julle huwelik. Hoe het julle dit beleef?

Die volgende response is ontvang:

- Ons het opnuut weer besef hoeveel ons vir mekaar beteken. Ons het net weer besef dat ons nie sonder mekaar kan leef nie. Die onderneming van Rut aan Naomi geld vir ons ook.
- In die onlangse verlede het ons toegelaat dat die negatiewe ons diep in 'n gat intrek. Hierdie het ons gehelp om daaruit te klim en met nuwe positiewe hoop na die

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

toekoms te kyk.

- Baie positief. Ons het besef daar is meer positiewe herinneringe as negatief. Ons moet die positiewe voor oë hou. Ons moet die negatiewe agterlaat en op die positiewe bou.
- Dit is lekker om te konsentreer op die goeie. Dit maak 'n mens weer entoesiasies. Dit laat 'n mens stop en weer met nuwe oë na jou maat kyk.
- Ons het nou weer opnuut van mekaar se positiewe punte bewus geraak en geleer om daarna op te let en dit nie meer as vanselfsprekend te aanvaar nie.
- Dit het ons laat besef dat die positiewe dinge in ons huwelik steeds die negatiewe oorheers.
- Dit was baie teleurstellend om uit te vind dat ons nie eens 'n handvol positiewe punte bymekaar kon skraap nie. Ons was bang dat indien ons op die positiewe sou moes voetbou ons niks gaan hê om op te bou nie.
- Fantasties! 'n Mens is so gewoond om altyd op die negatiewe te hamer dat jy vergeet om na die positiewe te kyk of om die negatiewe positief te maak.
- Ons waardeer mekaar en ons verhouding nou weer bietjie meer.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Die geneigdheid om op die negatiewe te konsentreer, het duidelik uit die meeste response geblyk. Die fokus op die positiewe is verrykend beleef en het vaardighede verskaf waarmee die realiteit hanteer kon word.
- Het mekaar en mekaar se positiewe eienskappe herontdek.

Het julle hierdie naweek iets in mekaar ontdek waarvan julle al vergeet het? Motiveer julle antwoord.

Die volgende response is ontvang:

- Ja, dat ons ongeag die lewe en ons druk program nog steeds vir mekaar tyd moet maak.
- Het gehelp om mekaar as persone weer te ontdek en as maats opnuut weer lief te kry.
- Kan nie onthou?!
- Ja, maar nog meer belangrik – ons het ontdek hoe om van die slegte dinge te

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

vergeet.

- Het ontdek dat hy selfs meer begrypend, geduldig en liefdevol is as wat sy gedink het. Het besef dat hulle huwelik en hy prioriteit nommer een in haar lewe is.
- Ja, dat die humorsin wat ons gedink verdwyn het, nog steeds daar is.
- Nie eintlik nie, maar ons het besef dat dit wat ons van mekaar gesien en gedink het, altyd die negatiewe was.
- Ja, veral positiewe eienskappe.
- Ja, dat ons nog steeds lief is vir mekaar en dat ons nou elke dag soos die eerste dag in ons huwelik moet hanteer tot eer van God en onself.

DIE SENTRALE TEMA WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Het wel die positiewe in mekaar weer raakgesien en besef dat hulle nog steeds vir mekaar omgee.

Het julle hierdie naweek iets nuut van mekaar geleer/ Motiveer julle antwoord.

Die volgende response is ontvang:

- Ja, hoe lief ek vir haar is – dit het net nog nuwer geword. My liefde vir hom het net weer 'n vonk laat ontspring – ek is baie lief vir hom.
- My man is nie so emosioneel en sensitief onbetrokke soos ek ervaar het hy is nie. Het nie geweet my vrou is so 'n vreugde om by te wees wanneer die positiewe in haar na vore kom nie.
- Kameraadskap in mekaar en in ons saamwees ontdek.
- Ja, ons het al twee dieselfde geestelike/emosionele behoeftes. Het geleer dat hy nie so baie van haar negatiewe punte raaksien en teen haar hou soos sy gedink het nie.
- Ten spyte van probleme en verskille wat ons beleef, is ons verseker perfekte huweliksmaats wat mekaar ongelooflik liefhet en enigiets sal opoffer ter wille van ons huwelik.
- Nee, mekaar net weer herontdek en ons oë het weer oopgegaan.
- Ja, ons het ontdek dat ons albei graag ons huwelik wil laat werk, dat ons probleme nie uniek is nie, maar dat ons moet leer om konflik te verwerk. Ons besef ook nou dat 'n gelukkige huwelik nie in mandjies voor die deur uitgedeel word nie, maar dat dit harde werk kos.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Nee.
- Ja, ons het altwee foute, maar dat ons uit die naweek geleer het en dit nou gaan toepas om ons krisisse en konflikte te kan oplos.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Het mekaar weer herontdek. Uit die response was dit duidelik dat die realiteit van die lewe tot gevolg het dat huweliksmaats stagneer en vergeet wat hulle aanvanklik na mekaar aangetrek het. Die huweliksverrykingsgeleentheid het daartoe bygedra dat aspekte in mekaar en in die self herontdek is.
- Besef dat 'n geslaagde huweliksverhouding harde werk is en dat vaardighede aangeleer kan word om die verhouding te verryk en geslaagd te laat voortgaan.

Dink julle huweliksverryking het in ons tyd nog sin? Motiveer julle antwoord.

Die volgende response is ontvang:

- Ja, dit bring ons tot stilstand en sê: Wees lief vir mekaar ongeag wat gebeur.
- Ja, definitief. Gesonde huwelike lei tot 'n gesonde gemeenskap.
- Ja, definitief. Die lewe is so gejaagd. Mens moet tyd maak om mekaar opnuut te vind en voor te begin.
- Definitief meer as ooit. Dit is net jammer dat die mense wat dit regtig nodig het nie kom nie, maar ons sal hulle probeer motiveer om te kom.
- Verseker! Die Here het van die begin van tye af bestem dat man en vrou een moet word en dit is dus ons as huweliksmaats se plig om voortdurend huweliksverryking te doen.
- Ja, ons leefwyse het tot gevolg dat ons mekaar as vanselfsprekend aanvaar.
- Ja, beslis. Sonder hierdie kursus sou ons by die negatiewe vasgehaak het en op die ou einde die maklike uitweg gekies het ten spyte daarvan dat ons vir mekaar lief is.
- Ja, 'n mens vergeet dat 'n huwelik harde werk en opoffering vereis en dat dit spesiaal is.
- Ja, dit wat 'n mens weer opnuut ontdek in mekaar, asook raad wat 'n mens weer ontvang van dinge wat mens nie opgelos kon kry nie.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Al die egpare het positief reageer – huweliksverryking is noodsaaklik.
- Verryking behoort 'n voortdurende proses te wees om groei te bewerkstellig.

Het julle enige aanbevelings vir toekomstige huweliksverrykingskampe?

Die volgende response is ontvang:

- Nee, hou dit net so – dit is 'n belewenis. Ons waardeer dit ontsettend baie. Baie dankie vir 'n wonderlike naweek.
- Baie dankie vir 'n onvergeetlike ervaring.
- Wat van 'n opvolgkamp – was daar groei met al die voornemens? Miskien selfs 'n langer eerste kamp – dalk 'n langnaweek.
- Vir die kenmekaar kan almal dalk net sê waar hulle bly en wat hulle doen sodat die groeplede mekaar nog beter kan leer ken.
- Geen aanbevelings – Dankie vir 'n absolute wonderlike kamp waar ons weer God en mekaar se nabyheid ervaar het en kan teruggaan na die 'huis-toe-werk-toe-paycheque-broke' situasie – met nuwe moed en hoop vir ons huwelik.
- Opvolgkamp in die vorm van 'n gesinskamp. Baie dankie vir 'n wonderlike naweek – ons het dit geniet.
- Ja, 'n opvolgkursus, veral waar die gesin as hoofdoel behandel word. Dit was heerlik om so lekker te eet sonder om self voor die stoof te staan.
- Verplig alle egpare in die gemeente om elke 5 jaar so 'n kursus by te woon.
- Die lesings is baie volledig. Dink nie daar is enige iets wat verander moet word nie, want dit werk. Enige egpaar kan baat vind, maak nie saak hoe lank hulle getroud is nie.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Baie positiewe terugvoer is ontvang. Die inhoud van die program spreek duidelik behoeftes aan en is 'n aangename ervaring.
- Opvolgkampe met die oog op verdere verryking, ook van die gesinslewe, is aanbeveel.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

5.2.4.3 KAMP 3: 12 -14 SEPTEMBER 1998

Agt (8) egpare het die kamp bygewoon. Die gemiddelde ouderdom van die mans was 36,9 jaar en die gemiddelde ouderdom van die vrouens was 35,5 jaar. Die egpare was gemiddeld 13 jaar getroud.

Wat het julle laat besluit om na 'n huweliksverrykingskamp te gaan?

Die volgende response is ontvang:

- Wat ons by ander mense gehoor het.
- Daar is 'n leemte in ons huwelik.
- Die huwelik weer skop te gee.
- Dink dit behoort interessant te wees en ons kan mekaar weer van vooraf leer ken.
- Ons is omgepraat.
- Ons is deur die dominee hier ingepaat.
- Voel ons het 'n wegbreekkans nodig van die kinders en die gejaag van die stad.
- My vrou het aan my getorring.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Het by ander gehoor en is aanbeveel.
- Daar is leemtes en die geleentheid moet benut word vir groei.

Wat verwag julle van die kamp?

Die volgende response is ontvang:

- Om mekaar weer te vind in hierdie gejaagde lewe en weer die vonk van vroeër terug te kry.
- Om nader aan mekaar te beweeg.
- Verryking en verdieping in die huwelik.
- Om mekaar opnuut te leer ken en ons liefde vir mekaar ook in Christus op te dra.
- Om as ryker mense terug te gaan en mekaar weer beter te verstaan.
- Om mekaar weer te vind, mekaar se goeie punte raak te sien en nie net die slegte deel van die huwelik te ervaar nie.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Om geestelik te groei en opnuut na mekaar te kyk.
- Om dit te geniet.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Verryking, nader aan mekaar te beweeg en die vonk terug te sit.
- Geestelike groei (Christelike toewyding).

Watter van die volgende temas sou julle in meer diepte wou bespreek?

Respondente kon meer as een keuse uitoefen. Die volgende response is ontvang:

TABEL 8: BEHOEFTEBEPALING TEN OPSIGTE VAN TEMAS – KAMP 3

KOMPONENT	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Rol van die gesin van herkoms	2	6.3
Selfkonsep	1	3.1
Seksualiteit	1	3.1
Huwelikskeuse	0	0
Kommunikasie	7	21.9
Konflikhantering	8	25
Afsonderlike en gesamentlike groei	5	15.6
Ouerskap	5	15.6
Finansies	1	3.1
Rol van skoonouers	2	6.3
Geloofsverskille	0	0
TOTAAL	32	100%

Uit bogenoemde opname is kommunikasie (21.9%), konflikhantering (25%), afsonderlike en gesamentlike groei (15.6%) en ouerskap (15.6%) as prioriteite aangedui. Die response het weer eens aangesluit by die inhoud van die program en bevestig dat die ware behoeftes van die teikengroepe aangespreek word. Kommunikasie tussen huweliksmaats is noodsaaklik vir nie alleen die instandhouding van die huweliksverhouding nie, maar veral ook vir die groei daarvan. (Vgl. hoofstuk 2 – 2.3.3.) Konflik in verhoudings is onvermydelik, maar die wyse waarop die konflik hanteer word, gaan die groei al dan nie in die huwelik bepaal. (Vgl. hoofstuk 2 – 2.3.4.) Potensiële groeiruumte met nie alleen die groei van huweliksmaats individueel nie, maar ook van die egpaar as eenheid, is noodsaaklik vir huweliksbevrediging. (Vgl. hoofstuk 2 – 2.3.6.) Die hoë respons ten opsigte van ouerskap dui weer op die behoefte

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

aan gesinsverrykingsprogramme.

EVALUASIE

Die kamp het veral klem gelê op die positiewe in julleself en julle huwelik. Hoe het julle dit beleef?

Die volgende response is ontvang:

- Baie interessant en opbouend. Dit bring ons weer nader aan mekaar.
- Opbouend vir die toekoms – leer om positiewe in huwelik raak te sien.
- Dat 'n mens van die negatiewe vergeet en vir 'n slag die positiewe raaksien.
- Dit was goed om die positiewe uit te lig en die negatiewe te onderdruk.
- Dit is baie beter om op die positiewe te konsentreer en daarop te bou as om na die negatiewe te kyk.
- Dit het ons weer laat dink aan die positiewe in ons elkeen waarvan ons so gou vergeet.
- Ons het die positiewe in elkeen weer beleef en weet nou hoekom ons van die begin af aangetrokke was tot mekaar.
- Fantasties – dit het ons die geleentheid gegee om weer met mekaar te praat en mekaar te geniet.

DIE SENTRALE TEMA WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Die positiewe word in die alledaagse lewe vergeet en daar word op die negatiewe gekonsentreer. Die huweliksverrykingsgeleentheid het die positiewe weer beklemtoon en 'n basis verskaf vir die toekoms.

Het julle hierdie naweek iets in mekaar ontdek waarvan julle al vergeet het? Motiveer julle antwoord.

Die volgende response is ontvang:

- Ja. 'n Mens het al so verval in negatiewe gedagtes dat 'n mens al vergeet het hoeveel positief en mooi daar regtig is.
- Ons het agtergekom dat ons weer saam kan lag oor al die ou dinge.
- Ja, dat ons mekaar weer goed kan laat voel, mekaar regtig liefhet en met respek kan behandel.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Die klein dingetjies wat ons as vanselfsprekend aanvaar het, is weer na vore gebring. Dit het gebeur deur op die positiewe te fokus.
- Nie regtig nie. (Sy is nog steeds oulik!)
- Ja, al is hy nie meer die slanke self nie, is hy nog steeds dieselfde.
- Die huwelik kan pret wees – in veld te kan stap met 'n mandjie kos en rustig oor ons huwelik te kan nadink.
- Ja, deur terug te gaan in die verlede het ons weer mekaar se sterkpunte ontdek.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Het mekaar regtig lief, sien weer mekaar se sterkpunte raak, geniet en waardeer mekaar steeds.
- Het al vergeet van die goeie dinge en die klein dingetjies wat positief is en die verrykingsgeleentheid het dit weer na die oppervlak gebring.

Het julle hierdie naweek iets nuut van mekaar geleer/ Motiveer julle antwoord.

Die volgende response is ontvang:

- Nee, ons het net die 'lekker' in mekaar weer ontdek.
- Ja – ons verstaan uiteindelik hoe werk 'n man en 'n vrou regtig. Ons is nog werklik lief vir mekaar.
- Ja, dat dit nie nodig is om by mekaar verby te leef nie en dat die lewe te kort is vir kleinighede.
- Ja, gee 100% en moet niks terugverwag nie. Dit sal vanself kom.
- Ja, ons kommunikeer te min.
- Ja, om saam te ontspan en te speel. Dit sit die vuur terug in ons huwelik.
- Ons moet tyd maak vir mekaar waar ons vir 'n slag kan vergeet van werk en stres.
- Nie regtig nie, maar ou dinge is weer beklemtoon.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Het ontdek dat tyd saam belangrik is en dat daar gekommunikeer moet word.
- Het mekaar steeds lief, moet mekaar geniet en tyd maak vir speel.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Dink julle huweliksverryking het in ons tyd nog sin? Motiveer julle antwoord.

Die volgende response is ontvang:

- Ja, beslis. 'n Mens het dit juis in ons besige en gejaagde tyd nodig.
- Beslis. Ons sien kans vir rondte nommer twee. Daar is nou 'n uitdaging om te werk aan al die probleme en dit opbouend op te los.
- Ja, in hierdie tye waarin ons vandag leef, is dit so maklik om te laat agter te kom dat daar iets is soos 'n huwelik waarvoor beide trou gesweer het.
- Ja, dit behoort meer aangebied te word met die klem daarop dat daar nie op probleemgevalle gefokus word nie.
- Ja, dit laat jou tot stilstand kom en opnuut na die huwelik kyk.
- Ja, in die gejaagde lewe moet ons tyd maak om weer by mekaar uit te kom en te hoor wat mekaar se behoeftes is.
- Beslis meer as voorheen. Die huwelik word in vandag se tyd nog meer blootgestel aan stresvolle gebeurtenisse.
- Ja. In ons gejaagde lewe begin man en vrou by mekaar verbyleef en 'n naweek soos hierdie leer hulle weer om by mekaar uit te kom.

DIE SENTRALE TEMA WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Die egpare was dit eens dat huweliksverryking noodsaaklik is en veral dan ook in die moderne tyd as gevolg van beperkte tyd en verhoogde eise.

Het julle enige aanbevelings vir toekomstige huweliksverrykingskampe?

Die volgende response is ontvang:

- Ja, dit moet meer word!
- Aangesien 'n man en vrou nie oor die algemeen weggaan vir naweke om alleen te wees nie, kan die naweek daarvoor gebruik word.
- Daar moet beslis gekyk word na opvolgkampe en die groep moet beslis bymekaarkom vir 'n braai.
- Alles was perfek. Dit sou lekker gewees het as dit oor 'n lang naweek kon plaasvind. Dit sou meer tyd gegee het.
- Dit was baie goed soos dit was.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Dat 'n mens 'n week nodig het en nie net 'n naweek nie.
- Lesings bietjie verkort – meer tyd maak vir huweliksmaats om dinge te ontdek in die pragtige natuurskoon van die kampterrein.
- Miskien moet spesifieke ouderdomsgroepe (jare getroud) op 'n naweek geneem word.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Die terugvoer was positief.
- Opvolgkampe/geleentheid is aanbeveel.
- Tydens hierdie geleentheid is aanbevelings ten opsigte van die tydsduur van die huweliksverrykingsgeleentheid gedoen, naamlik dat dit langer as 'n naweek kan wees.
- Egpere moet verkieslik in dieselfde ouderdomsgroep val.

5.2.4.4 KAMP 4: HUWELIKSVERRYKINGSDAG 17 OKTOBER 1998

Die program is hier vir 'n enkeldag en as tydbepaalde korttermyngroep as proefneming aangebied. Alle egpare kan nie vir 'n naweek weggaan nie as gevolg van verskeie redes. Kinderversorging is dikwels 'n probleem en alle egpare kan nie bekostig om vir 'n hele naweek weg te gaan nie as gevolg van beperkte finansies of as gevolg van ander verpligtinge. Dertien (13) egpare het die dag bygewoon wat vanaf 9:00 tot 22:00 geduur het. Die gemiddelde ouderdom van die mans was 36 jaar en die gemiddelde ouderdom van die vrouens was 34 jaar. Die egpare was gemiddeld 11 jaar getroud. Vir twee van die egpare was dit 'n tweede huwelik.

Die verwagtinge van die huweliksverrykingsdag:

Die volgende response is ontvang:

- Om nog meer van mekaar te leer en waardeer en nog nader aan mekaar te kom.
- 17 jaar is lank – sommige goed raak later gewoonte! Hierdie is 'n geleentheid vir nuwe perspektief, en die kans om weer aan die verhouding te werk met nuwe tegniek en metodes.
- My vrou het my gedwing. Sy dink ons het dit nodig want ons dryf uitmekaar. Ons verwag om 'n beter verhouding te hê na die dag.
- Om 'tips' te kry vir hoe ons 'n beter huwelik kan hê en vir voorkomende raad. Ook om

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

basiese riglyne te kry oor wat om te doen en nie te doen nie.

- My vrou het my gedwing! Om weer verryking in die huwelik te kry vir die pad wat voorlê.
- Behoefte om groei binne die huwelik uit te brei. Verwag riglyne wat 'n mens kan gebruik om hierdie verdere groei te bereik.
- Om soveel moontlik tyd met mekaar te spandeer, om tyd saam met ander gelowiges te spandeer en om nuwe mense te ontmoet. Die vorige kamp was puik en daarom kom ons weer.
- Om ons huwelik te verryk.
- Om saam en in Christus mekaar meer lief te hê en 'n verrykte huwelik te hê, vir altyd.
- Verder te bou aan 'n goeie huwelik en opwindende leerstof om die huwelik nog lekkerder te maak.
- Elke persoon/huwelik het voedsel nodig vir die pad om perspektief te plaas op dit wat ons in die huwelik kan bereik. Ons verwag om dit te geniet, rigting, perspektief en voedsel te kry.
- Vandag se lewe, word teen so 'n snelle pas geleef dat daar nie altyd tyd is om by mekaar uit te kom nie, d.w.s. daar moet spesifieke tyd beplan word. Ons wil in ons huwelik nader aan mekaar beweeg.
- Mekaar weer rustig van voor af te ontdek en het al by verskeie persone gehoor dat dit 'n verrykende ervaring is. Om werklik weer as man en vrou by mekaar uit te kom.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Van die egpare wou meer leer, nie alleen uit die aanbieding nie, maar ook by ander egpare (groepervaring).
- Wil die verhouding verryk en nader aan mekaar kom.
- Uit die reaksie van twee van die egpare het dit geblyk dat die vrou die bywoning van die geleentheid afgedwing het as gevolg van problematiese funksionering. Die uiteindelijke doel was egter steeds om te groei en weer nader aan mekaar te beweeg.

Alhoewel die egpare wat die huweliksverrykingsdag bygewoon het dit positief ervaar het, was die atmosfeer en verbondenheid nie dieselfde as tydens die naweek – 'retraites' nie. Omgewingsverandering en die wegbreek van die huis en die verpligtinge teenoor kinders dra

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Die afleiding word gemaak dat die huweliksbevrediging van die vroulike respondente uit die eksperimentele groep hoër was as die huweliksbevrediging van hulle mans. Tydens die literatuurstudie is daar kennis geneem van menings dat die huweliksbevrediging van mans dikwels hoër is as die huweliksbevrediging van vrouens. (Vgl. Giblin, *et al.*, 1985:267; Pines, 1996:109; Schumm, *et al.*, 1997:1004 en Gordon, *et al.*, 1999:219.) Die steekproef in hierdie spesifieke navorsingstudie is te klein om veralgemenings te maak, maar dit dien vermeld te word dat die huweliksbevrediging van die vrouens, in teenstelling met die literatuur, hoër was as die huweliksbevrediging van hulle mans.

TABEL 23: KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VERGELYKEND 1 (MANS)

Gemiddeld: Manlike respondente (N=5)

	TOETS 1	TOETS 2	TOETS 3
VRAAG 1	5.8	6.1	6.0
VRAAG 2	6.0	6.3	6.1
VRAAG 3	5.6	6.1	6.0

Uit bogenoemde tabel kan afgelei word dat daar nie betekenisvolle verskille tussen die drie metings was vir die manlike respondente uit die vergelykend 1 groep nie. Hierdie groep het geen intervensie gehad nie en daar is dus nie verskille verwag nie. Twee van die respondente het egter spesifiek daarvan melding gemaak dat die invul van die eerste vraelyste hulle oor die aard van hulle huwelike en hulle huweliksmaats laat dink het. Die verskil in die tellings tussen die drie metings kan moontlik daaraan toegeskryf word. Dit is egter belangrik om te onthou dat huweliksbevrediging 'n subjektiewe beoordeling van die huweliksverhouding op 'n spesifieke oomblik is en dat die aard daarvan deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed word. Huweliksbevrediging bly nie staties nie. (Vgl. Schaap, *et al.*, 1988:209.)

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

TABEL 24: KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VERGELYKEND 1 (VROUEN)

Gemiddeld: Vroulike respondente (N=5)

	TOETS 1	TOETS 2	TOETS 3
VRAAG 1	5.8	6.1	5.6
VRAAG 2	6.3	6.5	5.6
VRAAG 3	5.5	6.0	5.3

Die huweliksbevrediging van die vroulike respondente in die vergelykend 1 groep het verminder vanaf beide die eerste en die tweede metings. In hierdie geval stem die aard van die meting tussen die twee geslagte ooreen met die literatuur waar gemeen word dat die huweliksbevrediging van vrouens laer meet as dié van die mans. (Vgl. Giblin, *et al.*, 1985:267; Pines, 1996:109; Schumm, *et al.*, 1997:1004 en Gordon, *et al.*, 1999:219.)

TABEL 25: KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VERGELYKEND 2 (MANS)

Gemiddeld: Manlike respondente (N=5)

	TOETS 1	TOETS 2	TOETS 3
VRAAG 1	0	6.2	6.0
VRAAG 2	0	6.8	6.4
VRAAG 3	0	5.8	5.8

TABEL 26: KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VERGELYKEND 2 (VROUEN)

Gemiddeld: Vroulike respondente (N=5)

	TOETS 1	TOETS 2	TOETS 3
VRAAG 1	0	6.4	6.6
VRAAG 2	0	6.6	6.4
VRAAG 3	0	6.0	6.2

Die huweliksbevrediging van die vroulike respondente uit die **vergelikend 2** groep het redelik konstant gebly vanaf die tweede na die derde meting. Hier is dit weer opvallend dat die huweliksbevrediging van die vrouens hoër meet as dié van die mans, in teenstelling met die literatuur.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Die huweliksbevrediging van die eksperimentele groep 1 wat al drie toetse voltooi het en die intervensie ontvang het, het met 'n gemiddeld van 12.8% gestyg op grond van die resultate van die *Kansas Marital Satisfaction Scale*. Aan die ander kant het die huweliksbevrediging van die vergelykend 1 groep wat ook al drie toetse voltooi het, maar nie die intervensie ontvang het nie, redelik konstant gebly. Vanuit die resultate soos met die meting verkry, kan afgelei word dat die huweliksverrykingsprogram 'n positiewe invloed op die huweliksbevrediging gehad het. Die huweliksbevrediging het verbeter.

Resultate: Hudsonskaal: Indeks van Huweliksbevrediging

Die afsonderlike tellings van al die respondente (N=42) vir die meting met behulp van die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging word vervolgens weergegee. Die vier groepe word met behulp van 'n kleurkode aangedui. Die verdeling sien soos volg daaruit:

Eksperimenteel 1 – ROOI

Eksperimenteel 2 – BLOU

Vergelykend 1 – GROEN

Vergelykend 2 - VIOLET

TABEL 27: TELLINGS VAN INDIVIDUELE RESPONDENTE AS EGPARE SAAM GEGROEPEER (N=42)

EGPAAR	TOETS 1		TOETS 2		TOETS 3	
	MAN	VROU	MAN	VROU	MAN	VROU
A	54	20	39	3	55	6
B	25	43	17	30	13	19
C	13	18	1	3	3	8
D	16	11	6	12	8	13
E	36	13	26	6	35	9
F			12	8	13	6
G			13	13	14	10
H			7	9	6	3
I			1	4	9	1

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

EGPAAR	TOETS 1		TOETS 2		TOETS 3	
	MAN	VROU	MAN	VROU	MAN	VROU
J			15	16	16	5
K	23	22	22	19	24	18
L	8	15	9	17	3	19
M	20	19	15	19	22	20
N	26	7	17	4	19	3
O	15	26	19	25	14	13
P	2	10	1	7	3	5
Q			10	6	5	7
R			18	16	11	13
S			12	11	20	14
T			19	12	15	7
U			13	19	11	19
TOTAAL	21	21	21	21	21	21
	N=42		N=42		N=42	

Vanuit bogenoemde tabel is dit duidelik dat die tellings van die respondente uit die eksperimenteel 1 groep, wat die intervensie ontvang het, verbeter het. Die tellings van die eksperimenteel 2 groep, wat ook die intervensie ontvang het, maar nie die voortoets voltooi het nie, is aangedui as besonder goeie tellings in terme van die standaard van die Hudsonskale. Al die tellings van die respondente van die eksperimenteel 2 groep is onder die afsnypunt van 30. Volgens Hudson en Faul (1997b:24-25) dui 'n telling laer as 30 daarop dat die individu geen klinies beduidende probleem ten opsigte van die aspek wat gemeet word, het nie. Hierdie groep was dan ook meer homogeen as die eksperimenteel 1 groep.

In die eksperimenteel 1 groep was daar twee van die mans en een van die vrouens wat besonder hoë tellings (meer as 30) gehad het. In die geval van die vrou het die telling egter na afloop van die intervensie verminder na 'n telling minder as 30, naamlik 19. Die twee mans het met die tweede toets, wat direk na afloop van die intervensie gedoen is, laer tellings gehad, maar twee weke later het die tellings weer

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

verhoog na onderskeidelik **55** en **35**. Dit is interessant om daarop te let dat die tellings van hulle vrouens besonder goed was, naamlik **6** en **9** onderskeidelik. Die afleiding word gemaak dat daar in die geval van hierdie twee manlike respondente sprake is van huweliksaanpassing. Hulle het met verloop van tyd by die huweliksmat en die omstandighede in die verhouding aangepas, maar het nie noodwendig goeie huweliksbevrediging nie. (Vgl. L'Abate & Bagarozzi, 1993:111 en 2.4 – hoofstuk 2.) As gevolg van die goeie huweliksaanpassing, het dit egter voorgekom asof albei huweliksmats in hierdie verhoudings 'n redelik goeie tot goeie huweliksverhouding gehad het.

Die vergelykende groepe was besonder homogeen en al die tellings vir al die metings was minder as 30. Wanneer hierdie aspek in oënskou geneem word, is dit duidelik dat hulle aan die gestelde kriteria vir respondente voldoen het, naamlik dat hulle 'n redelik goeie tot goeie huweliksverhouding gehad het.

Hudsonskaal: Gemiddelde tellings per toets vir afsonderlike geslagte

Die **Mann-Whitney toets** is gedoen ten opsigte van die twee **geslagte** afsonderlik vir die eksperimentele groep 1 en die vergelykende groep 1 en wel met 'n vergelyking tussen die drie metings. Die resultate was soos volg:

TABEL 28: VERGELYKING TUSSEN DIE GEMIDDELDE TELLINGS VIR TOETS 1 TUSSEN EKSPERIMENTEEL 1 EN VERGELYKEND 1

	EKSPERIMENTEEL 1		VERGELYKEND 1		P-waarde
	Gemiddeld	Standaard-afwyking	Gemiddeld	Standaard-afwyking	
Manlik	28.93	16.59	15.92	9.35	0.2037
Vroulik	21.16	12.48	16.69	7.40	0.4856

By beide die manlike en die vroulike respondente is die P-waardes groter as 0.05. Daar is met ander woorde geen verskil nie en dit is reg so aangesien beide die eksperimentele en die vergelykende groepe voor die tyd gelyk was. Al die respondente (egpare) het aan al die gestelde kriteria voldoen. Vir die vergelykende groep was dit net nie geleë om die spesifieke naweek op die kamp te kon gaan nie.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

TABEL 29: VERGELYKING TUSSEN DIE GEMIDDELDE TELLINGS VIR TOETS 2 TUSSEN EKSPERIMENTEEL 1 EN VERGELYKEND 1

	EKSPERIMENTEEL 1		VERGELYKEND 1		P-waarde
	Gemiddeld	Standaard-afwyking	Gemiddeld	Standaard-afwyking	
Manlik	17.87	15.52	13.89	7.65	0.1492
Vroulik	10.80	11.74	16.69	7.40	0.5620

By beide die manlike en die vroulike respondente is die P-waardes groter as 0.05. Daar is met ander woorde geen verskil nie en dit is weer eens reg so aangesien beide die eksperimentele en die vergelykende groepe voor die tyd gelyk was.

TABEL 30: VERGELYKING TUSSEN DIE GEMIDDELDE TELLINGS VIR TOETS 3 TUSSEN EKSPERIMENTEEL 1 EN VERGELYKEND 1

	EKSPERIMENTEEL 1		VERGELYKEND 1		P-waarde
	Gemiddeld	Standaard-afwyking	Gemiddeld	Standaard-afwyking	
Manlik	22.80	21.72	14.00	9.40	0.0340
Vroulik	11.31	5.19	13.00	7.45	0.3007

By die vroulike respondente is die P-waarde groter as 0.05. By die manlike respondente is die P-waarde egter kleiner as 0.05 en daarom betekenisvol. Die standaardafwyking vir die manlike respondente van die eksperimenteel 1 groep is egter baie groot en is veroorsaak deur die heterogeniteit in die groep. Twee van die manlike respondente het besonder hoë tellings gehad. By die bespreking van tabel 27 is die verskil tussen huweliksaanpassing en huweliksbevrediging bespreek wat die moontlike oorsaak vir die heterogeniteit kan wees.

Daar was duidelik meer variasie in die eksperimenteel 1 groep. Ten spyte van die variasie bly die meerderheid van die tellings egter onder 30 wat die kliniese afsnypunt in die interpretasie van die Hudsonskaalmetings is.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Hudsonskaal: Verskil tussen metings – eksperimenteel 1 en vergelykend 1 (per geslag)

Die **Wilcoxon toets** is gedoen ten opsigte van die twee **geslagte** afsonderlik vir die eksperimentele groep 1 en die vergelykende groep 1 en wel met 'n vergelyking tussen die drie metings. Die resultate was soos volg:

Eksperimentele groep 1: Vroulike respondente (N=5)

- Die gemiddelde verskil tussen die telling van die eerste meting van die Hudsonskaal en die tweede meting van die Hudsonskaal is **10.36**.
- Die gemiddelde verskil tussen die telling van die eerste meting van die Hudsonskaal en die derde meting van die Hudsonskaal is **9.84**.
- Die gemiddelde verskil tussen die tweede meting van die Hudsonskaal en die derde meting van die Hudsonskaal is **0.52**.

Bogenoemde gegewens dui daarop dat die intervensie 'n betekenisvolle positiewe verandering teweeggebring het. Volgens die verwerkingskedule van die Hudsonskaal is enige verskil meer as 5 punte betekenisvol. Wanneer die verskil dubbel is, naamlik 10 en meer, kan daar met 95% sekerheid aangeneem word dat daar verandering ingetree het en dat die intervensie geslaagd was (Hudson & Faul, 1997b:11). Die verskil tussen die eerste en die tweede meting is **10.36**. Hier kan reeds aangeneem word dat daar 'n positiewe verandering ingetree het as gevolg van die intervensie. Die verskil tussen die eerste meting en die derde meting, wat twee weke later gedoen is, is **9.84**. Ook op hierdie gemiddelde verskil kan aangeneem word dat daar verandering ingetree het.

Vergelykende groep 1: Vroulike respondente (N=6)

- Die gemiddelde verskil tussen die telling van die eerste meting van die Hudsonskaal en die tweede meting van die Hudsonskaal is **1.68**.
- Die gemiddelde verskil tussen die telling van die eerste meting van die Hudsonskaal en die derde meting van die Hudsonskaal is **3.69**.
- Die gemiddelde verskil tussen die tweede meting van die Hudsonskaal en die derde meting van die Hudsonskaal is **2.0**.

Geen beduidende verskille word aangedui vir die vergelykende groep wat geen intervensie ontvang het nie. Die verskil tussen die eksperimentele groep wat wel die intervensie ontvang het en die vergelykende groep wat geen intervensie ontvang het nie, word duidelik deur die statistiek aangedui. Aan die hand van die tellings vir die

oofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Hudsonskaal, is daar by die eksperimentele groep 'n beduidende positiewe verandering na die intervensie.

Eksperimentele groep 1: Manlike respondente (N=5)

- Die gemiddelde verskil tussen die telling van die eerste meting van die Hudsonskaal en die tweede meting van die Hudsonskaal is **11.07**.
- Die gemiddelde verskil tussen die telling van die eerste meting van die Hudsonskaal en die derde meting van die Hudsonskaal is **6.13**.
- Die gemiddelde verskil tussen die tweede meting van die Hudsonskaal en die derde meting van die Hudsonskaal is **-4.93**.

Bogenoemde gegewens dui daarop dat die intervensie 'n betekenisvolle positiewe verandering teweeggebring het. Volgens die verwerkingskedule van die Hudsonskaal is enige verskil meer as 5 punte betekenisvol. Wanneer die verskil dubbel is, naamlik 10 en meer, kan daar met 95% sekerheid aangeneem word dat daar verandering ingetree het en dat die intervensie geslaagd was (Hudson & Faul, 1997b:11). Die verskil tussen die eerste en die tweede meting is **11.07**. Hier kan reeds aangeneem word dat daar 'n positiewe verandering ingetree het as gevolg van die intervensie. Die verskil tussen die eerste meting en die derde meting, wat twee weke later gedoen is, is **6.13**. Ook op hierdie gemiddelde verskil van 6 punte, kan aangeneem word dat daar verandering ingetree het. Die verskil tussen die tweede meting en die derde meting is **-4.93**. Die huweliksbevreëdiging van die mans het na twee weke weer gedaal, maar was steeds meer as 5 punte hoër as die telling by die eerste meting.

Vergelykende groep 1: Manlike respondente (N=6)

- Die gemiddelde verskil tussen die telling van die eerste meting van die Hudsonskaal en die tweede meting van die Hudsonskaal is **2.03**.
- Die gemiddelde verskil tussen die telling van die eerste meting van die Hudsonskaal en die derde meting van die Hudsonskaal is **1.92**.
- Die gemiddelde verskil tussen die tweede meting van die Hudsonskaal en die derde meting van die Hudsonskaal is **-0.11**.

Geen beduidende verskille word aangedui vir die vergelykende groep wat geen intervensie ontvang het nie. Die verskil tussen die tellings van die manlike respondente van die eksperimentele groep wat wel die intervensie ontvang het en die vergelykende groep wat geen intervensie ontvang het nie, word duidelik deur die statistiek aangedui. Aan die hand van die tellings vir die Hudsonskaal, is daar by die

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

eksperimentele groep 'n beduidende positiewe verandering na die intervensie.

• **Hudsonskaal: Verskil tussen metings – eksperimenteel 1 en vergelykend 1 (beide geslagte)**

Die **Wilcoxon-toets** is gedoen ten opsigte van **beide geslagte** vir die eksperimentele groep 1 en die vergelykende groep 1 en wel met 'n vergelyking tussen die drie metings. Die resultate was soos volg:

Eksperimentele groep 1

- Die gemiddelde verskil tussen die telling van die eerste meting van die Hudsonskaal en die tweede meting van die Hudsonskaal is **10.7139**. Die P-waarde is 0.0039 wat 'n duidelike betekenisvolle verskil aandui.
- Die gemiddelde verskil tussen die telling van die eerste meting van die Hudsonskaal en die derde meting van die Hudsonskaal is **7.9889**. Die P-waarde is 0.0190 wat 'n duidelike betekenisvolle verskil aandui.
- Die gemiddelde verskil tussen die tweede meting van die Hudsonskaal en die derde meting van die Hudsonskaal is **-2.7250**. Die P-waarde is 0.2020 wat groter is as 0.05. Die telling het nie betekenisvol opgegaan nie.

Bogenoemde gegewens dui daarop dat die intervensie 'n betekenisvolle positiewe verandering teweeggebring het. Volgens die verwerkingskedule van die Hudsonskaal is enige verskil meer as 5 punte betekenisvol. Wanneer die verskil dubbel is, naamlik 10 en meer, kan daar met 95% sekerheid aangeneem word dat daar verandering ingetree het en dat die intervensie geslaagd was (Hudson & Faul, 1997b:11). Die verskil tussen die eerste en die tweede meting is **10.7**. Hier kan reeds aangeneem word dat daar 'n positiewe verandering ingetree het as gevolg van die intervensie. Die verskil tussen die eerste meting en die derde meting, wat twee weke later gedoen is, is **7.9 (8)**. Selfs op hierdie gemiddelde verskil kan aangeneem word dat daar verandering ingetree het.

Die verskil tussen die tweede en die derde meting is nie statisties of volgens die Hudsonskaal betekenisvol nie. Die feit dat die telling effens afgeneem het, is te verstane aangesien die egpare terug is na die realiteit van hulle daaglikse roetine. Die feit dat die telling van die derde meting egter steeds soveel laer is as die telling van die eerste meting is belangrik aangesien dit daarop dui dat die intervensie 'n positiewe invloed gehad het.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek


Vergelykende groep 1

- Die gemiddelde verskil tussen die telling van die eerste meting van die Hudsonskaal en die tweede meting van die Hudsonskaal is **1.8588**. Die P-waarde is 0.0769. Geen betekenisvolle verskil word daardeur aangedui nie.
- Die gemiddelde verskil tussen die telling van die eerste meting van die Hudsonskaal en die derde meting van die Hudsonskaal is **2.8032**. Die P-waarde is 0.0772. Geen betekenisvolle verskil word daardeur aangedui nie.
- Die gemiddelde verskil tussen die tweede meting van die Hudsonskaal en die derde meting van die Hudsonskaal is **0.9444**. Die P-waarde is 0.8442 wat groter is as 0.05. Geen betekenisvolle verskil word daardeur aangedui nie.

Die vergelykende groep het geen intervensie ontvang nie. Geen beduidende verskille word aangedui deur die gemiddelde verskille tussen die verskillende metings nie. Die verskil tussen die eksperimentele groep wat wel die intervensie ontvang het en die vergelykende groep wat geen intervensie ontvang het nie, word duidelik deur die statistiek aangedui. Aan die hand van die tellings vir die Hudsonskaal, is daar by die eksperimentele groep 'n beduidende positiewe verandering na die intervensie.


Grafiese voorstelling: Vergelyking tussen Hudsonskaaltellings eksperimenteel en vergelykend – beide geslagte

FIGUUR 25: VERGELYKING TUSSEN HUDSONSKAALTELLINGS EKSPERIMENTEEL 1 EN VERGELYKEND 1 – MANS



Uit bogenoemde figuur is dit duidelik dat die verskil tussen die telling van toets 1 en die telling van toets 3 meer as 5 punte is. Dit dui dus daarop dat daar verandering na die intervensie plaasgevind het. By die vergelykende groep is die verskil slegs 1.9 wat statisties onbeduidend is.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

FIGUUR 26: VERGELYKING TUSSEN HUDSONSKAALTELLINGS EKSPERIMENTEEL 1 EN VERGELYKEND 1 – VROUENS

Uit bogenoemde figuur is dit duidelik dat die verskil tussen die telling van toets 1 en die telling van toets 3 meer as 10 punte is. Dit is dus beduidend dat daar verandering na die intervensie plaasgevind het en dat die intervensie geslaagd was. By die vergelykende groep is die verskil slegs 3.6 wat statisties onbeduidend is.

- Invloed van invul van vraelys voor die tyd**

'n Variansie-ontleding is gedoen waartydens die effek van die groep, die invul van die vraelys/nie-invul van die vraelys en 'n moontlike interaksie tussen die groep en die invul van die vraelys ondersoek is. Hierdie ontleding is gedoen na aanleiding van die beginsels van die Solomon viergroeptoets wat vir die empiriese ondersoek gebruik is. (Vgl. Tabel 11.) Die doel van die ontleding was om te bepaal of die invul van die vraelys enige invloed op die response gehad het. Die ontleding is ten opsigte van die totale respondentegroep (N=44) gedoen.

TABEL 31: VARIANSIE-ONTLEDING VIR EFFEK VAN GROEP EN VRAELYS

Manlike respondente: Geheel eksperimenteel en vergelykend

	TOETS 2	TOETS 3	BETEKENIS
	P-waarde	P-waarde	
GROEP	0.9074	0.4700	Eksperimentele groep verskil nie van die vergelykende groep nie
VRAELYS	0.3595	0.2410	Invul van die vraelys voor die tyd het geen verskil gemaak nie

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

			tyd het geen verskil gemaak nie
GROEP*VRAELYS	0.2862	0.3733	Geen verband tussen die groep en die invul van die vraelys nie

Nie een van die P-waardes in bogenoemde tabel is kleiner as of gelyk aan 0.05 nie en is daarom nie in een van die gevalle betekenisvol nie.

TABEL 32: VARIANSIE-ONTLEDING VIR EFFEK VAN GROEP EN VRAELYS

Vroulike respondente: Geheel eksperimenteel en vergelykend

	TOETS 2 P-waarde	TOETS 3 P-waarde	BETEKENIS
GROEP	0.3379	0.0964	Eksperimentele groep verskil nie van die vergelykende groep
VRAELYS	0.6905	0.1432	Invul van die vraelys voor die tyd het geen verskil gemaak nie
GROEP*VRAELYS	0.8178	0.2986	Geen verband tussen die groep en die invul van die vraelys nie

Nie een van die P-waardes in bogenoemde tabel is kleiner as of gelyk aan 0.05 nie en is daarom nie in een van die gevalle betekenisvol nie.

Vanuit bogenoemde ontleding na aanleiding van die benutting van die Solomon viergroepstoets is dit duidelik dat die invul van die vraelys voor die aanvang van die intervensie vir beide die eksperimentele groep en die vergelykende groep, geen invloed gehad het nie. Aan die hand hiervan kan die positiewe resultate ten opsigte van die meting van huweliksbevrediging dus nog meer aan die invloed van die intervensie, naamlik die huweliksverrykingsprogram, toegeskryf word.

- **Bespreking van een egpaar uit die eksperimenteel 1 groep**

Met die afkondiging van die huweliksverrykingsgeleentheid is die kriteria waaraan die egpare moet voldoen, voorgehou. Die doel van huweliksverryking, naamlik om goeie huwelike beter te maak, is deurentyd voorgehou. Met die statistiese verwerking van die response op die twee meetinstrumente het dit duidelik geblyk dat een van die egpare in die eksperimenteel 1 groep nie goeie huweliksbevrediging gehad het nie. Hulle motivering om die geleentheid mee te maak het egter nie verskil; van die ander

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

egpare wat vir die kamp bespreek het nie. Die moontlikheid bestaan dat hierdie egpaar ook met verloop van tyd goeie huweliksaanpassing bewerkstellig het, maar nie noodwendig gelukkig getroud was nie. Daar was egter geen indikatore voor die tyd wat hulle nie geskik gemaak het vir die meemaak van die verrykingsgeleentheid nie.

Die tellings vir hulle meting met die Hudsonskaal vir huweliksbevrediging sien soos volg daaruit:

TABEL 33: HUDSONSKAAL – AFSONDERLIKE EGPAAR UIT EKSPERIMENTEEL 1

	MAN	VROU
TOETS 1	46	75
TOETS 2	35	65
TOETS 3	28	72

Uit bogenoemde tabel kan die invloed van die intervensie op die huweliksbevrediging van die man duidelik gesien word. Die verskil tussen die eerste meting en die laaste meting is **18 punte**. Die tellings vir die vrou het egter besonder hoog gebly – **bo 70**. Hierdie telling dui volgens Hudson & Faul (1997b:24-25) daarop dat die individu erge ongemak ervaar en moontlik gewelddadig teenoor die maat kan optree. Tydens die aanbieding van die program was die emosionele aggressie wat die vrou teenoor haar man ervaar het, dikwels duidelik waarneembaar. Wanneer die telling so hoog is, kan huweliksverryking nie 'n effek hê nie en word huweliksberaad sterk aanbeveel.

Aangesien hierdie individuele geval uiteindelik heeltemal buite die spektrum van die ander respondente, wat aan al die kriteria vir seleksie voldoen het, geval het, is besluit om die egpaar uit te laat in die statistiese verwerking van die gemiddeldes.

5.2.5.4 Kwalitatiewe data: eksperimentele groep

Direk na afloop van die aanbieding van die program is die respondente as egpare gevra om die evalueringvraelys te voltooi. Die doel daarvan was, net soos met die aanbieding van die vorige vyf programme as voortoets, om nie alleen die inhoud van die program nie, maar ook die waarde daarvan te evalueer met die oog op die uiteindelijke disseminasie van die ontwikkelde program.

EVALUASIE

Die kamp het veral klem gelê op die positiewe in julleself en julle huwelik. Hoe het julle

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

dit beleef?

Die volgende response is ontvang:

- Positief – mens vergeet van die negatiewe en konsentreer op die positiewe dinge in die huwelik.
- Dit was minder bedreigend en lê 'n goeie basis.
- Meer positiewe eienskappe het na vore gekom as negatiewe wat weer eens mens laat besef om meer op die positiewe te konsentreer.
- Om nie te konsentreer op die negatiewe nie verander die fokus na die positiewe, sodat tyd gespandeer aan die negatiewe, tyd word wat gespandeer word aan die positiewe – 80/20 beginsel.
- Ons het besef dat daar meer positiewe as negatiewe is, alhoewel ons op die ou end meer oor die negatiewe gepraat het. Ons kon dus die ontleding beter en in 'n positiewe lig doen.
- Positief. Dit het bevestig dat 'n mens se denke maklik net kan fokus op die negatiewe.
- Dit kan nie anders nie. Dit is die enigste manier om huweliksverryking te ervaar.
- Dit help om op die positiewe te konsentreer en kan sodoende die negatiewe ook omskep in die positiewe, waar dit anders makliker sou wees om die negatiewe nog meer negatief te maak.
- Deur op die positiewe te konsentreer, is die geleentheid geskep om die negatiewe te neutraliseer en op die toekomstige te bou. Dit help nie om op dit wat verby is en negatief is iets te probeer bou nie.
- Ons het die positiewe in mekaar raakgesien en daarop gekonsentreer – veral ook om probleme op te los.
- Deur op die positiewe te konsentreer, het die negatiewe al minder belangrik geword. Dit gee ons ook die 'tools' om die negatiewe te hanteer.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT DIE EVALUASIE TEN OPSIGTE VAN DIE FOKUS OP DIE POSITIEWE ASPEKTE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Die negatiewe aspekte in die huweliksverhouding is deur die positiewe aspekte en die sterkpunte oorskadu.
- Die fokus op die positiewe het daartoe gelei dat die negatiewe daardeur hanteer kon word en was dus opbouend.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Het julle hierdie naweek iets in mekaar ontdek waarvan julle al vergeet het? Motiveer julle antwoord.

Die volgende response is ontvang:

- Ja, deur ons saamwees het ons mekaar se goeie eienskappe herontdek en ook 'n paar eienskappe waarvan ons vroeër nie so bewus was nie.
- Ja, om briewe vir mekaar te skryf kan ook pret wees.
- Ja, het sekere ou kenmerke en waardes herontdek.
- Ja, beslis.
- Om te praat, het begin verbygaan. Minder tyd vir praat maak ongelukkig meer tyd vir broei.
- Ja, 'n mens is geneig om verby die positiewe te kyk en op die negatiewe te konsentreer. 'n Mens moet soms terugbeweeg langs 'memory lane'.
- Ja, die belangrikheid van mekaar. 'n Mens kan maklik mekaar as vanselfsprekend aanvaar.
- Ja.
- Die laaste jaar was vir ons 'n ontdekkingsreis.
- Ja, dit wat ons bymekaargebring het en ons bind, is nog altyd daar. Ons moet net tyd maak om daaraan aandag te gee en dit te versterk.
- Ja, omdat ons op die positiewe gefokus het.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Mekaar herontdek – eienskappe in mekaar en dat hulle steeds vir mekaar omgee.
- Dit is noodsaaklik om te praat en te herontdek.

Het julle hierdie naweek iets nuut van mekaar geleer/ Motiveer julle antwoord.

Die volgende response is ontvang:

- Ja, dat dit moontlik is om op die positiewe te konsentreer.
- Ja, soos wat ons persoonlikhede groei, moet ons huwelik ook daarmee tred hou. Ons moet dus onself ken om hiermee pas te hou. Dit is dus belangrik om elke dag hieroor te praat en aan die huwelik te werk.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Ons het nog meer goed met mekaar kon deel.
- Ja, die huwelik is geweldig baie werd vir ons, ons gesin en samelewing.
- Ja, ons het 'n probleem met kommunikasie en dit moet aangespreek word.
- Nee.
- Mens weet nooit werklik hoe hard die ander eggenoot werk om goedgekeur te word of goed genoeg te wees nie.
- Na 20 jaar het ons besef ons kan nog 20 jaar getroud bly.
- Ja, nuwe aspekte en beklemtonings ontdek – herwaardeer mekaar en maak 'n paar ou koeie dood.
- Ja, hoe om konfliktsituasies effektief op te los sonder stilsweye wat dalk meer kwaad kan doen as goed. Ja, ons het geleer om meer openlik met mekaar te wees.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Het mekaar weer herontdek en weer leer waardeer.
- Om beter te kommunikeer en om konfliktsituasies te hanteer.
- Het begrip vir mekaar ontwikkel.

Dink julle huweliksverryking het in ons tyd nog sin? Motiveer julle antwoord.

Die volgende response is ontvang:

- Definitief. Dit is baie belangrik om in hierdie 'ratrace' tot stilstand te kom, weg te kom en mekaar te herwaardeer en herontdek.
- Ja, dit laat jou besef dat 'n gesonde verhouding in die huwelik die resep is vir die toekoms vir die hele gesin en om opnuut die Here by jou huwelik te betrek. Jy staan nie alleen nie, maar in verhouding.
- Ja, die gelukkige egpaar is 'n bedreigde spesie.
- Ja beslis. Veral met die hoë egskeidingsyfer is dit belangrik om herinner te word aan die mooi en die doel van die huwelik.
- Ja, veral in hierdie era. Dit gee nuwe perspektief en bevestig geestelike werklikheid.
- Ja, elke huwelik het nodig om verryking te beleef, veral aangesien 'n mens se omstandighede heelyd verander. Ja, dit is baie belangrik om eerder verryking as terapie vir probleme te gebruik. Dit gee weer perspektief op ons persoonlik,

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

verhouding, huwelik en toekoms.

- Beslis. Daar is soveel druk op die huwelik en min wat dit bymekaar probeer hou.
- Definitief. Dit is so maklik om by mekaar verby te leef en hier moet jy tot 'n stop kom en besin.
- Ja, as een van die min pare wat na 22 jaar nog getroud is, het ons toerusting nodig om ons te help om die toekoms saam aan te pak as ons weer eendag alleen is en die kinders uit die huis is.
- Ja, veral in vandag se tyd en gejaagdheid.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Huweliksverryking het beslis sin in die hedendaagse tyd.
- Huweliksverryking behoort voortdurend plaas te vind omdat die gejaagde lewe daartoe lei dat huweliksmaats nie genoeg tyd saam spandeer met die doel om hulle huwelik te verryk nie.
- Die huwelik is die basis vir 'n gesonde samelewing – 'n samelewing wat nie gesonde huwelike voorstaan nie. Huweliksverryking het daarom 'n belangrike plek.

Opmerkings.

Die volgende response is ontvang:

- Baie, baie dankie – sien julle volgende keer weer.
- Baie dankie vir die positiewe ingesteldheid en die insig om geykte persepsies te breek.
- Dankie vir julle.
- Die samelewing is nie huweliksvriendelik nie. Die kamp se praktiese waarde vir ons is absoluut van onskatbare waarde. Baie, baie dankie vir al julle moeite en geweldige harde werk!
- Baie dankie.
- Baie dankie vir die geleentheid en moeite sodat ons mekaar kon herontdek.
- Dit is so belangrik dat ons kinders 'n gesonde rolmodel het vir hulle eie huwelike.
- Dankie vir hierdie verryking. Sterkte met die pad vorentoe en mag die eindproduk die wêreld omkeer.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Die naweek lê weer 'n sterker fondament vir die persoonlike lewe en die opvoeding van die kinders. Dankie!
- Ons dank aan die aanbieders vir die aangename manier waarop die kamp aangebied word.
- Die aanbieding was baie professioneel en die punte wat bespreek is, het alle terreine gedek. Die egpaar se voorbeeld is 'n inspirasie. Baie dankie.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Positiewe terugvoer is ontvang. Die inhoud van die program het duidelik behoeftes aangespreek.
- Die feit dat die aanbieders van 'n huweliksverrykingsprogram as modelle dien, het in die evaluasie na vore gekom.

OPVOLG – TWEE MAANDE NA AFLOOP VAN DIE AANBIEDING VAN DIE HUWELIKSVERRYKINGSPROGRAM

Twee maande na die aanbieding van die huweliksverrykingsprogram is die respondente van die eksperimentele groep weer genader. Die doel daarvan was tweeledig, naamlik:

- Om vas te stel of die huweliksverrykingsprogram steeds 'n invloed gehad het na die verloop van twee maande, en indien wel, of die invloed positief of negatief was.
- Om die inhoud en die waarde van die verskillende komponente van die huweliksverrykingsprogram te evalueer met die oog op die uiteindelijke disseminasie van die program.

Die evaluering is deur middel van 'n vraelys gedoen waar die respondente as egpare op oop vrae moes reageer. Die vraelys word as bylaag aan die navorsingsverslag geheg (Bylaag 5). Die persoonlike response van die respondente (egpare) word vervolgens weergegee:

Waarom het julle besluit om vir die kamp te bespreek?

Die volgende response is ontvang:

- Dit was 'n geleentheid om alleen weg te kom.
- Was 'n geleentheid vir die verryking van ons verhouding.
- Dit was 'n geleentheid om ander mense te ontmoet.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Om ons huwelik te verryk.
- Die vorige huweliksverrykingskamp het ons beweeg om sonder versuim weer te gaan. Die kamps is elke keer 'n heerlike ondervinding.
- Na 'n lieflike huwelik van 17 jaar het ons besluit om meer te leer hoe om die saamwees verder te verryk. Ons het met elke huweliksverrykingskamp daarna die geleentheid gehad om die kennis deur herhaling te versterk.
- Aangesien ons van die 'wonderlike gevolge' gehoor het van egpare wat dit voorheen bygewoon het.
- Dit was ons tweede kamp en omdat daar op die positiewe gewerk word, het ons gegaan om dit wat reeds verbeter het, nog verder te verbeter en dit was ook 'n ideale wegbreeknaweek.
- Ons het min alleen saam-tyd as gevolg van omstandighede. Daarom het ons gevoel die kamp sal ons kans gee om weer in kontak te kom met mekaar.
- Ons wou geruime tyd al so iets bywoon ter verryking.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE RESPONSE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Om tyd saam te spandeer.
- Die positiewe resultate van vorige huweliksverrykingsgeleenthede laat egpare besluit om weer te gaan.
- Wil hulle verhouding/huwelik verryk en weer in kontak met mekaar kom.

Waarom dink julle is mense skepties oor huweliksverryking?

Die volgende response is ontvang:

- Dikwels word op sulke kamps net op die negatiewe gekonsentreer. Foute word uitgelig en persoonlike sake openbaar gemaak. Dit is juis wat so lekker was aan hierdie kamp – dat ons gewerk het aan die positiewe.
- Daar word soms op negatiewe dinge gekonsentreer en dit kan struweling veroorsaak wat 'n mens eerder vermy.
- Mense dink indien hulle dit bywoon, moet hulle 'probleme' hê.
- Omdat hulle bang is om te ontdek dat hulle huwelik nie so perfek is nie.
- Dat hulle onder 'n wanindruk is dat huweliksverryking slegs werk vir

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

probleemhuwelike.

- Mense sien dit as 'n kamp vir mense met huweliksprobleme wat die kamp beslis nie is nie.
- Dit mag wees dat mense dink dat dit vir mense met probleme is of dat hulle met feite gekonfronteer gaan word wat hulle sal moet aanspreek en waarvoor hulle dalk nie kans sien nie.
- Dit mag wees dat mense dink hulle het dit nie nodig nie.
- Hulle dink mens moet probleme in die huwelik hê.
- 'n Mens is bang dat daar van jou verwag word om probleme voor ander te bespreek en dit sodoende inbraak maak op jou privaatheid.

DIE SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE RESPONSE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

- Mense verkeer onder die wanindruk dat huweliksverrykingsgeleenthede vir mense met probleme is.
- Mense is bang dat negatiewe aspekte oopgekrap sal word en dat dit met die res van die groep gedeel sal moet word.
- Mense is bang dat hulle sal ontdek dat hulle huwelik nie so goed is as wat hulle gemeen het nie.

Hierdie vraag is ingesluit omdat dit noodsaaklik is om te weet wat die gemiddelde individu se persepsie van huweliksverryking is. Hierdie persepsies moet in die bemerking van programme in ag geneem word.

Het die kamp iets in julle denke verander?

Die volgende response is ontvang:

Hier was 'n 100% 'ja'-respons. Al die respondente het aangedui dat hulle denke wel verander het.

Spesifiseer:

- **Man:**
 - Dit het my laat besef wat die redes was waarom ons getrou het.
 - Dat 'n mens op die positiewe moet konsentreer eerder as om op die negatiewe te hamer.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Buiten dat jy op die positiewe konsentreer, leer jy ook om te kommunikeer.
- Die huwelik is 'n dinamiese verhouding waaraan deurlopend gewerk moet word, omdat albei egliede verander binne die raamwerk van die huwelik en dit opsigself weer moet funksioneer in 'n dinamiese omgewing met wisselende veranderlikes.
- Huweliksverryking is 'n moét in elke egpaar se lewe. Dit laat jou weer dinge raaksien wat mens begin vergeet het wat belangrik in die huwelik is.
- Die sukses van 'n huwelik word gevestig in die vertroue en eerlikheid tussen die man en die vrou, met ander woorde hulle moet sielsgenote wees.
- Ons moet saam groei en dinge doen, maar ook afsonderlik.
- Ons moet geleenthede skep en aktief werk om ons huwelik te verryk.
- Vir die eerste keer in 'n lang tyd het ons spontaan oor goed gepraat wat altyd maar net diep weggebêre word. Ons het net weer baie nader aan mekaar gekom.
- Ek voel nou anders oor huweliksverryking en die positiewe waarde daarvan.

• **Vrou:**

- Dit het my geleer om meer op die positiewe dinge te fokus.
- 'n Mens se siening verander en jy besef dat sekere dinge nie so belangrik is vir jou maat as wat jy gedink het nie.
- 'Tyd-alleen' is van kardinale belang in 'n huwelik want dit bou kommunikasie en vertroue. Dit laat ook die liefde weer opvlam.
- Het my weer die goeie eienskappe in my man laat ontdek en waardeer.
- Het my laat besef dat ons meer tyd aan mekaar moet bestee.
- Ja, ons het 'n baie besige lewe en ons het huweliksverryking nodig om mekaar weer te herontdek.
- Die belangrikheid van kommunikasie en om tyd in die besige bestaan te maak vir mekaar.
- Jy konsentreer op die positiewe eienskappe van jou maat.
- Ek het besef alle vroue dink tog dieselfde en het dieselfde probleme in die huwelik. Ek het ook besef dat mans oor sekere dinge dink, maar nie altyd sê nie.

Het die inhoud van die kamp iets ten opsigte van die volgende verander?

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Die volgende response is ontvang:

TABEL 34: GETABULEERDE TERUGVOER - KOMPONENT: KOMMUNIKASIE

Man	Vrou
<ul style="list-style-type: none"> • Ja, tot 'n mate. • Ja, jy leer om weer oor dinge te gesels en om jou maat se negatiewe eienskappe positief te verander. • Ons het maniere gekry om meer tyd saam te spandeer en dus meer tyd om te kommunikeer. • Ja, ons kommunikeer met meer begrip en verdraagsaamheid. • Besef kommunikasie is baie belangrik. • Uiters belangrik om baie en openlik te kommunikeer, veral met 'ek'-boodskappe. • Ek vind dit moeilik om te praat, maar by die kamp kry jy toerusting wat jou help om dit te oorkom • Ja, ons kommunikeer doelbewus meer. 	<ul style="list-style-type: none"> • Ja, 'n mens dink nou daaraan as iets om aan te werk. • Dat jy kommunikeer wanneer die probleem opduik. • Hoewel kommunikasie by meeste 'n probleem is, is openlike kommunikasie belangrik en noodsaaklik. • Ja, ons weet ons is verskillende mense en probeer om mekaar te verstaan. • Kommunikasie is 'n baie belangrike aspek van die huwelik. • Ons kry 'n beter begrip van hoe die ander persoon dink. Die gevolg is dat daar baie minder konflik is. • Dit is makliker om oor die probleme te praat, waar jy vroeër maar net stilgebly het. Dit was makliker om oor die onbenullige dinge te praat. • Ja, ons praat meer oor dinge wat pla.

TABEL 35: GETABULEERDE TERUGVOER - KOMPONENT: KONFLIKHANTERING

Man	Vrou
<ul style="list-style-type: none"> • Ja, het my vermoë/manier om konflik te hanteer eintlik nou eers besef. • Ek het geleer om eers te luister en dan te antwoord. Voorheen wou ek altyd net veg en in my werk help dit ook baie. • Dit is belangrik om konflik te 'hanteer' en finaal uit te sorteer • Dat konflik op 'n volwasse wyse hanteer kan word. • Ja, ons aanvaar verskille en kommunikeer daarvoor sonder om opgewonde te raak. 	<ul style="list-style-type: none"> • Ja, ons kon reguit vir mekaar sê hoe die ander een is. Ons tree nou doelbewus positief teenoor mekaar op by konflikhantering. • Dit is beter om te praat en die probleem op die regte manier te hanteer, anders veroorsaak dit net verwydering wat op die langduur negatief inwerk op die huwelik • Ons kan nou openlik oor verskille redeneer en dit oplos. • Dat konflik op 'n positiewe wyse hanteer

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Man	Vrou
<ul style="list-style-type: none"> • Konflik is deel van die huwelik en moet op 'n 'wen-wen' basis opgelos kan word. Beide partye moet meewerk hieraan. • Dat dit 'n wen-wen situasie moet wees vir beide partye. • Ja, 'n mens het beter begrip vir die dinge wat konflik veroorsaak. 	<p>en opgelos kan word.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ja, ons probeer om verskille op 'n verdraagsame manier op te los. • Konflik moet hanteer word, want 'n probleem gaan nie net verdwyn nie. • Dat dit nie gaan oor wie reg of verkeerd is nie. • Nee, as 'n reël hanteer ek konflik nie baie goed nie. Ek hou niks daarvan nie.

TABEL 36: GETABULEERDE TERUGVOER - KOMPONENT: AFSONDERLIKE EN GESAMENTLIKE GROEI

Man	Vrou
<ul style="list-style-type: none"> • Ja, veral aangesien 'n mens prioriteite gelys het. • Dat jy nie jou maat moet probeer maak soos jy is nie, want jy is lief vir haar soos sy is. • Groei is noodsaaklik. Stagnasie lei tot die dood. Dit is egter van kardinale belang dat ons saam moet groei. • Ons kyk verby die tekortkominge en sien die positiewe dinge raak wat sin maak. • Geleenthede kry om afsonderlik te groei asook gesamentlik te groei ten einde 'n balans te handhaaf. • Uiteens belangrik om albei te ontwikkel, veral gesamentlike groei. • Ons sal nou baie meer dinge saam doen en gun mekaar ook soms tyd alleen. Vir die gesin beteken dit ook baie. • Vir ons was dit werklik verrysing. Ons gesamentlik sowel as afsonderlik. 	<ul style="list-style-type: none"> • Ja, in 'n groot mate. • Wanneer jy jou maat kritiseer, moet dit opbouend wees – konsentreer op die goeie punte. • Altwee is ewe belangrik, maar daar moet gewaak word daarteen dat die een nie bo die ander uitstyg nie. • Ons gee mekaar geleentheid om sy eie ding te doen en ons doen ook meer dinge saam. • Daar moet ruimte vir persoonlike sowel as gesamentlike groei wees. • Jou maat het 'n invloed op jou selfbeeld. Wanneer dit goed is, kan julle saam en individueel groei. • Ons doen definitief meer dinge saam en lag meer saam. Die tyd om afsonderlik dinge te doen, is maar beperk en moeilik om in te pas. • Groei was nog altyd baie goed.

*Dit is ook daar meer waardering vir my en mens is en dat ek nie reëldear...
sy behaefes sandig te gee nie.*

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

TABEL 37: GETABULEERDE TERUGVOER - KOMPONENT: SEKSUALITEIT

Man	Vrou
<ul style="list-style-type: none"> • Min of meer dinge wat ek geweet het. • Op die kamp het ons vir die eerste keer gemaklik daaroor gesels en ons groei daaglik. • Dit is uiters belangrik om mekaar te verstaan. • 'n Huwelik bestaan uit baie fasette. • Blaas nuwe lewe in iets wat stereotiep geraak het. • Dit bly 'n belangrike komponent van die huwelik – die toppunt van liefde en moet intiem gehou word. • Dat jy moet gesels oor wat jy geniet en wat jy wil hê. • Dit was nie 'n probleem nie. 	<ul style="list-style-type: none"> • Dit was insiggewend om die manne se behoeftes te evalueer. Ek probeer om nou meer daarop te konsentreer. • Om te weet daar is ander met dieselfde probleme as jy maak dit makliker om daaroor te praat en die probleemareas te hanteer. • Wanneer bogenoemde sake goed hanteer word en daar liefde is, glo ek dat die seksuele verhouding goed is. • My weer laat beseft dat daar 'n groot verskil tussen die behoeftes van mans en vroue is wat seksualiteit aanbetref. • Dit is weer lekker om mekaar te herontdek op hierdie gebied. • Kommunikasie is hier van uiterste belang. Daar moet egter ook aan hierdie punt gewerk word en nie alles as vanselfsprekend aanvaar word nie. • Dat jy openlik daaroor moet kommunikeer. • Dit was nie 'n probleem nie.

Vrou: Is daar iets wat jou man anders/meer/beter doen na die kamp?

Die volgende response is ontvang:

- Ja, dinge gebeur rondom die huis en hy gun my meer ruimte.
- Ons probeer positiewe tyd saam spandeer, byvoorbeeld 'n koffietjie iewers en gesels oor dinge.
- Hy tree meer geduldig op wanneer hy moeg is.
- Ja, hy is meer sensitief oor hoe ek oor sake voel en wil graag meer tyd saam met my spandeer.
- Dit is asof daar meer waardering vir my as mens is en dat ek nie net daar is om aan sy behoeftes aandag te gee nie.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Ja, ons kommunikeer meer en hy aanvaar dit as ek hom op foute wys.
- Hy weet nou dat ek praat voor ek dink en nie alles mooi bedink soos hy nie en is dus bedag daarop.
- Hy maak tyd as dit moontlik is vir vinnige geselsies of kuiertjies.

Man: Is daar iets wat jou vrou anders/meer/beter doen na die kamp?

Die volgende response is ontvang:

- Ja, sy is vol lewe – besig om die huis om te keer, mooi te maak, ens.
- Sy probeer om meer effektief te kommunikeer en is meer geneë om konflikte op 'n 'ordentlike' wyse te besleg.
- Sy verstaan of probeer ten minste my werksituasie verstaan en probeer my positief ondersteun. Sy is nie meer moeilik wanneer ek sekere dinge van my werk bespreek nie.
- Sy neem inisiatief en nooi my vir romantiese etes.
- Ja, sy gun my meer persoonlike ruimte terwyl sy ook terselfdertyd soek na geleenthede vir gesamentlike groei.
- Ons het die afgelope tyd net nader aan mekaar gegroei en daaglik verbeter ons verhouding.
- Ja, sy is meer ingestel op my behoeftes en probeer meer tyd saam met my deurbring.

SENTRALE TEMAS WAT UIT BOGENOEMDE RESPONSE NA VORE GEKOM HET, IS DIE VOLGENDE:

As gevolg van die individuele verskille tussen nie alleen die individuele huweliksmaats nie, maar ook die egpare onderling, is dit nie moontlik om sentrale temas uit te lig nie. Dit is egter uit die response duidelik dat die individuele huweliksmaats hard probeer om op die ander maat te fokus en aan die maat se behoeftes aandag te gee. Die indruk word verkry dat hulle moeite doen om tyd saam te spandeer.

EVALUEER DIE VOLGENDE ASPEKTE RAKENDE DIE PROGRAM:

Wegbreeknaweek:

Die volgende response is ontvang:

- Dit is 'n wonderlike idee. Ons móét alleennaweke hê as egpaar.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

by tot 'n meer ontspanne en gerigte atmosfeer. (Vgl. 3.7.5.) Om egpare weg te neem van die daaglikse roetine en omgewing na 'n ondersteunende konteks met 'n positiewe en romantiese atmosfeer verminder die moontlikheid dat hulle aandag van die verrykende ervarings afgelei sal word (Hunt, *et al.*, 1998:83). Uit hierdie aanbieding was dit dus duidelik dat die naweek – 'retraite' meer waarde gehad het.

5.2.4.5 KAMP 5: 23 TOT 25 APRIL 1999

Agt (8) egpare het die kamp bygewoon. Vyf (5) van die egpare het aan die kriteria wat uiteindelik vir die finale aanbieding gestel sou word, voldoen. Hulle was tussen 15 en 24 jaar getroud, het ten minste een tiener in die huis gehad, het 'n redelike goeie tot goeie verhouding gehad, het geen psigiese probleme gehad nie, het nie op daardie stadium vir terapie of beraad gegaan nie, was Christene, Afrikaanssprekend en wit. Een van die ander drie pare was voorheen getroud en sou binne die volgende twee maande in die huwelik tree. Buiten vir die tydperk van huweliksduur, het hulle aan al die ander kriteria voldoen. Hulle het gevra om die naweek by te woon as deel van hulle huweliksvoorbereiding en as poging om die nuwe huwelik reg aan te pak. Die ander twee egpare was jonger, maar het gevra om die geleentheid mee te maak omdat hulle hulle huweliksverhouding wou laat groei. In die samestelling van 'n huweliksverrykingsgroep word dit sterk aanbeveel dat egpare verkieslik in dieselfde fase in die lewensiklus moet val (hoofstuk 4 – 4.7.1), maar die moontlikheid bestaan ook dat egpare uit verskillende fases by mekaar kan leer. In 'n kerklike (gemeentelike) opset is dit nie altyd maklik om mense weg te wys nie. Aangesien hierdie kamp nie die finale aanbieding was waar die program wetenskaplik getoets sou word nie, is tog besluit om die twee egpare in te sluit.

Tydens hierdie aanbieding van die huweliksverrykingsprogram is die twee gestandaardiseerde meetinstrumente, naamlik die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging en die *Kansas Marital Satisfaction Scale* voltooi. Die skale is as voortoets en as natoets aan die vyf egpare wat aan al die kriteria vir die uiteindelijke wetenskaplike toetsing van die program voldoen het, gegee om die bruikbaarheid al dan nie daarvan te toets.

Die ontwikkeling en geldigverklaring van die skale het in die middel sewentigerjare begin. Geen skaal is seker ooit perfek nie, maar genoeg inligting is in die proses ingesamel om die geldigheid en betroubaarheid van die Hudsonskale te ondersteun (Hudson & Faul, 1997a:2-3). Hudson & Faul (1997a:13) beklemtoon verder dat indien 'n proses, gebeurtenis, fenomeen, intervensie, diens of kliënteprobleem nie betroubaar en akkuraat gemeet kan word nie, bied dit geen relevante of betekenisvolle realiteit vir teorie of vir die uitvoer daarvan in die praktyk nie. Indien intervensie (dienste) nie gedoen word met die oog op die daarstelling van verlangde verandering nie, is daar nie sin daarin nie. "The positive change in our clients' problems should be at least in part a result of what we do to help them" (Hudson & Faul, 1997a:20). Die

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

herhaling van 'n meting oor 'n tydperk gaan die sukses van 'n intervensie aandui.

Die skale het 'n betroubaarheid van .85 en meer en het geldigheid. Die *WALMYR Assessment Scales (WAS)* word soos 'n termometer gebruik. Die skale dui aan of 'n kliënt 'n probleem het en wel in watter area. Die oorsaak of bron van die probleem word nie aangedui nie. Die skaal se telling is uit honderd (100). Dertig (30) word as die kliniese afsnypunt beskou. 'n Telling onder 30 word beskou as aanduiding dat die kliënt oor die algemeen vry is van die probleem wat gemeet word. Die Indeks vir Huweliksbevrediging (IMS) is ontwikkel om die aard van 'n probleem wat 'n huweliksmaat in 'n huweliksverhouding ervaar, te meet. Die skaal meet die aard van die bevrediging wat 'n huweliksmaat ervaar (Hudson & Faul, 1997b:24-25). Dit is baie algemeen dat een huweliksmaat 'n hoë telling mag hê terwyl die ander huweliksmaat heelwat laer meet. Die skaal word nie gebruik om huweliksaanpassing te meet nie, maar slegs die aard van huidige bevrediging. 'n Egpaar mag hanteringsmeganismes aangeleer het om by mekaar aan te pas, maar dit beteken nie dat hulle huweliksbevrediging ervaar nie. Indien die telling meer as dertig (30) is, kan daar aangeneem word dat die individu 'n klinies beduidende probleem met huweliksbevrediging het, terwyl 'n individu met 'n telling van sewentig (70) en meer gewoonlik altyd erge ongemak ervaar. Geweld, hetsy teenoor die self of die maat, is in hierdie geval nie uitgesluit nie.

Die standaardafwyking van die WAS-skaal is gemiddeld 5 punte en selfs in sommige gevalle laer. Indien die kliënt se telling van een meting met 5 punte en minder verskil, kan daar aangeneem word dat die verandering nie werklik was nie. Indien die telling met meer as 5 punte verskil, kan daar met vertroue aangeneem word dat daar wel verandering plaasgevind het. Indien die telling met meer as dubbel die punte (5) verskil, kan daar met 95% vertroue aangeneem word dat werklike verandering plaasgevind het (Hudson & Faul, 1997b:11). Herhaalde meting gaan die effektiwiteit van intervensie in die daarstelling van verandering bevestig.




Met die Hudsonskaal, Indeks vir Huweliksbevrediging het die egpaar 'n begrip van die natuur en slegs soos volg vir die vooruits en die natuits daar uitgesien.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Die toetsresultate van die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging het soos volg daar uitgesien:


FIGUUR 2: EGPAAR 1: VOORTOETS- EN NATOETSRESULTATE – HUDSONSKAAL: INDEKS VIR HUWELIKSBEVREDIGING



Met die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging het die egpaar in bogenoemde figuur se tellings soos volg vir die voortoets en die natoets daar uitgesien:

- Die man het 'n telling van 19 gehad vir die voortoets en 'n telling van 8 vir die natoets. Daar is 'n verbetering in huweliksbevrediging van 9 punte.
- Die vrou het 'n telling van 12 gehad vir die voortoets en 'n telling van 9 vir die natoets. Daar is 'n verbetering in huweliksbevrediging van 3 punte.

FIGUUR 3: EGPAAR 2: VOORTOETS- EN NATOETSRESULTATE – HUDSONSKAAL: INDEKS VIR HUWELIKSBEVREDIGING




Met die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging het die egpaar in bogenoemde figuur se tellings soos volg vir die voortoets en die natoets daar uitgesien:

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Die man het 'n telling van 11 gehad vir die voortoets en 'n telling van 8 vir die natoets. Daar is 'n verbetering in huweliksbevrediging van 3 punte.
- Die vrou het 'n telling van 14 gehad vir die voortoets en 'n telling van 9 vir die natoets. Daar is 'n verbetering in huweliksbevrediging van 5 punte.


FIGUUR 4: EGPAAR 3: VOORTOETS- EN NATOETSRESULTATE – HUDSONSKAAL: INDEKS VIR HUWELIKSBEVREDIGING



Met die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging het die egpaar in bogenoemde figuur se tellings soos volg vir die voortoets en die natoets daar uitgesien:

- Die man het 'n telling van 17 gehad vir die voortoets en 'n telling van 7 vir die natoets. Daar is 'n verbetering in huweliksbevrediging van 10 punte.
- Die vrou het 'n telling van 27 gehad vir die voortoets en 'n telling van 7 vir die natoets. Daar is 'n verbetering in huweliksbevrediging van 20 punte.

FIGUUR 5: EGPAAR 4: VOORTOETS- EN NATOETSRESULTATE – HUDSONSKAAL: INDEKS VIR HUWELIKSBEVREDIGING




Met die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging het die egpaar in bogenoemde figuur se tellings soos volg vir die voortoets en die natoets daar uitgesien:

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Die man het 'n telling van 53 gehad vir die voortoets en 'n telling van 38 vir die natoets. Daar is 'n verbetering in huweliksbevrediging van 15 punte.
- Die vrou het 'n telling van 56 gehad vir die voortoets en 'n telling van 49 vir die natoets. Daar is 'n verbetering in huweliksbevrediging van 7 punte.

FIGUUR 6: EGPAAR 5: VOORTOETS- EN NATOETSRESULTATE – HUDSONSKAAL: INDEKS VIR HUWELIKSBEVREDIGING



Met die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging het die egpaar in bogenoemde figuur se tellings soos volg vir die voortoets en die natoets daar uitgesien:

- Die man het 'n telling van 13 gehad vir die voortoets en 'n telling van 12 vir die natoets. Daar is 'n verbetering in huweliksbevrediging van 1 punt.
- Die vrou het 'n telling van 18 gehad vir die voortoets en 'n telling van 7 vir die natoets. Daar is 'n verbetering in huweliksbevrediging van 11 punte.

Dit is uit die resultate van die voortoets en natoets met die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging duidelik dat die egpare, wat deel van die vooronderzoek ten opsigte van die gebruik van gestandaardiseerde meetinstrumente uitgemaak het, 'n verbetering in huweliksbevrediging ervaar het. Die manlike respondente se gemiddelde telling het met 7.6 punte verbeter terwyl die vroulike respondente se gemiddelde telling met 9.2 punte verbeter het. Volgens die interpretasie van die resultate vir die gebruik van die Hudsonskale, kan daar aangeneem word dat die intervensie 'n invloed gehad het wanneer die punt vir die skaal met 5 punte of meer verbeter het. (Vgl. Hudson & Faul, 1997b:11.)

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Die volgende afleidings is na aanleiding van die aanbieding van die program as finale voortoets en die gebruik van die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging as gestandaardiseerde meetinstrument gemaak:

- Die spesifieke meetinstrument was wel bruikbaar.
- Die huweliksverrykingsprogram het wel 'n positiewe invloed op die respondente, naamlik egpare in die vroeë middeljare, gehad.

KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE: Voortoets- en natoetsresultate vir mans en vrouens van voortoetsgroep

In die lig daarvan dat 'n groot aantal skale vir die meet van huweliksbevrediging baie lank is, is die *Kansas Marital Satisfaction Scale* ontwikkel. Hierdie skaal meet drie aspekte van die houding ten opsigte van die huwelik op 'n sewepunt skaal. (Bylaag 3 en 4) Die interne konsekwenheid, betroubaarheid, toets-hertoets betroubaarheid, geldigheid van konstruksie en kriteria- verbandhoudende geldigheid is reeds deur verskeie navorsingsprojekte bewys. (Vgl. Schumm, Scanlon, Crow, Green & Buckler, 1983:583, Mitchell, Newell & Schumm., 1983:545, Schumm, *et al.*, 1986:381; Fowers & Olson, 1993:177 en Schumm, *et al.*, 1997:1005.) Schumm, *et al.* (1983:583) meld dat die skaal goed benut kan word vir kliniese evaluasie en opnamenavorsing waar 'n kort, maar betroubare meting van huweliksbevrediging verlang word.

Die drie vrae van die meetinstrument is die volgende:

1. Hoe tevrede is jy met jou huwelik?
2. Hoe tevrede is jy met jou man/vrou as huweliksmaat?
3. Hoe tevrede is jy met jou verhouding met jou man/vrou?

TABEL 9: KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – MANLIKE RESPONDENTE VIR VOORTOETS (N=5)

	TOETS 1	TOETS 2
VRAAG 1	5.8	6.6
VRAAG 2	5.6	6.2
VRAAG 3	5.6	6.2

Vanuit bogenoemde tabel is dit duidelik dat die huweliksbevrediging van die manlike respondente op al drie vrae verbeter het.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

TABEL 10: KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – VROULIKE RESPONDENTE VIR VOORTOETS (N=5)

	TOETS 1	TOETS 2
VRAAG 1	6.2	6
VRAAG 2	6.4	6.8
VRAAG 3	6	5.8

Vanuit bogenoemde tabel word afgelei dat die telling van die vroulike respondente op vraag 2, naamlik 'Hoe tevrede is jy met jou man as huweliksmaat?', verbeter het. Op die ander twee vrae waar die huwelik en die verhouding met die man aangedui moes word, het die telling egter verminder. Een van die vrouens het tydens die huweliksverrykingsprogram laat blyk dat sy nie so gelukkig getroud is as wat sy gedink en selfs voorgegee het nie. Die vermindering in die tellings kan moontlik hieraan toegeskryf word.

Die volgende afleidings is na aanleiding van die aanbieding van die program as finale voortoets en die gebruik van die *Kansas Marital Satisfaction Scale* as gestandaardiseerde meetinstrument gemaak:

- Ten spyte daarvan dat daar by die vroulike respondente vir die voortoets 'n vermindering in twee van die tellings was, was die spesifieke meetinstrument duidelik bruikbaar vir die meet van die afhanklike veranderlike, naamlik die huweliksbevrediging van die individuele huweliksmaats.
- Die huweliksverrykingsprogram het, ten spyte van die twee tellings vir die vroulike respondente, wel 'n positiewe invloed op die respondente, naamlik egpare in die vroeë middeljare, gehad.

Na afloop van die voorafgaande proses vir die ontwikkeling en voortoets van die huweliksverrykingsprogram, is die aanname gemaak dat die program gereed was vir die finale aanbieding daarvan. Die navorser kon reeds vanuit die vyf aanbiedings waarneem dat die egpare by die program gebaat het en was gereed vir die volgende stap in die proses van intervensienavorsing, naamlik die evaluasie en gevorderde ontwikkeling van die program.

Die intervensie is onderwerp aan kriteria wat as algemene riglyne en waardes dien. Standaarde wat gestel word, praktiese uitvoerbaarheid, heraanwending en aanpasbaarheid by elke groep se unieke omstandighede is van die kriteria waaraan die intervensie gemeet is. Al die aanbiedings van die program tot op hierdie stadium van die navorsing, het op positiewe groei en terugvoer gedui. Die gevolgtrekking is gemaak dat die program gereed was vir die

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

finale aanbieding en die meet van die uitkomste aan die hand van spesifieke wetenskaplike kriteria.

5.2.5 Evaluasie en gevorderde ontwikkeling

5.2.5.1 Inleidende gedagtes

Evaluasie in intervensienavorsing geskied deur middel van die reeds vasgestelde navorsingsmetodologie. Die doel hiervan is om dit wat ontwikkel is, te evalueer met die oog op verfyning en die algemene gebruik daarvan na afloop van die ontwikkeling.

Keuse van 'n eksperimentele ontwerp

Die keuse van die eksperimentele ontwerp word bepaal deur die doelstellings van die navorsing, die stabiliteit van die opset, die onmiddellike behoefte aan verandering, die tipe gedrag en die behoeftes van die teikengroep. Die eksperimentele ontwerp help om die verband tussen die intervensie en die gedrag wat moet verander, aan te dui. Vir die doel van hierdie navorsing is daar van die vergelykende groep voortoets-natoets ontwerp gebruik gemaak, soos volledig in hoofstuk een bespreek is. Die egpare is nie ewekansig aan die eksperimentele groep en die vergelykende groep toegewys nie, maar het almal aan die gestelde kriteria voldoen, naamlik:

- Egpare moet tussen 15 en 24 jaar getroud wees.
- Die egpaar moet ten minste al 'n tiener (kind in die hoërskool) hê.
- Die egpaar se verhouding moet redelik goed tot goed wees aangesien daar met bestaande potensiaal gewerk word.
- Individuele huweliksmaats funksioneer relatief goed en ontvang geen psigoterapie of beraad nie.
- Geen psigiese versteurdheid.
- Bereid tot groei en samewerking.
- Verkieslik 'n eerste huwelik.
- Afrikaanssprekend.
- Wit.
- Christene.

Die beginsels van die Solomon viergroepstoets is vir die eksperimentele ontwerp gebruik. (Vgl. Fouche & De Vos, 1998b:135.) Vier groepe in plaas van die gebruikelike twee is gebruik. Slegs een van die eksperimentele groepe en een van die

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

vergelykende groepe het die voortoets voltooi ten einde vas te stel of die voortoets 'n invloed op die respons in die natoets sou hê. Op hierdie wyse sou vasgestel kon word of die verandering in die natoets aan die program of aan die invul van die voortoets toegeskryf kon word. Vir hierdie navorsing is die ontwerp verder verfyn deur die natoets twee keer te laat invul met die doel om te bepaal of die verandering langer sou duur as net die naweek van aanbidding. Die natoets is op die laaste dag van die naweek-'retraite' ingevul en weer twee weke later. Die meetinstrumente is op presies dieselfde dag en tyd aan al die respondente uitgedeel om sodoende die invloed van eksterne faktore soos byvoorbeeld televisie- en ander mediadekking oor aspekte rakende die huwelik te beperk.

Tydens die voortoets en die evaluasie van die intervensie is daar voortdurend inligting versamel en bygewerk. Voortdurende rekordhouding en analisering het daarop gedui dat die aanvanklike intervensie voldoende is en die nodige aanpassing ten opsigte van die prosedures is gemaak. Vanuit die literatuur was dit duidelik dat die meet van die egpare se **huweliksbevrediging** die beste aanduiding van die sukses van hierdie spesifieke intervensie sou wees. (Vgl. Roach, *et al.*, 1981:538.) Hunt, *et al.* (1998:138) beklemtoon ook dat 'n afname in huweliksbevrediging uiteindelik tot skeiding lei.

Herhaling van die intervensie onder veldomstandighede

Die finale aanbidding van die huweliksverrykingsprogram het vanaf **23 Maart tot 25 Maart 2001** geskied. Elf (11) egpare het vir die program bespreek en elf (11) egpare vir wie die spesifieke naweek nie geleë was nie, is as vergelykende groep gebruik. Vir die Solomon viergroepoets is die egpare soos volg in vier groepe verdeel:

TABEL 11: VERDELING VAN EGPARE – TOTALE STEEKPROEF

GROEP	AANTAL EGPARE
Eksperimenteel 1	6 egpare
Vergelykend 1	6 egpare
Eksperimenteel 2	5 egpare
Vergelykend 2	5 egpare

Die steekproef vir die finale aanbidding was dus nie-waarskynlikheid-steekproeftrekking en wel deur middel van toevallige steekproeftrekking. Die egpare wat vir die naweek bespreek het, het as gevolg van die afkondiging (vgl. hoofstuk 1

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

1.7.5.3) gewet wat die kriteria vir die egpare was, maar die feit dat hulle juis daarvoor bespreek het en die naweek vir hulle geleë was, was toevallig.

5.2.5.2 Biografiese gegewens

Die egpare het almal 'n vraelys ten opsigte van biografiese gegewens en huweliksgeskiedenis ontvang om in te vul en die vraelys is aan die navorser oorhandig voordat die volgende meetinstrumente ingevul is (Bylaag 1). Die resultate word, waar nodig, apart vir die vier groepe, soos vir die Solomon viergroeptoets verdeel, bespreek.

• Ouderdom van respondente

TABEL 12: OUDERDOMSVERSPREIDING – EKSPERIMENTEEL 1

Ouderdom	Mans		Vrouens	
	Frekwensie	Persentasie	Frekwensie	Persentasie
35	0	0.0	1	16.67
36	0	0.0	0	0.0
37	1	16.67	2	33.33
38	1	16.67	0	0.0
39	1	16.67	0	0.0
40	0	0.0	0	0.0
41	0	0.0	0	0.0
42	1	16.67	2	33.33
43	0	0.0	0	0.0
44	0	0.0	1	16.67
45	2	33.32	0	0.0
TOTAAL	N=6	100%	N=6	100%

TABEL 13: OUDERDOMSVERSPREIDING – EKSPERIMENTEEL 2

Ouderdom	Mans		Vrouens	
	Frekwensie	Persentasie	Frekwensie	Persentasie
39	0	0.0	1	20.0

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Ouderdom	Mans		Vrouens	
	Frekwensie	Persentasie	Frekwensie	Persentasie
40	1	20.0	1	20.0
41	2	40.0	1	20.0
42	0	0.0	2	40.0
43	2	40.0	0	0.0
TOTAAL	N=5	100%	N=5	100%

TABEL 14: OUDERDOMSVERSPREIDING – VERGELYKEND 1

Ouderdom	Mans		Vrouens	
	Frekwensie	Persentasie	Frekwensie	Persentasie
38	1	16.67	0	0.0
39	0	0.0	0	0.0
40	0	0.0	3	50.0
41	0	0.0	1	16.67
42	2	33.32	0	0.0
43	1	16.67	0	0.0
44	1	16.67	1	16.67
45	1	16.67	1	16.66
TOTAAL	N=6	100%	N=6	100%

TABEL 15: OUDERDOMSVERSPREIDING – VERGELYKEND 2

Ouderdom	Mans		Vrouens	
	Frekwensie	Persentasie	Frekwensie	Persentasie
40	0	0.0	2	40.0
41	2	40.0	2	40.0
42	1	20.0	0	0.0
43	0	0.0	0	0.0

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Ouderdom	Mans		Vrouens	
	Frekwensie	Persentasie	Frekwensie	Persentasie
44	0	0.0	1	20.0
45	0	0.0	0	0.0
46	2	40.0	0	0.0
TOTAAL	N=5	100%	N=5	100%

TABEL 16: OUDERDOMSVERSPREIDING – TOTALE GROEP

Ouderdom	Mans		Vrouens	
	Frekwensie	Persentasie	Frekwensie	Persentasie
35	0	0.0	1	4.5
36	0	0.0	0	0.0
37	1	4.5	2	9.2
38	2	9.2	0	0.0
39	1	4.5	1	4.5
40	1	4.5	6	27.3
41	4	18.2	4	18.2
42	4	18.2	4	18.2
43	3	13.6	0	0.0
44	1	4.5	3	13.6
45	3	13.6	1	4.5
46	2	9.2	0	0.0
TOTAAL	N=22	100%	N=22	100%

Die **gemiddelde ouderdom** van die respondente was die volgende:

- Mans - **42 jaar**
- Vrouens - **40.8 jaar**

Die individuele huweliksmaats in die totale groep het almal in die ouderdomsgroep 35-46 jaar geval, wat met die teorie van die vroeë middeljarige, waar ouers adolessente


Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

kinders het, ooreenkom. (Vgl. hoofstuk 2 - 2.6.1.)

FIGUUR 7: HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE – VERGELYKENO 1 (N=12)

• Opvoedkundige kwalifikasie van respondente


FIGUUR 7: HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE – EKSPERIMENTEEL 1 (N=12)



Die meerderheid van die respondente, naamlik 66.7% (8) van die twaalf (12), het 'n tersiêre kwalifikasie gehad.

FIGUUR 8: HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE – VERGELYKENO 2 (N=10)


FIGUUR 8: HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE – EKSPERIMENTEEL 2 (N=10)



Die meerderheid van die respondente, naamlik 60% (6) van die tien (10), het 'n tersiêre kwalifikasie gehad.


Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

FIGUUR 9: HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE – VERGELYKEND 1 (N=12)



Die meerderheid van die respondente, naamlik 66.7% (8) van die twaalf (12), het 'n tersiêre kwalifikasie gehad.

FIGUUR 10: HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE – VERGELYKEND 2 (N=10)




Die meerderheid van die respondente, naamlik 72.7% (8) van die tien (10), het 'n tersiêre kwalifikasie gehad.


Wanneer die opvoedkundige kwalifikasies van die totale respondentegroep (N=44) in ag geneem word, sien die resultate grafies soos volg daaruit:

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

FIGUUR 11: OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES VAN MANLIKE RESPONDENTE (N=22)



FIGUUR 12: OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES VAN VROULIKE RESPONDENTE (N=22)




Die meerderheid van die respondente, naamlik 72.7% (32) beskik oor 'n tersiêre kwalifikasie.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek


Beroep van respondente

FIGUUR 13: HUIDIGE BEROEP – EKSPERIMENTEEL 1 (N=12)



By die manlike respondente het vyf (5) 'n professionele beroep gehad en een (1) 'n klerklike beroep. By die vroulike respondente was die helfte (3) tuisteskeppers, terwyl twee (2) 'n professioneel beroep gehad het en een (1) 'n klerklike beroep.


FIGUUR 14: HUIDIGE BEROEP – EKSPERIMENTEEL 2 (N=10)



Van die manlike respondente het drie (3) 'n professionele beroep gehad en twee (2) 'n tegniese beroep. Van die vroulike respondente het twee (2) 'n professionele beroep gehad, twee (2) 'n klerklike beroep en een (1) was 'n tuisteskepper.


Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

FIGUUR 15: HUIDIGE BEROEP – VERGELYKEND 1 (N=12)



Al ses (6) die manlike respondente het 'n professionele beroep gehad, terwyl twee (2) van die vroulike respondente 'n professionele beroep gehad het, twee (2) 'n klerklike beroep en twee (2) was tuisteskeppers.

FIGUUR 16: HUIDIGE BEROEP – VERGELYKEND 2 (N=10)




In hierdie groep het die meerderheid, naamlik vier (4) van die manlike respondente 'n professionele beroep gehad en een (1) 'n tegniese beroep. Een (1) vrou het 'n professionele beroep gehad, drie (3) het 'n klerklike beroep gehad en een (1) was 'n tuisteskepper.

afstuk 5: Empiriese Onderzoek


UR 15: HUIDIGE BEROEP – TOTALE KANTAL MANNLIKE RESPONDENTE (N=22)

UR 17: HUIDIGE BEROEP – TOTALE EKSPERIMENTELE GROEP (N=22)



Vir die totale eksperimentele groep het agt (8) mans 'n professionele beroep gehad, een (1) man het 'n klerklike beroep gehad en twee (2) mans het 'n tegniese beroep gehad. Vier (4) vrouens het 'n professionele beroep gehad, drie (3) het 'n klerklike beroep gehad en vier (4) was tuisteskeppers.


UR 18: HUIDIGE BEROEP – TOTALE VERGELYKENDE GROEP (N=22)




In die totale vergelykende groep van twee en twintig (22) respondente het tien (10) van die mans 'n professionele beroep gehad en een (1) 'n klerklike beroep. Drie (3) van die vroulike respondente het 'n professionele beroep gehad, vyf (5) het 'n klerklike beroep gehad en drie (3) was tuisteskeppers.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

FIGUUR 19: HUIDIGE BEROEP – TOTALE AANTAL MANLIKE RESPONDENTE (N=22)



FIGUUR 20: HUIDIGE BEROEP – TOTALE AANTAL VROULIKE RESPONDENTE (N=22)




Die meerderheid manlike respondente (81%) het 'n professionele beroep gehad, terwyl die meerderheid vroulike respondente (36%) 'n klerklike beroep gehad het.


Die meerderheid vroue in die eksperimentele groep, naamlik 28%, was 16 jaar getroud, terwyl die meerderheid vroue in die vergelykende groep, naamlik 37%, 18 jaar getroud was.

Duur van die huwelik

FIGUUR 21: DUUR VAN HUWELIK – EKSPERIMENTELE GROEP (N=11 EGPARE)



FIGUUR 22: DUUR VAN HUWELIK – VERGELYKENDE GROEP (N=11 EGPARE)



Die meerderheid egpare in die eksperimentele groep, naamlik 28%, was 16 jaar getroud, terwyl die meerderheid egpare in die vergelykende groep, naamlik 37%, 18 jaar getroud was.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek


TABEL 17: HUWELIKSDUUR

Duur	Eksperimenteel 1		Eksperimenteel 2		Vergelykend 1		Vergelykend 2		Totale groep	
	F	%	F	%	F	%	F	%	F	%
16	2	33.32	1	20.0	0	0.0	0	0.0	3	13.6
17	1	16.67	0	0.0	0	0.0	0	0.0	1	4.5
18	0	0.0	1	20.0	2	33.33	2	40.0	5	22.8
19	0	0.0	0	0.0	1	16.67	0	0.0	1	4.5
20	1	16.67	1	20.0	1	16.67	2	40.0	5	22.8
21	1	16.67	1	20.0	0	0.0	0	0.0	2	9.1
22	0	0.0	1	20.0	2	33.33	1	20.0	4	18.2
23	1	16.67	0	0.0	0	0.0	0	0.0	1	4.5
TOTAAL	N=6	100%	N=5	100%	N=6	100%	N=5	100%	N=22	100%

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat al die egpare binne die vasgestelde kriterium van 15 tot 24 jaar getroud, geval het. Die meerderheid van die egpare was 18 (22.8%) en 20 (22.8%) jaar onderskeidelik getroud.

Ouderdom by huweliksluiting

FIGUUR 23: OUDERDOM BY HUWELIKSLUITING – TOTALE EKSPERIMENTELE GROEP (N=22)




Uit bogenoemde figuur kan afgelei word dat die meerderheid vroulike respondente in die eksperimentele groep, naamlik 81.8% (9), **19 tot 22 jaar oud** was met huweliksluiting. Die gemiddelde ouderdom by huweliksluiting vir die vroulike respondente in die eksperimentele groep was **21.4 jaar**. Die meerderheid manlike respondente, naamlik 81,8% (9), was **22 tot 24 jaar oud** met huweliksluiting. Die gemiddelde ouderdom by huweliksluiting vir die manlike respondente in die

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

eksperimentele groep was **22.4 jaar**.

FIGUUR 24: OUDERDOM BY HUWELIKSLUITING – TOTALE VERGELYKENDE GROEP (N=22)



Uit bogenoemde figuur kan afgelei word dat die meerderheid vroulike respondente in die vergelykende groep, naamlik 90.9% (10), **20 tot 24 jaar oud** was met huweliksluiting. Die gemiddelde ouderdom by huweliksluiting vir die vroulike respondente in die vergelykende groep was **21.7 jaar**. Die meerderheid manlike respondente, naamlik 72.7% (8), was **22 tot 24 jaar oud** met huweliksluiting. Die gemiddelde ouderdom by huweliksluiting vir die manlike respondente in die eksperimentele groep was **23.3 jaar**.

Die gemiddelde ouderdom by huweliksluiting vir die totale aantal vroulike respondente (N=22) was **21.6 jaar**, terwyl die gemiddelde ouderdom by huweliksluiting vir die totale aantal manlike respondente (N=22) **22.9 jaar** was.

Aantal kinders

TABEL 18: AANTAL KINDERS VAN TOTALE AANTAL EGPARE (N=22)

KATEGORIE	AANTAL KINDERS	PERSENTASIE
0-6 JAAR	3	5.9
7-12 JAAR	17	33.3
13-18 JAAR	22	43.1
19 JAAR+	9	17.7
TOTAAL	51	100%

Die 22 egpare het dus altesaam 51 kinders gehad. Bogenoemde gegewens dui

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

daarop dat die grootste aantal kinders, naamlik 43.1% (22), in die ouderdomskategorie 13-18 jaar val, wat die fase van adolessensie is.

5.2.5.3 Die aard van die huweliksbevrediging van die respondente

Die egpare se huweliksbevrediging is voor die aanbieding van die huweliksverrykings-intervensie getoets, direk na afloop van die intervensie en weer twee weke later. Op hierdie wyse kon bepaal word of die intervensie suksesvol was, al dan nie. 'n Voortoets aan die hand van die Hudsonskaal: Indeks van Huweliksbevrediging en *Kansas Marital Satisfaction Scale* en weer twee metings as 'n natoets met dieselfde meetinstrumente, is gedoen. Twee verskillende meetinstrumente is gebruik sodat die resultate vergelyk kon word en die aard van die veranderinge op 'n meer betroubare wyse bepaal kon word. Die resultate van die benutting van die twee meetinstrumente is vir die kwantitatiewe deel van die studie voltooi en verwerk.

NA DEEGLIKE OORWEGING EN IN SAMEWERKING MET DIE STATISTICI EN REKENAARKUNDIGES, IS BESLUIT OM EEN EGPAAR UIT DIE EKSPERIMENTEEL 1 GROEP AFSONDERLIK TE BESPREEK EN HULLE GEGEWENS NIE SAAM MET DIE RES VAN DIE GROEP SE GEGEWENS TE LAAT TEL NIE. TYDENS DIE BESPREKING VAN DIE SPESIFIEKE EGPAAR SAL DIE NODIGE VERDUIDELIKING EN AFLEIDINGS GEDOEN WORD.

Resultate: Kansas Marital Satisfaction Scale

TABEL 19: KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – EKSPERIMENTEEL 1 (MANS)

Gemiddeld: Manlike respondente (N=5)

	TOETS 1 Voor intervensie	TOETS 2 Direk na intervensie	TOETS 3 Twee weke na intervensie
VRAAG 1	5.0	6.2	5.8
VRAAG 2	5.0	6.4	5.8
VRAAG 3	5.0	6.4	5.8

Uit bogenoemde tabel kan afgelei word dat die huweliksbevrediging van die **manlike respondente** uit die **eksperimenteel 1** groep nie alleen verbeter het direk na die intervensie nie, maar dat die telling ook twee weke later hoër was as die eerste telling. Alhoewel die gemiddelde telling van die derde meting laer was as die telling van die tweede meting, is die laaste telling steeds vir al drie vrae **11.5%** hoër as die

hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

eerste telling.

TABEL 20: KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – EKSPERIMENTEEL 1 (VROUWE)

Gemiddeld: Vroulike respondente (N=5)

	TOETS 1 Voor intervensie	TOETS 2 Direk na intervensie	TOETS 3 Twee weke na intervensie
VRAAG 1	5.4	6.4	6.8
VRAAG 2	5.8	6.6	6.8
VRAAG 3	5.6	6.2	6.4

Uit bogenoemde tabel kan afgelei word dat die huweliksbevrediging van die **vroulike respondente** uit die **eksperimenteel 1** groep nie alleen verbeter het direk na die intervensie nie, maar dat die telling twee weke later selfs hoër was as die tweede telling. Die gemiddelde telling van die derde meting was vir vraag 1 **5.7%** hoër as die tweede telling en **20%** hoër as die telling van die eerste meting. Vir vraag 2 was die gemiddelde telling vir vraag 2 **2.8%** hoër as die telling van die tweede meting en **14.2%** hoër as die telling vir die eerste meting. Vir vraag 3 was die gemiddelde telling **2.8%** hoër as die telling vir die tweede meting en **11.4%** hoër as die telling vir die eerste meting.

Die huweliksbevrediging van die **vroulike respondente** uit die eksperimenteel 1 groep het selfs meer verbeter na afloop van twee weke na die intervensie.

TABEL 21: KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – EKSPERIMENTEEL 2 (MANS)

Gemiddeld: Manlike respondente (N=5)

	TOETS 1 Voor intervensie	TOETS 2 Direk na intervensie	TOETS 3 Twee weke na intervensie
VRAAG 1	0	6.6	6.8
VRAAG 2	0	7.0	6.8
VRAAG 3	0	6.4	6.6

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Uit bogenoemde tabel kan afgelei word dat die huweliksbevrediging van die **manlike respondente** uit die **eksperimenteel 2** groep op twee van die vrae verbeter het na afloop van twee weke na die intervensie. Die tellings vir die tweede meting was reeds hoog, maar het vir vraag 1 met **2.8%** verbeter, vir vraag 2 met **2.9%** verminder en vir vraag 3 met **2.9%** verhoog. Die gemiddelde telling vir die laaste meting vir die tweede deel van die manlike respondente uit die eksperimentele groep was hoër as die telling van die ander deel van die manlike respondente. Een van die manlike respondente uit hierdie groep was nie so tevrede as wat sy vrou was nie. Die afleiding word gemaak dat hier sprake is van huweliksaanpassing, wat nie noodwendig 'n vlak van goeie huweliksbevrediging inhou nie. (Vgl. L'Abate & Bagarozzi, 1993:111.)

TABEL 22: KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE – EKSPERIMENTEEL 2 (VROU)

Gemiddeld: Vroulike respondente (N=5)

	TOETS 1 Voor intervensie	TOETS 2 Direk na intervensie	TOETS 3 Twee weke na intervensie
VRAAG 1	0	6.4	6.8
VRAAG 2	0	6.8	6.8
VRAAG 3	0	6.2	6.8

Uit bogenoemde tabel kan afgelei word dat die huweliksbevrediging van die **vroulike respondente** uit die **eksperimenteel 2** groep op twee van die vrae verbeter het na afloop van twee weke na die intervensie en op een vraag dieselfde gemeet het. Die tellings vir die tweede meting was reeds hoog, maar het vir vraag 1 met **5.7%** verbeter, vir vraag 2 dieselfde gebly en vir vraag 3 met **8.5%** verhoog. Die gemiddelde telling vir die laaste meting vir die tweede deel van die vroulike respondente uit die eksperimentele groep was net so hoog as die telling van die ander deel van die vroulike respondente.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Dit was baie lekker om vir 'n slag alleen weg te breek! Omdat ons heeltemal alleen en eenkant was, was dit baie besonders en kon ons baie maklik praat.
- 'n Wegbreeknaweek is uiters belangrik en 'n uitstekende idee.
- Dit het ons die geleentheid gegee om eerlik en opreg na ons huwelik te kyk sonder die onderbreking deur kinders en huishoudelike pligte.
- Dit is noodsaaklik om weg te wees vanaf kinders/steurings. Dit is outomaties tyd wat jy alleen saam met jou maat deurbring. Die verandering van omgewing is positief.
- Dit is lekker om weer saam op 'n 'date' te gaan en saam tyd deur te bring.
- Dit is 'n goeie ding om huis en kinders agter te laat om meer tyd aan mekaar te spandeer.
- Heerlik om sonder kinders mekaar te kon ontdek. Ook om weer in rustigheid oor ons en ons huwelik te kon kommunikeer.
- 'n Egpaar moet tyd maak om saam weg te breek. Daar is nie altyd tyd by die huis om met mekaar te gesels nie.

Dit is duidelik uit die terugvoer dat die egpare almal positief gevoel het oor die wegbreeknaweek. Die aanbod van 'n program deur middel van 'n 'retraite' is dus aan te beveel vir die skep van die regte atmosfeer en die nodige tyd vir kommunikasie. (Vgl. hoofstuk 3 – 3.5.2 en hoofstuk 4 - 4.7.5.)

Lewenskets-sessie:

Die volgende response is ontvang:

- Het ons laat herontdek hoe ons by mekaar uitgekome het en hoe ons lewenskets verloop het.
- Dit was groot pret en 'n terugroep van goeie herinneringe én moeilike tye.
- Dit was 'n wonderlike geleentheid om weer al die hoogtepunte te kan ontdek. Dit is egter van kardinale belang om net op die goeie te fokus.
- Baie interessant – jou weer laat dink aan al die goeie dinge saam en daarvoor gesels.
- Waarom is ons lief vir mekaar – dit was baie waardevol want dit het ons laat besef dat ons baie meer hoogtepunte as laagtepunte in ons huwelik beleef het en ons ook laat nadink het hoe ons hierdie tye in ons huwelik hanteer het.
- Baie intieme belewenis en krities vir sukses.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Was vir ons baie besonder omdat ons die negatiewe hier kon verander in 'n hart wat glimlag.
- Dit was lekker om weer die pad van voor af saam te loop. Ons het besef hoe gelukkig ons is.

Die respondente (egpare) het duidelik hulle pad saam weer ontdek en die fokus op die positiewe, selfs in die hantering van die negatiewe, het waarde gehad.

Positiewe eienskappe-sessie:

Die volgende response is ontvang:

- Elkeen kon weer die mooi eienskappe in die maat beklemtoon – sommige nogal 'n verrassing.
- Dit help baie om hierop te konsentreer want dan kan jy die negatiewe makliker verander in die positiewe.
- Besef die ander een se waardering vir jou positiewe eienskappe.
- Hierdie sessie herinner 'n persoon aan al die positiewe eienskappe waarvan 'n mens soms vergeet op ons haastige lewenspad.
- Om op die positiewe te konsentreer en dit te herontdek en te besef watter positiewe eienskappe my maat alles het.
- 'n Mens is te geneig om op die negatiewe te wil fokus van nature. Deur egter op die positiewe te fokus, herontdek 'n mens weer karakteristieke wat dalk 'afgestof' kan en behoort te word.
- Dit laat 'n mens besef dat daar meer positiewe eienskappe as negatiewe is.
- Maak jou bewus van positiewe eienskappe wat ons so dikwels nie raaksien nie. Ontwikkel dit om die negatiewe mis te kyk.

Die egpare het die positiewe eienskappe weer herontdek, nie alleen in hulleself nie, maar ook in hulle maats. Dit is duidelik dat daar 'n geneigdheid bestaan om op die negatiewe te fokus. Om op die positiewe te fokus, kom nie noodwendig natuurlik nie.

Negatiewe eienskappe-sessie:

Die volgende response is ontvang:

- Goed om negatiewe raak te sien en dit te aanvaar en daar verby te kan kyk om die

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

positiewe raak te sien.

- Dat daar min negatiewe aspekte is en 'n mens nie daarop moet konsentreer nie.
- Deur eerstens op die positiewe te fokus, beseft eglied dat die negatiewe ook bestaan, maar dat die negatiewe nie moet oorheers nie. Ons het beseft dat die positiewe langtermynwaarde het, maar dat die negatiewe verbeter moet word, waar moontlik. Die meeste energie moet egter aan die positiewe spandeer word.
- Om te beseft dat ons ook foute het – miskien foute waaraan ons self nie gedink het nie en om die negatiewe in die positiewe te omskep.
- Daar is wel negatiewe punte waaraan 'n mens kan werk.
- Konsentreer op die positiewe is uiters belangrik. Die negatiewe het geen invloed gehad nie.
- Ons kon baie makliker hieroor praat. Dit is baie belangrik om dit reg te benader, want dit kan in aggressie verander.
- Dit het ons kans gegee om die realiteit van die negatiewe eienskappe te beseft. Dit het ons egter kans gegee om die positiewe daaruit te haal en te gebruik.

Die respondente (egpare) het daarin geslaag om die negatiewe eienskappe deur middel van die positiewe eienskappe, waarvan hulle bewus gemaak is voor die aanvang van hierdie sessie, te hanteer. Vir sommige respondente was daar ook openlike kommunikasie oor negatiewe eienskappe, maar daar was geen negatiewe gevoelens rondom die oopmaak daarvan nie.

Konflikstyle-sessie:

Die volgende response is ontvang:

- Dit was goed om te bepaal waar elkeen inpas en om dit beter te verstaan.
- Ons het nou geleer hoe om mekaar te benader.
- Insiggewend om mekaar se sienings en style te leer ken en verstaan.
- Jy beseft watter konflikstyl jy gebruik en die invloed wat dit op julle konflikhantering het.
- Beseft dat nuwe konflikstyle aangeleer moet word.
- Dat jy nie konflik moet laat oorheers nie, maar oor dinge moet gesels.
- Dit het waarde omdat 'n mens leer dat meer as een styl bestaan en hoe konflikte

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

hanteer kan word.

- Dit het ons geleer om konflik beter te hanteer.
- Het al voorheen daarmee te doen gehad en ken die inhoud daarvan.
- Konflik kan maklik hanteer word sonder om ons huwelik te benadeel.

Die identifisering van elkeen se spesifieke konflikhanteringstyl het insig gebring. Die meerderheid respondente het gemeen dat konflik hanteer en uitgespraak moet word en indien hulle dit nie voorheen gedoen het nie, het hulle met hierdie sessie die noodsaaklikheid daarvan beseef.

Klei-sessie:

Die volgende response is ontvang:

- Baie humoristies en iets om na te streef.
- Groot pret en 'n oulike idee.
- Dit was wonderlik om die geskenk wat jou maat wou hê, te kon gee, al was dit net in klei.
- Het beseef dat alles nie altyd oor geld gaan nie en dat klein goedjies wel iets beteken.
- Opnuut laat beseef ek is nie baie kreatief nie.
- Sentimenteel en oulik.
- Dit was interessant.
- Dit was pret – groot pret! Tog het dit op 'n wonderlike wyse getoon hoeveel ons vir mekaar omgee.

Die respondente (egpare) se terugvoer ten opsigte van die maak van geskenke uit klei was positief. Tydens die sessie was dit opvallend hoe baie die respondente, wat volwassenes is, die werk met die klei geniet het. Die kreatiewe benutting van funksionele hulpmiddels dra by tot 'n beter atmosfeer vir groei.

Piekniek:

Die volgende response is ontvang:

- Die alleen-wees was nodig. Die ete wonderlik! Die gesprek was eerlik en opbouend.
- Dit is baie belangrik want dit gee geleentheid om te praat.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Romanties en puik!!
- Na twintig jaar se huwelik kan mens nog steeds 'n piekniek geniet soos jong verliefdes.
- Fantasties!!
- Dit het ons weer daaraan herinner dat ons nog meer tyd moet maak om dinge saam te doen soos toe ons nog uitgegaan het. Ons moet dit meer doen.
- Goeie idee.
- Lekker om mekaar se geselskap te geniet.

Uit bogenoemde response kan afgelei word dat 'n egpaar tydens die huweliksverrykingsprogram geleentheid moet kry om heeltemal alleen te wees. Die respondente (egpare) het die alleen-tyd geniet en met die werkopdrag wat hulle saam met die piekniekmandjie ontvang het, het hulle die tyd saam werklik benut. Knelpunte is bespreek, maar met 'n positiewe ingesteldheid wat deur die voorafgaande sessies geskep is. Die doel van die piekniek was onder andere ook didakties. Huweliksmaats leef in die moderne tyd by mekaar verby en die piekniek het aan hulle getoon wat die waarde van so 'n alleen-tyd vir kommunikasie en groei kan wees.

Opstel van 'n kontrak:

Die volgende response is ontvang:

- Doen weer dinge saam wat ons afgeskeep het – soos opgestel in die kontrak.
- Goeie idee om vaste voornemens neer te skryf en daarby te hou.
- Deur saam 'n kontrak op te stel, gee altwee weer iets om aan te werk. Dit moet elke jaar hernu word as gevolg van die dinamika binne die veranderende omgewing.
- Het onself verbind tot verandering.
- Het ons as egpaar weer herinner aan die beloftes wat ons op ons troudag aan mekaar beloof het.
- Opwindend en tog goed om 'n verbintenis te hê.
- Hier is dit baie belangrik om nie op die negatiewe te konsentreer nie, maar om eerder maniere te vind om gesamentlik te groei.
- Om doelbewus afsprake te maak, maak dit meer uitvoerbaar. Ons kom dit na en dit beteken baie. Dit verbeter veral kommunikasie en stresontlading.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Die idee vir die kontrak is vanuit die *Marital Enrichment Program* (MEP) verkry. (Vgl. hoofstuk 3 – 3.9.5.) Die konkrete opstel van 'n kontrak ten opsigte van voornemens vir die onmiddellike toekoms, het die huweliksmaats laat kommunikeer en die terugvoer was dat dit positief was. Beloftes, behoeftes en verbintenisse is geëvalueer en herbevestig. Ten spyte daarvan dat die opstel van die kontrak op 'n informele basis geskied, dwing dit die huweliksmaats om te kommunikeer en as egpaar saam te beplan.

Seksualiteit-sessie:

Die volgende response is ontvang:

- Dit was goed om openlik oor hierdie dinge te praat. Dit het ons meer begrip gegee vir mekaar se behoeftes.
- Dit was 'n *'eye opener'* want hier het ons beseft dat daar ander is wat maar dieselfde probleme het.
- Baie belangrike deel van die kursus.
- Alhoewel ons verskil as man en vrou wat ons verwagtinge betref, kan ons hierdie verskille gebruik om ons huwelik op 'n positiewe wyse te bou en te versterk.
- Het beseft dat ons openlik daarvoor moet kommunikeer.
- Dit was goed om te hoor dat die onderskeie geslagte gemaak is om mekaar aan te vul. Verder dink ons dat beide nog baie te leer het van mekaar. Die vrouens het byvoorbeeld uitgevind dat mans ook 'n sagte kant het.
- Dit was leersaam, sinvol en nodig.
- Ontdek mekaar – alle paartjies het dieselfde probleme. Mens kan werk daaraan.

Twee duidelike aspekte wat na vore kom, is naamlik dat dit noodsaaklik was om weer te hoor wat die verskille tussen mans en vrouens is. Die vrouens het veral insig ontwikkel ten opsigte van die feit dat dit vir hulle maats nie altyd net oor die fisiese aspekte gaan nie, maar dat die emosionele sy van seksualiteit ook vir hulle belangrik is. Tweedens is dit ook uit die response duidelik dat die resonante (egpare) die waarde van kommunikasie oor hulle seksuele verhouding beseft het. Die feit dat die geslagte geskei is en hulle apart in groepe kon praat voordat die terugvoer weer in die groot groep gegee is, het waarde gehad. Die waarde van die deel van houdings en gevoelens in 'n homogene groep is hierdeur beklemtoon. (Vgl. hoofstuk 4 – 4.7.4.)

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Huweliksbevestiging:

Die volgende response is ontvang:

- Kon mekaar in die oë kyk en jou daaraan herinner dat God ons bymekaar gebring het.
- Sinvol waar daar nog 'n hoopvolle verhouding is, maar skadelik vir diegene wat dalk ver van mekaar verwyder is.
- Die herbevestiging aan die einde van die kamp is 'n gepaste afsluiting waartydens die egliede mekaar opnuut van hul liefde en trou kan beloof.
- Dat jy tot die besef kom dat jy jou weer aan mekaar gebind het.
- Wonderlike geestelike ervaring saam met mekaar.
- Verrassing, maar baie lekker!
- Dit is goed om weer aan jou belofte herinner te word en dit weereens te bevestig.
- Dit was fantasties om in mekaar se oë te kyk en weer die beloftes af te lê – 'n wonderlike ervaring.

Die respondente (egpare) het die aflê van die huweliksbelofte waardevol gevind. Hierdie aspek van die program kon vir die spesifieke steekproef respondente gebruik word aangesien hulle almal Christene is. Alhoewel die aard van die aktiwiteit as sentimenteel beskou kan word, het dit waarde omdat die huweliksmaats herinner word aan hulle aanvanklike beloftes aan mekaar.

Liefdesbriewe aan mekaar:

Die volgende response is ontvang:

- Die beste idee van die jaar! Ons het lanklaas sulke diep en mooi goed vir mekaar gesê. Al is ons 20 jaar ouer, is die vonk nog daar!
- Dit was baie spesiaal.
- Bring die herinnering van 'n spesiale geleentheid weer later terug tydens die 'ratrace'.
- Leer ons weer om soos jong verliefdes ons liefde vir mekaar te verwoord.
- Dat dit ook lekker is om jou gevoel op papier te sit en weer soos jong verliefdes te voel.
- Dit is iets wat gewoonlik volop is tydens die hofmakery voor die huwelik. Omdat 'n mens bymekaar bly, kan dit maklik gebeur dat dit onderskat kan word. Ons het besef

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

dat dit nog steeds gebruik kan word om weer 'n paar verrassings tot gevolg te hê.

- Lekker om weer na jare so-iets te doen – veral vir die mans. Vrouens doen dit meer gereeld.
- Ons het nie baie aandag daaraan gegee nie. Miskien moet ons dit weer doen in 'n meer ernstige lig.

Deur middel van hierdie aktiwiteit het die individuele huweliksmaats die geleentheid gehad om alleen, weg van die ander maat, hulle gevoelens na afloop van die kamp in die vorm van 'n liefdesbrief neer te skryf. Die briewe is na afloop van die kamp deur die groepleier gepos en die verrassing het deur die pos gekom. Die terugvoer ten opsigte van die skryf asook die ontvang van die briewe was positief. Die idee vir die skryf van liefdesbriewe is vanuit Garland (1983:138-150) verkry.

Egpaar as aanbieder versus 'n enkel aanbieder:

Die volgende response is ontvang:

- Egpaar word sterk aanbeveel anders kan eensydigheid intree.
- Egpaar baie beter – is gelukkig ook net mense.
- As voorbeeld vir ander en as span is 'n egpaar 'n beter keuse.
- Dit is makliker om jou teenoor jou eie geslag uit te spreek. Enkelaanbieder kan dit oor feite, maar met geen toepassing.
- Goed, aangesien hulle mekaar goed aanvul en van ondervinding kan praat en die groep kan hulle dus met die egpaar identifiseer.
- Baie belangrik – oefeninge met mans en vrouens afsonderlik is baie belangrik. Dit moet 'n egpaar wees.
- Ons voel dat dit nogal belangrik is dat 'n egpaar dit aanbied. Dit maak dit makliker vir albei partye om oor haakplekke te praat en dit maak die atmosfeer gemakliker.
- Die egpaar-aanbieding maak dit gebalanseerd.

Die vraag is ingesluit met die oog op die evaluering van die aard van groepleierskap aan die hand van die bestudeerde literatuur. Die waarde van 'n egpaar as groepleiers is deur die respondente bevestig. Die egpaar dien as modelle en vul mekaar aan. (Vgl. Avis, 1986:34; Hunt, *et al.*, 1998:72; hoofstuk 3 – 3.6 en hoofstuk 4 – 4.6.3.)

Het die opstel van 'n kontrak enige sin?

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Die volgende response is ontvang:

- Die kontrak dwing ons om afspraak te maak en na te kom. Ons hou gereeld daarby. Werksure en omstandighede meng soms in, maar ons hou vol!
- Die kontrak het sin, maar dit moet gaan oor gesamentlike groei en nie oor moets en moenies.
- Ja, dit het tot gevolg dat jy doen wat jy voorgeneem het.
- Ja, dit is belangrik omdat dit ons herinner aan ons beloftes aan mekaar.
- Ja, dat jy jouself weer van vooraf verbind om na die kamp nog steeds toe te pas wat jy geleer het.
- Die kontrak het sin as daarby gehou word.
- Met die eerste kamp het dit baie sin gehad. Met die tweede kamp kon ons die uitwerking daarvan evalueer en herbevestig.

Hierdie vraag is ingesluit om te evalueer of die opstel van 'n kontrak langtermynwaarde het. Die opstel van 'n kontrak tydens die huweliksverrykingsprogram kan moontlik binne 'n toegewyde atmosfeer geskied met waarde vir die oomblik. Vanuit die response is dit egter duidelik dat die opstel van die kontrak waarde vir die toekoms inhou. Die respondente (egpare) het steeds daarby gehou.

EVALUASIE DEUR ADOLESSENTE KINDERS

Op dieselfde tydstip toe die ouers gevra is om die kamp en die inhoud daarvan te evalueer, naamlik twee maande na afloop van die huweliksverrykingsprogram, is die adolessente kinders ook genader. Daar is aan hulle gevra of hulle enigiets anders in hulle ouers se gedrag/optrede/verhouding kon waarneem nadat hulle van die kamp teruggekom het. Die volgende response is gegee:

- Hulle is baie meer ontspanne.
- Daar is 'n 'sparkle' in hulle oë.
- Hulle spandeer meer tyd alleen saam.
- Hulle gaan meer uit en maak afspraak met mekaar.
- Hulle ontmoet mekaar vir koffie deur die dag.
- Dit lyk asof hulle mekaar beter verstaan.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

- Die kommunikasie in die huis is beter, nie alleen tussen die ouers nie, maar ook met die kinders.
- Dit lyk asof hulle mekaar beter leer ken het.
- Hulle totale houding is anders – dit lyk asof hulle harder probeer om probleme op te los.

Die adolessente was dit eens dat hulle dink dit is noodsaaklik dat hulle ouers so 'n program deurloop. Die hele gesin baat uiteindelik daarby. Hulle gee nie om as pa en ma soms daarvoor weggaan nie. Hulle beveel dit intendeel sterk aan.

De Vos (1998c:372) beklemtoon dat beskrywende data van belangrike ander individue, wat nie deel van die program uitgemaak het nie, maar daartoe in staat is om die invloed van die program op die deelnemers te assesser, 'n bron van inligting vir die evaluering van 'n program is. Die adolessente kinders is 'n belangrike bron van inligting ten opsigte van veranderinge in die ouers se houding en gedrag teenoor mekaar asook teenoor hulle as kinders. Die adolessente se terugvoer was dat die ouers daarby gebaat het en dat die uitkoms ook tot hulle eie voordeel was.

Die huweliksverrykingsprogram was nie alleen aan die hand van die kwalitatiewe data 'n sukses nie, maar duidelik ook aan die hand van die resultate van die gestandaardiseerde meetinstrumente. Met hierdie inligting wat op 'n wetenskaplike wyse verkry is, kan na die volgende stap in die proses oorbeweeg word.

Die volgende stap in die proses van intervensienavorsing, naamlik die verfyning van die intervensie en die verspreiding van die program, is nie vir die doel van hierdie navorsing gedoen nie. Die program sal nou, na afloop van die studie, vir verspreiding voorberei word. Die potensiële markte sal geïdentifiseer word, die program sal bemark word en die nodige opleiding aan die aanbieders daarvan verskaf word. (Vgl. De Vos, 1998c:401-402.)

5.3 KWALITATIEWE DATA: VERGELYKING TUSSEN KAMPE 1, 2, 3, EN 6

'n Verdere evaluering van die invloed van die intervensie is na aanleiding van 'n vergelyking tussen die eerste drie kampe wat vir die voortoets aangebied is, asook die sesde kamp vir die finale aanbieding, gedoen. Die vierde huweliksverrykingsprogram is in die vorm van 'n dag-'retraite' aangebied en is nie op presies dieselfde wyse en met dieselfde vrae as die vorige kampe evalueer nie. Tydens die vyfde aanbieding vir die voortoets is die fokus op die bruikbaarheid van die gestandaardiseerde meetinstrumente geplaas. Op hierdie wyse is al die elemente wat in die laaste aanbieding getoets sou word, ingewerk.

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Die doel met die vergelyking is om die geloofwaardigheid van die navorser te bevestig aangesien 'n kwalitatiewe studie sterk op menslike oordeel en die dissipline van die navorser vertrou (Tutty, *et al.*, 1996:112). Veelvoudige perspektiewe is weergegee en uiteindelik vergelyk. Die verskillende perspektiewe was telkens bevestigend van die algemene temas wat geformuleer is. Op hierdie wyse is die betroubaarheid en geloofwaardigheid van, nie alleen die data wat weergegee is nie, maar ook van die navorser se analise en interpretasie daarvan, bevestig. Wanneer die model van Guba (Poggenpoel, 1998:348-351) gebruik word om die betroubaarheid van die kwalitatiewe deel van die studie te evalueer, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- **Betroubaarheidswaarde:** Met die verskillende aanbiedings van die program en die vergelyking van die response is 'n deurlopende positiewe verandering in houding, gesindheid en gedrag waargeneem en aangeteken.
- **Toepasbaarheid:** Voldoende beskrywende data is weergegee sodat, wanneer die studie/program herhaal sou word, die resultate weer vergelyk sou kon word.
- **Ooreenstemming:** Vanuit die vergelyking is dit duidelik dat daar ooreenstemming in die data vanuit die verskillende aanbiedings van die program is.
- **Neutraliteit:** Aangesien die objektiwiteit van die kwalitatiewe navorser juis verminder word om die persoonlike leefwêreld van die respondent te betree, word die neutraliteit van die data hier geëvalueer. Hierdie neutraliteit is deur die betroubaarheidswaarde en die toepasbaarheid van die resultate verkry.

Die vergelyking word vervolgens in die vorm van tabelle uiteengesit met die doel om die ooreenkomste en gevolgtrekkings weer te gee:

TABEL 38: MOTIVERING OM HUWELIKSVERRYKINGSKAMP BY TE WOON

KAMP 1 VOORTOETS	KAMP 2 VOORTOETS	KAMP 3 VOORTOETS	KAMP 6 FINALE AANBIEDING	OOREENKOMSTE EN SAMEVATTING
<p>Die egpaar wil <u>tyd saam spandeer</u>.</p> <p>Hulle wil hulle huweliks-<u>verhouding versterk en verryk</u>.</p> <p>Hulle wil mekaar weer <u>ontdek en beter leer ken</u>.</p> <p>Hulle wil deur die verryking van hulle huwelik ook hulle <u>verhouding met God versterk</u>.</p>	<p>Egpare wat die vorige huweliksverrykingsgeleentheid bygewoon het, het duidelik <u>positiewe terugvoer</u> gehad en op hierdie wyse ander egpare <u>oorreed</u> om te gaan.</p> <p>Wil hulle <u>verhouding verbeter</u>.</p> <p>Wil <u>tyd saam spandeer</u> – kry nie andersins genoeg tyd saam nie.</p> <p>Wil <u>ander se perspektiewe aanhoor</u>. Hierdie aspek dui op die waarde van 'n <u>groepervaring</u>.</p>	<p>Het <u>by ander gehoor</u> en is aanbeveel.</p> <p>Daar is leemtes en die geleentheid moet benut word vir <u>groei</u>.</p>	<p>Die <u>wegbreeknaweek ('retraite')</u> is as ideale geleentheid gesien om aan die huweliksverhouding aandag te gee.</p> <p>Is <u>deur ander egpare gemotiveer</u> wat reeds die program bygewoon het en positiewe groei ervaar het.</p> <p>Wil <u>vaardighede</u> aanleer en verbeter.</p>	<p>Is <u>deur ander egpare gemotiveer</u>.</p> <p>Wil <u>groei</u> en vaardighede verbeter.</p> <p>Wil <u>verhouding versterk</u> en <u>verryk</u>.</p> <p>Wil <u>verhouding met God versterk</u>.</p> <p>Wil <u>tyd saam spandeer</u>.</p> <p>Wil <u>ander se perspektiewe hoor</u>.</p>

TABEL 39: VERWAGTINGE VAN HUWELIKSVERRYKINGSKAMP VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING

KAMP 1 VOORTOETS	KAMP 2 VOORTOETS	KAMP 3 VOORTOETS	KAMP 6 FINALE AANBIEDING	OOREENKOMSTE EN SAMEVATTING
<p>Wil weer mekaar se <u>verwagtinge hoor</u> en daaraan voldoen.</p> <p>Wil <u>tyd saam spandeer</u> en dit geniet.</p> <p>Wil mekaar <u>beter verstaan</u> en <u>nader</u> aan mekaar <u>groei</u>.</p> <p>Wil <u>nuwe doelwitte</u> daarstel en <u>leer</u>.</p> <p>Wil hulle <u>kommunikasie</u> <u>verbeter</u>.</p>	<p>Wil <u>mekaar beter leer ken</u>, wil verhouding <u>verryk</u> en <u>toekoms beter ingaan</u>.</p> <p>Wil vir kinders <u>gesonde basis skop</u> (toekoms).</p> <p><u>Geestelik groei</u> deur middel van verryking van huwelik (Christelike toewyding).</p>	<p>Verryking, <u>nader</u> aan mekaar te <u>beweeg</u> en die <u>vonk terug</u> te sit.</p> <p><u>Geestelike groei</u> (Christelike toewyding).</p>	<p>Wil <u>tyd saam spandeer</u> en wegkom van die roetine en probleme van die elkedagse lewe.</p> <p>Wil graag <u>vaardighede</u> <u>verbeter</u> sodat realistiese lewensituasies hanteer kan word.</p> <p>Wil graag <u>met ander deel</u> en <u>van ander leer</u>.</p>	<p>Die egpare wil meer <u>leer</u>, veral ook van die ander egpare, wat dui op die behoefte aan <u>terugvoer van die portuurgroep</u>.</p> <p>Wil <u>verhouding verryk</u> en <u>nader</u> aan mekaar kom.</p> <p>Wil <u>vonk terugsit</u>.</p> <p><u>Geestelike groei</u> deur <u>toewyding</u> aan God en huwelik.</p> <p>Wil <u>groei</u> en <u>gesonde toekoms skop</u>.</p>

TABEL 40: EVALUERINGS VAN FOKUS OP POSITIEWE ASPEKTE VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING

KAMP 1 VOORTOETS	KAMP 2 VOORTOETS	KAMP 3 VOORTOETS	KAMP 6 FINALE AANBIEDING	OOREENKOMSTE EN SAMEVATTING
<p>Die <u>negatiewe</u> aspekte in die huweliksverhouding is deur die positiewe aspekte en die sterkpunte <u>oorskadu</u>.</p> <p>Die fokus op die positiewe was <u>nie blootstellend</u> nie.</p> <p>Die fokus op die positiewe was <u>opbouend</u>.</p>	<p>Die geneigdheid om op die negatiewe te konsentreer, het duidelik uit die meeste response geblyk. Die fokus op die positiewe is <u>verrykend</u> beleef en het <u>vaardighede</u> <u>verskaf</u> waar-mee die <u>realiteit hanteer</u> kon word.</p> <p>Het mekaar en mekaar se <u>positiewe</u> eienskappe <u>herontdek</u>.</p>	<p>Die positiewe word in die alledaagse lewe vergeet en daar word op die negatiewe gekonsentreer.</p> <p>Die huweliksverrykings-geleentheid het die <u>positiewe</u> weer <u>beklemtoon</u> en 'n <u>basis vir die toekoms verskaf</u>.</p>	<p>Die negatiewe aspekte in die huweliksverhouding is deur die positiewe aspekte en die sterkpunte <u>oorskadu</u>.</p> <p>Die fokus op die positiewe het daartoe gelei dat die <u>negatiewe daardeur hanteer</u> kon word en was dus <u>opbouend</u></p>	<p>Die fokus op die positiewe was <u>verrykend, opbouend, nie blootstellend</u> nie en het 'n <u>basis vir die toekoms</u> verskaf.</p> <p>Die <u>negatiewe</u> en die <u>realiteit</u> kan <u>deur</u> die <u>positiewe hanteer</u> word.</p> <p>Die positiewe is <u>weer beklemtoon</u>.</p> <p>Het <u>eie en mekaar se positiewe aspekte herontdek</u>.</p>

TABEL 41: RESPONSE OP 'HERONTDEKKING' VAN HUWELIKSMAATS

KAMP 1 VOORTOETS	KAMP 2 VOORTOETS	KAMP 3 VOORTOETS	KAMP 6 – FINALE AANBIEDING	OOREENKOMSTE EN SAMEVATTING
<p>Dat die huweliksmaats <u>steeds lief</u> is vir mekaar.</p> <p>Dat die huweliksmaats nie genoeg tyd saam spandeer nie en sodoende <u>by mekaar verbyleef</u>.</p> <p>Weer 'ou' positiewe eienskappe <u>ontdek</u>.</p> <p>Wil albei <u>God se liefde</u> in huwelik <u>uitleef</u> (Christelike toewyding).</p>	<p>Mekaar weer <u>herontdek</u>. Realiteit van lewe lei tot <u>stagnasie</u>. Vergeet wat hulle na mekaar aangetrek het. Verryking het bygedra dat aspekte in mekaar en self <u>herontdek</u> is.</p> <p>Geslaagde huweliksverhouding is <u>harde werk</u>. <u>Vaardighede</u> kan <u>aangeleer</u> word om verhouding te verryk en te laat slaag.</p>	<p>Het <u>ontdek</u> dat tyd saam belangrik is en dat daar gekommunikeer moet word.</p> <p>Het <u>mekaar steeds lief</u>, moet mekaar geniet en tyd maak vir speel.</p>	<p>Het mekaar weer <u>herontdek</u> en weer leer waardeer.</p> <p>Om beter te <u>kommunikeer</u> en om <u>konfliksituasies</u> te <u>hanteer</u>.</p> <p>Het <u>begrip</u> vir mekaar ontwikkel.</p>	<p>Het mekaar <u>steeds lief</u>.</p> <p>Mekaar <u>ontdek</u> en <u>herontdek</u>.</p> <p>Weet hulle stagneer en leef by mekaar verby – moet <u>tyd maak</u>.</p> <p>Het <u>begrip</u> ontwikkel.</p> <p><u>Vaardighede</u> aangeleer, veral vir <u>kommunikasie</u> en <u>konflikhantering</u>.</p>

TABEL 42: RESPONSE OP VRAAG OF HUWELIKSVERRYKING NOG SIN HET

KAMP 1 VOORTOETS	KAMP 2 VOORTOETS	KAMP 3 VOORTOETS	KAMP 6 VOORTOETS	OOREENKOMSTE EN SAMEVATTING
<p>Huweliksverryking het <u>beslis sin</u>.</p> <p>Huweliksverryking behoort <u>voortdurend plaas te vind</u></p> <p>Gejaagde lewe lei daartoe dat huweliksmaats nie genoeg tyd saam spandeer met doel om huwelik te verryk nie.</p> <p><u>TYD</u> saam het positiewe gevolge.</p> <p><u>Besinning</u> oor wat hulle in mekaar het en <u>beplanning</u> vir realiteit kan alleen geskied wanneer <u>tyd saam</u> spandeer word.</p>	<p>Al die egpare het positief reageer – huweliksverryking is <u>noodsaaklik</u>.</p> <p>Verryking behoort 'n <u>voortdurende proses</u> te wees om groei te bewerkstellig.</p>	<p>Die egpare was dit eens dat huweliksverryking <u>noodsaaklik</u> is en veral dan ook in die moderne tyd as gevolg van beperkte tyd en verhoogde eise.</p>	<p>Huweliksverryking het <u>beslis sin</u> in die hedendaagse tyd.</p> <p>Behoort <u>voortdurend plaas te vind</u>. Die gejaagde lewe lei daartoe dat huweliksmaats <u>nie genoeg tyd saam</u> spandeer met die doel om hulle huwelik te verryk nie.</p> <p><u>Huwelik is basis</u> vir gesonde samelewing – 'n samelewing wat nie gesonde huwelike voorstaan nie. Huweliksverryking het daarom 'n belangrike plek.</p>	<p>Omdat die huwelik die <u>basis</u> van 'n gesonde samelewing is, is huweliksverryking <u>noodsaaklik</u> en <u>het beslis sin</u>.</p> <p><u>Beperkte tyd saam</u> as gevolg van moderne lewe noodsaak huweliksverryking.</p> <p><u>Tyd</u> wat saam spandeer word, het <u>positiewe gevolge</u>.</p> <p>Huweliksverryking behoort <u>voortdurend</u> plaas te vind.</p>

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

Vanuit die tabelle is dit duidelik dat die terugvoer van die egpare vir die verskillende kampe ooreengekom het. Positiewe terugvoer is telkens ontvang. Huweliksmaats het die tyd saam benut vir herontdekking van mekaar, vir groei en vir die verbetering van vaardighede vir kommunikasie en konflikhantering. Die fokus wat deur die loop van die program op die positiewe aspekte in die individuele huweliksmaats en in die verhouding as geheel geplaas is, is positief ervaar. Die egpare het nie blootgestel gevoel nie en die negatiewe aspekte is deur die positiewe aspekte oorskadu. Die aanbeveling is gemaak dat huweliksverryking voortdurend moet geskied. Die moderne lewe met beperkte tyd saam, noodsaak dat egpare tyd vir verryking moet afstaan.

Daar kan nie anders as om vanuit hierdie vergelyking van vier verskillende huweliksverrykingsgeleenthede af te lei dat die huweliksverrykingsprogram 'n verandering in huweliksmaats se gedrag, gevoelens en houding teweeggebring het nie. Ten spyte daarvan dat die groepsdinamika vir elke groep verskil, is die fokus wat op die egpaar as 'n eenheid geplaas word, dieselfde vir al die geleenthede. Die inhoud van die program het dus dieselfde gevolge. Die betroubaarheid, toepasbaarheid, ooreenstemming en neutraliteit van die ingesamelde kwalitatiewe data is deur die vergelyking bevestig (Vgl. Poggenpoel, 1998:350-351.)

5.4 SAMEVATTING

- 5.4.8. Die literatuurhoofstukke ten opsigte van die aard van die moderne huwelik, huweliksverryking en groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk het die basis verleen vir die ontwikkeling van die huweliksverrykingsprogram. Die program is by verskeie geleenthede aangebied en geëvalueer met die oog op die uiteindelijke verfyning daarvan. Die finale evaluering ten opsigte van die effektiwiteit van die program is gedoen. Vir die verloop van die navorsing is die proses van intervensienavorsing gevolg. Die werkwyse van gemengde metodologie ontwerp ('*mixed methodology design*') is gevolg waar eweveel kwalitatiewe en kwantitatiewe data ingesamel en verwerk is.
- 5.4.9. Nadat die probleemanalise gedoen is en die projek beplan is, is data ingesamel en 'n sintese daarvan is gemaak. Die program is ontwerp aan die hand van die inligting wat verkry is en vanuit bestaande huweliksverrykingsprogramme soos dit op wetenskaplike wyse in die VSA aangebied word.
- 5.4.10. Die program is by vyf geleenthede as deel van die voortoets aangebied en telkens aangepas. Vanuit die voortoets was dit reeds duidelik dat die program 'n invloed op die algemene huweliksbevrediging van die individuele huweliksmaats gehad het. Tydens die vyfde aanbieding van die program is die huweliksbevrediging deur middel

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek

van die *Kansas Marital Satisfaction Scale* en die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging gemeet. Hierdie oefening het aangetoon dat die twee gestandaardiseerde meetinstrumente wel bruikbaar was en dat die huweliksbevrediging van die individuele huweliksmaats op albei metings verbeter het.

- 5.4.11. Vir die finale evaluasie en gevorderde ontwikkeling is daar van die vergelykende groep voortoets-natoets ontwerp gebruik gemaak. Al 22 egpare van die steekproef het aan die gestelde kriteria voldoen. Die egpare is in twee groepe verdeel en die beginsels van die Solomon viergroepoets is gebruik om te bepaal of daar enige ander faktore, soos byvoorbeeld die invul van die voortoets was wat moontlik 'n invloed op die finale meting sou hê.
- 5.4.12. Die gemiddelde ouderdom van die manlike respondente was 42 jaar en van die vroulike respondente was 40.8 jaar. Die meerderheid van die respondente het 'n tersiêre kwalifikasie asook 'n professionele beroep gehad. Die meerderheid van die egpare was onderskeidelik 18 en 20 jaar getroud. 81.8% van die vroulike respondente het in die 19 – 22 jaar kategorie geval toe hulle getroud is, terwyl 81.8% van die manlike respondente 22 – 24 jaar oud was met huweliksluiting. Die 22 egpare het altesaam 51 kinders gehad met die meerderheid kinders in die fase 13 – 18 jaar wat die fase van adolessensie is.
- 5.4.13. Die huweliksbevrediging van die individuele huweliksmaats in die eksperimentele groep het met die *Kansas Marital Satisfaction Scale* met gemiddeld 11% verbeter. Die kwantitatiewe meting is direk na afloop van die program gedoen en weer twee weke later. Die meting aan die hand van die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging, dui daarop dat die huweliksbevrediging van die egpare in die eksperimentele groep met gemiddeld 10.7 punte verbeter het vanaf die eerste na die tweede meting en met 8 punte vanaf die eerste na die derde meting. Wanneer die punte vir die Hudsonskaalmetings met vyf punte en meer verbeter, kan daar reeds aangeneem word dat die intervensie 'n verskil gemaak het. Indien die punte met tien en meer punte verskil, kan daar met 95% sekerheid aangeneem word dat daar 'n positiewe verandering ingetree het.
- 5.4.14. Met behulp van die benutting van die statistiese metodes vir die Solomon viergroepoets is bepaal dat die invul van die vraelyste voor die tyd geen invloed op die respondente gehad het nie. Die positiewe resultate kan dus aan die invloed van die intervensie, naamlik die huweliksverrykingsprogram, toegeskryf word.
- 5.4.15. Vanuit die kwalitatiewe data is die kwantitatiewe metings bevestig. Al die egpare wat die program meegemaak het, het veranderinge in nie alleen houdings en denke nie, maar ook in gedrag aangedui. Die adolessente kinders het die verandering in die

Hoofstuk 5: Empiriese Onderzoek


ouers opgemerk en waardeer. Op hierdie wyse is die positiewe resultate deur belangrike ander individue bevestig. Die kwalitatiewe opname is twee maande na afloop van die aanbieding van die program gedoen en die resultate was steeds besonder positief.

5.4.16. Die vergelykende groep was meer homogeen as die eksperimentele groep en gevolgtrekkings hieroor word volledig in hoofstuk 6 bespreek. Die egpare in die vergelykende groep het geen statisties beduidende veranderinge ten opsigte van huweliksbevrediging aangedui nie.

5.4.17. Die program sal na afloop van hierdie navorsingstudie vir uiteindelijke disseminasie gereed gemaak word

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

HOOFSTUK 6



ALGEMENE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Die inhoud van die navorsingsverslag sien soos volg daaruit: In hoofstuk 1 is die navorsingsproses, en wel aan die hand van die proses van intervensienavorsing, uiteengesit. Die motivering vir die studie, die probleemformulering en die navorsingsvraag asook die hipotese vir die navorsing, is weergegee.

In hoofstuk 2 is die aard van die moderne huwelik bespreek met besondere klem op die komponente van die huweliksverhouding, die huwelik in die verskillende fases van die lewensiklus en die dubbelloopbaanhuwelik. Hierdie bespreking is genoodsaak deur die feit dat die aard van die moderne huwelik van die aard van die tradisionele huwelik verskil en enige intervensie ten opsigte van die huweliksverhouding moet hierdie inligting as basis beskou.

In hoofstuk 3 is die aard van huweliksverryking bespreek. Die ontstaan daarvan, die doelstellings, bestaande programme, leierskap in huweliksverryking en die evaluering en effektiwiteit van huweliksverryking het aandag geniet.

In hoofstuk 4 is die aard van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk ondersoek. Doelstellings, leierskap, funksionele reëlings en fases in die proses is aangespreek.


In hoofstuk 5 is die empiriese ondersoek, waartydens die huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljarige ontwikkel, aangebied en geëvalueer is, bespreek. Sowel die kwalitatiewe as die kwantitatiewe data soos tydens die ondersoek verkry, is volledig bespreek.

In hoofstuk 6 word 'n algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die vorige hoofstukke gegee asook die toetsing van die doelstelling, doelwitte, navorsingsvraag en hipotese.

Die skematiese voorstelling van die uiteensetting van hoofstuk 6 sien soos volg daaruit:

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

FIGUUR 27: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN HOOFSTUK 6



6.2 HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK

6.2.1 SAMEVATTING

Die behoefte aan huweliksverryking in die hedendaagse samelewing is bespreek. Egskeidingsyfers is hoog en veral ook in die fase van die vroeë middeljare wanneer ouers die verantwoordelikheid vir die versorging van adolessente kinders asook bejaarde ouers het. Die probleem is geformuleer in terme van die hoë egskeidingsyfer en die feit dat huweliksverrykingsprogramme in Suid-Afrika nie algemeen beskikbaar is nie. Programme vir huweliksverryking word dikwels deur godsdienstige instellings aangebied, maar is nie noodwendig wetenskaplik verantwoordbaar nie.

Die doel van die ondersoek is gestel as die ontwikkeling, toepassing en evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare, aangebied deur middel van 'n groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses.

Die hipotese is soos volg gestel: Indien egpare in die vroeë middeljare 'n huweliksverrykingsprogram, aangebied met behulp van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk, deurloop, sal die huweliksbevrediging verbeter.

Beide die kwalitatiewe- en die kwantitatiewe navorsingsbenadering (gemengde metodologie) is vir die studie gebruik. Die soort navorsing wat vir die studie gebruik is, is

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

intervensienavorsing. Kortliks kan intervensienavorsing beskryf word as die ontwikkeling, aanbieding en evaluering van 'n intervensieprogram. Die proses van intervensienavorsing was dus presies van toepassing vir die doelstelling van die ondersoek. Die program is na aanleiding van die navorser se MA (MW)-verhandeling oor die middeljare as lewensfase, deeglike literatuurstudie, bestaande programme vir huweliksverryking en waarneming van, asook eksplorering ten opsigte van, die teikengroep ontwikkel. Die program is as voorondersoek vyf keer aangebied. Data is deurlopend ingesamel en die program is telkens aangepas aan die hand van evaluering deur die navorser asook deur die deelnemers aan die programme. Die finale aanbieding van die program is aan die hand van die kwasi-eksperimentele ontwerp gedoen. Respondente is deur middel van nie-waarskynlikheid-steekproeftrekking en wel met toevallige steekproeftrekking asook kriteria soos vir doelgerigte steekproeftrekking gestel, betrek. Twee en twintig egpare, elf vir die eksperimentele groep en elf vir die vergelykende groep, is vir die finale evalueringsfase ingesluit. Kwalitatiewe- asook kwantitatiewe data is deurlopend ingesamel. Die beginsels vir die Solomon viergroeptoets, waartydens die invloed van die voortoets getoets is, is gebruik. Meting van huweliksbevrediging is voor die aanbieding van die program gedoen, direk na afloop van die aanbieding en twee weke na afloop van die aanbieding van die program.

6.2.2 GEVOLGTREKKINGS

Vanuit die algemene inleiding tot die ondersoek kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die huwelik in die moderne tyd word blootgestel aan verskeie stressors. Die hoë egskeidingsyfer is hiervan 'n aanduiding. In die fase van die vroeë middeljare maak die aantal egskeidings ongeveer een vyfde van die totale aantal egskeidings uit. Daaruit kan afgelei word dat die huwelik in hierdie fase onder druk verkeer. Huweliksverryking as voorkomende aksie is noodsaaklik vir die aanspreek van die huidige aard van die moderne huwelik.
- Die proses van intervensienavorsing is by uitstek geskik vir nie alleen die ontwikkeling van nuwe intervensieprogramme nie, maar ook die evaluering daarvan.
- Die gebruik van beide die kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsingsbenaderings dra daartoe by dat navorsingsresultate op verskillende wyses bevestig kan word en uiteindelik geïntegreerd weergegee kan word. Die betroubaarheid van die resultate word op hierdie wyse verhoog.
- Toevallige steekproewe is nie die ideaal nie. Wanneer daar egter in ag geneem word dat die bywoning van 'n huweliksverrykingsgeleentheid vrywillig en aan die hand van egpare se beskikbare tyd geskied, is die tipe steekproef wel bruikbaar. Die



Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

bruikbaarheid daarvan word verhoog deur die feit dat die egpare almal aan die gestelde kriteria, soos vir doelgerigte steekproeftrekking, voldoen het.

- Die steekproef was klein, maar die intervensie het reeds beduidende positiewe resultate aangetoon. Tog is dieselfde temas (kwalitatief) deur die hele proses aangetref. Die totale aantal egpare wat van die begin van die navorsingsproses betrokke was, was nege en vyftig (59).

6.2.3 AANBEVELINGS

- Die huweliksverrykingsprogram kan weer aangebied word en die invloed daarvan op die huweliksbevrediging met gestandaardiseerde meetinstrumente getoets word. Die invloed van die program kan dus op kwantitatiewe wyse bevestig word.
- Formele, ewekansige toewysing van egpare aan eksperimentele groepe en aan kontrolegroepe kan moontlik die betroubaarheid van resultate verhoog, maar die moontlikheid bestaan dat die spontaneïteit wat deel van huweliksverrykingsprogramme uitmaak, verlore kan gaan.
- Die program is slegs aan wit, Afrikaanssprekende egpare aangebied. Die aanbeveling word gemaak dat die program aangepas en ook aan ander kulturele groepe aangebied word alvorens veralgemenings ten opsigte van die invloed daarvan op alle egpare in die vroeë middeljare gemaak word.

6.3 HOOFSTUK 2: DIE MODERNE HUWELIK

6.3.1 SAMEVATTING

Die huwelik bly steeds een van die belangrikste verbintenisse van die lewe, maar die moderne huwelik verskil van die tradisionele huwelik. Die aard van die moderne huwelik is ondersoek aangesien die inligting die basis vorm van intervensieprogramme wat vir die moderne tyd ontwikkel word. Tradisionele rolle gekoppel aan geslagsrolle bepaal nie meer die aard van die moderne huwelik nie. Gelykheid en individuele groei en ontwikkeling geniet dikwels meer aandag as die gesamentlike verhouding. Egskeidings neem toe as gevolg van die kompleksiteit van die moderne huwelik.

Die huwelik bestaan uit verskillende komponente en die somtotaal van hierdie komponente bepaal die huweliksverhouding. Vir die doel van hierdie studie is gesin van herkoms, kommunikasie, konflikhantering, seksualiteit en potensiële groeiruumte as komponente bespreek. In die huweliksverrykingsprogram het hierdie komponente spesifieke aandag geniet. Die gesin van herkoms speel 'n belangrike rol in die aard van die funksionering van individuele huweliksmaats met uiteindelijke invloede op die huweliksverhouding as geheel.

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

Geen individu kan die gesin van herkoms ontsnap nie, maar wanneer die invloed daarvan begryp word, kan daar met die nodige aanpassings begin word sodat die huidige huweliksverhouding nie negatief daardeur geraak word nie.

Kommunikasie is baie belangrik vir huweliksbevrediging. Daaronder kan geen huweliksverhouding groei en ontwikkel nie. Huweliksmaats kan bedrewehede vir kommunikasie aanleer. Empatie en selfopenbaring is sleutelemente in suksesvolle kommunikasie. 'n Suksesvolle huwelik word nie deur die afwesigheid van konflik gekenmerk nie, maar wel deur die korrekte hantering daarvan. Bedrewehede vir konflikhantering kan ook aan 'n egpaar geleer word. Die korrekte hantering van konflik lei tot groei en verligte spanning. Huweliksmaats verloor nie hulle eie individualiteit wanneer hulle in die huwelik tree nie. Afsonderlike en gesamentlike groei is noodsaaklik vir 'n suksesvolle huwelik en huweliksmaats moet aan mekaar die nodige ruimte daarvoor bied. Seksualiteit is 'n belangrike komponent van die huweliksverhouding, maar word dikwels afgeskeep as gevolg van beperkte tyd en te veel verantwoordelikhede. Huweliksmaats kommunikeer nie so maklik oor hierdie aspek van die verhouding nie. Wysies vir spel, avontuur, opwinding en veranderde roetine kan deur middel van huweliksverryking oorgedra word.

Huweliksbevrediging is 'n subjektiewe oordeel oor die stand van die huwelik en verskil tussen mans en vrouens. Mans en vrouens gebruik verskillende kriteria vir die evaluering van hulle eie huweliksbevrediging. Sekere faktore soos kommunikasie, konflikhantering, eenheid, intimiteit, vertroue, lojaliteit en toewyding bepaal die sukses van 'n huwelik. Huweliksmaats moet ooreenstem oor die aard van hierdie faktore alvorens hulle aan 'n suksesvolle huwelik kan werk.

Daar is verskillende fases in die lewensiklus van die gesin. Die fase waarop daar in hierdie navorsing gefokus word, is die fase van die middeljare en wel die vroeë middeljare waar die jongste kind reeds in die hoërskool is, maar die ouers nog nie in die leënes fase is nie. Die huwelik met adolessente in die huis word aan spanning onderwerp en die resultaat daarvan is 'n relatief hoë egskedingsyfer.

Die middeljare vra aanpassings by veranderinge en 'n herevaluering van die huweliksverhouding. Hierdie herevaluering maak dit 'n uiters geskikte fase vir die verryking van die huwelik. Die huweliksmaats staan in die middel van hulle volwassewordende kinders en hulle bejaarde ouers. Huweliksbevrediging kan selfs hoër wees as gevolg van verminderde verantwoordelikhede rondom die fisiese versorging van die kinders en met meer tyd vir eie groei en ontwikkeling, asook vir die groei van die huweliksverhouding.

Die dubbelloopbaanhuwelik en dubbelinkomstehuwelik is 'n kenmerk van die moderne tyd. Albei huweliksmaats moet werk om finansiële te kan oorleef, maar hierdie situasie plaas meer



Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

verantwoordelikhede op die egpaar en hulle het minder tyd saam. Die aard van hierdie huwelike vra spesifieke kennis en begrip, asook huweliksverrykingsprogramme wat ontwikkel word met die doel om tyd beter te beplan en rolle beter te verdeel.

6.3.2 GEVOLGTREKKINGS

Die volgende gevolgtrekkings kan na aanleiding van die ondersoek na die aard van die moderne huwelik gemaak word:

- Die veranderde aard van die moderne huwelik vra na intervensie met die oog op die voorkoming van probleme en uiteindelijke egskeding. Die huidige welsynsbeleid van Suid-Afrika vereis voorkoming en bemagtiging en moedig verrykingsprogramme aan egpare en gesinne aan.
- Huweliksverrykingsprogramme behoort ontwikkel te word met die aspekte wat 'n invloed op die huweliksverhouding kan uitoefen, in gedagte. Aspekte soos beperkte tyd, individualisme en die klem op selfontwikkeling asook die daarstelling van hulpbronne vir die huwelik kan nie uit die oog verloor word in die beplanning van intervensie nie.
- Elke fase in die lewensiklus van die gesin en dan spesifiek van die egpaar, het eiesoortige eise en verantwoordelikhede. Die aard van die huweliksverhouding in die vroeë middeljare word deur verskeie faktore beïnvloed. Adolesente kinders, beroepseise, bekommernis oor en versorging van bejaarde ouers asook fisiese veranderinge wat intree, beïnvloed die aard van die huweliksbevrediging.
- Kommunikasie, konflikhantering, potensiële groeiruumte en seksualiteit word deur navorsing uitgelig as prioriteitskomponente in die funksionering van die egpaar. Hierdie komponente benodig vaardighede en maak dit ideaal vir huweliksverrykingsprogramme.
- Die kwaliteit van 'n huweliksverhouding kan aan die hand van die aard van die huweliksmaats se huweliksbevrediging gemeet word. Huweliksbevrediging is nie staties nie en word deur omstandighede beïnvloed.
- Faktore wat nodig is om 'n huwelik te laat slaag, is intimiteit in balans met outonomieit, toewyding, kommunikasie en konflikhantering, godsdienstige oriëntasie en kongruente persepsies en waardes ten opsigte van die verhouding.
- Die dubbelloopbaanhuwelik en dubbelinkomstehuwelik is tekenend van die moderne tyd. Die huidige ekonomiese klimaat noodsaak beide huweliksmaats om buitenshuis te werk. Hierdie omstandighede het noodwendige gevolge op die aard van die huweliksverhouding aangesien tyd saam beperk word. Spanning en



Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

verantwoordelikhede ten opsigte van die huis en die werk het dikwels 'n negatiewe invloed op die egpaar se verhouding.

6.3.3 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings ten opsigte van die ondersoek na die aard van die moderne huwelik word gemaak:

- Die aard van elke lewensfase moet bestudeer en in ag geneem word in die ontwikkeling en aanbieding van huweliksverrykingsprogramme. Elke fase het andersoortige eise en verantwoordelikhede waarby aangepas moet word.
- Aanbieders van huweliksverrykingsprogramme moet deeglike kennis van die aard van die moderne huwelik dra alvorens daar tot hierdie area toegetree word. Eng, konserwatiewe denke ten opsigte van huweliksfunksionering kan beperkend wees in die huidige tyd.
- Die invloed van die gesin van herkoms, kommunikasie, konflikthantering, potensiële groeiruumte en seksualiteit word as prioriteitskomponente uitgelig. Daar word aanbeveel dat aanbieders van huweliksverrykingsprogramme die aard van die komponente sal ken en aan egpare spesifieke vaardighede leer vir die beter hantering daarvan.

6.4 HOOFSTUK 3: HUWELIKSVERRYKING

6.4.1 SAMEVATTING

David en Vera Mace het in 1962 met huweliksverryking begin. Die menslike potensiaalbeweging, waar op sterkpunte en groei gefokus word, lê ten grondslag van huweliksverryking.

Huweliksverryking is 'n wyse waarop egpare gehelp word om hulle sterkpunte te ontdek en te benut alvorens dit nodig is dat hulle om hulp gaan vra. Die doel is om goeie huwelike beter te maak. Huweliksverryking het ten doel om die lewens en huwelike van egpare en huweliksmaats individueel te verryk. Aspekte wat oorspronklik reeds waarde gehad het, word verder verbeter. Verskeie faktore is nodig om te voorkom dat 'n huweliksverhouding stagneer of uiteindelik tot niet gaan, naamlik onder andere waardering, geleenthede vir selfaktualisering, toewyding aan mekaar, effektiewe kommunikasie en die kreatiewe gebruik van konflik.

Huweliksverryking kan op verskillende wyses gedoen en aangebied word. Groepe vir egpare, waaronder ondersteuningsgroepe, groepe vir huweliksverryking en opvoedkundige werkgroepe word benut. 'Retraites' (stil verblyf in afsondering) word oor naweke en veral deur

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

kerkgenootskappe aangebied.

Die leier in huweliksverryking moet self 'n goeie huweliksverhouding hê, moet 'n bedrewe opleier wees, moet 'n model wees, moet op groei fokus en moet op 'n gebalanseerde wyse selfopenbaring kan doen. 'n Goed funksionerende egpaar is ideale groepleiers vir huweliksverrykingsprogramme.

Verrykingsprogramme word vanuit verskeie sielkundige en sosiologiese teorieë aangebied, naamlik die algemene sisteemteorie, die humanistiese psigologie, die behavioristiese teorie, die psigo-analitiese teorie, kognitiewe herstrukturering, die groeimodel, kerklik en godsdienstig georiënteerde benaderings, vanuit die gestaltbenadering en ook vanuit die transaksionele analise.

Programme vir huweliksverryking is met die verloop van tyd in die VSA ontwikkel, soos onder andere die TIME-program, *Working Together*, die PREP-program, die MDH-program, die *Marital Enrichment Program*, die naweek-'retraite' van Clinebell en die *Caring Days – self-help technique*.

Intensiewe navorsing ten opsigte van die effektiwiteit van huweliksverryking is noodsaaklik. Dienste kan alleen deur middel van navorsing verbeter en teorie daar rondom uiteindelik ontwikkel word.

Huweliksverryking blyk effektief te wees wanneer die egpaar se funksionering nie reeds problematies was en terapie vereis het nie. Die relatief goed funksionerende egpaar se huweliksbevrediging verbeter met behulp van huweliksverryking.

6.4.2 GEVOLGTREKKINGS

- Therapie en behandeling vir huweliksprobleme is vrylik beskikbaar, maar voorkoming en verryking geniet nie genoeg aandag nie, veral nie in Suid-Afrika nie.
- Verryking is 'n voorkomende benadering waar gepoog word om egpare te bereik voordat hulle betrokke raak in disfunksionele patrone en terwyl hulle nog gemotiveerd is om aan hulle verhouding aandag te gee. Die doel is om goeie huwelike beter te maak. Huweliksverryking word ook gesien as 'n diens aan huwelike waar die lewens en huwelike van egpare gewoon verryk word sonder dat hulle 'n voorkomende of terapeutiese diens benodig.
- Vanuit die groeiperspektief word die huwelik beskou as 'n proses van verandering en ontwikkeling – 'n gesamentlike produk wat deur beide huweliksmaats voortdurend tot ontplooiing gebring word. Huweliksverryking word vir hierdie doel ontwikkel en benut.



Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

- Huweliksverryking het ten doel om egpare in staat te stel om die bedrewenhede wat vir 'n suksesvolle huwelik benodig word, naamlik toewyding aan mekaar, 'n effektiewe kommunikasiesisteem en die kreatiewe gebruik van konflik, te bekom.
- Huweliksverryking kan op verskeie wyses aangebied word. Groepe vir egpare word dikwels gebruik en die fokus van groepe kan verskil. Ondersteuningsgroepe, opvoedkundige werkgroepe, groepe vir ervaringsleer en groepe gerig op die aanleer van vaardighede, is van die soorte groepe wat aangebied word. '*Retraites*' (wegbreeknaweke) is gewild vir die aanbod van 'n program en word benut vir die uniekheid van die atmosfeer en die wegbreek van die daaglikse roetine.
- Die leier(s) van 'n huweliksverrykingsgroep moet self 'n goeie huweliksverhouding hê, bedrewe wees in kleingroepleierskap, huweliksberaad en krisisintervensie, 'n bedrewe opleier wees en as model van interaksie en groei dien. Soos in alle vorme van intervensie, is die vaardighede, houding, gedrag en gesindheid van die leier van kardinale belang vir die uiteindelijke groei wat by die deelnemers plaasvind.
- Huweliksverryking kan vanuit verskillende teoretiese grondslae aangebied word. Vir die doel van hierdie navorsing is die humanistiese psigologie en die beginsels van kognitiewe herstrukturering met positiewe resultate benut. Een van die aspekte wat as leemte in die aanbieding van huweliksverrykingsprogramme uitgelig word, is die feit dat programme dikwels nie op 'n wetenskaplike grondslag gebou is nie.
- Huweliksverryking kan en behoort in alle fases van die lewensiklus aangebied te word. Elke fase verskil van die vorige en benodig verskillende vaardighede om die aanpassing by veranderinge moontlik te maak. Huweliksverryking in die middeljare het besondere sin aangesien die egpaar op hierdie wyse gereed kan maak vir die fase van die leënes waar hulle op 'n daaglikse basis alleen met mekaar in interaksie verkeer. Indien hulle tot op daardie stadium nie alleen individueel nie, maar ook gesamentlik gegroei het, kan die fase van die laat middeljare en van bejaardheid 'n hoogtepunt in die huweliksfunksionering wees.
- Bestaande programme soos in die VSA ontwikkel en aangebied, is as verwysing en as hulpbronne beskikbaar. Moontlikhede vir die aard van werksessies en ook aktiwiteite en funksionele hulpmiddels soos in die programme aangewend, kan vir Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas word.
- Huweliksverryking in die VSA is deur verskeie navorsingstudies as suksesvol bewys, maar die evaluering ten opsigte van die effektiwiteit daarvan geniet nie op 'n deurlopende wyse aandag nie. Programme word steeds op 'n lukraak wyse aangebied, veral ook in Suid-Afrika.

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

6.4.3 AANBEVELINGS

- Huweliksverrykingsprogramme moet op 'n wetenskaplike wyse ontwikkel en aangebied word. 'n Verskeidenheid teoretiese grondslae is beskikbaar en kan as vertrekpunt gebruik word. Die lukraak aanbieding van programme doen dikwels skade en moet daarom uit die weg geruim word.
- Huweliksverrykingsprogramme vir spesifieke lewensfases en anderssoortige omstandighede moet ontwikkel word. Die basiese beginsels vir kommunikasie, konflikhantering en interpersoonlike verhoudings is universeel, maar moet aangepas word by die eise en uniekheid van elke fase en spesifieke situasie.
- Die aanbieders van huweliksverrykingsprogramme moet opgelei wees in die beginsels van groepleierskap, menslike interaksie en huweliksfunksionering. Wanneer in ag geneem word dat groepe van tot 15 egpare op een slag 'n program kan meemaak, word dit sterk aanbeveel dat 'n leek nie die proses sal fasiliteer nie. Huweliksverryking is 'n wetenskaplike toetrede tot die leefwêreld van die egpaar en vereis 'n wetenskaplike agtergrond van die leier van die program.
- Huweliksverrykingsprogramme moet op 'n deurlopende basis aan evaluering onderwerp word en die invloed daarvan op 'n wetenskaplike wyse gemeet word. Dit word aanbeveel dat die aanbieders van programme beskikbare gestandaardiseerde meetinstrumente benut vir die meet van huweliksbevrediging. Op hierdie wyse sal die standaard van huweliksverryking verhoog word en meer egpare sal uiteindelik daarvan gebruik wil maak.
- Huweliksverryking moet doelgerig bemark word en wel op so 'n wyse dat die skeptisisme van die populasie uit die weg geruim kan word. Huweliksverryking fokus nie op probleme nie, maar werk met bestaande potensiaal. Die belegging wat reeds in die verhouding gemaak is, word versterk sodat selfs meer wins daaruit verkry kan word. Indien professionele persone met die nodige toewyding en wetenskaplike ingesteldheid tot hierdie vorm van intervensie toetree, kan die resultate daarvan as motivering vir egpare dien om ook vir huweliksverryking te gaan.

6.5 HOOFSTUK 4: GROEIGEORIËNTEERDE MAATSKAPLIKE GROEPWERK

6.5.1 SAMEVATTING

Groiegroepe is instrumente waardeur individue gehelp kan word om latente hulpbronne in hulleself te ontdek en te gebruik. Groiegroepe het in die laat sestiger- en sewentigerjare ontstaan. Die fokus het egter daarna verskuif na terapie en behandeling waar meer op bestaande probleme gefokus word.

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

Die doel van 'n groeigroep is nie om probleme te hanteer nie, maar om te groei en te ontwikkel. Groeigroepe vra eerlikheid, toewyding, openheid en betrokkenheid van die deelnemers daaraan. Terugvoer van ander groeplede en van die groepwerker is noodsaaklik en dra by tot die openheid tot verandering.

Groepsdoelstellings motiveer en dui die rigting van groeplede se gedrag aan. Die groepleier en die groeplede moet ten opsigte van die groep se doelstellings onderhandel sodat dieselfde visie vir die groep gedeel word. Algemene doelstellings vir groeigroepe is die fasilitering van die geleentheid tot lewenskwaliteit, selfverbetering, psigiese gesondheid, die bou en handhawing van medemenslike verhoudings, interpersoonlike effektiwiteit en selfaktualisering.

Groepe het verskeie unieke eienskappe en hierdie dinamika bied aan die individu geleenthede tot groei. Die eienskappe is 'n unieke sosiale opset, 'n ondersteunende klimaat, die invloed van die groeplede, die gevoelens wat in die groep na vore kom, interpersoonlike vaardighede wat gebruik moet word, die invloed van die portuurgroep, 'n verskeidenheid perspektiewe, vergelyking met ander, terugvoer van ander, 'n herstellende omgewing en ondersteunende verhoudings.

Groeigroepe kan op verskillende lewensfasies en in verskillende lewensituasies aangebied word. Die moontlikhede vir die benutting daarvan is onbeperk.

6.5.2 GEVOLGTREKKINGS

- Literatuur rondom groeigroepe is nie reserant nie aangesien die klem in die laaste twee tot drie dekades op terapie en nie op verryking en groei geplaas is nie. Therapie geniet meer aandag en gee aan probleme aandag. Daar word egter tans weer terugbeweeg na 'n groei-oriëntasie met die oog op die voorkoming van probleme.
- Vir die doel van huweliksverryking is die groeigroep ideaal. Die groepskohesie, die atmosfeer, die terugvoer van die ander groeplede, die geleentheid om te ervaar en te eksperimenteer en die ondersteuning van die res van die groep, bied die moontlikheid om die ervaring meer intens te beleef. Die waarde van groepsdinamika is reeds keer op keer bewys.
- Die fokus van die groeigroep bied die perfekte geleentheid vir huweliksverryking. In die groeigroep word daar op groei gefokus deur groeplede daartoe in staat te stel om latente hulpbronne en sterkpunte te ontdek, te laat herontdek en uit te bou. In huweliksverryking word daar met die potensiaal in die huweliksverhouding gewerk en word die egpaar en die huweliksmaats individueel tot groei aangemoedig.
- Lewenskwaliteit, selfverbetering, psigiese gesondheid, medemenslike verhoudings, interpersoonlike effektiwiteit en selfaktualisering word deur die betrokkenheid by



Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

groeigroepe verbeter.

- Die leier van die groeigroep moet oor spesifieke vaardighede beskik vir die effektiewe aanbieding van die groeigroep. Geleenthede vir die verandering van groeplede se gedragpatrone en houdings moet geskep word. Eksperimentele metodes van leer moet deel van die vaardighede van die leier uitmaak. Die leier moet vaardighede kan voorhou en laat inoefen aangesien dit een van die redes vir die bywoning van groeigroepe is. Groeplede neem deel met die oog daarop om hulle eie vaardighede te verbeter.
- Die groepleier moet interpersoonlike vaardighede modelleer, konstruktiewe terugvoer aan groeplede kan gee, bereid wees tot selfopenbaring en tot die bestuur van 'n effektiewe groep in staat wees. Leierskap in huweliksverryking kan deur individue en/of egpare geskied. Opleiding in spesifieke programme word vereis vir die aanbieding daarvan.
- Homogeniteit van groeplede word bo heterogeniteit verkies. Homogeniteit word egter nie as die enigste wyse gesien nie, aangesien groeplede ook by ander wat van hulle verskil, kan leer en daaruit kan groei. Die duur en frekwensie van groeigroepe kan wissel van weeklikse-, tweeweeklikse-, maandelikse-, intensiewe naweeksessies tot seminare wat drie tot tien dae lank duur. Geslote groepe werk beter wanneer daar op intensiewe groei gefokus word. Die ledetal van die groeigroep kan wissel van sewe lede tot vyftien egpare. Groeigroepe word aangebied in 'n omgewing en atmosfeer wat rustig is, vry van stoornisse is en sodoende die proses van groei bevorder.
- 'n Groeigroep kan 'n waardevolle hulpbron wees in 'n vernuwingsproses met groei en verandering as die uiteindelijke doel. Groeigroepe bied aan groeplede, en aan egpare as groeplede, die geleentheid om bewus te word van gedagtes, gevoelens en gedrag wat die self en ander raak en hierdie aspekte uiteindelik te verander. Groeigroepe bied aan egpare die geleentheid om te ervaar dat ander egpare ook soos hulle voel en funksioneer. Ander egpare dien as modelle en kruisidentifikasie vind plaas. Onderskraging en aanmoediging van ander egpare dien as bron van motivering. Terugvoer van die ander egpare asook van die groepleier lei tot insig wat uiteindelik tot verandering in gedrag, houding en gevoelens kan lei.

6.5.3 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings word ten opsigte van die benutting van die groeigeoriënteerde maatskaplike groep gemaak:

- In die lig van die huidige welsynsbeleid in Suid-Afrika word die aanbeveling gemaak dat maatskaplike werkers die groeigeoriënteerde maatskaplike groep sal benut met

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

- die oog op voorkoming en bemagtiging. Hierdie benutting vereis 'n verandering in denke en houding sodat daar van probleme wegbeweeg kan word na die bestaande potensiaal van individue. Groepleiers met 'n probleemoplossende benadering behoort nie groepleiers van groeigroepe te wees nie ten einde 'n terugbeweeg na probleemoplossing te voorkom.
- Die doelstelling en doelwitte vir die groeigroep moet duidelik en haalbaar wees. Konkrete, haalbare doelwitte behoort in werksessies (byeenkomste) gestalte te kry met die geleentheid tot die inoefening van nuwe vaardighede. Bevordering van groeplede se lewenskwaliteit, interpersoonlike vaardighede en selfaktualisering behoort as prioriteit gestel te word.
- Die leier van die groeigroep moet 'n fasiliteerder wees. Groeplede (egpare) se proses van groei en ontwikkeling moet sterk gefasiliteer word en vereis 'n groei-oriëntasie van die groepleier.
- Seleksie van deelnemers aan 'n groeigroep met huweliksverryking as doel, behoort aan die hand van die volgende kriteria te geskied:
 - Slegs egpare wat 'n redelik gesonde en steeds groeiende verhouding het.
 - Vyf tot sewe egpare per groep. (Vyftien egpare is die maksimum aantal wat aanbeveel word vir intensiewe werk in 'n groeigroep vir huweliksverryking.)
 - Wees bedag op individue wat advies gaan gee in die groep en die rol van die fasiliteerder gaan oorneem.
 - Vermy egpare wat oorafhanklik is en advies van ander egpare gaan uitlok.
 - Albei huweliksmaats moet aan die huwelik toegewy wees en min of meer op dieselfde vlak van huweliksaanpassing wees.
- Die volgende kriteria ten opsigte van ooreenstemming word vir die samestelling van groeigroepe aanbeveel:
 - Godsdienste.
 - Opvoeding en opleidingspeil.
 - Sosio-ekonomiese status.
 - Fases in die siklus van die gesin en die huwelik.
 - Persepsies ten opsigte van geslagsrolle.
 - Alternatiewe huweliksvorme.
 - Vorige ervaring van huweliksverrykingsprogramme.

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

- Wanneer groeigroepe vir huweliksverryking uit meer as sewe egpare bestaan, word dit sterk aanbeveel dat daar twee groepleiers sal wees. Die aantal individue asook die interaksie tussen die egpare noodsaak die teenwoordigheid asook die vaardighede van meer as een leier.
- 'n Professioneel opgeleide egpaar as groepleiers vir huweliksverryking word aanbeveel. Die egpaar kan terselfdertyd as model dien en behoort daarom aan die eie huweliksverhouding toegewy te wees en tot selfopenbaring in staat te wees. Die egpaar behoort in menslike gedrag, huweliksinteraksie en groepsdinamika opgelei te wees.

6.6 HOOFSTUK 5: EMPIRIESE ONDERSOEK

6.6.1 SAMEVATTING

Die literatuurhoofstukke ten opsigte van die aard van die moderne huwelik, huweliksverryking en groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk het die basis verleen vir die ontwikkeling van die huweliksverrykingsprogram. Die program is by verskeie geleenthede aangebied en geëvalueer met die oog op die uiteindelijke verfyning daarvan. Die finale evaluering ten opsigte van die effektiwiteit van die program is gedoen. Vir die verloop van die navorsing is die proses van intervensienavorsing gevolg. Die gemengde metodologie ontwerp (*'mixed methodology design'*) is gevolg waar ewe veel kwalitatiewe en kwantitatiewe data ingesamel en verwerk is.

Nadat die probleemanalise gedoen is en die projek beplan is, is data ingesamel en 'n sintese daarvan gemaak. Die program is ontwerp aan die hand van die inligting wat verkry is en vanuit bestaande huweliksverrykingsprogramme soos dit op wetenskaplike wyse in die VSA aangebied word.

Die program is by vyf geleenthede as deel van die voortoets aangebied en telkens aangepas. Vanuit die voortoets was dit reeds duidelik dat die program 'n positiewe invloed op die algemene huweliksbevrediging van die individuele huweliksmaats gehad het. Tydens die vyfde aanbieding van die program is die huweliksbevrediging deur middel van die *Kansas Marital Satisfaction Scale* en die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging gemeet. Hierdie oefening het aangetoon dat die twee gestandaardiseerde meetinstrumente wel bruikbaar was en dat die huweliksbevrediging van die individuele huweliksmaats op albei metings verbeter het.

Vir die finale evaluasie en gevorderde ontwikkeling is daar van die vergelykende groep voortoets-natoets ontwerp gebruik gemaak. Al twee en twintig (22) egpare van die steekproef het aan die gestelde kriteria voldoen. Die egpare is in twee groepe verdeel en die beginsels

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

van die Solomon viergroep-toets is gebruik om te bepaal of daar enige ander faktore, soos byvoorbeeld die invloed van die voortoets, was wat moontlik 'n invloed op die finale meting sou hê. Die huweliksbevrediging van die individuele huweliksmaats is voor die aanbieding van die program, direk na afloop daarvan en twee weke later met behulp van die twee gestandaardiseerde meetinstrumente getoets. Hierdie meting is met die oog op die insameling van kwantitatiewe data gedoen. Kwalitatiewe data is deur persoonlike kontak, verbale en skriftelike terugvoer van die respondente asook van die adolessente kinders verkry. Sentrale temas is na aanleiding van die ingesamelde kwalitatiewe data gevorm.

Die laaste stap in die proses van intervensienavorsing is vir die doeleindes van hierdie navorsing nie gedoen nie. Die program sal na afloop van hierdie navorsingstudie vir uiteindelijke disseminasie gereed gemaak word.

6.6.2 GEVOLGTREKKINGS

- Die redes waarom egpare 'n huweliksverrykingsprogram wil meemaak, is onder andere die volgende:
 - Om tyd saam te spandeer.
 - Die positiewe resultate van vorige huweliksverrykingsgeleenthede laat egpare besluit om weer te gaan.
 - Wil hulle verhouding/huwelik verryk en weer in kontak met mekaar kom.

Die gebrek aan tyd vir ware kommunikasie en saamwees in die moderne huwelik word deur bogenoemde response, soos vanuit die ingesamelde data verkry, bevestig.

- Die proses van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk is ideaal vir huweliksverryking. Die waarde van kontak met en terugvoer van die portuurgroep is ideaal vir die proses van leer en eksperimentering. Modelling, kruisidentifikasie, die inoefening van interpersoonlike vaardighede en die ondersteunende sosiale klimaat dra tot die positiewe ervaring by.
- Vanuit die voortoets was dit reeds duidelik dat die program 'n invloed op die algemene huweliksbevrediging van die individuele huweliksmaats gehad het.
- Die huweliksbevrediging is deur middel van twee gestandaardiseerde meetinstrumente, naamlik die *Kansas Marital Satisfaction Scale* en die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging, gemeet. Hierdie twee gestandaardiseerde meetinstrumente is wel bruikbaar vir die meting van die huweliksbevrediging van die individuele huweliksmaats.
- Die gemiddelde ouderdom van die manlike respondente was 42 jaar en van die



Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

vroulike respondente 40.8 jaar. Die meerderheid van die respondente het 'n tersiële kwalifikasie asook 'n professionele beroep gehad. Die meerderheid van die egpare was onderskeidelik 18 en 20 jaar getroud. Van die vroulike respondente het 81.8% in die 19 – 22 jaar kategorie geval toe hulle getroud is, terwyl 81.8% van die manlike respondente 22 – 24 jaar oud was met huweliksluiting. Die 22 egpare het altesaam 51 kinders gehad met die meerderheid kinders in die fase 13 – 18 jaar, wat die fase van adolessensie is. Gesien in die lig van die gestelde kriteria waaraan die respondente moes voldoen, dui bogenoemde kwantitatiewe data daarop dat die respondentegroep wel verteenwoordigend was.

- Die huweliksbevrediging van die individuele huweliksmaats in die eksperimentele groep het met die *Kansas Marital Satisfaction Scale* met gemiddeld 11% verbeter. Die kwantitatiewe meting is direk na afloop van die program gedoen en weer twee weke later. Die meting aan die hand van die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging, dui daarop dat die huweliksbevrediging van die egpare in die eksperimentele groep met gemiddeld 10.7 punte verbeter het vanaf die eerste na die tweede meting en met 8 punte vanaf die eerste na die derde meting. Wanneer die punte vir die Hudsonskaalmetings met vyf punte en meer verbeter, kan daar reeds aangeneem word dat die intervensie 'n verskil gemaak het. Indien die punte met tien en meer punte verskil, kan daar met 95% sekerheid aangeneem word dat daar 'n positiewe verandering ingetree het.
- Met behulp van die benutting van die statistiese metodes vir die Solomon viergroepstoets is bepaal dat die invul van die vraelyste voor die tyd geen invloed op die respondente gehad het nie. Die positiewe resultate kan dus aan die invloed van die intervensie, naamlik die huweliksverrykingsprogram, toegeskryf word.
- Vanuit die kwalitatiewe data is die kwantitatiewe metings bevestig. Al die egpare wat die program meegemaak het, het veranderinge in nie alleen houdings en denke nie, maar ook in gedrag aangedui. Die adolessente kinders het die verandering in die ouers opgemerk en waardeer. Op hierdie wyse is die positiewe resultate deur belangrike ander individue bevestig. Die kwalitatiewe opname is twee maande na afloop van die aanbieding van die program gedoen en die resultate was steeds besonder positief.
- Die vergelykende groep was meer homogeen as die eksperimentele groep. Die gevolgtrekking word gemaak dat die egpare wat vir die program bespreek het, moontlik juis bespreek het omdat hulle besef het dat alles nie perfek is nie en die geleentheid wou benut. Aan die ander kant was die egpare in die vergelykende groep nie gedrewe om die program mee te maak nie omdat daar minder ernstige aspekte was wat aandag gevra het. Van die egpare in die eksperimentele groep, en

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

veral met betrekking tot individuele huweliksmats, het duidelik nie 'n goeie huweliksbevrediging gehad nie, maar wel goeie huweliksaanpassing. Huweliksbevrediging is egter die beste aanduiding van die aard van 'n huweliksverhouding.

- Egpere wat vir huweliksverryking gaan, het nie noodwendig goeie huweliksbevrediging nie, maar slegs goeie huweliksaanpassing. Huweliksmats is dus nie noodwendig redelik gelukkig tot gelukkig getroud nie, maar het slegs deur die jare geleer om by hulle huweliksmat en by omstandighede aan te pas. Op die oppervlak mag dit dan blyk dat die egpaar 'n redelik goeie tot goeie huweliksverhouding het. Die bywoning van 'n huweliksverrykingsgeleentheid mag dan moontlik nie presies dieselfde resultate hê as waarop gehoop is nie. Die mening word egter gehuldig dat egpere wat vir huweliksverryking aanmeld, nie aan 'n keuringsproses onderwerp kan word nie. Die besluit om vir huweliksverryking te gaan, is vrywillig en persoonlik van aard. Die gevolgtrekking word gemaak dat die invloed van die huweliksverrykingsprogram dan net nie dieselfde sal wees as wanneer daar wel redelike goeie huweliksbevrediging voor die intervensie was nie.
- Die egpere in die vergelykende groep het geen statisties beduidende veranderinge ten opsigte van huweliksbevrediging aangedui nie.
- Die egpere in die eksperimentele groep het statisties beduidende positiewe veranderinge ten opsigte van huweliksbevrediging aangedui. Vanuit die kwalitatiewe data word die gevolgtrekking gemaak dat huweliksmats mekaar herontdek en weer leer waardeer het, beter kommunikeer en konfliktsituasies beter hanteer en meer begrip vir mekaar ontwikkel het. Huweliksmats het ontdek dat hulle steeds vir mekaar omgee.
- Die fokus van die program op die positiewe aspekte en die sterkpunte in die individuele huweliksmats en in die verhouding, is positief beleef en waardeer. Die negatiewe aspekte in die huweliksverhouding is deur die positiewe aspekte en die sterkpunte oorskadu. Die fokus op die positiewe het daartoe gelei dat die negatiewe daardeur hanteer kon word en was dus opbouend. Die egpere het die positiewe eienskappe weer herontdek, nie alleen in hulleself nie, maar ook in hulle mats. Dit is duidelik dat daar 'n geneigdheid bestaan om op die negatiewe te fokus. Om op die positiewe te fokus, kom nie noodwendig natuurlik nie.
- Die identifisering van elke huweliksmat se spesifieke konflikthanteringstyl het insig gebring. Die meerderheid respondente het gemeen dat konflik hanteer en uitgespraak moet word en indien hulle dit nie voorheen gedoen het nie, het hulle met hierdie sessie in die program die noodsaaklikheid daarvan besef.

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

- Ten opsigte van die sessie oor seksualiteit wat deel van die inhoud van die program uitmaak, word die gevolgtrekking gemaak dat, ten spyte daarvan dat seksualiteit as komponent nie as prioriteit aangedui is nie, dit tog noodsaaklik is om daaraan aandag te skenk. Twee duidelike aspekte het vanuit die response na vore gekom, naamlik dat dit noodsaaklik was om weer te hoor wat die verskille tussen mans en vrouens is. Die vrouens het veral insig ontwikkel ten opsigte van die feit dat dit vir hulle maats nie altyd net oor die fisiese aspekte gaan nie, maar dat die emosionele sy van seksualiteit ook vir hulle belangrik is. Tweedens was dit ook uit die response duidelik dat die resondente (egpare) die waarde van kommunikasie oor hulle seksuele verhouding beseft het. Die feit dat die geslagte geskei is en hulle apart in groepe kon praat voordat die terugvoer weer in die groot groep gegee is, het waarde gehad. Die waarde van die deel van houdings en gevoelens in 'n homogene groep is hierdeur beklemtoon.
- Die positiewe resultate van vorige huweliksverrykingsgeleenthede laat egpare besluit om weer te gaan. Die gevolgtrekking word gemaak dat egpare wat reeds huweliksverrykingsprogramme meegemaak het en 'n positiewe ervaring gehad het, as motiveerders vir ander egpare kan dien. Aanbieders van huweliksverrykingsprogramme kan hierdie aspek in die bemerking van hulle programme in gedagte hou.
- Dit is duidelik uit die terugvoer dat die egpare almal positief gevoel het oor die wegbreeknaweek. Die gevolgtrekking word gemaak dat die aanbod van 'n program deur middel van 'n *'retraite'* geskik is vir die skep van die regte atmosfeer en die nodige tyd vir kommunikasie bied.
- Die redes waarom mense skepties teenoor huweliksverryking staan, is die volgende:
 - Mense verkeer onder die wanindruk dat huweliksverrykingsgeleenthede vir mense met probleme is.
 - Mense is bang dat negatiewe aspekte oopgekras sal word en dat dit met die res van die groep gedeel sal moet word.
 - Mense is bang dat hulle sal ontdek dat hulle huwelik nie so goed is as wat hulle gemeen het nie.
- Groepsdinamika verskil van groep tot groep. Geen twee groepe vir huweliksverryking is dieselfde nie, selfs wanneer die formaat en inhoud van die program presies dieselfde is. Individue verskil en so ook egpare. Wanneer die leier/s van die huweliksverrykingsgroep egter in die hantering van groepe opgelei is, kan hierdie aspek hanteer word.

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

- Huweliksverryking het 'n groot impak op Christene aangesien daar van die standpunt uitgegaan word dat die huweliksverbintenis 'n belofte aan God is en daar dus 'n verantwoordelikheid is om daaraan te werk en die verhouding te laat slaag. Die toewyding van 'n Christen aan huweliksverryking het hierdie belofte as basis. Huweliksverryking kan egter ook aan nie-Christene aangebied word aangesien die behoefte aan 'n lewensmaat en 'n geslaagde verhouding universeel is en nie slegs aan een spesifieke uitgangspunt verbind is nie.
- Huweliksverryking het beslis sin in die hedendaagse tyd en behoort voortdurend plaas te vind omdat die gejaagde lewe daartoe lei dat huweliksmaats nie genoeg tyd saam spandeer met die doel om hulle huwelik te verryk nie. Die huwelik is die basis vir 'n gesonde samelewing. Huweliksverryking het daarom 'n belangrike plek.
- Die ondersoek het ook beperkings en leemtes gehad. Min resente bronne ten opsigte van groeigroepe is gevind. Bronne ten opsigte van huweliksverryking in Suid-Afrika was beperk, die steekproef was klein en slegs 'n wit Afrikaanssprekende steekproef is gebruik.

6.6.3 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings ten opsigte van die empiriese ondersoek word gemaak:

- Huweliksverrykingsprogramme, aangebied deur middel van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk, word sterk aanbeveel. Huweliksverryking kan ook aan 'n egpaar alleen gegee word, veral na afloop van huweliksberaad. Die waarde van 'n groepervaring is egter bewys, nie alleen in hierdie studie nie, maar ook in literatuur ten opsigte van groepsdinamika en maatskaplike groepwerk.
- Egpare moet verkieslik in dieselfde ouderdomsgroep val aangesien kruisidentifikasie en modellering dan sterker plaasvind. Die deel van gemeenskaplike ervarings, bekommernisse en aanpassings by soortgelyke veranderinge ten opsigte van die spesifieke lewensfase, maak die ervaring meer intensief.
- Die redes waarom individue skepties teenoor huweliksverryking staan, moet in die ontwikkeling en bemaking van programme in ag geneem word. Daar word sterk aanbeveel dat huweliksverryking nie op probleemoplossing sal fokus nie. Indien wel, is die aard van die intervensie/program nie geskoei op die beginsels en doelstellings vir huweliksverryking nie en behoort dit nie as sodanig bemark en aangebied te word nie. Huweliksverryking fokus nie op probleme nie, maar wel op potensiaal. Wanneer huweliksverrykingsprogramme op hierdie wyse aangebied word, sal individuele huweliksmaats (egpare) nie nodig hê om te vrees dat die program op probleme sal fokus nie.

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

- 'n Egpaar as groepleiers word sterk aanbeveel. Die resultate vanuit die empiriese ondersoek asook uit die voorafgaande literatuurstudie beklemtoon die waarde van die egpaar as leiers vir huweliksverryking. Deelnemers meen dat 'n egpaar mekaar goed aanvul en van ondervinding kan praat en die groep kan dus met die egpaar identifiseer. Verdere terugvoer is dat afsonderlike oefeninge en sessies waar die mans en die vrouens geskei word en die man en vrou wat as leiers optree hulle apart neem, noodsaaklik is aangesien daar ook met die portuurgroep geïdentifiseer kan word.
- Die aanbieder/s van 'n huweliksverrykingsprogram moet opgelei wees in die menswetenskappe, in huweliksfunksionering, in krisisberaad, in terapeutiese toetrede en in die hantering en bestuur van die kleingroep. Die intensiteit en intimiteit van kommunikasie tussen huweliksmaats kan tot konflik lei en die groepleier moet daartoe in staat wees om daaraan aandag te gee.
- Die aanbeveling word gemaak dat huweliksverrykingsprogramme deur middel van 'n 'retraite' (wegbreeknaweek) aangebied sal word aangesien daar op hierdie wyse voorsiening gemaak word vir die skep van die regte atmosfeer en die nodige tyd vir kommunikasie. Groei vind meer intensief plaas wanneer daar nie stoornisse is wat die egpaar se aandag van die inhoud van die program en van mekaar aflei nie. Die alleenwees skep 'n romantiese atmosfeer en fasiliteer die geleentheid vir groei.
- Huweliksverryking moet in elke fase van die lewensiklus opgevolg word. Egpape wat huweliksvoorbereiding deurloop het, het reeds 'n stewige fondasie. Elke nuwe lewensfase bring nuwe eise, veranderinge en verantwoordelikhede mee. Aanpassing daarby kan deur die bywoning van programme wat op die spesifieke fase gerig is, vergemaklik word. Met 'n eerste program/kamp word sekere doelwitte gestel en met volgende geleenthede kan die uitwerking daarvan geëvalueer en herbevestig word.
- Die program wat ontwikkel is, moet vir egpare in ander lewensfases en in ander kulture aangepas en aangebied word. Slegs dan kan veralgemenings gemaak word.
- Huweliksverryking behoort nie lukraak aangebied te word nie, aangesien egpare dan nie daardeur bevoordeel sal word nie. Huweliksverrykingsprogramme moet wetenskaplik gefundeer wees vanuit 'n spesifieke teoretiese raamwerk. Hierdie raamwerk kan nie voorgeskryf word nie. Elke aanbieder het die reg om eie voorkeure en ervaring in teoretiese raamwerke te gebruik. Die groei-perspektief moet egter deurentyd in gedagte gehou word en daarvoor kan kognitiewe herstrukturering en humanistiese denke goed benut word.
- Aanbieders van huweliksverrykingsprogramme behoort die invloed van die program wetenskaplik te meet. Op hierdie wyse vind evaluasie plaas wat uiteindelik van

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

waarde kan wees in die aanpassing en heraanbieding van die program. Verskeie gestandaardiseerde meetinstrumente vir die meet van huweliksbevrediging, byvoorbeeld die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging, is beskikbaar en kan vir die doel benut word.

- Verdere navorsing word sterk aanbeveel en wel ten opsigte van die volgende:
 - Huweliksverryking in die ander lewensfases, naamlik die nuwe egpaar, die egpaar met jong kinders, die egpaar in die leënes en die bejaarde egpaar.
 - Huweliksverryking vir die hersaamgestelde gesin, sowel na egskeiding as na die verlies van 'n huweliksmaats/s deur die dood.
 - Verryking vir alternatiewe huweliksvorme, soos byvoorbeeld enkelgeslag-egpare en saamwoonverhoudings.
 - Huweliksverryking in ander kulturele groepe.
- Die kombinerings van huweliksverryking met gesinsverryking word aanbeveel. Die resultate van die empiriese ondersoek het daarop gedui dat die verbeterde kommunikasie tussen die ouers as huweliksmaats 'n positiewe invloed op die kommunikasie met die adolessente kinders gehad het. Die navorser is van mening dat die verbetering van gesinsverhoudings en gesinskommunikasie ook weer 'n positiewe invloed op die huweliksverhouding kan hê. Die aard van hierdie wisselwerking kan deur verdere navorsing ondersoek word.

6.7 TOETSING VAN DOELSTELLING EN DOELWITTE

6.7.1 DOELSTELLING

Die doel van hierdie ondersoek was die ontwikkeling, toepassing (aanbieding) en evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare, aangebied deur middel van 'n groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses.

Die navorser het in hierdie doel geslaag. 'n Volledige huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare is aan die hand van die navorser se MA (MW)-studie, bepaalde behoeftes, waargenome aspekte, bestaande literatuur en suksesvolle programme, veral vanuit die VSA, ontwikkel. Die program is vyf keer as voortoets aangebied en een keer vir die finale evaluering en wel deur middel van 'n

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses. Die program is deur middel van sowel die kwalitatiewe as die kwantitatiewe navorsingsbenaderings geëvalueer.

6.7.2 DOELWITTE

6.7.2.1 Doelwit 1

Om deur middel van literatuurstudie ondersoek in te stel na die veranderde aard van die huwelik; na huweliksverryking as metode om die stand van huwelike te verbeter en na die groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses.

'n Uitgebreide ondersoek na die veranderde aard van die huwelik; na huweliksverryking as metode om die stand van huwelike te verbeter en na die groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses is gedoen. Hierdie ondersoek het die nodige inligting verskaf vir die ontwikkeling van 'n huweliksverrykingsprogram gebaseer op die bestudeerde literatuur.

6.7.2.2 Doelwit 2

Om 'n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare te ontwikkel.

Na die bereiking van die vorige doelwit is 'n huweliksverrykingsprogram, met inagneming van die aard van die huwelik in die vroeë middeljare, ontwikkel.

6.7.2.3 Doelwit 3

Om die huweliksverrykingsprogram aan te bied.

Die doelwit is bereik aangesien die program vir die doel van die voortoets by vyf verskillende geleenthede aangebied is en weer een keer vir die finale aanbieding en evaluering. Die program is aan nege en vyftig (59) egpare altesaam aangebied wat geleentheid gebied het vir volledige evaluering en aanpassing, waar nodig.

6.7.2.4 Doelwit 4

Om die invloed van die huweliksverrykingsprogram op die huweliksbevrediging van die egpare te evalueer.

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

Die doelwit is bereik deurdat die huweliksbevrediging van die egpare tydens die finale aanbieding van die program met behulp van twee gestandaardiseerde meetinstrumente, naamlik die *Kansas Marital Satisfaction Scale* en die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging, getoets is. Kwantitatiewe data is op hierdie wyse verkry. Deur middel van persoonlike kontak, waarneming tydens en na afloop van die aanbieding van die program en deur middel van verbale en skriftelike terugvoer van die respondente, is die invloed van die program op kwalitatiewe wyse bepaal. Die evaluasie vanuit voorgenoemde was dat die program 'n positiewe invloed op die huweliksbevrediging van die respondente gehad het.

6.7.2.5 Doelwit 5

Om gevolgtrekkings en aanbevelings aan die hand van die resultate van die evaluering te maak.

Die doelwit is bereik. Gevolgtrekkings en aanbevelings aan die hand van die bestudeerde literatuur asook die volledige empiriese ondersoek is gemaak. Hierdie aanbevelings pas in by die aard van toegepaste navorsing waar beoog word om die situasie wat nagevors is/word, te verbeter.

Die doelstelling en doelwitte wat vir hierdie ondersoek gestel is, is dus bereik.

6.8 TOETSING VAN NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESE

6.8.1 NAVORSINGSVRAAG

Die navorsingsvraag wat vir die studie gestel is, is die volgende:

Is dit moontlik om die huweliksbevrediging van egpare in die vroeë middeljare deur middel van 'n huweliksverrykingsprogram te verbeter?

Die navorsingsvraag is beantwoord. Die huweliksbevrediging van die respondente wat die huweliksverrykingsprogram deurloop het, het statisties beduidend verbeter. Die huweliksbevrediging van die egpare in die vergelykende groep het nie statisties beduidend verander nie.

Hoofstuk 6: Algemene Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

6.8.2 HIPOTESE

Die hipotese wat vir die studie gestel is, was soos volg:

Indien egpare in die vroeë middeljare 'n huweliksverrykingsprogram, aangebied met behulp van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk deurloop, sal die huweliksbevrediging verbeter.

Die hipotese is deur die resultate van die navorsing ondersteun. Al die ingesamelde kwalitatiewe en kwantitatiewe data het daarop gedui dat die huweliksbevrediging van die respondente verbeter het. 'n Gemiddelde verbetering van ongeveer 11% is aangedui. Die kwantitatiewe data was statisties beduidend en is deur die kwalitatiewe data bevestig. Die huweliksbevrediging van al die respondente het beduidend verbeter.

6.9 SLOTOPMERKINGS

Huweliksverryking het in die moderne tyd besondere sin en waarde. Die egskeidingsyfer is hoog en veral ook in die fase van die middeljare. Die vroeë asook die laat middeljare word hierby ingesluit. Die huidige welsynsbeleid in Suid-Afrika vra vir voorkoming en verryking in 'n poging om die huwelikslewe en die gesin te versterk. Bemagtiging word aangemoedig. Huweliksverryking is nie alleen noodsaaklik vir die voorkoming van probleme nie, maar ook uiters bruikbaar as strategie vir die bemagtiging van individue en egpare. Die lukraak wyse waarop huweliksverryking dikwels aangebied word, maak egpare skepties. Wetenskaplik verantwoordbare programme met bewese resultate sal die skeptisisme verminder. Die program wat vir hierdie studie ontwikkel, aangebied en geëvalueer is, kan as vertrekpunt gebruik word vir die ontwikkeling van programme vir ander lewensfases en anderssoortige situasies waar twee mense in verhouding teenoor mekaar staan. Die program is suksesvol bewys en het 'n positiewe invloed op die huweliksbevrediging van die respondente gehad.

6

LITERATUURLYS

- ABRAHAM, D. & PERZ, J. 1993. Changes in women's attitudes to menopause. 7th *International Congress on the Menopause*. 20-24 June, Stockholm, Sweden.
- ADAM, D. & GINGRAS, M. 1982. Short- and long-term effects of a marital enrichment program upon couple functioning. *Journal of Sex and Marital Therapy*. 8(2), Summer: 97-118.
- AFRIKAANS-ENGELSE WOORDEBOEK. 1994. Sesde herdruk. Kaapstad: The Reader's Digest Association South Africa.
- ALLEN, K.R. & WALKER, A.J. 1992. Attentive love: A feminist perspective on the caregiving of adult daughters. *Family Relations*. 41(3), July: 284-289.
- ALPASLAN, N. 1994. Hoop en hulp vir die huwelik. 'n Werkboek vir huweliksvoorbereiding en huweliksbegeleiding. Pretoria: Kagiso.
- ANDERSON, S.A. 1990. Changes in parental adjustment and communication during the leaving-home transition. *Journal of Social and Personal Relationships*. 7, 47-68.
- ARD, B.N. & ARD, C.C. (Eds.) 1976. *Handbook of marriage counselling*. Second edition. California: Science and Behavior Books.
- ARKAVA, M.L. & LANE, T.A. 1983. *Beginning social work research*. Boston: Allyn & Bacon.
- AVIS, J.M. 1986. "WORKING TOGETHER": An enrichment program for dual-career couples. In Denton, W. (Ed.) 1986. *Marriage and family enrichment*. New York: Haworth.
- BABBIE, E. 2001. *The practice of social research*. 9th edition. Belmont: Wadsworth.
- BALGOPAL, P.R. & VASSIL, T.V. 1983. *Groups in social work. An ecological perspective*. New York: Macmillan Publishing.
- BAUCOM, D. & EPSTEIN, N. 1990. *Cognitive behavioral marital therapy*. New York: Brunner/Mazel.
- BECNEL, H. & LEVY, L. 1983. A marriage enrichment program as a facilitator of focusing and finding meaning in life. *Family Therapy*. X (3), 275-282.
- BELKIN, G.S. & GOODMAN, N. 1980. *Marriage, family and intimate relationships*. Chicago: Rand McNally College.

Literatuurlys

- BELL, R.A.; DALY, J.A. & GONZALEZ, M.C. 1987. Affinity-maintenance in marriage and its relationship to women's marital satisfaction. *Journal of Marriage and the Family*. 49, May: 445-454.
- BENOKRAITIS, N.V. 1996. *Marriages and families. Changes, choices and constraints*. Second edition. New Jersey: Prentice Hall.
- BERG, G. & HAMMAR, M. (Ed.) 1994. *The Modern Management of the Menopause. A Perspective for the 21st Century*. New York: Parthenon.
- BERTCHER, H.; KURTZ, L.F. & LAMONT, A. (Eds.) 1999. *Rebuilding communities. Challenges for group work*. New York: Haworth Press.
- BLACKER, L. 1999. The launching phase of the life cycle. In Carter, B. & McGoldrick, M. (Eds.) 1999. *The expanded family life cycle: Individual, family, and social perspectives*. Third edition. Boston: Allyn and Bacon.
- BLESS, C. & HIGSON-SMITH, C. 1995. *Fundamentals of social research methods. An African perspective*. Second edition. Cape Town: Juta.
- BOGAN, E.C. 1991. Economics of the wider family. *Marriage and Family Review*, 17(1/2), 9-27.
- BOLLMAN, S.R.; SCHUMM, W.R.; JURICH, A.P. & YOON, G.J. 1997. Predicting marital satisfaction from ideal and actual maternal roles. *Psychological reports*. 80(1), 99-106.
- BOOTH, A.; JOHNSON, D.R.; WHITE, L.K. & EDWARDS, J.N. 1986. Divorce and marital instability over the life course. *Journal of Family Issues*. 7(4), December: 421-442.
- BORNSTEIN, P.H. & BORNSTEIN, M.T. 1986. *Marital Therapy. A Behavioral-Communications Approach*. New York: Pergamon.
- BRADBURY, T.N. 1994. Unintended effects of marital research on marital relationships. *Journal of Family Psychology*. 8(2), 187-201.
- BRAY, J.H. & JOURILES, E.N. 1995. Treatment of marital conflict and prevention of divorce. *Journal of Marital and Family Therapy*. 21(4), 461-473.
- BROTHERS, B.J. (Ed.) 1996. *Couples: Building Bridges*. New York: Haworth.
- BROWN, L.N. 1991. *Groups for growth and change*. New York: Longman.
- BRYANT, C.M. & CONGER, R.D. 1999. Marital success and domains of social support in long-term relationships: Does the influence of network members ever end? *Journal of Marriage and the Family*. 61(2), May: 437-450.

Literatuurlys

- BUMPASS, L.L.; MARTIN, T.C. & SWEET, J.A. 1991. The impact of family background and early marital factors on marital disruption. *Journal of family issues*. 12(1), March: 22-42.
- BURLESON, B.R. & DENTON, W.H. 1997. The relationship between communication skill and marital satisfaction: Some moderating effects. *Journal of marriage and the family*. 59, November: 884-902.
- CARGAN, L. 1991. Marriages and families. Changing relationships. New York: HarperCollins.
- CARTER, B. & McGOLDRICK, M. (Eds.) 1989. *The changing family life cycle. A framework for family therapy*. Third edition. Boston: Allyn & Bacon.
- CARTER, B. & McGOLDRICK, M. (Eds.) 1999. *The expanded family life cycle: Individual, family, and social perspectives*. Third edition. Boston: Allyn and Bacon.
- CARTER, B. 1999a. Becoming Parents: The Family with Young Children. In Carter, B. & McGoldrick, M. (Eds.) 1999. *The expanded family life cycle: Individual, family, and social perspectives*. Third edition. Boston: Allyn and Bacon.
- CARTER, B. & McGOLDRICK, M. 1999c. Overview: The expanded family life cycle. Individual, family and social perspectives. In Carter, B. & McGoldrick, M. (Eds.) 1999. *The expanded family life cycle: Individual, family, and social perspectives*. Third edition. Boston: Allyn and Bacon.
- CARTER, B. & McGOLDRICK, M. 1999b. Coaching at various stages of the life cycle. In Carter, B. & McGoldrick, M. (Eds.) 1999. *The expanded family life cycle: Individual, family, and social perspectives*. Third edition. Boston: Allyn and Bacon.
- CLEAVER, G. 1988. A comparison of audio- and videotape ratings of a marital communication programme. *Maatskaplike Werk/Social Work*. 24(2), June: 92-96.
- CLINEBELL, H.J. Jr. 1977a. Groei in de huwelijksrelatie. Serie woord en weg. Haarlem: De Toorts.
- CLINEBELL, H.J. Jr. 1977b. Growth counseling for mid-years couples. Creative pastoral care and counseling series. Philadelphia: Fortress.
- CLINEBELL, H. 1978. *Growth groups*. Second edition. Parthenon: Nashville.
- CONWAY, J. & CONWAY, S. 1987. *Women in midlife crisis*. Illinois: Tyndale House Publishers.
- COREY, G. 1990. *Theory and Practice of Group Counseling*. Third edition. California: Brooks/Cole.

Literatuurlys

- COREY, G. 1996. *Theory and practice of counseling and psychotherapy*. Fifth edition. Pacific Grove: Brooks/Cole.
- COREY, M.S. & COREY, G. 1992. *Groups. Process and practice*. Fourth edition. Pacific Grove: Brooks/Cole.
- CROSBY, J.F. 1991. *Illusion and disillusion. The self in love and marriage*. Fourth edition. California: Wadsworth.
- DANDENAU, M.L. & JOHNSON, S.M. 1994. Facilitating intimacy: Intervention & effects. *Journal of Marital and Family Therapy*. 20(1), January: 17-33.
- DAVIDSON, J.K. & MOORE, N.B. 1992. *Marriage and family*. Dubuque: Wim. C. Brown.
- DAY, B. & MATTHES, W. 1995. A Jungian stage theory of individual development in personal growth groups. *Journal for Specialists in Group Work*. 20(3), September: 168-182.
- DENNERSTEIN, L. 1993. Psychological wellbeing, midlife and the menopause. 7th *International Congress on the menopause*. 20-24 June, Stockholm, Sweden.
- DENNERSTEIN, L. 1994. In pursuit of happiness: Well-being during the menopausal transition. In Berg, G. & Hammar, M. (Eds.) 1994. *The Modern Management of the Menopause. A Perspective for the 21st Century*. New York: Parthenon.
- DENTON, W. (Ed.) 1986. *Marriage and Family Enrichment*. New York: Haworth.
- DENTON, W. 1986a. Introduction to marriage and family enrichment: A shift in the paradigm. In Denton, W. (Ed.) 1986. *Marriage and family enrichment*. New York: Haworth.
- DENTON, W. 1986b. Starting a local marriage enrichment group. In Denton, W. (Ed.) 1986. *Marriage and family enrichment*. New York: Haworth.
- DE VOS, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J L van Schaik.
- DE VOS, A.S. 1998a. Combined quantitative and qualitative approach. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J L Van Schaik.
- DE VOS, A.S. 1998b. Conceptualisation and operationalisation. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J L Van Schaik.
- DE VOS, A.S. 1998c. Intervention research. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at*

Literatuurlys

- grass roots. A primer for the caring professions.* Pretoria: J L Van Schaik.
- DE VOS, A.S. 1998d. Introduction to the research process. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions.* Pretoria: J L Van Schaik.
 - DE VOS, A.S. & FOUCHÉ, C.B. 1998. General introduction to research design, data collection methods and data analysis. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions.* Pretoria: J L Van Schaik.
 - DE VOS, A.S., SCHURINK, E.M. & STRYDOM, H. 1998. The nature of research in the caring professions. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions.* Pretoria: J L Van Schaik.
 - DIBBERT, M.T. & WICHERN, F.B. 1985. *Growth groups: A key to christian fellowship and spiritual maturity.* Michigan: Zondervan Publishing House.
 - DINKMEYER, D. & CARLSON, J. 1986a. TIME for a better marriage. In Denton, W. (Ed.) 1986. *Marriage and family enrichment.* New York: Haworth.
 - DINKMEYER, D. & CARLSON, J. 1986b. A systematic approach to marital enrichment. *The American Journal of Family Therapy.* 14(2), 139-144.
 - DINKMEYER, D. & CARLSON, J. 1986c. TIME for a better marriage. *Journal of psychotherapy & the family.* 2(1), 19-28.
 - DISKIN, S. 1986. Marriage enrichment: Rationale and resources. *Marriage and family enrichment: Journal of Psychotherapy & the Family.* 2(1), Spring: 111-125.
 - DUNCAN, S.F. & GODDARD, H.W. 1993. Stressors and enhancers in the marital/family life of family professionals and their spouses. *Family Relations,* 42(4), October: 434-441.
 - DU PREEZ, M.S.E. 1979. *Maatskaplike groepwerk. Teorie en praktyk.* Johannesburg: Keartland Press.
 - DU PREEZ, M.S.E. 1989. Groepwerk as metode in maatskaplike werk. In Van Staden, S.M.; Hugo, E.A.K.; Van Rooyen, I.J.J. en Van Delft, W.F. (Reds.) 1989. *Maatskaplikewerk-opleiding oor sestig jaar.* Pretoria: Owen Burgess-uitgewers.
 - DURANA, C. 1994. The use of bonding and emotional expressiveness in PAIRS training: A psychoeducational approach for couples. *Journal of Family Psychotherapy.* 5(2), 65-81.
 - DYER, P.M. & DYER, G.H. 1986. Leadership training for marriage and family enrichment. In Denton, W. (Ed.) 1986. *Marriage and family enrichment.* New York:

Literatuurlys

- Haworth. D.S.R. 1983. *Marriage with Couples for Marriage Enrichment*. San Francisco: Jossey-Bass.
- ELLIS, A. 1985. Jealousy: Its etiology and treatment. In Goldberg, D.C. (Ed.) 1985. *Contemporary marriage. Special issues in couples therapy*. Illinois: Dorsey.
 - EPHROSS, P.H. & VASSIL, T.V. 1988. *Groups that work: Structure and process*. New York: Columbia University Press.
 - ESHLEMAN, J.R. 1974. *The family: An introduction*. Boston: Allyn & Bacon.
 - FENG, D.; GIARRUSSO, R.; BENGSTON, V.L. & FRYE, N. 1999. Intergenerational transmission of marital quality and marital instability. *Journal of Marriage and the Family*. 61(2), May: 451-463.
 - FISHKIN, L.P. & FISHKIN, R.E. 1985. Coprofessional marriage. In Goldberg, D.C. (Ed.) 1985. *Contemporary marriage. Special issues in couples therapy*. Illinois:Dorsey.
 - FLOYD, F.J.; MARKMAN, H.J.; KELLY, S.; BLUMBERG, S.L. & STANLEY, S.M. 1995. Preventive intervention and relationship enhancement. In Jacobson, N.S. & Gurman, A.S. (Eds.) 1995. *Clinical handbook of couple therapy*. New York: The Guilford Press.
 - FOGARTY, T.F. 1985. The role of romantic love in marriage. In Goldberg, D.C. (Ed.) *Contemporary Marriage. Special issues in couples therapy*. Illinois: Dorsey.
 - FOUICHE, C.B. & DE VOS, A.S. 1998a. Problem formulation. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J L Van Schaik.
 - FOUICHE, C.B. & DE VOS, A.S. 1998b. Selection of a research design. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J L Van Schaik.
 - FOWERS, B.J. 1990. An interactional approach to standardized marital assessment: A literature review. *Family Relations*. 39(4), October: 368-377.
 - FOWERS, B.J. & OLSON, D.H. 1993. ENRICH Marital Satisfaction Scale: A brief research and clinical tool. *Journal of family psychology*. 7(2), 176-185.
 - FREEMAN, D.R. 1990. *Couples in conflict: Inside the counseling room*. Great Britain: Open University Press.
 - GAMMAGE, S. 1991. Working with couples: educational interventions. In Hooper, D. & Dryden, W. (Eds.) 1991. *Couple therapy. A handbook*. Philadelphia: Open University Press.

Literatuurlys

- GARLAND, D.S.R. 1983. *Working with Couples for Marriage Enrichment*. San Fransisco: Jossey-Bass.
- GARRETT, K.J. & BERGER, B.E. 1999. Multiple intelligences in group work activities: reaffirming our roots. In Bertcher, H.; Kurtz, L.F. & Lamont, A. (Eds.) 1999. *Rebuilding communities. Challenges for group work*. New York: Haworth Press.
- GARVIN, C.D. 1981. *Contemporary Group Work*. Englewood Cliffs: New Jersey.
- GEORGE, R.L. & DUSTIN, D. 1988. *Group counseling: theory and practice*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.
- GERSHENFIELD, M.K. 1985. A group is a group is a group: Working with couples in groups. In Goldberg, D.C. (Ed.) *Contemporary Marriage. Special issues in couples therapy*. Illinois: Dorsey.
- GIBLIN, P.; SPRENKLE, D.H. & SHEEHAN, R. 1985. Enrichment outcome research: a meta- analysis of premarital, marital and family interventions. *Journal of Marital and Family Therapy*. 11(3), July: 257-271.
- GILLIS, M. 1998. "Building a better marriage". Smartmarriages. <http://www.smartmarriages.com/building.html> 21 April 2001.
- GILLIS, H.L. & GASS, M.A. 1993. Bringing adventure into marriage and family therapy: An innovative experiential approach. *Journal of Marital and Family Therapy*. 19(3), 273-286.
- GITTERMAN, A. 1986. Developing a new group service: Strategies and skills. In Gitterman, A. & Shulman, L. (Eds.) 1986. *Mutual aid groups and the life cycle*. Illinois: F.E.Peacock.
- GITTERMAN, A. & SHULMAN, L. (Eds.) 1986. *Mutual aid groups and the life cycle*. Illinois: F.E.Peacock.
- GOLDBERG, D.C. (Ed.) 1985. *Contemporary marriage. Special issues in couples therapy*. Illinois: Dorsey.
- GOOREN, L.J.G. 1992. The andropause: Fact or fiction? *Organon's magazine on Women & Health*, 1, 20-24.
- GORDON, K.C.; BAUCOM, D.H.; EPSTEIN, N.; BURNETT, C.K. & RANKIN, L.A. 1999. The interaction between marital standards and communication patterns: How does it contribute to marital adjustment? *Journal of Marriage and the Family*. 25(2), April: 211-223.
- GOTTMAN, J.M. 1994. What predicts divorce? The relationship between marital

Literatuurlys

- processes and marital outcomes. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.
- GREEFF, A.P. & LE ROUX, J. 1998. Selfontsluiting en huwelikstevredenheid van pare met adolessente kinders. *Social Work/Maatskaplike Werk*. 34(2), Junie: 163-169.
 - GRIFFIN, J.M. & APOSTAL, R.A. 1993. The influence of relationship enhancement training on differentiation of self. *Journal of Marital and Family Therapy*. 19(3), 267-272.
 - GRINNELL, R.M. & WILLIAMS, M. 1990. *Research in Social Work: A primer*. Illinois, F.E.Peacock.
 - GUTHRIE, D.M. & SNYDER, C.W. 1988. Spouses' self-evaluations for situations involving emotional communication. In Noller, P. & Fitzpatrick, M.A. (Eds.) 1988. *Perspectives on Marital Interaction*. Clevedon: Multilingual Matters.
 - HALFORD, W.K.; KELLY, A. & MARKMAN, H.J. 1997. The concept of a healthy marriage. In Halford, W.K. & Markman, H.J. (Eds.) 1997. *Clinical handbook of marriage and couples intervention*. Chichester: John Wiley & Sons.
 - HALFORD, W.K. & MARKMAN, H.J. (Eds.) 1997. *Clinical handbook of marriage and couples intervention*. Chichester: John Wiley & Sons.
 - HARMS-SMITH, L. 1990. The effects of a personal growth programme on self esteem, loneliness and other indicators of divorce adjustment in a group of divorced women. Unpublished Master of Social Science (Social Work) thesis. Rhodes University.
 - HARTFORD, M.E.B. & LAWTON, S. 1997. Groups for the socialization to old age. In Parry, J.K. 1997. (Ed.) *From Prevention to Wellness Through Group Work*. New York: Haworth Press.
 - HAYSLIP, B. & PANEK, P.E. 1989. *Adult development and aging*. New York: Harper & Row.
 - HAWLEY, D.R. & OLSON, D.H. 1995. Enriching newlyweds: An evaluation of three enrichment programs. *The American Journal of Family Therapy*. 23(2), Summer:129-147.
 - HEATON, T.B. & PRATT, E.L. 1990. The effects of religious homogamy on marital satisfaction and stability. *Journal of Family Issues*. 11(2), June:191-207.
 - HEAP, K. 1985. *The Practice of Social Work with Groups: A Systematic Approach*. London: George Allen & Unwin.

Literatuurlys

- HEIDEMAN, B.; SUHOMLINOVA, O. & O'RAND, A.M. 1998. Economic independence, economic status and empty nest in midlife marital disruption. *Journal of Marriage and the Family*. 60(1), February: 219-242.
- HENRY, S. 1992. *Group skills in social work. A four-dimensional approach*. Second edition. California: Brooks/Cole.
- HICKMON, W.A.; PROTINSKY, H.O. & SINGH, K. 1997. Increasing marital intimacy: Lessons from marital enrichment. *Contemporary Family Therapy*. 19(4), December: 581-589.
- HILL, E.W. 1991. Marital enrichment and couple decision-making. *Australian Journal of Marriage and Family*. 12(2), July: 77-91.
- HOOPER, D. & DRYDEN, W. (Eds.) 1991. *Couple therapy. A handbook*. Philadelphia: Open University Press.
- HORNICK, J.P. & BURROWS, B. 1988. Program evaluation. In Grinnell, R.M. (Jr.) (Ed.) *Social work research and evaluation*. Third edition. Illinois: Peacock.
- HOSEA, R.H. 1981. *Marriage enrichment through group process with emphasis on communication*. New Jersey: Drew University.
- HUDSON, W.W. & FAUL, A.C. 1997a. Quality assurance: A system for practice and program evaluation using outcome measures. Module 1. Foundations. Silverton: Perspective Training College.
- HUDSON, W.W. & FAUL, A.C. 1997b. Quality assurance: A system for practice and program evaluation using outcome measures. Module 3. Unidimensional Scales (Walmyr short-form assessment scales). Silverton: Perspective Training College.
- HUNT, R.A.; HOF, L. & DeMARIA, R. 1998. *Marriage enrichment. Preparation, mentoring and outreach*. Philadelphia: Brunner/Mazel.
- HURVITZ, N. & STRAUSS, R.A. 1991. *Marriage and family therapy. A sociocognitive approach*. New York: Haworth.
- JACOBS, E.E.; HARVILL, R.L. & MASSON, R.L. 1994. *Group counseling. Strategies and skills*. Second edition. California: Brooks/Cole.
- JACOBSON, N.S. & GURMAN, A.S. (Eds.) 1995. *Clinical handbook of couple therapy*. New York: The Guilford Press.
- JANSSENS, B. 1991. *De Vrouw in de Middelbare Leeftijd: Een sociologische benadering van deze leeftijdsgroep in onze huidige samenleving*. Eindverhandeling vir het verkrygen van de graad van Licentiaat in de Sociologie. Leuven: Katholieke

Literatuurlys

Universiteit te Leuven.

- JOHNSON, M.P.; CAUGHLIN, J.P. & HUSTON, T.L. 1999. The tripartite nature of marital commitment: Personal, moral, and structural reasons to stay married. *Journal of Marriage and the Family*. 61, February: 160-177.
- JOHNSON, D.W. & JOHNSON, F.P. 1996. *Joining Together: Group Theory and Group Skills*. Sixth edition. Boston: Allyn & Bacon.
- JÜRGENSEN, O. & KLIZ, A. 1992. Patnership in midlife – success and failure. In Wijma, K. & Von Schoultz, B. (Eds.) 1992. *Reproductive life: advances in research in psychosomatic obstetrics and gynaecology*. New Jersey: Parthenon.
- KEARNS, W.P. 1980. The development of a marriage enrichment program on conflict management for recently married couples. Ann Arbor: University Microfilms International.
- KNOX, D. 1979. *Exploring marriage and the family*. Illinois: Scott, Foresman and Company.
- KONOPKA, G. 1972. *Social Group Work. A helping process*. Second edition. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.
- KURLAND, R. & SALMON, R. 1991. Group work vs. casework in a group: Principles and implications for teaching and practice. Paper presented at the *Thirteenth Annual Symposium on Social Work with Groups*. Akron, Ohio, November 1991.
- KUSHNIR, T., MALKINSON, R. & KASAN, R. 1996. Reducing work/home conflicts in employed couples: A proposed program to balance job and family demands. *Contemporary Family Therapy*. 18(1), March: 147-159.
- L'ABATE, L. & BAGAROZZI, D.A. 1993. *Sourcebook of Marriage and Family Evaluation*. New York: Brunner/Mazel.
- LACHOWSKY, M. 1992. Sexuality in the menopause. In Wijma, K. & Von Schoultz, B. (Eds.) *Reproductive life: Advances in research in psychosomatic obstetrics and gynaecology*. New Jersey: Parthenon Publishing Group.
- LASWELL, M. & LASWELL, T. 1991. *Marriage and the family*. Third edition. California: Wadsworth.
- LAUER, R.H. & LAUER, J.C. 1986. Factors in long-term marriages. *Journal of Family Issues*, 7(4), December: 382-390.
- LAURENCE, L.T. 1982. *Couple constancy. Conversations with today's happily married people*. Michigan: UMI Research Press.

Literatuurlys

- LAVEE, Y.; McCUBBIN, H.I. & OLSON, D.H. 1987. The effect of stressful life events and transitions on family functioning and well-being. *Journal of Marriage and the Family*. 49, November: 857-873.
- LAVEE, Y. & OLSON, D.H. 1993. Seven types of marriage: Empirical typology based on ENRICH. *Journal of Marital and Family Therapy*. 19(4), October: 325-340.
- LeCROY, C.W.; CARROL, P.; NELSON-BECKER, H. & STURLAUGSON, P. 1989. An experimental evaluation of the Caring Days technique for marital enrichment. *Family Relations*. 38(1), January: 15-18.
- LEIDERMAN, M.; BIRNBAUM, M.L. & DAZZO, B. (Eds.) 1988. *Roots and New Frontiers in Social Group Work*. New York: Haworth Press.
- LIGHTSEY, O.R. 1997. Generalized self-efficacy expectancies and optimism as predictors of growth group outcomes. *Journal for Specialists in Group Work*. 22(3), September: 189-203.
- LINDAHL, K.M.; MALIK, N.M. & BRADBURY, T.N. 1997. The developmental course of couple's relationships. In Halford, W.K. & Markman, H.J. (Eds.) 1997. *Clinical handbook of marriage and couples intervention*. Chichester: John Wiley & Sons.
- MACE, D.R. 1977. Resources for couple growth and enrichment. In Stahman, R.F. & Hiebert, W.J. (Eds.) 1977. *Klemer's counseling in marital and sexual problems*. Second edition. Baltimore: Williams & Wilkens.
- MACE, D. & MACE, V. 1986a. The history and present status of the marriage and family enrichment movement. In Denton, W. (Ed.) 1986. *Marriage and family enrichment*. New York: Haworth.
- MACE, D. & MACE, V. 1986b. The history and present status of the marriage and family enrichment movement. *Journal of Psychotherapy and the family*. 2: 7-17.
- MARKMAN, H.; STANLEY, S. & BLUMBERG, S.L. 1994. *Fighting for your marriage*. San Fransisco: Jossey-Bass.
- MARKS, N.F. 1998. Does it hurt to care? Caregiving, work-family conflict, and midlife well-being. *Journal of Marriage and the Family*. 60, November:951-966.
- MASLOW, A.H. 1966. *The psychology of science. A reconnaissance*. New York: Harper & Row.
- MATTSON, D.L.; CHRISTENSEN, O.J. & ENGLAND, J.T. 1990. The effectiveness of a specific marital enrichment program: TIME. *Individual Psychology*. 46(1), March: 88- 92.

Literatuurlys

- McCARTHY, P. 1997. Mediating modern marriage: a role for marriage counselling? *Sexual and Marital Therapy*. 12(3), August: 275-287.
- McCULLOUGH, P.G. & RUTENBERG, S.K. 1989. Launching children and moving on. In Carter, B. & McGoldrick, M. (Eds.) 1989. *The changing family life cycle. A framework for family therapy*. Second edition. Boston: Allyn and Bacon.
- McGOLDRICK, M. 1999. Women through the family life cycle. In Carter, B. & McGoldrick, M. (Eds.) 1999. *The expanded family life cycle: Individual, family, and social perspectives*. Third edition. Boston: Allyn and Bacon.
- McQUAIDE, S. 1998. Women at midlife. *Social Work*. 43(1), January: 21-31.
- MITCHELL, S.E.; NEWELL, K. & SCHUMM, W.R. 1983. Test-retest reliability of the Kansas Marital Satisfaction Scale. *Psychological Reports*. 53: 545-546.
- MOEN, P. 1991. Transitions in mid-life: Women's work and family roles in the 1970's. *Journal of Marriage and the Family*. 53(1), February: 135-150.
- MOJAS, K. 1996. The balloon theory: Helping couples expand their capacity for intimacy. In Brothers, B.J. (Ed.) 1996. *Couples: Building Bridges*. New York: Haworth.
- NEL, C.M. 1987. Creative conflict handling in marriage. *South African Journal of Sociology*. 18(2), 39-42.
- NEUMAN, W.L. 1997. Social research methods. Qualitative and quantitative approaches. Third edition. Boston: Allyn & Bacon.
- NOLLER, P. & FITZPATRICK, M.A. (Eds.) 1988. *Perspectives on Marital Interaction*. Clevedon: Multilingual Matters.
- NORTHERN, H. 1988. *Social Work with Groups*. Second edition. New York: Columbia University Press.
- NOVAL, L.S.; COMBS, C.W.; WIINAMAKI, M. & BUFFORD, R.K. 1996. Cognitive-behavioral marital enrichment among church and non-church groups: Preliminary findings. *Journal of Psychology and Theology*. 24(1), 47-53.
- *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*. 1996. Hersiene en uitgebreide uitgawe. Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk.
- O'CONNOR, D.J. & WOLFE, D.M. 1987. On managing midlife transitions in career and family. *Human Relations*. 40(12), 799-816.
- O'DONOHUE, W. & CROUCH, J.L. 1996. Marital therapy and gender-linked factors in communication. *Journal of marital and family therapy*. 22(1), January: 87-101.
- PARRY, J.K. (Ed.) 1997. *From Prevention to Wellness Through Group Work*. New

Literatuurlys

York: Haworth Press

- PECK, J.S. & MANOCHERIAN, J. 1989. Divorce in the changing family life cycle. In Carter, B. & McGoldrick, M. (Eds.) 1989. *The changing family life cycle. A framework for family therapy*. Third edition. Boston: Allyn & Bacon.
- PHILLIPS, C.E. 1976. Toward a theory of marriage and family counseling: Systems eclecticism. In Ard, B.N. & Ard, C.C. (Ed.) 1976. *Handbook of marriage counselling*. California: Science and Behavior Books.
- PINES, A.M. 1996. *Couple Burnout. Causes and Cures*. New York: Routledge.
- POGGENPOEL, M. 1998. Data analysis in qualitative research. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: JL Van Schaik.
- POOLE, J. 1999. Toward a community of care: The development of the family caregiver's support network. In Bertcher, H.; Kurtz, L.F. & Lamont, A. (Eds.) 1999. *Rebuilding communities. Challenges for group work*. New York: Haworth Press.
- PRATT, C.C.; WALKER, A.J. & WOOD, B.L. 1992. Bereavement among former caregivers to elderly mothers. *Family Relations*. 41(3), July: 278-283.
- PRETO, N.G. 1999. Transformation of the family system during adolescence. In Carter, B. & McGoldrick, M. (Eds.) 1999. *The expanded family life cycle: Individual, family, and social perspectives*. Third edition. Boston: Allyn and Bacon.
- PRINSLOO, C.E. 1994. *Die invloed van die middeljare op die huwelik – 'n maatskaplikewerk-perspektief*. Ongepubliseerde M.A. verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- PROVOST, J.A. 1999. A dream focus for short-term groups. *Journal for Specialists in Group Work*. 24(1), March: 74-84.
- RAMEY, J.H. 1999. Some important areas of group expertise. In Bertcher, H.; Kurtz, L.F. & Lamont, A. (Eds.) 1999. *Rebuilding communities. Challenges for group work*. New York: Haworth Press.
- RANKIN-ESQUER, L.A.; BURNETT, C.K.; BAUCOM, D.H. & EPSTEIN, N. 1997. Autonomy and relatedness in marital functioning. *Journal of Marital and Family Therapy*. 23(2), April: 175-190.
- REXROAT, C. & SHEHAN, C. 1987. The family life cycle and spouses' time in housework. *Journal of Marriage and the Family*. 4, November: 737-750.
- REID, K.E. 1997. Conflict management in group treatment: "Get out of my face, you

Literatuurlys

- S.O.B.!" In Parry, J.K. 1997. (Ed.) *From Prevention to Wellness Through Group Work*. New York: Haworth Press.
- REISSMAN, C.; ARON, A. & BERGEN, M.R. 1993. Shared activities and marital satisfaction: Causal direction and self-expansion versus boredom. *Journal of Social and Personal relationships*. 10(2), 243-254.
 - ROACH, A.J.; FRAZIER, L.P. & BOWDEN, S.R. 1981. The Marital Satisfaction Scale: Development of a measure for intervention research. *Journal of Marriage and the Family*. August: 537-546.
 - ROSEN, E.J. 1999. Men in transition. The "New Man". In Carter, B. & McGoldrick, M. (Eds.) 1999. *The expanded family life cycle: Individual, family, and social perspectives*. Third edition. Boston: Allyn and Bacon.
 - RUDERT, E.E. 1984. Children and the effects of conflicts between work and home roles upon wives' marital satisfaction. Ann Arbor: University Microfilms International.
 - SANDERS, M.R.; NICHOLSON, J.M. & FLOYD, F.J. 1997. Couples' relationships and children. In Halford, W.K. & Markman, H.J. (Eds.) 1997. *Clinical handbook of marriage and couples intervention*. Chichester: John Wiley & Sons.
 - SAXTON, L. 1990. *The individual, marriage and the family*. Seventh edition. California: Wadsworth.
 - SCANZONI, L.D. & SCANZONI, J. 1988. *Men, women and change. A sociology of marriage and the family*. Third edition. New York: McGraw-Hill.
 - SCHAAP, C.; BUUNK, B. & KERKSTA, A. 1988. *Marital conflict resolution*. In Noller, P. & Fitzpatrick, M.A. (Eds.) 1988. *Perspectives on Marital Interaction*. Clevedon: Multilingual Matters.
 - SCHAEFER, M.T. & OLSON, D.H. 1981. Assessing intimacy: The pair inventory. *Journal of Marital and Family Therapy*. 7(1), January: 47-59.
 - SCHNITTGER, M.H. & BIRD, G.W. 1990. Coping among dual-career men and women across the family life cycle. *Family Relations*. 39, April: 199-205.
 - SCHUMM, W.R.; PAFF-BERGEN, L.A.; HATCH, R.C.; OBIORAH, F.C.; COPELAND, J.M.; MEENS, L.D. & BUGAIGHIS, M.A. 1986. Concurrent and discriminant validity of the Kansas Marital Satisfaction Scale. *Journal of Marriage and the family*. 48, May: 381-387.
 - SCHUMM, W.R.; SCANLON, E.D.; CROW, C.L.; GREEN, D.M. & BUCKLER, D.L. 1983. Characteristics of the Kansas Marital Satisfaction Scale in a sample of 79 married couples. *Psychological Reports*. 53: 583-588.

Literatuurlys

- SCHUMM, W.R.; BOLLMAN, S.R. & JURICH, A.P. 1997. Gender and marital satisfaction: A replication using a seven-point item response version of the Kansas Marital Satisfaction Scale. *Psychological Reports*. 81: 1004-1006.
- SCHURINK, E.M. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J L Van Schaik.
- SCHWEBEL, A.I. & FINE, M.A. 1994. *Understanding and helping families. A cognitive-behavioral approach*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.
- SHULMAN, L. 1979. *The skills of helping: Individuals and groups*. Illinois: F.E.Peacock.
- SILBERSTEIN, L.R. 1992. *Dual-career marriage. A system in transition*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.
- SINGER, C.; WELLS, L.; BASU, R.; SZEWCZYK, L. & POLGAR, A. 1988. Social action oriented groups in institutions for the elderly: A theoretical framework. In Leiderman, M.; Birnbaum, M.L. & Dazzo, B. (Eds.) 1988. *Roots and New Frontiers in Social Group Work*. New York: Haworth Press.
- SLOOT, M.H. 1977. The short-term effects of a basic encounter group on intrapersonal and interpersonal growth. Unpublished MA dissertation. University of the Witwatersrand.
- SOLLEE, Dianne. "Marital Enrichment". Personal e-mail (15 September 2000).
- SONNE, J.C. 1985. Contemporary marriage: The question of significant change in marital patterns. In Goldberg, D.C. (Ed.) 1985 *Contemporary marriage. Special issues in couples therapy*. Illinois: Dorsey.
- SPENCE, S.H. 1997. Sex and relationships. In Halford, W.K. & Markman, H.J. (Eds.) 1997. *Clinical handbook of marriage and couples intervention*. Chichester: John Wiley & Sons.
- SPREY, J. 1991. Families: Intergenerational and generational connections. New York: Haworth Press.
- SPREY, J. 1991. Studying adult children and their parents. In Sprey, J. 1991. *Families: Intergenerational and generational connections*. New York: Haworth Press.
- STACK, S. & ESHLEMAN, J.R. 1998. Marital status and happiness. A 17-nation study. *Journal of marriage and the family*. 60(2), May: 527-537.
- STAHPMAN, R.F. & HIEBERT, W.J. 1977. *Klemer's counseling in marital and sexual*

Literatuurlys

problems. Second edition. Baltimore: Williams & Wilkens.

- STANLEY, S.M. & MARKMAN, H.J. "Acting on what we know: The hope of prevention". Hope. 21 pages. <http://www.smartmarriages.com/hope.html> (21 April 2001).
- STATISTICS SOUTH AFRICA. 2000. *Marriages and divorces 1997 and 1998*. Statistical Release P0307. Pretoria: Stats SA.
- STEINBERG, D.M. 1999. The impact of time and place on mutual-aid practice with short-term groups. *Social Work with Groups*. 22(2/3), 101-118.
- STEINBERG, L. & SILVERBERG, S.B. 1987. Influences on marital satisfaction during the middle stages of the family life cycle. *Journal of Marriage and the Family*. 49, November: 751-160.
- STORKEY, A. 1996. *Marriage and its modern crisis. Repairing married life*. London: Hodder & Stoughton.
- STULL, D.E.; BOWMAN, K. & SMERGLIA, V. 1994. Women in the middle. A myth in the making? *Family Relations*. 43(3), July: 319-324.
- STRYDOM, H. 1998. Ethical aspects of research in the caring professions. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J L Van Schaik.
- STRYDOM, H. 1998. The pilot study. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J L Van Schaik.
- STRYDOM, H. & DE VOS, A.S. 1998. Sampling and sampling methods. . In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J L Van Schaik.
- Suid-Afrika (Republiek). 1989. Sentrale Statistiekdiens. *Huwelike en egskeidings Blankes, Kleurlinge en Asiërs, 1989*. No. 03-07-01 (1989).
- Suid-Afrika (Republiek). 1992. Sentrale Statistiekdiens. *Huwelike en egskeidings Blankes, Kleurlinge en Asiërs, 1992*. No. 03-07-01 (1992).
- THATCHER, A. 1999. *Marriage after modernity. Christian marriage in postmodern times*. New York: New York University Press.
- THOMPSON, B.M. 1997. Couples and the work-family interface. In Halford, W.K. & Markman, H.J. (Eds.) 1997. *Clinical handbook of marriage and couples intervention*. Chichester: John Wiley & Sons.
- TIESEL, J.W. & OLSON, D.H. 1992. Preventing family problems: Troubling trends

Literatuurlys

- and promising opportunities. *Family Relations*. 41(4), October: 398-403.
- TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 2000. *An introduction to group work practice*. Fourth edition. Boston: Allyn & Bacon.
 - TUTTY, L.M.; ROTHERY, M.A. & GRINNELL, R.M. 1996. *Qualitative research for social workers*. Boston: Allyn & Bacon.
 - UTIAN, W.H. & JACOBOWITZ, R. 1990. *Managing your menopause*. Cape Town: Struik Timmins.
 - VAN RIET, N. 1990. *Groepswerk in het maatschappelijk werk*. Nijmegen: Dekker & Van de Vegt.
 - VAN STADEN, S.M. 1983. *Huweliksverryking as voorkomingsdiens in die maatskaplike werk*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van Pretoria.
 - VAN STADEN, S.M.; HUGO, E.A.K.; VAN ROOYEN, I.J.J. EN VAN DELFT, W.F. (Reds.) 1989. *Maatskaplikewerk-opleiding oor sestig jaar*. Pretoria: Owen Burgess-uitgewers.
 - VANSTEENWEGEN, A. 1992. *Helpen bij partnerrelatieproblemen. Tips voor relatietherapeuten*. Vijfde oplage. Houten/Zaventem: Bohn Stafleu Van Loghum.
 - VAN WIDENFELT, B.; MARKMAN, H.J.; GUERNEY, B.; BEHRENS, B.C. & HOSMAN, C. 1997. Prevention of relationship problems. In Halford, W.K. & Markman, H.J. (Eds.) 1997. *Clinical handbook of marriage and couples intervention*. Chichester: John Wiley & Sons.
 - VERNELLE, B. 1994. *Understanding and using groups*. London: Whiting & Birch.
 - VINCENT, L. 2001. Marriage merger. *World magazine*, 10 February: 1-5.
 - WASTELL, C.A. 1991. Empathy in marriage. *Australian Journal of marriage and family*. 12(1), March: 27- 38.
 - WHITE, L. & EDWARDS, J.N. 1990. Emptying the nest and parental well-being. An analysis of National Panel Data. *American Sociological review*. 55, April: 235-242.
 - *White paper for Social Welfare*. (Notice 1108 of 1997). Government Gazette no. 18166, Pretoria: Government Printer.
 - WIJMA, K. & VON SCHOULTZ, B. (Eds.) 1992. *Reproductive life: advances in research in psychosomatic obstetrics and gynaecology*. New Jersey: Parthenon.
 - WILKIE, J.R.; FERREE, M.M. & RATCLIFF, K.S. 1998. Gender and fairness: Marital satisfaction in two-earner couples. *Journal of Marriage and the Family*, 60(3), August: 577-594.

Literatuurlys

- WILSON, S. 1978. *Informal groups. An introduction*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.
- WYNNE, L.C. & WYNNE, A.R. 1986. The quest for intimacy. *Journal of Marital and Family Therapy*. 12(4), October: 383-394.
- YOUNG, M.E. & LONG, L.L. 1998. *Counseling and therapy for couples*. Pacific Grove: Brooks/Cole.
- ZASTROW, C. 1991. *Social Work with Groups*. Second edition. Chicago: Nelson-Hall.
- ZIETLOW, P.H. & SILLARS, A.L. 1988. Life-stage differences in communication during marital conflicts. *Journal of Social and Personal Relationships*. 5, 223-245.

4. Huidige beroep

Professional	1
Kleinlik	2
Tegnisi	3
Tuisteskapper	4
Ander:	5

Bylae

Bylaag 1

BIOGRAFIESE GEGEWENS

VIR KANTOORGEBRUIK

1. Geslag

Vroulik	1
Manlik	2

<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	1-3
<input type="text"/>	4	<input type="text"/>	

<input type="text"/>	5
----------------------	---

2. Ouderdom

<input type="text"/>	<input type="text"/>	Jaar
----------------------	----------------------	------

<input type="text"/>	<input type="text"/>	6-7
----------------------	----------------------	-----

3. Hoogste opvoedkundige kwalifikasie

Standerd 8	1
Standerd 9	2
Standerd 10	3
Diploma	4
B-graad	5
M-graad	6
D-graad	7
Ander:	8
Spesifiseer	<input type="text"/>

<input type="text"/>	8
----------------------	---

4. Huidige beroep

Professioneel	1
Klerklik	2
Tegnies	3
Tuisteskepper	4
Ander:	5

Bylae

Spesifiseer
--------------------	-------

	9
--	----------

5. Hoe lank is u en u huidige huweliksmaat getroud?

		Jaar
--	--	-------------

		10-11
--	--	--------------

6. Hoe oud was u toe u met u huidige huweliksmaat getroud is?

		Jaar
--	--	-------------

		12-13
--	--	--------------

7. Hoeveel kinders het u tans in die volgende kategorieë?


0 – 6 jaar	
7 – 13 jaar	
14 – 18 jaar	
19 jaar +	

	14
	15
	16
	17

BAIE DANKIE

Naam / Name: _____ Datum / Date: _____

INDEX OF MARITAL SATISFACTION (IMS)



This questionnaire is designed to measure the degree of satisfaction you have with your present marriage. It is not a test, so there are no right or wrong answers. Answer each item carefully and as accurately as you can by placing a number beside each one as follows: Die vraelys is ontwerp om die mate van huwelikstevredenheid wat u tans in u huwelik te meet. Dit is nie 'n toets nie, dus is daar nie regte of verkeerde antwoorde nie. Antwoord asseblief elke item so noukeurig en akkuraat moontlik deur een van die volgende nommers langs elkeen te skryf:



My partner is affectionate enough.	1. _____	My maat is liefdevol genoeg.
My partner treats me badly.	2. _____	My maat behandel my sleg.
My partner really cares for me.	3. _____	My maat gee regtig vir my om.
I feel that I would not choose the same partner if I had to do it over again.	4. _____	Ek voel ek sou nie weer dieselfde lewensmaat gekies het as ek weer die kans sou kry nie.
I feel that I can trust my partner.	5. _____	Ek voel ek kan my maat vertrou.
I feel that our relationship is breaking up.	6. _____	Ek voel ons verhouding verbrokkel.
My partner really doesn't understand me.	7. _____	My maat verstaan my regtig nie.
I feel that our relationship is a good one.	8. _____	Ek voel ons het 'n goeie verhouding.
Ours is a very happy relationship.	9. _____	Ons verhouding is baie gelukkig.
Our life together is dull.	10. _____	Ons lewe saam is oninteressant.
We have a lot of fun together.	11. _____	Ons het baie pret saam.
My partner does not confide in me.	12. _____	My maat neem my nie in sy/haar vertroue nie.
Ours is a very close relationship.	13. _____	Ons verhouding is baie intiem.
I feel that I cannot rely on my partner.	14. _____	Ek voel ek kan nie op my maat staat maak nie.
I feel that we do not have enough interests in common.	15. _____	Ek voel dat ons nie genoeg belangstellings deel nie.
We manage arguments and disagreements very well.	16. _____	Ons hanteer argumente en verskille baie goed.
We do a good job of managing our finances.	17. _____	Ons bestuur ons finansies baie goed.
I feel that I should never have married my partner.	18. _____	Ek voel ek moes nooit met hom/haar getrou het nie.
My partner and I get along very well together.	19. _____	My lewensmaat en ek kom baie goed oor die weg.
Our relationship is very stable.	20. _____	Ons verhouding is baie stabiel.
My partner is a real comfort to me.	21. _____	My maat is 'n groot troos vir my.
I feel that I no longer care for my partner.	22. _____	Ek voel ek gee nie meer om vir my maat nie.
I feel that the future looks bright for our relationship.	23. _____	Ek voel ons verhouding het 'n rooskleurige toekoms.
I feel that our relationship is empty.	24. _____	Ek voel ons verhouding is leeg.
I feel there is no excitement in our relationship.	25. _____	Ek voel daar is geen opwinding in ons verhouding nie.

In order to ensure professional service of outstanding quality, this questionnaire is printed in red on a white background. Should you suspect that you are given a pirate copy of the original form, please contact us at the following address. It is in your own interest to guard against copyright infringement of this nature.

Copyright (c) 1990, Walter W. Hudson Illegal to photocopy or otherwise reproduce

3, 5, 8, 9, 11, 13, 16, 17, 19, 20, 21, 23.

Distributed through Walmyr Publishing Company
 Represented by Perspective Training College, P.O. Box 1658, Silverton, 0127, Tel: (012) 804-8289, Fax: (012) 804-7412

KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE

ITEM	UITERS ONTEVREDE	BAIE ONTEVREDE	EFFENS ONTEVREDE	GEMENGDE GEOELENIS	EFFENS TEVREDE	BAIE TEVREDE	UITERS TEVREDE
1. Hoe tevrede is jy met jou huwelik?	1	2	3	4	5	6	7
2. Hoe tevrede is jy met jou vrou as huweliksmaat?	1	2	3	4	5	6	7
3. Hoe tevrede is jy met jou verhouding met jou vrou?	1	2	3	4	5	6	7

KANSAS MARITAL SATISFACTION SCALE

ITEM	UITERS ONTEVREDE	BAIE ONTEVREDE	EFFENS ONTEVREDE	GEMENGDE GEVOELENS	EFFENS TEVREDE	BAIE TEVREDE	UITERS TEVREDE
1. Hoe tevrede is jy met jou huwelik?	1	2	3	4	5	6	7
2. Hoe tevrede is jy met jou man as huweliksmaat?	1	2	3	4	5	6	7
3. Hoe tevrede is ju met jou verhouding met jou man?	1	2	3	4	5	6	7

EVALUERING VAN HUWELIKSVERRYKINGSPROGRAM

1. Waarom het julle besluit om vir die kamp te bespreek?

.....

.....

.....

.....

2. Waarom dink julle is mense skepties oor huweliksverryking?

.....

.....

.....

.....

3. Het die kamp iets in julle denke verander?

Man	Ja	Nee
Vrou	Ja	Nee

Spesifiseer:

Man:.....

.....

.....

.....

Vrou:.....

.....

.....

.....

4. Het die inhoud van die kamp iets ten opsigte van die volgende verander?

Komponent	Man	Vrou
Kommunikasie		

Bylae

Konflikhantering		
Afsonderlike en gesamentlike groei		
Seksualiteit		

5. **Vrou:** Is daar iets wat jou man anders/meer/beter doen na die kamp?

.....

.....

.....

.....

Man: Is daar iets wat jou vrou anders/meer/beter doen na die kamp?

.....

.....

.....

.....

.....

6. Evalueer die volgende aspekte rakende die program:

PROGRAM	KOMMENTAAR
Wegbreeknaweek	

Bylae

Lewenskets-sessie	
Positiewe eienskappe-sessie	
Negatiewe eienskappe-sessie	
Konflikstyle-sessie	
Klei-sessie	
Piekniek	
Opstel van 'n kontrak	
Seksualiteit-sessie	

Bylae

Huweliksbevestiging	
Liefdesbriewe aan mekaar	
Egpaar as aanbieders versus 'n enkel aanbieder	

7. Het die opstel van 'n kontrak enige sin? Motiveer.

.....

.....

.....

.....

.....

Nogmaals baie dankie vir julle samewerking. Mag julle elke dag aanpak met die wete dat alle mense en alle verhoudings potensiaal het en dit tot julle voordeel gebruik!

Reineth Prinsloo